Gepubliseer op:

# Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



# LEER EN LEWE

**EENVOUDIGE GELOOFSLEER-LEESBOEK**

**Deur**

**Ds. J.G. FEENSTRA**

**In Afrikaans vertaal deur:**

**Dr. M.T.S. Zeeman**

## INLEIDING TOT DIE AFRIKAANSE VERTALING

Daar bestaan lank reeds 'n behoefte aan 'n eenvoudige en tog redelik volledige handleiding oor geloofsleer in Afrikaans. Met die oog daarop word hierdie vertaling van ds. J. G. Feenstra se boek *Leer en Leven* tans aangebied.

Weliswaar is daar talle mense wat in ons tyd nie gediend is met leerstellige onderrig en prediking nie en uitgaan van die gedagte dat die leer bysaak is en die lewe hoofsaak; dat die prediking van die Kerk derhalwe allereers prakties moet wees en die gemoedslewe moet streel. So 'n opvatting is natuurlik heeltemal verkeerd. Soos Feenstra dit stel in die Inleiding tot die Nederlandse uitgawe van sy werk: "Want alleen wanneer die kennis verdiep en vermeerder word, kan ook die lewe van geloof, hoop en liefde tot voller en ryker openbaring kom. Ons sien dit baie duidelik by die eerste Christene pas na die uitstorting van die Heilige Gees in die Kerk te Jerusalem. Eers lees ons dat hulle volhard het in die *leer van die apostels* en daarna dat almal wat gelowig geword het, bymekaar was en alles gemeenskaplik besit het (Hand. 2:42, 44). Dit spreek eintlik vanself: sonder 'n goeie fondament kan 'n mens geen huis bou nie en sonder wortels kan geen plant groei nie. Sonder die suiwer leer is 'n vol en ryke geloofslewe onmoontlik. Geloofsleer en Sedeleer is onlosmaaklik met mekaar verbonde. Diegene wat ons drie Formuliere van Enigheid ken, weet dat leer en lewe nooit van mekaar geskei kan word nie. Die Belydenis van die Kerk van die Here roep ons en dring ons tot die praktyk van die Godsaligheid."

Gelukkig is daar talle Christene in ons land, en by name in die geledere van die drie Hollands-Afrikaanse susterkerke, wat hierdie dinge besef en dus verlang na versterking en verdieping van hul geloofslewe ook langs die weg van beter kennis van die gesistematiseerde waarheid ooreenkomstig die Woord van die Here.

Aan diegene word hierdie werk tans aangebied. Ons het hier 'n uitmuntende handleiding in die geloofsleer vir gebruik deur die nie-teologies geskoolde leser. Vir hierdie doel is die werk volledig genoeg en tog ook geskrywe in 'n maklik verstaanbare en beeldryke taal.

As kenbronne word gebruik:

*Eerstens* die Woord van God. Soos die skrywer dit stel: "Die Bybel is die bron, die uitgangspunt vir elke geloofswaarheid. Altyd weer gaan ons terug na die Heilige Skrif. Die water van die lewe word alleen uit hierdie bron geput. Daardie water word dan in 'n beker deur die Kerk aan die gelowiges gegee."

*Tweedens* die belydenisskrifte van die Kerk. "Die Kerk is 'n pilaar en grondslag van die waarheid. God het aan die Kerk die taak gegee en met die Heilige Gees toegerus om in die stryd teen die dwalinge, die belydenis op te stel. Met die oog daarop moet die Kerk die Woord van God ondersoek en bestudeer om sodoende die regte weg aan te wys. Die Griekse woord vir bely kan ook beteken ‚om dieselfde te sê'. Die belydenis van die Kerk wil dieselfde sê as Gods Woord. Dit wil nooit *bo* of selfs *naas* die Bybel staan nie, maar *daaronder* — dit is sy ereplek. In art. 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lees ons dan ook: En geen geskrifte van mense, hoe heilig hulle ook al gewees het, mag met die goddelike Skrifte gelyk gestel word nie."

"Omdat die belydenis uitgaan van die Woord van God, is dit bindend vir die ampsdraers en lidmate van die Kerk van die Here. Die belydenis is 'n gids wat ons lei en die gevare aandui. Daarmee staan ons op die skouers van ons voorgeslag en hou ons rekening met die ouderdom van die Kerk."

Die skrywer verwys telkens na die belydenisskrifte van die gereformeerde kerke en gee aanhalings daaruit wat die leser se kennis daarvan grootliks sal verryk. Vooraf

word verwys na die *Algemene Belydenisskrifte van die Kerk:* die Apostoliese Geloofsbelydenis, die Geloofsbelydenis van Nicea en die Geloofsbelydenis van Athanasius. Verder, die *Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke:* die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.

*Derdens* moet ook rekening gehou word met die persoonlike geloofsoortuiging van die skrywer oor geloofsleer. "Hy moet weet wat hy bely; daarom is dit sy roeping om die Skrif te ondersoek en die belydenis te bestudeer. En hy moet van harte saamstem met wat sy Kerk bely. Wat die Kerk op grond van die Heilige Skrif uitgespreek het, moet ook *sy* belydenis wees. Veral die Heidelbergse Kategismus reken met hierdie persoonlike element. Altyd word op die man af gevra: Wat is *jou* enigste troos in lewe en in sterwe? Watter nut het dit vir *jou?* Hoe word *jy* verseker? Ook die Nederlandse Geloofsbelydenis begin so eg Skriftuurlik en mooi: *"Ons* glo *almal* met die hart en bely met die mond"

Die belydenis van die vadere is die belydenis van die Kerk van die Here en dit is ook ons belydenis.

Die skrywer verwys ook telkens na die beskouinge van afwykende teologiese rigtinge en sektes — tot in die jongste tyd — wat die waarde van die boek nog verder verhoog.

Hierdie boek sal dus uitnemend geskik wees vir alle gelowiges wat die gereformeerde waarheid liefhet; by name vir ouderlinge, katkiseermeesters en katkisante sowel as vir dosente en studente by godsdiensonderrig. Met die oog op die Afrikaanse leser is die boek voorsien van 'n aantal *verklarende aantekeninge*[1] t.o.v. minder bekende name en begrippe.

Graag betuig ons ons dank teenoor die outeur en die firma J. H. Kok (Kampen, Nederland) vir die toegestane vertaalreg.

Die Vertaler.

Bloemfontein 1961.

[1] Die verklarende aantekeninge is in hierdie elektroniese weergawe ingevoeg as voetnote.

## VOORWOORD BY DIE VYFDE DRUK

Met groot dankbaarheid word hiermee die vyfde druk van Leer en Lewe in die lig gestuur. Daaruit blyk dat die outeur met die skrywe van hierdie boek en die Uitgewer met die besluit om dit in Afrikaans te laat vertaal, inderdaad in 'n groot behoefte in ons vaderland voorsien is. Dit is te meer die geval waar Bybelkunde as vak in toenemende mate tot sy reg kom aan hoërskole, kolleges en universiteite. Die Uitgewer is dankbaar dat hierdie boek in die jongste tyd as handboek aan verskeie inrigtings gebruik word.

Mag hierdie mooi werk 'n al hoe wyer leserskring vind veral onder nie-teologies geskoolde lesers – soos trouens in die verlede reeds die geval was.

Die vertaler

Bloemfontein 1971

# Inhoud

**I DIE OPENBARING VAN GOD ..... 12**
A. DIE BOEK VAN GODS ALGEMENE OPENBARING ..... 12
1. Die inhoud van die boek ..... 12
2. Hoe ons in die boek kan lees ..... 14
B. DIE BESONDERE OPENBARING VAN GOD ..... 16
C. DIE BOEK VAN DIE BESONDERE OPENBARING ..... 18
1. Die Verhouding van die besondere openbaring tot die Heilige Skrif ..... 18
2. Die inspirasie ..... 21
(a) betekenis van die inspirasie ..... 21
(b) Verskillende opvattinge van die inspirasie ..... 22
3. Die eienskappe van die Heilige Skrif ..... 25
(a) Die Heilige Skrif het Goddelike gesag ..... 25
(b) Die Heilige Skrif is noodsaaklik ..... 27
(c) Die Heilige Skrif is duidelik ..... 29
(d) Die Heilige Skrif is volkome ..... 30
4. Die grond vir ons geloof dat die Bybel Gods Woord is ..... 31
5. Die getuienis van die Heilige Gees ..... 31
6. Die Kanonvorming ..... 32
D. DIE HEILIGE SKRIF EN DIE BELYDENIS VAN DIE KERK ..... 32

**II OOR GOD ..... 35**
A. DIE WESE VAN GOD ..... 35
1. Die onbegryplikheid van God ..... 35
2. Die kenbaarheid van God ..... 35
3. Die onbewysbaarheid van God ..... 36
B. DIE NAME VAN GOD ..... 38
1. Die eiename van God ..... 39
2. Die Persoonsname ..... 40
3. Die deugde of eienskappe van God ..... 40
(a) Die Onafhanklikheid van God ..... 41
(b) Die Onveranderlikheid van God ..... 41
(c) Die Ewigheid van God ..... 42
(d) Die Alomteenwoordigheid van God ..... 42
(e) Die Eenvoudigheid van God ..... 43
(f) Die Wetenskap van God ..... 43
(g) Die Wysheid van God ..... 44
(h) Die Waaragtigheid van God ..... 44
(i) Die Goedheid van God ..... 45
(j) Die Heiligheid van God ..... 45
(k) Die Geregtigheid van God ..... 46
(l) Die Wil van God ..... 46
(m) Die Almag van God ..... 47

**III DIE DRIE-EENHEID VAN GOD ..... 49**
A. WAT SÊ DIE SKRIF? ..... 49
B. WAT DIE KERK BELY ..... 51
C. DIE STRYD TEEN DIE LEER VAN DIE DRIE-EENHEID VAN GOD ..... 52
1. Hulle wat die drie Persone wil handhaaf ten koste van die eenheid ..... 52
2. Hulle wat die eenheid wil handhaaf ten koste van die drie Persone ..... 53
D. EEN GODDELIKE WESE EN DRIE PERSONE ..... 54

1. God die Vader ........................................................................................54
2. God die Seun ........................................................................................55
3. God die Heilige Gees........................................................................................55
E. DIE SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES ........................................................................................ 57
F. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES........................................................................................ 58

**IV DIE RAAD VAN GOD........................................................................................ 60**
A. WAT GOD SE RAAD IS ........................................................................................ 60
B. DIE EIENSKAPPE VAN GOD SE RAAD........................................................................................ 61
1. God se raad is ewig........................................................................................61
2. God se raad is vry ........................................................................................61
3. God se raad is wys ........................................................................................61
4. God se raad is onveranderlik........................................................................................61
C. DIE VOORWERPE VAN DIE RAAD VAN GOD ........................................................................................ 62

**V DIE UITVERKIESING........................................................................................ 63**
A. DIE UITVERKIESING GAAN OOR DIE MENS SE EWIGE TOESTAND........ 63
B. DIE VOORVERORDINERING OMVAT DIE VERKIESING EN DIE VERWERPING ........................................................................................ 64
C. DIE UITVERKIESING........................................................................................ 65
D. UITVERKIES IN CHRISTUS ........................................................................................ 66
E. DIE VERWERPING ........................................................................................ 68
F. DIE INFRA- EN DIE SUPRA-LAPSARISME ........................................................................................ 70
G. DIE STRYD TEEN DIE LEER VAN DIE KERK........................................................................................ 71
H. DIE MISBRUIK VAN DIE PREDESTINASIELEER........................................................................................ 74
I. DIE REGTE GEBRUIK VAN DIE PREDESTINASIELEER ........................................................................................ 75

**VI DIE SKEPPING........................................................................................ 77**
A. GOD HET DIE WÊRELD GESKAPE........................................................................................ 77
B. DIE SKEPPINGSDAE........................................................................................ 78
C. DIE OOREENKOMS TUSSEN DIE SKEPPINGSDAE ........................................................................................ 79

**VII DIE ENGELE........................................................................................ 82**
A. DIE SKEPPING VAN DIE ENGELE........................................................................................ 82
B. DIE GEVALLE ENGELE ........................................................................................ 83

**VIII DIE SKEPPING VAN DIE MENS ........................................................................................ 85**
A. GOD HET DIE MENS GESKAPE ........................................................................................ 85
B. NA SY BEELD........................................................................................ 86
C. MET HEERLIKE BESTEMMING ........................................................................................ 87

**IX DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD ........................................................................................ 88**
A. WAT DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD IS ........................................................................................ 88
B. DIE BESTRYDING........................................................................................ 89
1. Die deïsme ........................................................................................89
2. Die panteïsme ........................................................................................90
C. DIE INDELING VAN GOD SE VOORSIENIGHEID ........................................................................................ 90
1. Die onderhouding ........................................................................................90
(a) Die onderhouding en die soewereiniteit van God ........................................................................................ 90
(b) Die onderhouding en die almag van God ........................................................................................ 91
(c) Die onderhouding en die alomteenwoordigheid van God ........................................................................................ 91

(d) Die onderhouding en die wysheid van God ..... 91
2. Die medewerking ..... 91
3. Die regering ..... 93
D. DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD EN DIE SONDE ..... 93
E. DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD EN ONS GELOOFSLEWE ..... 94

**X DIE SONDE ..... 97**
A. DIE OORSPRONG VAN DIE SONDE ..... 97
1. God is nie die bewerker van die sonde nie ..... 97
2. Die engele het geval ..... 97
3. Die mens het geval ..... 98
4. Gerig en Genade ..... 100
5. Uit die Paradys ..... 101
6. Die verskillende opvattings van die Paradysgeskiedenis ..... 101
B. DIE WESE VAN DIE SONDE ..... 102
C. VERSKILLENDE SONDES ..... 103
D. DIE VERBREIDING VAN DIE SONDE ..... 104
E. DIE STRAF OP DIE SONDE ..... 105

**XI DIE LEER VAN DIE VERBONDE ..... 108**
A. DIE VERBOND VAN DIE VERLOSSING ..... 108
B. DIE WERKVERBOND ..... 109
C. DIE GENADEVERBOND ..... 110
D. DIE NATUURVERBOND ..... 113

**XII DIE MIDDELAAR VAN DIE GENADEVERBOND ..... 115**
A. DIE PERSOON VAN DIE MIDDELAAR ..... 115
1. Jesus is die Christus, die Seun van God ..... 115
2. Die grondslae vir die vleeswording van die Woord ..... 115
3. Waarom het die Woord vlees geword? ..... 117
4. Die vleeswording van die Woord is nodig vanweë die sonde ..... 118
5. Die Middelaar is waaragtig God ..... 119
6. Christus is 'n waaragtige en regverdige mens ..... 119
7. Christus het twee nature in een Persoon ..... 120
B. DIE WERK VAN DIE MIDDELAAR ..... 122
1. Sy Name ..... 122
2. Die Naam Jesus ..... 123
3. Die Naam Christus ..... 124
4. Die Naam Seun van God ..... 125
5. Die Naam Here ..... 125
C. DIE TWEE STATE VAN CHRISTUS ..... 125
1. Die betekenis van "staat" ..... 125
2. Die staat van vernedering ..... 126
(a) Sy nederige geboorte ..... 126
(b) Sy lyding ..... 127
(c) Sy sterwe ..... 127
(d) Sy begrafnis ..... 128
(e) Die nederdaling ter helle ..... 128
3. Die staat van verhoging ..... 129
(a) Die opstanding ..... 129
(b) Die Hemelvaart ..... 130
(c) Sit aan die regterhand van God ..... 131

(d) Die wederkoms om te oordeel ..... 132
D. DIE DRIEVOUDIGE AMP ..... 132
1. Die amp vóór die val ..... 132
2. Die amp ná die val ..... 133
3. Die herstel van die amp ..... 133
E. DIE DRIEVOUDIGE AMP VAN CHRISTUS ..... 134
1. Voor S*y* koms in die vlees ..... 134
(a) Profeet ..... 134
(b) Priester ..... 135
(c) Koning ..... 137
2. Tydens Sy aardse omwandeling ..... 138
(a) Die Profeet ..... 138
(b) Die Hoëpriester ..... 140
(c) Die Koning ..... 141
3. Vanuit die hemel ..... 142
(a) Die Profeet ..... 142
(b) Die Hoëpriester ..... 143
(c) Die Koning ..... 144
F. CHRISTUS EN DIE AMPTE IN DIE KERK ..... 145
G. CHRISTUS EN DIE AMP VAN DIE GELOWIGE ..... 145
1. Profeties ..... 146
2. Priesterlik ..... 147
3. Koninklik ..... 147
4. Die buitengewone werking van die amp van die gelowiges in abnormale tye ..... 147
5. Eensydighede ..... 148
(a) Die Intellektualisme ..... 148
(b) Die Mistisisme ..... 148
(c) Die Moralisme ..... 148
6. Nuanseringe ..... 149
H. DIE PLAASVERVANGENDE WERK VAN CHRISTUS ..... 149
1. Die betekenis van hierdie plaasvervanging ..... 149
2. Vir wie het Christus die plaasvervangingswerk verrig? ..... 151

**XIII DIE HEILSORDE ..... 153**
A. DIE ROEPING ..... 154
1. Roeping gaan wedergeboorte vooraf ..... 154
2. God roep deur Sy skepping en voorsienigheid ..... 155
3. God roep deur Sy Woord ..... 156
4. Die kragdadige roeping ..... 157
B. WEDERGEBOORTE ..... 158
C. GELOOF ..... 159
1. Wat is geloof? ..... 159
2. Die geloof as gawe van God ..... 160
3. Geloof is kennis en vertroue ..... 161
(a) Geloofskennis ..... 161
(b) Geloofsvertroue ..... 162
4. Historiese geloof ..... 162
5. Tydgeloof ..... 162
6. Wondergeloof ..... 162
7. Die ware saligmakende geloof ..... 162
D. DIE BEKERING ..... 163
E. REGVERDIGMAKING ..... 165

F. HEILIGMAKING ... 168
1. Die verhouding van regverdigmaking en heiligmaking ... 169
(a) Heiligmaking ten koste van regverdigmaking ... 169
(b) Regverdigmaking ten koste van heiligmaking ... 170
(c) Die regte verhouding van regverdigmaking tot heiligmaking ... 170
2. Die onderskeid tussen regverdigmaking en heiligmaking ... 171
3. Christus is ons heiligmaking ... 171
4. Christus werk die heiligmaking in ons ... 171
G. DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES ... 173
1. Wat sê die Belydenis? ... 173
2. Die gelowiges word bewaar ... 173
3. Die gelowiges kan hiervan verseker word ... 174

**XIV DIE KERK ... 176**
A. WAT LEER DIE BELYDENISSKRIFTE ... 176
B. VERSAMELING EN VERGADERING ... 177
C. MOEDER VAN DIE GELOWIGES ... 177
D. STRYDENDE EN TRIOMFERENDE KERK ... 178
E. SIGBAAR EN ONSIGBAAR ... 178
F. DIE WARE KERK ... 179
1. Die Woord moet suiwer verkondig word ... 180
2. Die sakramente moet suiwer bedien word ... 180
3. Die handhawing van die kerklike tug ... 180
G. DIE MERKTEKENS VAN DIE VALSE KERK ... 181
H. ONSUIWERHEID IN DIE KERK ... 181
I. DEFORMASIE IN DIE KERK ... 182

**XV DIE SAKRAMENTE ... 183**
A. DIE WESE VAN DIE SAKRAMENTE ... 183
1. Die tekens ... 184
2. Die seëls ... 184
3. Die betekende saak ... 185
B. GODS WOORD EN DIE SAKRAMENTE ... 185
C. DIE GETAL SAKRAMENTE ... 186
D. DIE WERKING VAN DIE SAKRAMENTE ... 188

**XVI DIE HEILIGE DOOP ... 189**
A. DIE BETEKENIS VAN DIE HEILIGE DOOP ... 189
B. DIE DOOP VERVANG DIE BESNYDENIS ... 189
C. DIE DOOP IS DEUR CHRISTUS INGESTEL ... 190
D. DIE KINDERDOOP ... 191

**XVII DIE HEILIGE NAGMAAL ... 194**
A. DIE INSTELLING DEUR CHRISTUS ... 194
B. DIE BETEKENIS VAN DIE HEILIGE NAGMAAL ... 195
1. Wat vir ons gedoen is ... 195
2. Wat deur ons gedoen word ... 195
3. Wat in ons plaasvind ... 195
4. Wat onderling plaasvind ... 195
C. GELOWIGE SELFONDERSOEK ... 196
D. VERSKILLENDE OPVATTINGE OOR DIE NAGMAAL ... 196

1. Die Roomse Kerk leer die transsubstansiasie....197
2. Luther leer die consubstansiasie....197
3. Zwingli leer die figurasie....197
4. Calvyn leer die sakramentele betekenis van die Nagmaal....197

**XVIII DIE LEER VAN DIE LAASTE DINGE....199**

A. DIE TOESTAND NA DIE DOOD....199
1. Die siel gaan na Christus....199
2. Daar is geen vaevuur nie....199
3. Geen sieleslaap nie....199
4. Geen voorwaardelike onsterflikheid nie....200

B. DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS....200
1. Die Leer van die duisendjarige vrederyk (chiliasme)....200
2. Die Antichris....202
3. Die wederkoms van Christus....202

# I DIE OPENBARING VAN GOD

Ons Here Jesus Christus het gesê: Dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige en waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. En ons kan God ken omdat en vir sover Hy Hom geopenbaar het. As God Hom nie aan ons geopenbaar het nie, sou ons Hom nooit kon leer ken nie. Hy het Hom aan ons geopenbaar, *nie* omdat Hy dit *moes* doen nie, maar omdat Hy dit *wou* doen. Die kennis wat ons van God het, is dus aan ons *gegee;* ons het dit nie self *geneem* nie.

Dat God Hom wou openbaar, is genade. Ons moet daarvoor dankbaar wees. Van 'n plant kan ons kennis *neem* en deur die bestudering van plante, diere en mense kan ons ons kennis vermeerder, maar by die Godskennis leef ons slegs van genade. God het Hom geopenbaar deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Nog meer en ryker het Hy Hom geopenbaar deur sy heilige en goddelike Woord.

Ons Nederlandse Geloofsbelydenis begin in art. 1 so mooi:[1] *"Ons glo almal met die hart en bely met die mond* dat daar 'n enige en éénvoudige geestelike wese is wat ons God noem: ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig; volkome wys, regverdig, goed en 'n aller-oorvloedigste fontein van alles wat goed is." En daarna sê dieselfde gelowiges: "Ons ken Hom deur twee middele. Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid, soos die apostel Paulus sê, (Rom. 1:20); dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem. Ten tweede maak Hy homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort" (Art. 2).

God het ons derhalwe *twee Boeke* gegee. Die Boek van sy Algemene Openbaring en die Boek van sy Besondere Openbaring. Hierdie boeke staan nie in *konkurrensie naas* en ook nie *vyandig teenoor* mekaar nie. Die soewereine God, wat Hom wou openbaar, het hierdie twee middele aan ons geskenk.

## A. DIE BOEK VAN GODS ALGEMENE OPENBARING

### 1. Die inhoud van die boek

Die boek van God se algemene openbaring het 'n ryk inhoud. Dit spreek oor die *skepping* van God. God het die wêreld en al die skepsele wat op die wêreld is, geskape. In Genesis 1 word aan ons nie alleen meegedeel *dat,* maar ook *hoe* God alles in aansyn geroep het.

In aansyn *geroep,* want Hy spreek en dit is daar, Hy gebied en dit staan daar. Hy roep die dinge wat nie daar is nie asof hulle reeds daar was. "Deur die geloof

---

[1] ***Nederlandse Geloofsbelydenis****.* Een van die drie Formuliere van Enigheid wat die drie offisiële belydenisskrifte is van die Afrikaanse Gereformeerde Kerke en ook van Gereformeerde Kerke in Nederland. Die N.G.B. is in 1561 opgestel deur Guido de Brès te Doornik, België. As gevolg van sy protestantse oortuiging en veral a.g.v. die opstel van hierdie geskrif is hy om die lewe gebring. Hierin word in 37 artikels die vernaamste geloofswaarhede saamgevat. In die jare 1618/19 is dit saam met die Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls op die sinode van Dordtrecht, Nederland, as die drie belydenisskrifte van die gereformeerde kerk aanvaar.

verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie" (Heb. 11:3).

Hierdie groot skeppingswerk word deur die mense gesien. Niemand was daarby gewees toe God die wêreld geskape het nie, almal mag die werk van sy hande aanskou. Die wêreld is 'n groot skouspel van sy heerlikheid; ons kan daarin die werk sien en bewonder van die Skepper van hemel en aarde, van die opperste Bouheer en Kunstenaar.

Die mens is geskape na die beeld van God en elke skepsel vertolk 'n gedagte van God.

Deur aan ons dié magtige werk van sy hande te toon, wil die almagtige Skepper homself openbaar en aan ons sê *Wie* Hy is. Hy stel homself daarin so duidelik aan ons voor dat ons ons oë nie kan oopmaak nie of ons moet Hom raaksien. "Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie (Rom. 1:20).

"Die hemele vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. Die een dag stort vir die ander 'n boodskap uit en die een nag kondig vir die ander kennis aan: daar is geen spraak en daar is geen woorde – onhoorbaar is hulle stem" Ps. 19:2-4: "Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie" (Jesaja 40:26). "Hy het 'n wet gegee wat geeneen oortree nie" (Ps. 148:6).

Dit mag ons sien in Gods skepping. Want op elke skepsel het die Skepper die stempel van sy deugde gesit. Hulle almal spreek van sy grootheid, almag, wysheid en heerlikheid. So duidelik is hierdie algemene Openbaring dat 'n mens blind moet wees as hy nie daarin die werk sien van die opperste Bouheer en Kunstenaar nie. Aangesien dit alles voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, groot en klein, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en Goddelikheid.

Dié boek van God se algemene openbaring spreek egter nie alleen oor die skepping nie, maar ook oor die *onderhouding* van alle dinge. Alle skepsele is afhanklik geskape sodat hulle geen oomblik sou kon bestaan sonder die almagtige en alomteenwoordige krag van God nie hulle dank nie alleen hulle ontstaan nie, maar ook hulle bestaan en voortbestaan aan hulle Skepper. Hy onderhou sy skepsele middellik of onmiddellik, regstreeks.

Ons raak gewoond aan die dinge wat ons elke dag sien. Dit is vir ons die allergewoonste saak ter wêreld dat die een skepsel op die ander aangelê is: dat ons gevoed word, geneesmiddele gebruik ens. En hierdie middellike weg is so wonderlik en ingewikkeld, dat ons God veral as gevolg daarvan moet verheerlik. "En in dié dag sal Ek verhoor, spreek die Here, Ek sal die hemel verhoor en dié sal die aarde verhoor. En die aarde sal die koring verhoor en die mos en die olie, en dié sal Jisreël verhoor" (Hos. 2:19-20).

Hierdie onderhouding leer vir ons dat die Skepper sy werk nie vir één oomblik loslaat nie. Wanneer ons 'n skildery van 'n beroemde skilder sien, kan ons die meesterstuk bewonder sonder dat hyself daarby teenwoordig is. Maar hier is dit anders, want die opperste Bouheer en Kunstenaar is oral self teenwoordig. "In Hom lewe ons, beweeg ons en is ons" (Hand. 17:28).

"Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar" (Ps. 139:8). Dié wete is vir my te wonderlik.

Ons Here Jesus spreek van die hare van ons hoof wat getel is; oor die mossies wat nie op die grond val sonder die wil van die Vader nie; oor die lelies wat deur God beklee word met groot heerlikheid (Matt. 6).

Ons sê: *dit* reën, *dit* sneeu, *dit* ys, *dit* ryp. Gods Woord sê dit anders: o Jerusalem, prys die Here! o Sion, loof jou God! Want H*y* het die grendels van jou poorte sterk gemaak; H*y* versadig jou met die beste van die koring; H*y* gee sneeu soos wol, *Hy* strooi ryp soos as; *Hy* werp sy ys heen soos stukke – wie kan bestaan voor sy koue? H*y* stuur sy woord en laat hulle smelt; H*y* laat sy wind waai – die waters loop (Ps. 147:12-20).

In die derde plek het God in hierdie Boek geskrywe dat Hy die wêreld *regeer.* Wie oë het om te sien, kan dit duidelik sien. **Daar is geen toeval en geen noodlot nie**. Daar loop vaste lyne deur die wêreldgeskiedenis en ook deur die geskiedenis van die kerk. Die geskiedenis is nie soos 'n hoop sand waar die korrels naas mekaar lê sonder enige verband nie. Daar is verband tussen oorsaak en gevolg. Die onreg word deur God gewreek al duur dit ook nog so lank. Alle dinge werk mee ten goede vir die wat God liefhet; selfs die kwade word ten goede gekeer. Sowel in die persoonlike lewe as in die lewe van die volkere sien ons hoe dat die Godsregering op elke bladsy van dié boek geskrywe is. Paulus sê aan die mense van Listre: Hy (die Here) het Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee, en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul (Hand. 14:17).

## 2. Hoe ons in die boek kan lees

Teen artikel 2 van ons Geloofsbelydenis het daar sterk opposisie ontstaan. En die kritiek wat daarop gelewer is, is nie onbeduidend nie. Veral Dr. Karl Barth[2] het hom met krag daarteen verset omdat hy meen dat hierdie leerstelling die Skrif op die agtergrond skuiwe. Hy is van oordeel dat die natuurlike teologie hier 'n gevaarlike inval gemaak het.

Nou leer die Roomse Kerk inderdaad dat ons kennis van God kan kry uit die natuur deur bemiddeling van die menslike verstand. Rome maak onderskeid tussen verstandskennis en geloofskennis. Die geloofskennis is dan hoër en beter as die verstandskennis maar laasgenoemde kan tog ook goed genoem word. Rome stel sig dus tevrede met 'n leë en *abstrakte Godsbegrip* wat buite die Skrif om alleen deur middel van die verstand uit die natuur verkry kan word.

Maar daarmee stem ons belydenis geensins in nie. Art. 2 spreek nie van 'n natuurlike teologie nie. Ook word nie gehandel oor twee bronne nie, maar oor twee middele. En *Calvyn* het reeds gesê dat ons eers die bril van Gods Woord moet opsit om te kan sien dat God Hom openbaar in die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld. Anders kan ons in die boek van God se algemene openbaring nie lees nie. Ons kan nie deur middel van ons verstand tot die ware Godskennis geraak nie. So kan ons nie die letters, woorde en sinne sien waardeur ons die onsienlike dinge van God kan aanskou nie. Waar Gods Woord nie geken, gelees en gehoor word nie, daar word ook die betekenis van God se dade in die skepping en in die geskiedenis nie verstaan nie. Daar is geen grondwaarhede buite die Heilige Skrif ten opsigte van die

---

[2] ***Prof. dr. Karl Barth****.* 'n Baie bekende Duits-Switserse teoloog van ons tyd. Hoewel hy voorgee om gereformeerd te wees, wyk sy beskouinge op 'n hele aantal kardinale punte af van die gereformeerde leer.

kennis van God nie. Daar is geen natuurlike teologie wat vir ons 'n voorbereiding is vir die regte Godskennis of wat hierdie kennis aan ons verskaf nie. So kom die mens hoogstens tot 'n Godsbegrip, maar nooit tot kennis van die enige en waaragtige God nie. Alleen dan kan ek God as Skepper uit die skepping, onderhouding en regering ken, indien ek Hom eers leer ken het uit sy Woord. Slegs wanneer ons met die Skrif gewapen is, kan ons die ware Godskennis verkry.

Wat is nou die oorsaak van hierdie toedrag van sake? Die oorsaak is nie geleë in die algemene openbaring van God nie, maar in die verdorwenheid van die sondaar. Hierdie feite lewer geen kritiek op die openbaring nie, maar wel op die mens wat deur sy eie skuld nie meer in staat is om daarin te lees sonder die bril van Gods Woord en sonder die verligting van sy verstand deur die Heilige Gees nie.

God gee aan ons daardie Boek en wil ook aan ons die oë gee om daardie Boek goed te lees, want van nature is ons almal geestelik blind. Aan daardie Boek haper daar niks nie. Ons Belydenis noem dit 'n *mooi* boek. En God word in die skepping *baie duidelik* geopenbaar. Wie oë het om te sien en ore om te hoor, sien *oral* die merktekens van sy hande, hoor *oral* sy stem en ontvang alles uit sy troue Vaderhand: lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge.

Die mens buite Christus staan teenoor dié Boek soos 'n blinde. Dat hy die handelinge en die dade van God nie opmerk nie, is die gevolg van die algehele verduistering van sy hart en verstand deur die sondeval. "Hy het in die tye wat verby is, toegelaat dat al die nasies in hulle eie weë sou wandel, al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie" (Hand. 14:16, 17). Die skuld lê nie by God en in sy Openbaring nie, omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is; want God het dit aan hulle geopenbaar.

In skuldige onopmerksaamheid het die mense hulle nie laat bring tot die regte kennis van God nie. Daarom is hulle nie te verontskuldig nie, omdat hulle, hoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik het nie. Hulle behoort dit te gedoen het, maar het dit nie gedoen nie. Weliswaar het hulle sommige dinge gedoen wat deur die Wet vereis word, omdat die werke van die Wet in hulle harte geskrywe was, maar hulle het dit gedoen, nie omdat God dit wou hê nie, maar uit nuttigheidsoorweginge. Hulle doen daardie dinge van nature, uit liefde tot hulle self of omdat hulle dit beter ag om so te handel. 'n Mens kan die Wet van God onderhou uit dankbaarheid en deur die geloof in Christus al het selfs die allerheiligste maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid. Maar iemand kan ook baie werke van die Wet doen, omdat dit goed vir hom is (Rom. 2:14-15).

Maar wat die *kennis van God* betref wat verkry word deur die algemene openbaring, sê die Skrif dat die goddelose mense dwaas geword het in hulle oorlegginge en dat hulle onverstandige hart verduister is. Hulle het hulself voorgedoen as wyse, maar hulle was dwase. Vanweë hulle eiewysheid kan hulle God nie ken uit sy Openbaring nie. Dit kan ons oral sien, want die heidene het verval tot die aller-grofste afgodediens waarin hulle die skandelikste teennatuurlike sondes bedrywe het. "Hulle het die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer" (Rom. 1:23-32). En so word die toorn van God geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk (Rom. 1:18). Die belydenis sê dat die dinge wat God geopenbaar het, genoegsaam is om die mense te oortuig en alle verontskuldiging te ontneem. Niemand sal in die oordeelsdag kan en durf sê: ek kon nie weet dat God bestaan nie. Die grootste en felste godloënaar sal moet

toestem dat hy dit moes geweet het. Wie vanweë die dwaasheid van sy hart gepraat het oor die noodlot of toeval, sal dan moet erken dat niks by toeval plaasgevind het nie en dat Gods Raad vervul is. Wie gesê het dat alles hier op aarde 'n warboel is en onsin, sal dan moet toestem dat die teuels van die wêreldbestuur altyd in Gods hande was.

Hy wat die vensters toegemaak het, moenie kla dat hy die lig van God se grootheid en heerlikheid nie kan sien nie. *Die algemene openbaring is genoegsaam om almal te oortuig. Die sondaar is sonder verontskuldiging.*

Nou is dit ook duidelik *hoe* ons die Boek van die algemene openbaring moet en kan lees. Die Kerk van die Here is aan die woord en die gelowiges spreek en sê: ons ken hom deur twee middele. Hulle het eers die bril van Gods Woord opgesit en dan sê hulle: kom almal, aanskou Gods wyse weë; wat is sy werking hoog gedug, hetsy Hy die mensdom met sy seën besoek, of met sy strenge tug. Dan verstaan ons dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus wat hemel en aarde en alles wat daarop is, geskape het, ook onse God en Vader is. En dat Hy deur sy almagtige en alomteenwoordige krag alle dinge onderhou en regeer sodat niks by toeval nie, maar alles uit sy troue Vaderhand ons toekom. Ons sien Gods grootheid, majesteit, almag, wysheid en heerlikheid. Ons sien in die wondere van die heelal die magtige werk van onse God en Vader.

Ook die ongelowiges het in hierdie algemene openbaring 'n groot weldaad ontvang. En alle mense sal eenmaal rekenskap moet gee van wat hulle met hierdie openbaring gedoen het. Hulle het almal soveel aan God te danke, omdat Hy Hom nie onbetuig gelaat het nie. Hulle kon werk met die skeppingsmateriaal wat Hy aan hulle gegee het. Hulle kon meebou aan die geskiedenis van die mensheid in die kultuur, wetenskap en liefdadigheid en deur hulle arbeid in alle lewensvorme.

So sien ons ook dat *natuur* en *genade* geen teenstellinge vorm nie. Die eenheid van natuur en genade vind ons in Christus Jesus, onse Here. Deur die Woord is alle dinge gemaak en dié Woord het vlees geword. Daarom lees ons die Bybel. Sonder dié Woord van God sou ook ons blind gewees het. Gelei deur die Heilige Gees en gewapen met die Woord van die Here mag ons geniet, sing en jubel, om God te verheerlik.

Gee aan die God van die hemel eer. Lof sy die Heer van alle skepsele. Want sy guns, alom verspreid, sal bestaan in ewigheid.

## B. DIE BESONDERE OPENBARING VAN GOD

Nadat ons gesien het wat die betekenis is van die *algemene* openbaring, kom ons nou by die besondere openbaring. Daaroor word gehandel in ons Nederlandse Geloofsbelydenis art. 2-7 en in die Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 19.

In art. 2 lees ons: "Ten tweede maak Hy homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy eer en die saligheid van wie aan Hom behoort." Die woorde *nog duideliker* en *meer volkome* sien nie op ons kennis nie asof ons kennis van God sonder Gods Woord ook al helder en duidelik sou gewees het. Dit sien op die O*penbaring* van God. Die besondere Openbaring van God is duideliker en meer volkome as die algemene openbaring. Immers, ook in die besondere Openbaring spreek God oor die algemene openbaring en die algemene kan deur ons nie verstaan word sonder die lig van die besondere nie.

Die Kategismus spreek oor die Heilige Evangelie wat God self eers in die Paradys

geopenbaar het en daarna deur die heilige aartsvaders en profete laat verkondig en deur die offerandes en ander seremonies van die Wet vooraf laat afbeeld het, en eindelik deur sy eniggebore Seun vervul het. Ons het hier dus 'n *voortgaande* openbaring wat al duideliker word. In 'n blombol is al die kleure en blare van die blom reeds gegee. Wanneer die blom ontluik, sien ons eers die volle prag. So is die Nuwe Testament in die Ou Testament verborge en word die Ou Testament straks deur die Nuwe Testament verklaar.

Ook word in die Ou Testament die skaduwee van Christus steeds duideliker gesien. Uit die moederbelofte kom die ander beloftes van die koms van Christus algaande na vore. Ons sien die Christus in die aanskoulike onderwys van die tempeldiens. Ons hoor Hom spreek oor sy lyding en heerlikheid in die psalms en profesieë. Ons sien Hom in die manna en in die water uit die rots, in die koperslang wat verhoog is en straks word die hele Ou Testament in Hom vervul. Hy is in die skaduwees aanwesig en Hy is die komende.

Hierdie besondere Openbaring is één geheel van verskyninge, profesieë en wondere wat in Christus hulle middelpunt het. God het daarby van verskillende middele gebruik gemaak. Ons wil enkele van hierdie middele noem.

***Die toespraak*.**

*Sommige van* die persone wat die Here gebruik het om sy openbaring oor te dra, het self die *stem* van die Here gehoor. Die Here self sê dat Hy van mond tot mond met Moses gespreek het en nie deur duister woorde nie (Num. 12:8). Ons lees dat die Here met Moses gespreek het (Eks. 30:11). En God sê self dat Hy dit doen: dat die volk kan hoor as Ek met jou spreek (Eks. 19:9). Samuel, wat deur die Here geroep word, antwoord: Spreek, Here, want U kneg hoor. Job sê: Volgens hoorsê het ek van U *gehoor* (Job 42:5). By die verheerliking op die berg sê die Vader: Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het. Petrus sê dat hulle aanskouers was van Christus se majesteit. Want Hy het van God die Vader eer en heerlikheid ontvang toe hierdie stem na Hom gekom het van die luisterryke heerlikheid: Dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het. En hierdie *stem* het ons uit die hemel *hoor* kom toe ons saam met Hom op die heilige berg was (2 Pet. 1:16–18). Paulus sê aan koning Agrippa dat die Here Jesus hom op die Damaskuspad aangespreek het *in die Hebreeuse taal.*

***Die aandrywing*.**

Simson word deur die Gees van die Here gedrywe (Rigters 13:25). Die Gees van die Here vervul Gideon (Rigters 6:34). Jeremia sê: U was te sterk vir my en het my oorgehaal (Jer. 20:7).

Die Heilige Gees het hulle *gedrywe* om te spreek, te skryf of op te tree.

***Die Openbaringsslaap.***

Wanneer die Here 'n verbond met Abraham oprig, val daar 'n diepe slaap op hom. En dan openbaar die Here aan hom dat sy volk vier honderd jaar in 'n vreemde land sal wees en dat die vierde geslag sal terugkeer (Gen. 15).

***Die droom*.**

Deur drome het die Here hom aan Farao en Nebukadnesar geopenbaar. In die dae van Jeremia is die openbaringsdroom selfs misbruik deur die leuenprofete wat aan die volk vertel het dat die Here Hom in 'n droom aan hulle geopenbaar het (Jer. 23:25-26).

***Die visioen*.**

Visioene ontvang die profete wanneer hulle wakker is, drome wanneer hulle slaap. Esegiël en Daniël deel aan ons mee watter visioene hulle van die Here ontvang het.

***Verskyninge.***

Die Here openbaar Hom aan Abraham by die verbondsluiting in die rokende oond en vurige fakkel wat tussen die stukke vleis deurgaan (Gen. 15:17). Hy het Hom aan die volk Israel geopenbaar in die wolkkolom en in die vuurkolom. Die tweede Persoon van die goddelike Wese het meermale verskyn as die *Engel van die Here* – eers aan Hagar en ook aan Abraham, Jakob, Moses, Josua. Sy hoogste verskyning vind plaas by die vleeswording van die Woord.

***Profesieë.***

'n Profeet kry 'n blik in die raad van die Here. Dit kan die geval wees ten opsigte van die verlede, die hede of die toekoms. Ten opsigte van die verlede: die geskiedenisboeke van die Ou Testament is meesal deur profete geskrywe. Moses is 'n profeet en het die geskiedenis beskrywe vanaf die skepping.

Ten opsigte van die hede: die wil van die Here vir die hede is bekend gemaak aan Moses, Elia, Elisa, Jesaja en ander profete. Ten opsigte van die toekoms: In hierdie geval dra die profesie 'n voorspellende karakter. Toekomstige dinge word bekend gemaak. Moses spreek ook van *die* Profeet wat die Here u God vir u sal verwek.

Dan kan ons ook nog onderskeid maak tussen die profesie by die profete en die apokalipse – die openbaring soos in die laaste hoofstukke van Daniël en in die Openbaring van Johannes. Die profesie trek die lyne vanuit die hede na die toekoms; vanuit hierdie Jerusalem na die hemelse Jerusalem. Soms is die profesie *perspektiefmatig;* dit wil sê: die profeet wat in die hede staan, sien die eerste koms van Christus en sy wederkoms op die wolke soos twee bergtoppe vlak na mekaar. Maar in werklikheid is daar 'n geweldige afstand tussen die eerste en die tweede bergtop en so is daar 'n groot afstand tussen die eerste koms van Christus en sy wederkoms.

Die apokalipse trek die lyne uit die toekoms na die hede. Net soos 'n standbeeld *onthul* word, so word deur die apokalipse die toekoms onthul voor die oë van hom wat hierdie openbaring ontvang.

***Wondere.***

Die wondere dien om Gods Woord te bevestig, Gods volk te red en die goddelose te straf: Moses en Aäron doen tekens en wondere by Farao. Christus self is die wonder van alle wondere. Die Here Jesus en die apostels het baie wonderwerke verrig. Die wonderwerke is soos die gelui van 'n kerkklok: wanneer die normale bediening van die Woord 'n aanvang neem, lui die klok nie meer nie. Daarom moet ons ons nie verwonder nie dat daar nou nie meer by die bediening van die Woord wondere plaasvind soos vroeër nie.

# C. DIE BOEK VAN DIE BESONDERE OPENBARING

## 1. Die Verhouding van die besondere openbaring tot die Heilige Skrif

Dit spreek vanself dat God in die loop van die jare sedert die paradys baie meer geopenbaar het as wat in die Bybel beskrywe is. Wanneer in die voorjaar 'n vrugteboom in volle bloei staan, is daar 'n oorvloed van bloeisels aan die takke. Maar hierdie bloeisels word nie almal ryp vrugte nie; die takke sou die las nie kon dra en

die vrugte sou nie tot volle wasdom kom nie. Daarom word deur die wind baie bloeisels afgeskud en straks pryk die boom met heerlike vrugte wat vir die oes bestem is.

So het God ook met sy openbaring gehandel. In sekere tye het Hy geweldig baie geopenbaar – veral toe die Woord vlees geword en onder ons kom woon het. Maar nie alles wat geopenbaar is, het God op skrif laat stel nie. Die apostel Johannes skryf: "Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie" (Joh. 20:30). En aan die slot van sy beskrywing van die Evangelie sê hy: "Daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie" (Joh. 11:15). Wanneer alles wat God geopenbaar het, te boek gestel sou gewees het, sou ons so 'n omvangryke Bybel ontvang het dat dit nie sou beantwoord aan die deur God gestelde doel nie. Daarom het God dit nie nodig geag nie.

Die Heilige Skrif is dan die te boekstelling – onder die besondere drywing van die Heilige Gees – van dié gedeelte van die besondere openbaring wat God, volgens sy raad, vir alle tye en volke bestem het.

Ons moet dus die besondere openbaring van die Bybel *onderskei,* maar nooit mag ons die Bybel van die besondere openbaring *skei nie.* Teen dié waarhede word egter beswaar gemaak.

Eerstens was daar altyd en is daar nog mense wat die besondere openbaring en die Heilige Skrif gelyk wil stel en nie wil onderskei nie. Hulle sê dat die Heilige Skrif die hele besondere openbaring *is.* Dit is nie juis nie, want ons het reeds gesien dat God baie meer geopenbaar het as wat in die Bybel opgeteken is.

Tweedens wil ander weer aan die besondere openbaring 'n aparte plek gee *naas* of *in* die Skrif. Die *moderniste*[3] en die *etiese rigting*[4] wou vroeër die Bybel sien as 'n feilbare, menslike en gebrekkige oorkonde van die Godsopenbaring. Hulle wou Gods Woord *in* die Bybel gaan soek; en met hulle Skrifkritiek wou hulle skeiding maak tussen kaf en koring. Dit het hulle dikwels op so 'n wyse gedoen dat daar baie min koring oorgebly het; slegs 'n klein gedeelte van die Bybel sou dan tot die besondere openbaring behoort.

Dr. *Karl Barth* noem die Bybel 'n getuienis van die besondere openbaring van God. Die Bybel self behoort dan nie tot hierdie openbaring nie, maar getuig daarvan. Die Bybel is self feilbaar en behoort tot ons geskiedenis en lê in die menslike en sondige vlak. Gods Woord daarenteen lê in die Goddelike vlak.

Hieruit blyk dat die historiese kritiek ten opsigte van die Bybel vryspel het. Ons sê dat die Bybel Gods Woord *is.* Maar die dialektiese teoloë (Karl Barth en sy volgelinge) is van oordeel dat die Bybel alleen dán Gods Woord *word* wanneer God op 'n bepaalde oomblik, wanneer ons die lees of die prediking daarvan aanhoor, soos 'n bliksem inslaan en tot ons spreek. Dus: die Bybel *is nie Gods* Woord nie, maar *word* dit op dié moment wanneer God deur die getuienis tot ons spreek. Ons *het* dus nie Gods Woord nie, maar kan dit *kry.*

---

[3] ***Modernisme**.* 'n Rigting in die Teologie wat veral sedert 1850 groot opgang gemaak het en onder invloed van die nie- Christelike wetenskap en wysbegeerte sulke belangrike geloofswaarhede soos die onfeilbaarheid van die Bybel en die Godheid van Christus loën.

[4] ***Etiese Rigting**.* 'n Teologiese rigting wat uit reaksie teen die verheerliking van die menslike rede (of verstand) alle klem op die sedelike laat val en die lewe stel bo die leer.

Hierdie argument is lankal reeds gebesig deur die valse mistiek[5] wat sig ook graag beroep op 'n besondere inspraak van God in ons siele.

Teen hierdie beskouinge moet ons die wapen van Christus gebruik wat telkens gesê het: *daar is geskrywe.* Dan het ons ten minste vaste grond onder ons voete – al die ander is onkontroleerbaar en loop uit op 'n hopelose subjektivisme.

In art. 3 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis staan: "Ons bely dat hierdie Woord van God nie gestuur of voortgebring is deur die wil van 'n mens nie, maar die heilige mense van God, deur die Heilige Gees gedrywe, het dit gespreek, soos die heilige Petrus sê. Daarna het God deur sy besondere sorg vir ons en ons saligheid, sy knegte, die profete en apostels beveel om sy geopenbaarde Woord op skrif te stel; en Hy het self met sy vinger die twee tafels van die Wet geskrywe. Om

dié rede noem ons sulke geskrifte: Heilige en Goddelike geskrifte."

God het dus eers laat spreek en daarna het Hy dit op Skrif laat stel. Daar was dus die Woordinspirasie en die Skrifinspirasie. God het dit nodig geag om sy Woord te laat opteken en wel om verskillende redes; die sterkste geheue sou die volle inhoud van die besondere openbaring nie kon onthou nie, ook omdat ons geheue deur die sonde verswak is. Baie van ons hou dan ook gereeld aantekeninge van wat ons wil of moet onthou. Maar hierin sien ons dan ook God se besondere sorg vir ons saligheid deurdat Hy sy Woord te boek laat stel het. Ons kan dus altyd 'n beroep doen op die Bybel en teen dwaalleer en ongeloof sê: daar staan geskrywe.

Daar kom nog iets by: Wanneer ons iets wat ons goed gehoor het, wil oorvertel aan ander, betrap ons ons telkemale daarop dat dit so moeilik is om dit reg oor te vertel. So maklik laat ons iets weg wat tog besondere betekenis het en ons bedorwe hart spoor ons soms aan om 'n verkeerde weergawe te gee. Dan voeg ons 'n paar woorde by of laat 'n paar woorde weg. Dit kan ook wees dat ons die klem verkeerd laat val of 'n vraagteken verander tot 'n uitroepteken. Dit sou deur die eeue heen ook gebeur het met die Woord van God. En dan sou ons nie die minste sekerheid hê dat ons in besit was van die suiwere en juiste openbaring van God nie. Nooit sou ons 'n beroep kon doen op ons geheue of op ons waarheidsliefde indien iemand anders 'n heeltemal ander voorstelling van sake sou gee nie.

By 'n testament kom dit aan op die *letter* van die woord – so ook by die Ou en Nuwe Testament. God het dus deur die te boekstelling van die openbaring sy Woord beskerm teen vervalsing.

Wat 'n voorreg is dit dat ons die Bybel ontvang het! die Heilige Skrif is in baie tale vertaal en word teen 'n geringe prys verkoop. Daardeur is dit moontlik dat die Bybel ons persoonlike besit kan word en ons dit in ons huis, op skool en in die kerk kan hê. By die sending en evangelisasie werk kan ons Bybels uitdeel en versprei. Dit is alleen moontlik as gevolg van God se besondere sorg vir ons en vir ons saligheid. Die Woord van God kan nou oral kom en deur die leiding van die Heilige Gees sy werk verrig. "Ons het die profetiese Woord wat baie vas is en waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donkere plek skyn, tot die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte" (2 Petrus 1:19).

---

[5] ***Mistieke***. Hier val al die nadruk op die mens se gemoedslewe sodat meer waarde geheg word aan die gemoedservaringe van die gelowiges as aan die geskrewe Woord van God. Van lering wil hierdie mense niks weet nie en verlang daarom ook ‛n prediking wat die gemoed streel en die gevoel opsweep.

## 2. Die inspirasie

### *(a) betekenis van die inspirasie*

Ons moet nou die vraag stel op watter wyse God sy Woord te boek laat stel het. Nooit mag ons vergeet nie dat die openbaringsorgane (die mense wat die Bybel te boek gestel het) self ook sondaars was nie. Hoe weet ons nou dat hulle geen foute gemaak het nie en dat die Bybel inderdaad die Woord van God is? Hierop laat ons die Skrif self antwoord.

Natuurlik sal hierteen besware geopper word, asof dit nie die regte metode sou wees nie. Maar dan moet diegene wat hierdie beswaar indien, dit *ook* doen by die ander wetenskappe en nie slegs by die teologie nie. Waaruit weet 'n geneesheer, byvoorbeeld, hoe 'n mens van binne lyk en hoe sy verskillende organe funksioneer? Alleen deur die mens self te ondersoek! 'n Plantkundige bestudeer die plante om sodoende hulle geaardheid vas te stel. En dit gebeur in elke wetenskap. Waarom mag dit dan nie by die teologie gebeur nie? Daarom vra ons ook aan die Bybel self hoe dit ontstaan het en watter betekenis dit vir ons het. God het ons daaroor nie in onsekerheid gelaat nie, want: "die heilige mense het, deur die *Heilige Gees gedrywe*, van *God* gespreek" (2 Petrus 1:21).

Verder leer die Skrif dat nie al die openbaringsorgane self altyd ten volle met die openbaring saamgestem het nie. *Bileam* het, byvoorbeeld, oor die koms van Christus geprofeteer wanneer hy sê: 'n ster kom te voorskyn uit Jakob, en 'n septer kom uit Israel op (Num. 24:17). Bileam wou op versoek van Balak die volk vervloek, maar hy moes hulle seën, omdat die Here wou dat hy hulle moes seën. Daarom het Bileam teen sy eie wil geprofeteer. *Hy* was 'n instrument wat deur die Heilige Gees gebruik is. Later het hy self aan Balak die goddelose raad gegee om die kinders van Israel te verlei sodat hulle afgodsoffers sou eet en hoereer. Selfs in die Openbaring van

Johannes word nog daaroor gespreek (Openb. 2:24).

*Kajafas,* die goddelose hoëpriester wat Christus weëns godslastering veroordeel het, het ook geprofeteer. Wel het hy nie die bedoeling gehad om te profeteer toe hy gesê het dat dit voordelig is dat een man vir die volk sterwe sodat die hele nasie nie verlore gaan nie. "En dit het hy nie uit homself gesê nie, maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die volk sou sterwe. En nie alleen vir die volk nie, maar ook om die verstrooide kinders van God, tot 'n eenheid saam te voeg" (Joh. 11:50-52).

Die Heilige Gees het dus ook somtyds goddelose openbaringsorgane gebruik, maar dit was 'n hoë uitsondering. Meesal was hulle self ook kinders van *God* wat van harte ingestem het met hierdie openbaring en ook begerig was om die bedoeling van die Heilige Gees te verstaan. Petrus sê: "Aangaande hierdie saligheid het die profete wat geprofeteer het oor die genade wat vir julle bestem is, ondersoek en nagevors, en hulle het nagespeur op watter of hoedanige tyd die Gees van Christus wat in hulle was, gewys het, toe Hy vooruit getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom en die heerlikheid daarna" (1 Petrus 1:10, 11). Hulle het dus ondersoek wanneer die vervulling van hulle eie profesie sou plaasvind. Die Gees van Christus was in hulle en deur die Gees gedrywe, het hulle gespreek. En ook toe hulle moes skrywe, is hulle deur die Heilige Gees geïnspireer. Die hele Skrif is deur God ingegee (2 Tim. 3:16). Sommige meen dat ons hier lees dat die Skrif Gods Gees adem. Maar dit is 'n onjuiste vertaling; die woorde wat saamgestel is met die Naam God, het meesal 'n passiewe betekenis. Byvoorbeeld: deur God geleer. So het ons hier: deur God ingegee. God het, sowel wanneer die openbaringsorgane gespreek en geskrywe het, hierdie heilige mense deur sy Gees gedrywe.

Die inspirasie beteken dus dat die Heilige Gees die gedagte gelê het in die bewussyn van hierdie mense en ook die skrywers gedrywe het, sodat hulle die gedagtes van God suiwer kon vertolk en te boek stel.

Ook die Here Jesus Christus het gepraat oor die inspirasie. H*y* het die Ou Testament aanvaar as die Woord van God. Hy het gekom om die Skrifte te vervul. In die sinagoge van Nasareth beroep Hy Hom op Jesaja 61 en sê: "Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul." Volgens Matt. 22:44-45 het Hy selfs 'n beroep gedoen op één enkele woord uit die Ou Testament.

Ook vir die Emmaüsgangers open Hy die Skrifte en toon Hy uit die Ou Testament aan dat die Christus hierdie dinge moes ly en so in sy heerlikheid ingaan.

Christus het Hom ook uitgelaat oor die Nuwe Testament. Hy wys daarop dat die Nuwe Testament nog moes kom as Hy sê: "Ek bid nie vir hulle alleen nie, maar ook vir die wat deur hulle woord in My sal glo." Dit sien op al die gelowiges wat daar sal wees tot met die wederkoms van Christus. Daarom moes die apostelwoord op skrif gestel word. In die Nuwe Testament het ons dan die Evangelie volgens vier beskrywinge, die Handelinge van die Apostels, die Briewe en die Openbaring van Johannes.

***Christus het vir die Nuwe Testament die inspirasie beloof.*** *Die Apostels het, toe hulle dissipels van die Here Jesus was, geen aantekeninge gemaak nie. En dit was ook nie nodig nie, want die Here Jesus het gesê: "die Heilige Gees sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het"* (Joh. 14:26)*. Dit is die inspirasiebelofte vir die Evangelie.*

Later, in die stryd teen die leuen en die dwaalleringe, sou die apostels weleens gedink het: was die Here Jesus nog by ons, dan kon ons Hom vra watter antwoorde ons moet gee en hoe ons die waarheid teenoor die dwaling moet stel. Ook dit was nie nodig nie, want Christus het self gesê: "wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei" (Joh. 16:13). Dit is die inspirasiebelofte vir die *Briewe.*

En wat die toekomstige dinge betref – daarvan het die apostels uit hulleself niks geweet nie. Hulle kon nie in die verre toekoms sien nie. Ook dit moes aan hulle geopenbaar word en Christus het beloof dat die Heilige Gees nie uit Homself sal spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan hulle verkondig (Joh. 16:13). Dit is die inspirasiebelofte vir die *profetiese gedeeltes* uit die briewe en vir die Openbaring van Johannes*.*

Ook die *Apostels* het gespreek oor die betekenis van die inspirasie. Hulle beroep hulle gereeld op die Ou Testament en aanvaar dit ook as één organiese geheel, wat goddelike gesag het en deur die Heilige Gees ingegee is (Rom. 10:11; Rom. 11:2; 1 Petrus 1:10–12). Hulle doen selfs 'n beroep op één enkele woord, nl. Gal. 3:16: "Hy sê nie: En aan die *sade,* asof dit op baie sien nie, maar op een: en aan jou s*aad,* dit is Christus."

Die Heilige Gees is die groot Argitek wat in verskillende tye verskillende mense in sy diens gestel en gebruik het. En so, volgens die bestek en tekening wat van ewigheid in Gods Raad gereed gelê het, het Hy hierdie wonderlike Boek voltooi. Daarom kan ons altyd sê: die Heilige Gees sê. En: die Bybel *is* die Woord van God.

### *(b) Verskillende opvattinge van die inspirasie*

'n Baie belangrike vraag is, hoe die inspirasie plaasgevind het; op watter wyse het die Heilige Gees die bybelskrywers gedrywe? Dit gaan hier om die juiste verhouding

waarin die Goddelike Outeur, die Heilige Gees, gestaan het tot die deur Hom gebruikte openbaringsorgane: die profete en apostels. Daaroor loop die gevoelens baie uiteen en is daar groot verskil van opinie. Ons vind:

***Die Meganiese Opvatting*** wat die eenvoudigste is en die mense wat deur die Heilige Gees gebruik is, sien as blote masjiene. Die Heilige Gees het gedikteer en die skrywers hoef niks anders te gedoen het as om letterlik op te teken wat aan hulle voorgesê is nie. Die Heilige Gees het hulle gebruik soos 'n fluit waarop gespeel of soos 'n tikmasjien waarop getik word. Nou is daar inderdaad gedeeltes van die Heilige Skrif wat letterlik voorgesê is. Wanneer Johannes briewe moet skrywe aan die sewe gemeentes van Klein-Asië, dan sê Christus by elke brief: "skryf aan die engel van die gemeente" (Openb. 2 en 3). Maar dit was 'n hoë uitsondering. God werk nie so meganies nie en skuif nie die persoonlikheid van die skrywers opsy nie. Hul persoonlikhede was geheel en al in sy diens. Daarom skryf Jesaja heeltemal anders as Amos – Amos, die herder, gebruik beelde wat hy aan die landelike lewe ontleen het. So het ons ook van die een Evangelie vier verskillende beskrywinge; daar is verskil in taal en styl. Dus is die selfwerksaamheid van die skrywers nie uitgesluit soos die meganiese opvatting leer nie.

***Die Dualistiese Opvatting***. Dit splits die Bybel in twee. (Duo beteken twee; dualisties – tweeslagtig) Hier word skeiding gemaak tussen die godsdienstig-sedelike gedeelte van die Bybel en die geskiedkundige gedeeltes. Hulle sê: 'n Geskiedkundige gedeelte of boek is nie geïnspireer nie, maar 'n godsdienstige gedeelte wel. So is die Psalms en die Bergpredikasie wel geïnspireerd.

Hierdie opvatting word ook genoem die fundamentele, omdat daarvolgens alleen die fundamentele gedeeltes van die Skrif geïnspireerd is.

Ons mag egter nie hierdie skeiding maak nie. Die Heilige Skrif is een organisme waaruit niks gemis kan word nie. Ook die geskiedenis in die Heilige Skrif is Openbaringsgeskiedenis. Die Here Jesus wys, byvoorbeeld, op gedeeltes van hierdie geskiedenis – die koper slang, Jona wat drie dae en nagte in die ingewande van die vis was, die weduwee van Sarfath, Naäman die Siriër, die koningin van Skeba ens. Trouens, wie hierdie metode voorstaan, kan, wanneer hy eers begin het om krities te sif, dalk nooit weer ophou nie. Omdat die mens self wil uitmaak watter gedeelte van die Bybel vir hom gesag het, hou die een 'n bietjie groter Bybel oor as die ander. Hierdie opvatting is verdedig deur die Sociniane [6] en Remonstrante[7] en deur baie modernistiese teoloë, maar dit is in stryd met die gebruik wat van die Skrif gemaak is deur die Here Jesus, die apostels en die hele Christelike kerk.

***Die Dinamiese Opvatting leer*** dat nie die Skrif nie, maar die persone feilbaar geïnspireer is. Dunamis beteken krag, dit wil sê, die skrywers het volgens hierdie beskouing goddelike kragte ontvang. Die inspirasie staan dan op een lyn met die illuminasie (verligting); die gedrywe word deur die Heilige Gees met die leiding deur Hom. Inspirasie is dan eenvoudig verligting van die verstand, sodat daar net 'n graadverskil is tussen die bybelskrywers en die gewone gelowiges. Daarom is daar ook nie wesens verskil nie, maar slegs 'n graadverskil tussen 'n brief van Paulus en

---

[6] ***Sociniane***. 'n Ketterse rigting uit die tyd van die Kerkhervorming wat o.a. die waarheid van God se Driëenheid en die inspirasie van die Bybel deur die Heilige Gees loën.

[7] ***Remonstrante.*** Volgelinge van Arminius, 'n teologiese professor in Nederland wat o.a. die waarheid van die Uitverkiesing geloën het en wie se optrede aanleiding gegee het tot die hou van die Dordtse sinode van 1618/19 waar die Dordtse Leerreëls opgestel is om sy dwalinge te weerlê en die suiwer waarheid ooreenkomstig die Bybel duidelik in die lig te stel.

'n boek van Augustinus[8] of Calvyn.

Ons mag die inspirasie nie gelykstel met illuminasie (verligting) nie; die Skrif maak onderskeid daartussen. Daar was mense wat geïnspireerd was, maar nie wedergebore nie – byvoorbeeld Bileam en Kajafas. Die heilige mense was deur die Gees van God *gedrywe* en Gods kinders word deur die Heilige Gees *gelei.* Daarby kom nog dat die inspirasie afgehandel is; die gebou is klaar, die bron is gereed. Die heilige skrywers het hierdie bron aangehoor (inspirasie) en die gelowiges put uit hierdie bron (illuminasie). Die voorstanders van die dinamiese inspirasie stel hulle krities bokant Gods Woord en laat die filosofie heers oor die teologie.

***Die dialektiese opvatting.***

Barth noem die Bybel die getuienis van die Openbaring en nie die openbaring self nie. Mense wat 'n "heeltemal ander wêreldbeeld" as ons gehad het en wat die onderskeid nie geken het tussen geskiedenis en sages nie, het in die Heilige Skrif aan ons daardie getuienis gegee. Hierdie getuies was wel besondere mense gewees, omdat hulle die eerste getuies was, maar hulle is nie so deur die Heilige Gees gedrywe dat hulle aan ons 'n onfeilbare getuienis geskenk het nie. Wel is die Skrif deur Gods Gees beheers, maar die uitsprake wat in die Bybel staan, is aanvegbaar. Barth wil niks weet van die gereformeerde opvatting wat die Bybel Gods Woord noem nie. Want, volgens hom, het die ortodoksie die openbaringsbegrip verwêreldlik en maak hulle van die Bybel 'n papierpous. Nee, die openbaringsgetuies het God ontmoet en gee dan self die geopenbaarde op 'n feilbare en gebrekkige wyse weer. Die Bybel is wel die oudste dokument wat die kerk besit, maar behoort tot die horisontale, menslike en sondige vlak.

***Die organiese inspirasie.***

Hierdie naam is gekies in teenstelling met die meganiese om aan te dui dat die Heilige Gees die skrywers nie as masjiene nie, maar as lewende organe gebruik het. Dan moet ons egter daaraan vashou dat die Heilige Gees hierdie organe geheel en al in sy diens gestel het op so 'n wyse dat Hy die leiding behou het wanneer hulle geskryf of gespreek het. Ons mag hierdie openbaringsorgane derhalwe nooit op hulleself besien en geheel en al gaan verselfstandig, sodat ons 'n selfstandige menslike faktor kry naas die Goddelike faktor nie. Daar is naamlik van hierdie naam misbruik gemaak asof ons nou tot 'n kompromis sou kan geraak met die ongelowige wetenskap en vir baie was hierdie organiese opvatting 'n goeie middel om aan die outeurskap van die Heilige Gees afbreuk te doen.

Die egte gereformeerde opvatting laat vir ons juis sien dat die Heilige Skrif in alles volkome betroubaar is, en dat die skrywers ook in hul woorde en gedagtes geheel en al van die Heilige Gees afhanklik was en gebly het sodat die Bybel die Woord van God *is.* En dan kan ons sien dat die skrywers wat op hierdie wyse deur die Heilige Gees gedrywe is, hulle persoonlikheid behou het. Daarom vind ons, byvoorbeeld, dat daar dikwels vir Paulus bepaalde aanleiding was wanneer hy

sy briewe skrywe; dat Lukas eers ondersoek instel voordat hy skrywe; dat daar verskil is in taal en styl. Maar dit alles staan in diens van die Heilige Gees, wat dié Skrywer is sodat ons altyd weer moet sê: *Die Heilige Gees het gesê.*

Prof. Dr. H. Bavinck[9] het in sy Dogmatiek 'n juiste definisie van die organiese

---

[8] ***Augustinus****.* Kerkvader uit die vierde eeu n.C. Hy het meer as enige van sy voorgangers die suiwer leer van die Bybel geformuleer. Luther en Calvyn het in baie opsigte op sy denkarbeid voortgebou.

inspirasie gegee as hy sê: "Onder die organiese inspirasie verstaan ons dat die Heilige Gees, nadat Hy die menslike bewussyn van die skrywers op allerhande maniere voorberei het deur geboorte, opvoeding, natuurlike gawes, nadenking, herinnering, ondersoek en lewensvorming, nou *in, onder* en *by* die spreke en op skrifstelling dié gedagtes, woorde, taal en styl laat opkom het, wat die goddelike gedagtes op die beste wyse vir mense van allerlei stand, rang en volk kon vertolk."

So verstaan ons dat God self die Spreker is in die hele Skrif. Die Bybel is Gods Woord en die Woord van die Here bly tot in ewigheid. Die openbaringsorgane is, sowel wanneer hulle spreek as wanneer hulle skryf, gedrywe deur die Heilige Gees. Daarom maak ons onderskeid tussen die woordinspirasie (die heilige mense, deur die Heilige Gees gedrywe, het van God *gespreek)* en die skrifinspirasie (die hele *Skrif* is deur God ingegee) (2 Tim. 3:16).

Ons kan hier 'n parallel trek tussen Christus, die vleesgeworde Woord, en die Bybel, die skrifgeworde Woord. Christus is waaragtig God en mens, maar sonder sonde – die Bybel is Gods Woord, maar sonder gebrek. Die Seun van God het aan ons in alles gelyk geword, uitgenome die sonde – die Skrifgeworde Woord het aan die skrif in alles gelyk geword, uitgenome die sonde en gebreke wat ons menslike skrif aankleef.

Sodoende kan ons ook 'n begrip kry van die organiese inspirasie van Gods Woord. Ons liggame het verskillende lede: lede wat van sentrale betekenis is (die hart) en lede wat van minder betekenis is (die pinkie). Beide behoort egter tot die liggaam. So is daar ook in die liggaam van die Bybel sentrale gedeeltes en gedeeltes wat aan die omtrek lê. Wanneer ek op siekebesoek is, gaan ek nie 'n geslagsregister voorlees nie en tog het die geslagsregister in die Bybel net soveel betekenis as 'n

Psalm. Want in die register wil God aan ons toon die wonderlike weë waarop Hy sy volk gelei het en die vervulling van die beloftes wat Hy gemaak het, die groot dade wat in die geskiedenis aanskou kan word. Sien, byvoorbeeld, die geslagsregisters in Mattheüs 1 en Lukas 3. Ook hier sien ons met verwondering Gods wonderdade aan sy volk.

Elke deel van die liggaam het sy betekenis op die plek en vir die doel wat God daarvoor gegee het. So het ook elke deel van die Skrif betekenis op die plek en vir die doel wat God daarvoor gestel het. En dan altyd weer met God en Christus in die middelpunt!

## 3. Die eienskappe van die Heilige Skrif

### *(a) Die Heilige Skrif het Goddelike gesag*

In art. 5 van die Nederlandse Geloofsbelydenis lees ons: Net al hierdie boeke neem ons aan vir heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig.

Die Skrif kom tot ons met goddelike gesag, omdat die Heilige Gees die skrywers gedrywe het en omdat God self die Toespreker is. Hy wil dat ons onvoorwaardelik sal glo en aanvaar wat Hy gesê en geopenbaar het. God het gespreek! – dit is die einde van alle teëspraak. Hy het alles oor almal en alles te sê. Die Bybel redeneer daarom nie met ons om ons op dié manier te probeer oortuig nie. Die Skrif diskusseer nie, maar sê net: só is dit en nie anders nie. En daarom sê ons ook: dit is so en nie

---

[9] **H. *Bavinck*.** ‛n Baie bekende teoloog uit die Nederlandse Gereformeerde Kerk wat in 1921 oorlede is. Sy werk "Gereformeerde Dogmatiek" is tot vandag nog ‛n standaardwerk op dié gebied en dit word ook algemeen in die Afrikaanse Kerke as sulks gebruik.

anders nie. En as iemand dan vra: waarom is dit so, antwoord ons: omdat God dit sê, is dit so.

Wanneer Gods Woord met goddelike gesag tot ons kom, is daar vir ons maar een pad, die pad van geloofsgehoorsaamheid daaraan. Ons moet kinderlik en eenvoudig glo; dit wil sê, ons het ons geloofsvooroordele op grond van die Heilige Skrif.

Wie nie onvoorwaardelik glo wat die *Bybel* sê nie; maak God tot 'n leuenaar. Daarom is die Skrifkritiek so goddeloos. Sommige wil aan die Bybel net 'n *sedelike* gesag toeken. Hulle stel dit so voor dat die Bybel deur die mooi gedagtes wat daarin staan en die wyse lesse wat dit gee, diens moet doen om iemand met sedelike gesag te oortuig en tot geloof te bring – net soos ouers hulle kinders maklik kan oorreed of 'n bekwame professor sy studente of groot leiers wat die massa

maklik kan beïnvloed. Die groot fout is hier dat die Swaartepunt in die mens gelê word en die Bybel dan eers gesag het vir die persoon wat hom eers laat oortuig het. En dit is nie waar nie; die Bybel het goddelike gesag, of ons ons laat oortuig of nie.

Die Bybel het alles oor ons te sê, al word die meeste mense nooit oortuig nie en al gaan hulle dwars daarteen in. Want die Woord van God bewerk altyd iets – dit is 'n reuk van die lewe tot die lewe of 'n reuk van die dood tot die dood. Daarom moet ons *weet wat* die Christus sê, *glo* wat die Skrif sê en *doen* wat die Skrif sê. Waarom? Net omdat God dit sê. Die enigste wapen wat ons moet en kan gebruik, is: daar is geskrywe!

Die groot fout van *Rome* is dat dit die kerk stel bo die Bybel. As dit daarop aankom, is die kerklike gesag alles. By Rome is 'n beroep op die Skrif teen 'n dogma wat die kerk vasgestel het, nooit moontlik nie. Deur die Kerk bokant die Skrif te stel, word afbreuk gedoen aan die goddelike gesag van die Skrif.

Dit is ook die groot fout van al dié rigtinge en bewegings wat die Bybel beskou as 'n feilbare menslike getuienis en van mening is dat God op 'n bepaalde moment deur dié getuienis tot ons kan spreek sodat ons 'n "gebod vir die oomblik" kan ontvang, maar dit netnou weer nie ontvang nie. Ook hierdie rigting (die dialektiese teologie) onttrek sig dus aan die absolute, goddelike gesag van die Skrif. Wie 'n (ongelukkige) huwelik wil sluit tussen Skrifkritiek en Skrifgeloof, kry altyd van beide 'n pak slae. Ons kan die Bybel nie kritiseer nie – die Bybel kritiseer ons.

Intussen moet ons egter onderskeid maak tussen die *historiese* (geskiedkundige) gesag en die *normatiewe* (bindende) gesag van die Bybel. Ook hier moet ons egter versigtig wees, omdat daar skandelik misbruik gemaak kan word en gemaak is van hierdie onderskeiding. Maar die misbruik hef nog nie die gebruik op nie. Ook hier sal die Skrif self beslis wat historiese en wat normatiewe gesag het. Om een voorbeeld te noem: die drie vriende van Job het, net soos die Fariseërs, 'n geraffineerde vergeldingsteorie daarop nagehou. Volgens hulle is elke mens die smid van sy eie geluk of ongeluk – wie sondig, word gestraf en wie goed lewe, word geseën en omgekeerd. Omdat Job teenspoed na teenspoed kry, konkludeer hulle dat hy dus swaar moes gesondig het. Hulle daarenteen is gesond sodat hulle goeie mense moet wees. Die vierde vriend is Elihu, die jongste en wysste, en hy wys die drie vriende van Job tereg met hulle verkeerde opvatting van die lyding as straf en nie as kastyding vir Gods volk nie. Daarom sê hy dat die lyding moet dien om Job te kasty. Die Engel van die Here, Christus, sal uitkoms gee omdat dit hier gaan om die stryd van Satan teen Christus – Job moet hom voor God verootmoedig.

Die Bybelleer dus self dat hierdie drie vriende onjuiste teorieë verkondig het. Hulle uitsprake, wat ook in die Bybel staan, het derhalwe vir ons wel historiese gesag, maar geen normatiewe gesag nie. Ook die vraag van die twyfelaar Pilatus: wat is

waarheid? het vir ons geen normatiewe, maar wel historiese gesag. Die woorde van die duiwel het ook alleen historiese gesag. Die Bybel waarborg dat hulle só en nie anders nie, uitgespreek is.

Ons moet van hierdie onderskeiding egter geen misbruik maak nie. Baie mense doen 'n beroep op die historiese gesag van die Bybel, om hulle aan die normatiewe gesag daarvan te onttrek. Dit is fataal, want dan kom alles op losse skroewe te staan. Die teologie het hier 'n geweldige taak. God spreek in sy Woord altyd tot ons, ook dan wanneer Hy ons die leuens van die duiwel laat hoor en die sondes van die Godevyandige wêreld laat sien.

Die Goddelike gesag van die Heilige Skrif het vir die praktyk van ons lewe groot *betekenis:* Allereers vir die *prediking* wat altyd bediening van die Woord moet wees. Die prediking mag nie ontaard in 'n stigtelike toespraak oor een of ander mooi en interessante godsdienstige onderwerp of oor die eie ervaringe nie. Nee, die prediking moet daarin bestaan dat die boodskap van God met gesag gebring word. Wanneer ek die dinge wat God sê in sy Woord, weergee in my eie woorde, dan het dié woorde gesag, omdat dit Gods Woord is. Christus sê: wie na julle luister, luister na My en wie julle verwerp, verwerp My.

Hierdie deur die kerk met gesag gepredikte Woord moet deur die gelowiges uitgedra en toegepas word op alle lewensterreine. So kry die Woord van die Here gesag in ons huise, op skool, in die samelewing, in die maatskaplike lewe en ook in die wetenskap. Dan tog staan ons sterk in die opvoeding en in die Christelike onderwys wat gegee word aan die kinders van die verbond.

"Laat julle lig só skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke sien en julle Vader wat in die hemele is verheerlik word! "

Daarom bely ons dat ons al hierdie (Bybel-) boeke aanneem as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig, "Op hierdie rots sal Ek my gemeente bou en die poorte van die hel sal dit nie oorweldig nie."

### *(b) Die Heilige Skrif is noodsaaklik*

Ons het die Bybel nodig. Ons sou nie in staat wees om God te ken as Hy Hom nie geopenbaar het nie. Ons belydenis sê:

Ten tweede maak Hy homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy ere en tot saligheid van wie aan Hom behoort (Art. 2).

In Deut. 6:6-9 staan: "En hierdie woorde wat Ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op die pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe."

Jesaja sê: "Soek in die boek van die Here en lees! Nie een van hierdie wesens ontbreek nie, die een mis nie die ander nie; want my mond dié het dit beveel, en sy Gees dié het hulle bymekaar gebring" (Jes. 34:16).

Die Here Jesus het die Emmaüsgangers ernstig vermaan: ,,o Onverstandiges met harte wat traag is om alles te glo wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie? En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het" (Luk. 24:25-27).

"En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die morester opgaan in julle harte" (2 Pet. 1:19).

Ons kan nie sonder die Bybel klaarkom nie. "Hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie. En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God" (Rom. 10:14, Rom. 10:17).

God self het sy Woord vir ons nodig geag, sodat ons Hom sou ken, die enige waaragtige God en Jesus Christus wat Hy gestuur het.

Ons moet leer om te vra na die *noodsaaklikheid.* Ook die kategismus vra meer as eenmaal: Waarom? Baie wil dit nie hê nie omdat hulle vyande is van 'n welomskrewe belydenis. Die stryd gaan teen die belydenis, teen die Skrif, teen God. Die regte verhouding tot God is nie 'n vae, onbestemde, maar 'n bewuste relasie. Die relativisme leer dat dit wel só kan en dat dit ook wel ánders kan. God sê in sy Woord dat dit alleen maar só kan, soos Hy dit wil. Daarom is die Skrif noodsaaklik, omdat God dit wil.

Nodig is Gods Woord vir ons en vir ons kinders sodat ons die enige waaragtige Verbondsgod sou leer ken.

Nodig is Gods Woord sodat ons die Christus sou sien in Sy skoonheid en onmisbaarheid vir arme sondaars.

Nodig is die Skrif sodat ons kan weet hoe ons, deur die Heilige Gees gelei, moet wandel in die weë van die Here.

Nodig is die Skrif, omdat dit alleen 'n antwoord gee op die bange vrae wat ons hart benou. Dan is dit uit met die spel in ons lewe en kom daar kinderlike gehoorsaamheid.

Rome het 'n tweeslagtige standpunt. Enersyds wil hulle vashou aan die gesag en noodsaaklikheid van Gods Woord en aan die ander kant word die stryd teen die gesag en die noodsaaklikheid gevoer. Daartoe *moet* Rome kom, omdat die kerklike uitsprake gestel word bo die Skrifuitsprake. Die Heilige Gees sit, volgens Rome, die werk wat Hy in die Profete en Apostels begin het, voort deur die konsilies en deur die Pous wanneer hy *ex cathedra* (ampshalwe) spreek. Die inspirasie kry nou wel die naam van *assistensie,* maar in wese is beide vir Rome gelyk. Die openbaring is geen eindelose herhaling nie, want die Skrif het reeds tot volle wasdom gekom: daar kan niks bykom en daar mag niks van weggeneem word nie. Daarom moet alle uitsprake getoets word aan die Skrif; dan sien ons die noodsaaklikheid van Gods Woord.

Die *valse mistiek* is van mening dat die Bybel goed is vir beginners; 'n leer om op die dak mee te kom. As 'n mens eenmaal so ver gekom het, kan jy desnoods sonder die leer klaarkom. As daar iets met krag in die siel inval, dan het hierdie regstreekse uitspraak van die Heilige Gees in die siel meer waarde as die: daar is geskrywe van die Bybel. En wanneer hulle dan nog die Bybel lees, soek hulle na die waarheid agter die waarheid, om sodoende die waarheid meteens kwyt te raak. Die apostel Paulus stel dit skerp: "Maar al sou ons, of 'n engel uit die hemel, julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees" (Gal. 1:8).

Ook die *Dialektiese Teologie,* wat (die uiterstes raak mekaar) van aktuele insprake wil lewe, torring aan die noodsaaklikheid van die Heilige Skrif. Subjektiewe ingewinge is baie moeilik om te kontroleer. "Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja verdorwe is dit; wie sal dit ken" (Jer. 17:9).

Nou kan die Woord ook gebring word in die hele wêreld. Ons neem die Woord mee by sending en evangelisasie. Sodoende staan ons sterk teenoor die leuen en dwaalleer. Altyd weer kan ons 'n beroep doen op Gods Woord. Daarin is ook die bewaring van die Christelike vryheid geleë, wat geen bandeloosheid is nie, maar juis die hoogste gebondenheid aan die Skrif. Dan sien ons die magtige betekenis van die amp van die gelowiges, wat, wanneer die kerk gereformeerd is geroep word tot die ware reformasie. Daarom dank ons God vir sy besondere sorg vir ons saligheid, omdat Hy Homself geopenbaar het soveel as wat nodig is tot Sy eer en tot saligheid van die syne.

### *(c) Die Heilige Skrif is duidelik*

Gods Woord is 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad (Ps. 119:105). God neem in sy Woord die sluier weg, sodat hulle wat deur Gods Gees gelei word, kan sien. "Want die Here, Here doen niks tensy Hy eers sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie" (Amos 3:7). Christus getuig dat Hy ronduit met die wêreld gespreek het, dat Hy altyd in die sinagoge en in die tempel geleer het, waar die Jode van alle kante bymekaarkom; en in die geheim het Hy niks gespreek nie (Joh. 18:20). Tot sy dissipels sê Hy: "Wat Ek vir julle in die donker sê, vertel dit in die lig; en wat julle in die oor hoor, verkondig dit op die dakke" (Matt. 10:27). Hulle mag dit nie as 'n geheim vir hulself hou nie, maar moet dit luid in die openbaar verkondig. In art. 5 van ons Belydenis lees ons dan ook i.v.m. die kanonieke boeke van die Bybel: "omdat hulle ook die bewys daarvan in hulleself het, aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is."

Dit wil natuurlik nie sê dat daar nie ook moeilike gedeeltes in die Skrif is nie. Petrus skryf daaroor in 2 Pet. 3:15, 16: "En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan Hom gegee is, aan julle geskryf het) net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hulle eie verderf."

Ons kan die Skrif vergelyk met die rivier wat Esegiël gesien het wat van onder die drumpel uit ontspring het: wanneer hy dit meet, kom die water tot aan sy enkels, dan tot aan sy knieë, dan tot aan die heupe en eindelik is die stroom so diep dat 'n mens daarin moet swem. So is dit ook met die Woord van die Here; 'n kind kan dit verstaan. Wie Gods Woord ondersoek, sien hoedat die waters tot aan sy enkels kom. Wie egter vorder in die geloofslewe weet ook dat daar diepere plekke is, só diep dat selfs die geleerde nie daardeur kan loop nie. Elke gelowige kan in Gods Woord vind, helder en duidelik, wat hy tot Gods eer en vir sy saligheid nodig het.

Die Skrif is dus nie 'n geslote huis waarvan die sleutel in die hande van die kerk is soos Rome leer nie. Die geheimskrif word dan deur die kerk ontsyfer net soos by die valse mistieke die "ingeleides" dit doen wat skimp op die "dooie letter". Maar in 2 Korinthe 3:6 staan nie dat die letter dood *is* nie, maar nee, die letter is springlewendig, want die letter *maak dood.* Ander wil die Bybel verduidelik in die lig van die Ooste. Ons sien wel dat die resultate van die opgrawinge bevestig wat in die Bybel staan. Die Bybel het gelyk gekry en die Bybel sal altyd gelyk kry al duur dit nog so lank. Ons moet dan ook dankbaar wees dat daar oor baie dinge 'n verrassende lig opgegaan het. Maar ons wil nie daarvan weet dat die Skrif noodsaaklikerwys deur die wetenskap belig moet word nie, asof die Woord in sigself nie helder is nie. Hierdie eienskap van Gods Woord is ook in ons dae van die allergrootste betekenis. Daarom moet die ampsdraers altyd Skrif met Skrif vergelyk, omdat die Skrif sigself uitlê en verklaar terwyl die Skrif duidelik is.

Ons lees Gods Woord daeliks. Ons moet die Woord van God ken. Dan verstaan ons die woord: hoe wonderlik is U getuienisse; daarom sal my siel dit ook getrou bewaar. Want die opening van U woorde sal gewis die donker op laat klaar, net soos 'n lig. Dit gee verstand aan hulle wat, by die gemis van so 'n glans, in die ewige nag sou ingaan.

### *(d) Die Heilige Skrif is volkome*

Ons glo dat hierdie heilige Skrif die wil van God volkomelik bevat en dat alles wat die mens moet glo tot saligheid, daarin genoegsaam geleer word. Want aangesien die wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin geheel en al en uitvoerig beskrywe is, is dit aan geen mens, al was dit ook die apostels, geoorloof om anders te leer as wat ons alreeds geleer word deur die Heilige Skrifte nie; ja, al was dit ook 'n engel uit die hemel, soos die apostel Paulus sê. Want omdat dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat, is daardeur duidelik genoeg dat die leer daarvan geheel volmaak en in alle opsigte duidelik is (Art. 7, Ned. Geloofsbelydenis).

Gods Woord is soos 'n organisme wat gegroei het. 'n Jong kind is volkome, dit wil sê, hy besit alles wat 'n mens moet besit; al sy organe is aanwesig. Straks word die kind 'n volwassene. Net so is die hele Skrif in beginsel in die moederbelofte aanwesig. Maar nou is die Skrif volwasse. Sou Gods werk onvolkome wees? In die Openbaring van Johannes lees ons: "Ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: as iemand by hierdie dinge byvoeg, dan sal God oor hom die plae byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is. En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie wegneem, dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is" (Openb. 22:18).

Dit is geweldige ernstige woorde. Ons mag aan Gods Woord niks byvoeg nie; nie deur tradisie naas die Bybel nie, nie deur bevindinge en ervaringe wat nie gegrond is op die Skrif nie, nie deur eiewillige godsdiens nie. Ons mag van Gods Woord ook niks wegneem nie; nog deur skrifkritiek wat na eie goeddunke dele van die Bybel weglaat, nog deur ons te onttrek aan die geopenbaarde wil van God, maar ook nie deur opsetlik te swyg oor bepaalde gedeeltes van die Heilige Skrif en dit links te laat lê nie. Dan is die dwaling geleë, nie in wat 'n mens leer nie, maar in wat 'n mens nie leer nie. Dit doen baie wat nie onvoorwaardelik wil buig voor die Skrif nie. Dan sê die gelowige: ek mis iets, maar kan nie sê wat nie; daar is iets nie in orde nie. Gods volk voel dit intuïtief aan. Daarom sê die Belydenis met 'n beroep op die Skrif: Stel die geeste op die proef of hulle uit God is. En ook: As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie.

Hierdie volkomenheid en genoegsaamheid van die Heilige Skrif is van groot *betekenis.* Daardeur kry die Skrif 'n besondere plek. Daar is meermale getrag om deur die studie van die vergelykende godsdienswetenskap ooreenkoms en gelykheid te konstateer tussen die heilige boeke van sommige volke en die Heilige Skrif. Maar dit is onjuis: hier is geen vergelyking moontlik nie. En ook geen relativisme van goed, beter, beste nie. Alleen die Woord van God is waaragtig en al die ander is vals. Gods Woord het 'n heel aparte plek. Solank die Skrif dit sê, is dit so en nie anders nie. Die gebou van die Skrif is voltooi; die Bybel is volwasse en gaan so die wêreld in. As daar van 'n organisme iets weggeneem word, word dit vermink. Die Kerk van die Here moet onvoorwaardelik buig voor die Skrif. En 'n mens mag geen menslike geskrifte, hoe heilig hulle ookal is, gelykstel met die Goddelike Skrifture nie. Die Kerk van die Here sal deur al die eeue heen genoeg hê aan die Woord van die Here, voor

watter vrae en probleme hy ook gestel mag word.

In ons hart kom so maklik die gedagte op: sou dit vir my dan wel genoeg wees. Die valse mistiek maak misbruik van die sonde van die menslike hart. Dit is so aanloklik om naas die beloftes van God ook nog eie beloftes te hê om daarop te steun. Daarom verwerp ons met ons hele hart alles wat met hierdie onfeilbare reël nie ooreenkom nie.

## 4. Die grond vir ons geloof dat die Bybel Gods Woord is

Die grond waarop ons geloof staan dat die Bybel Gods Woord is, is nie in die kerk en ook nie in die gelowige geleë nie, maar alleen in die Heilige Skrif self. Art. 5 Ned. Geloofsbelydenis sê: Net al hierdie boeke neem ons aan as heilig en kanoniek om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig.

***Nie in die Kerk nie***. Daar was altyd 'n strewe om die grond vir ons geloof dat die Bybel die Woord van God is in iets buite die Skrif te lê: Rome het altyd daarby die volle nadruk gelê op die kerk. En inderdaad moet die kerk sig hieroor uitspreek. In ons Belydenis het die kerk getuienis afgelê en gesê dat dié Bybel Gods Woord is. Maar die kerk kon dit doen omdat hy dit uit die Bybel weet. Die grond vir ons geloof aan die Bybel as Gods Woord kan nie in die kerk geleë wees soos by Rome nie. Die kerk kan alleen sê wat Gods Woord sê anders verloor die Heilige Skrif sy Goddelike gesag. Dan word die grond onder ons voete wankel en van God af verlê in die mens en in menslike uitsprake.

***Nie in die Gelowige nie***. Dan word die Bybel Gods Woord vir sover ons dit ervaar. Die Bybel is dan nie Gods Woord nie, maar kan dit *word* vir sover God daardeur spreek in besondere oomblikke.

Die grond vir die geloof lê geheel en alleen in die Bybel. Hoe weet ek dat God 'n Drieënige God is, dat Jesus Christus die Saligmaker is, die Seun van God, waaragtige God en waaragtige regverdige mens. Hoe weet ek dat God die wêreld geskape het ens? Dit weet ek net uit die Bybel. Hoe weet ek dat die Bybel Gods Woord is? Dit weet ek ook alleen uit die Bybel. Dat die Bybel die Woord van God is, staan vas, dit is 'n feit, 'n aksioma, ook al sou almal wat blind is, sê dat hulle dit nie sien nie en dat dit nie so is nie.

## 5. Die getuienis van die Heilige Gees

In Art. 5, N.G.B., word oor die grond van ons Skrifgeloof gespreek en dan in verband daarmee ook oor die getuienis van *die Heilige Gees:* "Ons glo sonder enige twyfel alles wat daarin vervat is; en dit nie juis omdat die kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar insonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is."

Ons glo dat die Bybel Gods Woord is op grond van die Skrif en dat ons dit glo en andere nie, is 'n gevolg van die getuienis van die Heilige Gees in ons harte. Dit mag ons nie misverstaan nie: dit is nie so dat die Heilige Gees vir ons influister dat die Bybel Gods Woord is nie. Dit is nie 'n getuienis met *inhoud* nie sodat ons naas die grond van Gods Woord nou nog 'n aparte grond sou kry waarop ons geloof rus nie.

Die Bybel is Gods Woord ook al sou die ganse wetenskaplike wêreld dit bestry. Dit sou van die feit niks afdoen nie. Die feit kan nie bewys word nie, as alleen uit die Bybel self. Hier het ons 'n geloofsvooroordeel op grond van die Skrif.

Hoe kom dit nou dat daar mense is wat nie glo wat die Bybel van homself sê nie, en

dat daar ook mense is wat dit wel aanneem? Laasgenoemde kan selfs sê: al sou almal dit ook ontken, dan staan dit vir my onwrikbaar vas. Dit kom deur die getuienis van die Heilige Gees in ons harte. Die natuurlike mens staan teenoor Gods Woord soos 'n blinde teenoor die lig. Al sê ons ook dat die Bybel die Woord van God is, die ongelowige sien dit nie en kan dit nie sien nie. Alleen wanneer hy ook oë ontvang het om te sien, sê hy: ja, nou sien ek dit ook. Dit gebeur tog telkens weer dat iemand wat selfs heeltemal vyandig staan teenoor die Christus van die Skrifte deur die werking van Gods Gees gelowig word; sy verstand word verlig en dan sê hy: een ding weet ek, nl. dat ek vroeër blind was en nou kan sien.

Die Heilige Gees gee dus aan ons oë om te sien dat die Heilige Skrif volgens eie getuienis die Woord van God is. Dit is die getuienis van die Heilige Gees in ons harte.

### 6. Die Kanonvorming [10]

In verband met die getuienis van die Heilige Gees is daar die vraag wat die kerk by die kanonvorming van Gods Woord gedoen het. Die kanonieke boeke is 'n reël vir die dinge wat ons moet glo en vir die dinge wat ons moet doen. Die onveranderlike, gesaghebbende kanon is in God self. Ons buig voor die Skrif, omdat ons onvoorwaardelik buig voor God. Die Bybel wat ons het, het nie deur toeval tot stand gekom nie; daarvoor gaan God se ewige besluit. Van ewigheid af lê die kanon vas in God se raad. Wanneer ons dus oor die kanonvorming spreek, gaan ons uit van die geloofstandpunt dat die Bybel soos ons dit besit, van ewigheid af in Gods raad gereed gelê het. In die tyd het God die verskillende openbaringsorgane in sy diens geneem wat deur die Heilige Gees gedrywe, gespreek het. En toe het Hy, deur sy besondere sorg, gebied dat sy Woord op Skrif gestel moet word.

Toe die Bybel voltooi was, het God deur die getuienis van die Heilige Gees die kerk bewerk sodat hy oë ontvang het om te sien. Ten opsigte van die Ou Testament was daar eenstemmigheid.

Ons Here Jesus Christus het die Ou Testament, soos ons dit het, geken en aanvaar as een geheel. Ook die geskrifte van die Nuwe Testament, wat op God se lys van ewigheid af in Sy raad gestaan het, het tot die kerk gekom. Die kerk het dit ontvang en die Heilige Gees het gesorg dat die kerk, toe hy dit gekry het, dit ook ontvang het as deur God aan hom gegee. Dit het die taak van die sinodes baie maklik gemaak.

Die sinodes van Laodicea (360), Hippo Regius (393) en Carthago (397) het die kanon erken. Ook die sinodes het die getuienis van die Heilige Gees geken waardeur hulle oë gekry het om te sien sodat die deur God vasgestelde kanon dankbaar as sodanig aanvaar is.

Die sinodes het nie van bo af *gedekreteer* nie, maar eenvoudig *gekonstateer.*

## D. DIE HEILIGE SKRIF EN DIE BELYDENIS VAN DIE KERK

Nadat ons die eienskappe van die Heilige Skrif behandel het, kan nou tereg die vraag gestel word: watter betekenis het die Belydenis van die kerk dan nog? Die Bybel het Goddelike gesag, is noodsaaklik, duidelik en volkome, – wat doen ons dan met ons

---

[10] ***Kanonvorming****.* Die woord *kanon* kom van 'n Griekse woord wat rigsnoer beteken en in die Christelike Kerk gebruik is om die lys van gesaghebbende Bybelboeke aan te dui. Hulle staan teenoor die apokriewe boeke. Die kanon het eers oor 'n tyd tot stand gekom – dit word kanonvorming genoem.

belydenisskrifte? Is hulle nie oorbodig nie?

Ook hierop sal die Skrif self vir ons 'n antwoord gee. In Heb. 4:14 staan: "Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die *belydenis vashou".* En in Heb. 10:23:"Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou". Judas skryf in vs. 20: "Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in jul allerheiligste geloof en in die Heilige Gees bid." (Judas 1:20) Timotheüs moet sy pand bewaar en die onheilige, onsinnige praatjies en teëwerpinge van die valslik sogenaamde kennis vermy. (1 Tim. 6:20). En Paulus sê ook aan hom: "As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie" (1 Tim. 6:3). Die Heilige Skrif self spreek dus oor die gesonde woorde, die leer wat volgens die godsaligheid is, die toevertroude pand wat bewaar moet word, en vermaan ons dat ons die goeie onwankelbare belydenis moet vashou en op die allerheiligste geloof moet bou.

Ons Here Jesus het self vir ons die riglyne aangedui wat by die opstel van die belydenis in ag geneem moet word. Hy wil dat die dissipels moet weet en dat die Kerk ook kennis sal neem van die valse Christologieë wat in omloop is. Die Kerk moet bekend wees met die dwalinge. Hy vra immers aan die dissipels: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? Daarop kan die dissipels 'n antwoord gee omdat hulle goed geluister het wanneer die mense hulle oordeel oor hul Meester uitgespreek het. Hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elia en ander Jeremia of een van die profete. Maar dan gaan Christus verder: Hy stel die *suiwere belydenis* van Sy dissipels op prys en daarom vra Hy: Maar julle, wie sê julle is Ek? Dan antwoord Petrus ook namens die ander: U is die Christus, die Seun van die lewende God.

Die Kerk het dus die roeping, nie alleen om te weet watter dwaalleer daar is nie, maar ook om daarteenoor die suiwer belydenis volgens Gods Woord te stel. Want Christus sê dan nie aan Petrus: jou antwoord is beter as die ander antwoorde wat ook goed is nie – dit is nie 'n kwessie van relativisme, van goed – beter – beste nie. Nee, Christus sê aan Petrus dat vlees en bloed dit nie aan hom geopenbaar het nie, maar S*y* Vader wat in die hemele is. Die natuurlike mens verstaan nie die dinge wat van die Gees van God is nie; ons moet leef van die openbaring wat God gegee het. En die Belydenis moet deur die werking van die Heilige Gees uit Gods Woord geput wees – dit is geen produk van menslike wysheid nie. Daarom sê Christus: Jy is Petrus en op hierdie rots (hierdie belydenis dat Ek die Christus is, die Seun van die lewende God) sal Ek my gemeente bou en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

Die kerk het dus die roeping om in helder en duidelike woorde te getuig en te spreek oor die groot rykdom wat in Gods Woord gevind word. Dit is nie maar 'n stokperdjie nie, maar 'n opdrag volgens die Woord van die Here. Die Kerk moet volgens Gods woord die stryd aanbind teen ongeloof en dwaling. En in hierdie stryd mag nie gebruik gemaak word van vleeslike wapens nie, maar die Kerk moet die geestelike wapens hanteer en dit nie ongebruik laat nie. Daarom moet die Kerk in sy "eie woorde" weergee wat die Skrif sê. So kom die Kerk tot die eenheid van die leer en kan die suiwere leer wat aan hom toevertrou is as 'n pand bewaar en verdedig word.

Die belydenis het gesag omdat dit ooreenstem met Gods Woord; omdat dit dieselfde sê as die Skrif. Dit het maar net een wapen: daar staan geskrywe – dieselfde wapen wat Christus in die woestyn gebruik het. Daarom sê die belydenis self ook: geen menslike geskrifte, hoe heilig hulle ookal is, mag gelyk gestel word met die Goddelike geskrifte nie.

Daarom het die Kerk ook die taak om sy ampsdraers aan die belydenis te bind; hulle moet die belydenis van ganse harte onderteken, nie alleen die saaklike inhoud nie, maar geheel en al. Want dit kom hier op die juiste teks aan en op die vraag wat die bedoeling van die Kerk oorspronklik was. Wanneer ons hou op individuele opvattinge, kan iemand deur 'n paar woorde te verander 'n heeltemal ander inhoud daarin lê. Ons wil nie 'n dinamiese belydenis alleen hê nie, maar 'n belydenis wat in die eerste plek staties is: die waarhede staan vas ook al verander die tye. Die Kerk is 'n pilaar en grondslag van die waarheid en daarom is dit ons plig om die waarhede wat van oudsher af deur die Kerk bely is, te handhaaf. Sodoende kan ons met die ou bekende boodskap staan te midde van die volle lewe van vandag; kies ons posisie teen die dwalinge van ons tyd en bly ons belydenis te alle tye in die ware sin van die woord aktueel. Ons het nie 'n beweeglike, veranderlike belydenis nie, maar 'n vaste belydenis sodat daar in ons kerklike lewe vastheid en belyndheid is.

So leer ons die sekerheid en die blydskap van die geloof ken.

# II OOR GOD

## A. DIE WESE VAN GOD

### 1. Die onbegryplikheid van God

Dat GOD bestaan, is *vir* ons 'n saak wat ons in die geloof aanneem, 'n geloofsvooroordeel waarvan ons uitgaan. Diegene wat tot God kom, moet glo dat Hy is en 'n beloner van dié wat Hom soek. God sê self in sy Woord *dat* Hy is en *Wie* Hy is, en dit is vir ons voldoende. Twyfel is hier eenvoudig uitgesluit. Die dwaas sê in sy hart: daar is geen God nie. Hy wat sê dat God nie bestaan nie, bewys daarmee dat hy self blind en dwaas is.

Ons kan God nie deurgrond nie – dit is eenvoudig onmoontlik. Alleen die Gees van God ondersoek die dieptes van God en daarom kan ons nooit die kennis van God hê wat Hy van Homself het nie. Ons kennis is en bly gebonde aan die menslike beperktheid, want die eindige kan die Oneindige nie omvat nie. Daar is grense wat ons nooit kan en mag oorskry nie.

Die *boek Job* is 'n bewys van die onbegryplikheid van God. Ons verwys nou nie na die woorde van Sofar in hoofstuk 11 nie, want die vriende van Job het ook onsin gepraat sodat hulle woorde vir ons historiese, maar geen normatiewe gesag het nie. Maar die Here wys in hoofstuk 38 self op *sy* grootheid in die skepping, onderhouding en regering van alle dinge. Hy antwoord Job uit 'n onweer en sê aan hom: gee te kenne as jy alles weet. En dan lê Job sy hand op die mond en verneder homself in stof en as Jesaja sê: daar is geen deurgronding van sy verstand nie (Jes. 40:28), en Paulus skryf aan Timotheüs: wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het nie of kan sien nie (1 Tim. 6:16). Sy weë is onnaspeurlik en ondeurgrondelik.

Van hierdie feit dat God die ondeurgrondelike is, word soms misbruik gemaak: Die *Agnostikus*[1] leer dat ons God nie kan ken nie, omdat Hy die groot Misterie is. 'n Mens kan maar net oor Hom gis of van ver af benader, maar so fouteer jy maklik. Die Agnostikus sê: God bestaan, maar Hy is die Onkenbare. Dan gaan hy 'n stap verder en sê: ek weet nie eers of God wel bestaan nie. Dan is daar ook die *Skeptisis*[2] wat aan alles twyfel en beweer dat hy dit betwyfel of God bestaan. Ten slotte sê die *Ateïs* dat hy weet dat God nie bestaan nie. Die dwaas sê in sy hart: daar is geen God nie.

### 2. Die kenbaarheid van God

Ons kan God nooit begryp nie, maar ons kan Hom ken en Hom ook goed en suiwer ken. God het Hom geopenbaar en ons kan Hom ken omdat en vir sover Hy Hom geopenbaar het. "Dit is die ewige lewe dat hulle U ken, die enige en waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 1:1).

Ons moet onderskei tussen *ken* en *begryp.* 'n Jong kind van 'n professor ken sy vader baie goed, maar wanneer hy 'n klas van sy vader bywoon, sal hy niks begryp nie. *As* die professor met sy kind praat, doen hy dit op 'n eenvoudige wyse. So het God Hom aan ons geopenbaar op menslike wyse – *antropomorfies* (mensvorming) – en hy doen dit op so 'n wyse dat ons dit duidelik kan verstaan. Ons kan die regte en

---

[1] ***Agnostikus****.* Iemand wat leer dat die bo-sintuiglike dinge, en dus ook God heeltemal onkenbaar is. Agnostisisme is 'n filosofiese rigting.

[2] **Skeptisisme**. 'n Filosofiese rigting wat leer dat dit nie moontlik is om betroubare kennis van die dinge – ook die sintuiglik-waarneembare dinge – te bekom nie.

suiwere kennis van God verkry, *omdat* en vir sover as wat Hy Hom aan ons geopenbaar het. Deur sy openbaring mislei Hy ons nie.

Wat moet ons dan verstaan onder die *ingeskape* Godskennis? Die ingeskape Godskennis is die besef in elke siel dat daar 'n hoër Wese bestaan. Dit is nog 'n oorblyfsel van die oorspronklike beeld van God in ons. Ons moet egter nie dink dat hierdie ingeskape Godskennis enige inhoud het nie. 'n Leë emmer het geen inhoud nie maar, wanneer dit met water gevul word, kan dit wel inhoud verkry. So is die ingeskape Godskennis feitlik niks meer nie as die *aanleg tot* kennis van God nie. Wanneer dit deur die Openbaring van God gevul word, dan kom die mens tot 'n definitiewe Godsbegrip. Sonder hierdie aanleg tot Godskennis sou ons nie die hemelse Vader kon ken nie, maar sou ook die heidene nie 'n besef van hulle afgode hê nie. Immers, alle mense het van nature die aanleg tot 'n kennis van God. Daar is van nature geen godloënaars nie, maar die dwase mens *verlaag* homself tot 'n godloënaar, omdat hy God graag uit sy lewe wil weg dink en weg hê. Wat 'n mens graag wil hê, glo 'n mens graag.

Calvyn praat van die *saad van die godsdiens.* Maar ons moet goed verstaan dat ons God eers dán reg kan ken, wanneer ons sy Woord ondersoek deur die leiding van die Heilige Gees. Ons kan Hom ken omdat Hy Hom geopenbaar het.

## 3. Die onbewysbaarheid van God

Daar is in die verlede op verskillende maniere getrag om die bestaan van God te bewys, omdat gemeen is dat 'n mens dan sterk sal staan teenoor die ongeloof. Tog is dit 'n ydele poging want buite die Heilige Skrif om kan en mag ons geen bewys lewer dat God nie bestaan nie. Gods Woord gee ook geen bewys nie, maar sê aan ons *dat* God bestaan en dit is al. Daarmee moet ons tevrede wees en dankbaar dat God Hom aan ons wou openbaar. Dit is 'n feit wat onwrikbaar vasstaan en waaraan ons geloof of ongeloof niks kan toe- of afdoen nie. Gelukkig hang dit nie van ons toestemming af of God bestaan nie.

Met die sogenaamde bewyse kom ons dan ook geen stap verder nie. Ons kan aan 'n ongelowige met hierdie sogenaamde bewyse geen duim geloof gee nie. Wanneer 'n blinde sê dat daar geen kleure is omdat hy nog nooit die kleure gesien het nie, is dit tog geen bewys nie. Hy bewys daarmee net dat hy blind is. Wanneer 'n ongelowige nou beweer dat God nie bestaan nie, dan is dit geen bewys vir die nie-bestaan van God waarteenoor 'n ander bewys gestel moet word nie. Hy bewys daarmee dat hy blind en dwaas is. Ons kan alleen maar *getuig* en sal so iemand nooit *oortuig* nie. Ons getuig van God sonder enige bewyse.

Tog het *Rome* aan hierdie sogenaamde bewyse baie groot waarde toegeken. Rome is van oordeel dat God met sekerheid uit die menslike *rede* of verstand geken kan word. Maar dit is nie waar nie. 'n Mens kan daardeur hoogstens kom tot 'n "godsidee", maar nooit tot kennis van die enige waaragtige God nie." Ons sal nou sien op watter wyse daar getrag is om die bestaan van God te bewys.

### Die *ontologiese bewys.*

Die ontologie ondersoek die wese van die dinge. *Plato*[3] redeneer vanuit die ideë wat

---

[3] ***Plato***. 'n Beroemde wysgeer van die Griekse oudheid wat van 427 tot 347 v.C. gelewe het. Sy denke het 'n geweldige groot invloed op die filosofie uitgeoefen. Wesenlik was dit 'n heidense sisteem wat direk teenoor die Bybel staan.

daar is tot die absolute **Idee**, wat al die ware, die goeie en die skone omvat.

***Anselmus***[4] sê dat die menslike gees verskillende gedagtes het en een van hierdie gedagtes is die hoogste gedagte. Wanneer hierdie gedagte alleen in ons denke bestaan, dan kan ek my nog 'n hoër gedagte voorstel wat ook in die werklikheid bestaan. Die hoogste gedagte moet dus werklik bestaan. Dus moet God bestaan.

***Cartesius***[5] leer dat alle mense 'n gedagte van God het. Hy sê: ek dink, daarom is ek. So dink die mens dat daar 'n hoër wese is en dan moet die hoër Wese ook bestaan.

In hierdie ontologiese bewys word daar dus 'n geweldige sprong gemaak van die *denke* na die *syn.* En dit deug nie, want iemand kan maklik allerlei snaakse gedagtes hê wat juis nie in die werklikheid bestaan nie. Ons mag nie uit die denke tot die syn konkludeer nie. En ons mag God nie aan ons denke ondergeskik maak nie.

### Die *morele* bewys.

Elke mens het 'n gewete en is verantwoordelik vir sy dade. Daar is onderskeid tussen goed en kwaad. Let ons bowendien op die probleem van die voorspoed van die goddelose en die teenspoed van die regverdiges, dan moet ons die bestaan van iemand aanneem wat die goeie beloon en die kwade straf. Die wysgeer, Kant, sê dat hy nie met sy verstand kan bewys dat God bestaan nie maar dat hy prakties tot die konklusie kom dat God wel bestaan.

Die morele bewys kom dus van die gewete tot die Regter. Maar ook dit is geen bewys nie. 'n Panteïs[6] sal byvoorbeeld sê dat die kwade sowel as die goeie altyd bestaan het en sal bly bestaan. 'n Boom wat skeef gegroei het, word nie gestraf nie. 'n Misdadiger wat die slagoffer is van sy omgewing, moet nie gestraf maar verbeter word. Vir 'n panteïs sê die morele bewys dus niks nie.

### Die *kosmologiese* bewys.

Kosmos beteken wêreld en in die wêreld sien ons oral beweging, oorsake en gevolge. Dus moet daar iemand wees wat die oorsaak van hierdie oorsake en van hierdie beweging is, naamlik God. Hy is die bewegende Oorsaak.

Hierdie bewys kom dus uit die veranderlike tot die Onveranderlike en uit die relatiewe tot die Absolute. Maar ook dit is geen bewys nie. Gestel byvoorbeeld dat daar maar net 'n oneindige reeks van oorsake was?

### Die *teleologiese* bewys.

---

[4] ***Anselmus****.* 'n Bekende teoloog uit die Middeleeue en die vader van die Roomse skolastieke teologie. Laasgenoemde is dié teologie wat probeer om deur die toepassing van die verstandelike spekulasies van die nie-Christelike filosofie op die teologie, die geopenbaarde waarhede vir die menslike rede (verstand) aanneemlik te maak. Dit is natuurlik nie moontlik nie.

[5] ***Cartesius of Descartes****.* 'n Bekende Franse wysgeer uit die sewentiende eeu en die vader van die rasionalisme in die filosofie. (Verheerliking van die menslike rede).

[6] ***Panteïsme****.* Hierdie filosofiese rigting leer dat alles God is. Dit staan teenoor die Bybelse leer dat God en die skepping twee is en dat God wesens-verskillend is van die geskapene; Hy die Skepper.

Telos beteken *doel.* Oral in die skepping sien ons die doelgerigtheid van die dinge; daar is orde, daar is natuurwette, die skepping is so mooi. Dink net aan die sterrehemel, die betekenis van die son, aan die kringloop van die waters, aan die bakterieë ens. Dus moet daar iemand wees, wat die doel gewil en gegee het. Maar ook dit is nog geen bewys vir die bestaan van God nie: baie mense praat liewer van die louter toeval of oor 'n noodlot.

**Die *historiese* bewys.**

Hier word 'n beroep op die geskiedenis gedoen; alle volkere vereer 'n godheid en by hulle almal vind 'n mens die godsdiens, hoe primitief hulle ookal mag wees – hulle het hul afgode. die godsdiens is dus 'n gemeenskaplike goed, geen uitsondering nie maar reël. Dit is geen toevallige verskynsel nie. Die vergelykende godsdienswetenskap sien hier selfs geen wesensverskil tussen die verskillende godsdienste nie, maar alleen 'n graadverskil wanneer hulle die godsdienste met mekaar vergelyk. Die Skrif leer egter dat daar 'n wesensverskil is: ons het of 'n ware of 'n valse godsdiens.

Ook leer die Bybel vir ons dat al die volkere hierdie tradisie (van 'n godsdiens) meegeneem het uit die ark van Noag, maar alleen in die geslag van Sem vind ons die suiwere Godsopenbaring.

Ook hier het ons geen bewys nie, want ons kan nou net so goed die nie-bestaan van God bewys uit die feit dat al die heidense volkere die waarheid in ongeregtigheid ten onder hou en die ware God nie ken nie.

Daar is dan ook mense wat beweer dat alle godsdiens eenvoudig 'n waandenkbeeld is sonder enige werklikheid. Die ongeloof laat hom tog nie oortuig nie. Nooit kan God rus op my denke nie, want my denke vind alleen rus in God. Nooit kan die heelal God bewys nie, maar God moet vir ons leer wat die heelal is. Nooit kan God uit 'n doel bestaan nie, maar die doel kom uit God. Nooit kan God rus op my sedelike besef nie, want my sedelike besef vind rus in God. Nooit kan die geskiedenis sê dat God bestaan nie, want God sal vir ons sê hoe ons die geskiedenis moet verstaan.

Die *grondfout* van al hierdie bewyse is dat nie getwyfel word aan die sedelike lewe, aan die wêreld nie, maar alleen aan God. Ons gaan daarom nie vir die rede, die sedelikheid, die heelal, die doelmatigheid, die geskiedenis vra of God bestaan nie, maar vir die Heilige Skrif, die Woord van onse God. Daarin sê Hy: *Ek is God* en niemand meer nie.

Met al die sogenaamde bewyse vorder ons niks nie: dit is baie lawaai, maar weinig wol. Om te probeer bewys dat God bestaan en dan eers te wil glo, is 'n bewys van ongeloof en van die oordeel van God oor die waanwysheid van hierdie wêreld. Ons moet onvoorwaardelik buig voor dit wat die Skrif aan ons sê; ons moet glo aan Hom wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het.

## B. DIE NAME VAN GOD

Die name van God is nie deur mense uitgedink nie. God het deur sy name te noem, Hom aan ons bekend gemaak. Nie ons het die name aan Hom gegee nie, maar Hy het Hom deur sy name aan ons geopenbaar. Hulle sê aan ons wie God is. Ons Here Jesus het ons dan ook leer bid: Laat U Naam geheilig word.

God het sy Naam aan ons geopenbaar sodat ons Hom sou ken en ook noem. Ons mag deur misbruik sy Naam nie ontheilig nie, maar ook nie deur dit nie te gebruik

nie – ons moet sy Naam reg gebruik sodat Hy om ons ontwil nie gelaster nie, maar geëer en geprys word.

Uit die Heilige Skrif blyk dit dat name veelal 'n besondere betekenis het en met die wese van die draer in verband staan. Daarom moes Adam aan die diere name gee. As profeet ken hy die gedagte wat God by die skepping in 'n dier gelê het – dus die betekenis en die wese van die dier. Daaraan moes hy deur 'n spesiale naam uitdrukking gee. So word Abram (d.i. grote vader) deur God genoem: Abraham (vader van vele). Jakob word genoem: Israel, d.i. vors van God. Hananja: die Here is genadig; Misael: wie is soos God, en Asarja (die Here help) ontvang later ander Babiloniese name. Simon word deur Jesus genoem: Petrus, rots. Joses word ook genoem Barnabas: seun van vertroosting.

Ons kan onderskeid maak tussen essensiële en konvensionele name. 'n Boek het 'n titel wat die hoofgedagte van die boek moet weergee – die titel is dus essensieel. Maar in die biblioteek ontvang dieselfde boek 'n nommer en dié nommer is konvensioneel. Die name vliegtuig, stoomboot, brandspruit is essensieel – hulle druk die essensie of wese uit. Baie persone se name is konvensioneel, maar hulle byname is dikwels essensieel, omdat dit hulle so raak tipeer.

Die name wat God aan Homself gegee het, is essensieel. God is nie die groot Onbekende of Anonieme nie. Ons rig dan ook geen altaar op vir die onbekende God (Hand. 17:23), vir die Absolute, die Misterie nie. Dan sou ons ook nooit suiwere Godskennis kon ontvang nie, maar dit hoogstens benader.

Die NAME van God onderskei ons in Eiename, Persoonsname en die Deugde of Eienskappe van God.

## 1. Die eiename van God

Die Heilige Skrif leer ons o.a. die volgende, eiename van God ken:

***El Elohim**.*

Hierdie naam El (enkelvoud) of Elohim (meervoud) dui aan dat God die Skepper en Onderhouer van die hele wêreld is. Daarom word hierdie Naam in Genesis 1 gebruik. In Genesis 2 staan Jehova Elohim, die HERE God. Ons Here Jesus Christus het die Naam El uitgespreek toe Hy aan die kruis met luide stem uitgeroep het: *Eli, Eli,* lama sabactani? Ook kom hierdie naam voor in eiename soos Eljada, Eli, Eljakim, Elia, Hiël, Joël ens.

***El Schaddai.***

Dit is 'n verbinding van El met Schaddai. Hierdeur openbaar die Here Hom as die Almagtige God, wat sy almag in diens stel van die verbond van genade. Wanneer Hy met Abraham die verbond oprig, die besnydenis instel en beloof dat uit Sara 'n seun gebore sal word, sê Hy: Ek is El Schaddai, God die Almagtige (Gen. 17:1).

***Edona.***

Ook in hierdie Naam lê opgesluit dat God die Sterke is, wat deur sy krag alle dinge beheers. Hy beskut die syne en sorg getrou vir hulle. In die gebruik van dié naam lê iets intiems; God is die Here (Edona) wat die syne bewaar, hulle oordek en beskerm.

***Jehova.***

Dit beteken: Here – Ek is wat Ek is. Ek sal wees wat Ek sal wees. Die eintlike naam is Jahwe, maar die Jode was bang om hierdie naam te gebruik, omdat in die Wet staan: jy mag die Naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie. Daarom het die

latere Jode die gebruik gehad om hierdie naam nooit op hulle lippe te neem nie, menende dat hulle die naam Jahwe nooit ydellik sal kan gebruik nie. Wanneer hulle dus in die Bybel die naam Jehova teenkom, het hulle die naam Edona gebruik. Om hulle nie te vergis nie, het hulle toe die klinkers van Edona by die medeklinkers van Jahwe geplaas. Jehova het die medeklinkers van Jahwe: J.H.W. of J.H.V. en die klinkers van Edona: e, o, a. Ons moet dus lees: Jahwe.

Hierdie naam word alleen gebruik in verhouding tot die volk van die verbond. God is die El van alle mense en Hy is Jahwe van *sy volk.* Nou lees ons in Eks. 6:2 [Eks. 6:3] "Ek het aan Abraham, aan Isak en aan Jakob verskyn as God, die Almagtige, maar met my Naam, Here, het Ek My nie aan hulle bekend gemaak nie." Dit sien op die *verklaring* van die naam, wat Moses ontvang het. God het self hierdie naam verklaar toe Hy gesê het: Ek sal wees wat Ek sal wees. Die vadere het die naam wel geken, maar nie die betekenis daarvan nie. Die naam beteken dat God homself handhaaf, dat Hy die getroue is wat sy beloftes vervul en ook sy bedreiginge uitvoer.

***Jehova Sebaoth.***

Sebaoth beteken leërskare en in die woord lê die gedagte van orde in die engelewêreld. Teenoor die geweldige magte van die duiwel staan die Here Sebaoth, die Here van die leërskare. In die naam lê 'n ryke troos vir Gods volk: die poorte van die hel sal die gemeente nie oorweldig nie. Onse God is Jehova Sebaoth.

## 2. Die Persoonsname

Dit is die name wat elk van die drie Persone van die Goddelike Wese vir Homself het. Die drie Persone word in die Skrif met aparte name genoem: Die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

## 3. Die deugde of eienskappe van God

Vir die wesensname van God word verskillende name gebruik; eienskappe, deugde, attribute. Die beste naam is die naam van deugde. Dit vind ons ook in die Skrif soos Petrus sê: sodat ons sou verkondig die *deugde* van Hom wat ons uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Petrus 2:9). Tog het die naam-eienskappe langsamerhand burgerreg verkry. Toe is die eienskappe van God ingedeel in onmededeelbare en mededeelbare eienskappe.

Die onmededeelbare eienskappe is dan: onafhanklikheid, onveranderlikheid, ewigheid, alomteenwoordigheid en eenvoudigheid.

Die mededeelbare eienskappe word soos volg onderskei: God as Lig: wetenskap, wysheid, waaragtigheid. God as die Heilige: goedheid, heiligheid en regverdigheid. God as die Soewereine: wil en almag.

Tog is hierdie indeling in onmededeelbare en mededeelbare eienskappe van God nie aanvaarbaar nie. Ons moet hierdie indeling nie gebruik nie, omdat ons dan so maklik gaan spreek oor eienskappe van die eerste en van die tweede rang. In die volle sin van die woord word nie een eienskap van God aan die mens meegedeel nie. Ons sou dus kan sê dat die eienskappe soos God Self hulle besit, onmededeelbaar is. Maar dan is al God se eienskappe onmededeelbaar, want nooit is die Skepper gelyk aan die skepsel nie. Neem, b.v., die almag van God. Dit word nie aan ons meegedeel nie, want ons kan alleen spreek van die mag van die mens – dit het hy van God ontvang, maar God se almag is nie aan hom meegedeel nie. Ook die wysheid van God kan nie aan ons gegee word soos God dit besit nie. Alleen die Gees van God ondersoek die

dieptes van God en ons ontvang alleen wysheid van God in afgeleide sin.

Die mens is geskape na die beeld van God, maar dit beteken nie dat hy aan God gelyk is nie. Soos God sy eienskappe het, het niemand anders dit nie – die mens wat na sy beeld geskape en vernuwe is, het alleen 'n afdruk van sy eienskappe, maar dan ook van al sy eienskappe.

Dit is dus veel beter om bogaande onderskeiding te laat vaar.

Ons wil nou *verskillende deugde van God noem.*

Nou moet ons vooraf egter goed verstaan dat die een deug nie van die ander geskei en losgemaak kan word nie. So sê ons Kategismus dat God wel barmhartig is, maar ook regverdig (Vr. 11). Dus nie sy barmhartigheid ten koste van die regverdigheid, of die regverdigheid ten koste van die barmhartigheid nie. In God is al sy deugde *een.* Ons mag hulle wel onderskei, maar nooit skei nie. (Dit laat ons aan die moderniste oor wat liefs net van die liefde van God spreek.) Die een eienskap van God deurdring die ander soos wit die volheid is van alle kleure.

### *(a) Die Onafhanklikheid van God*

Al die skepsele is afhanklik geskape; in hulle ontstaan en in hulle voortbestaan is hulle te alle tye van die Skepper afhanklik. Daar is geen skepsel wat selfstandig bestaan nie, want sonder Gods wil kan hulle hul nie roer of beweeg nie.

God self is egter van niemand en niks afhanklik nie. In Hom is die lewensvolheid en Hy is die volsalige in Homself. Hy word nie deur ons gedien asof Hy aan iets behoefte het nie. Hy is die absolute Soewerein en doen alles om Homself ontwil. Hy is die Pottebakker, wat mag het oor die leem en met die leem wat *Hy* geskape het, doen wat Hom behaag.

Hy is die Onafhanklike in sy *Wese.* Hy is die synde wat sê: Ek is wat Ek is. Hy is ook die onafhanklike in sy *werke.* Hy het die wêreld geskape, nie omdat Hy moes nie, maar omdat Hy dit gewil het. Ook in die werk van die herskepping is Hy van niemand afhanklik nie. Sy raad sal aestaan en Hy sal Sy welbehae doen. Dit alles moet ons bring tot die besef van ons diepe afhanklikheid van Hom. 'n Afhanklike lewe is 'n gelukkige lewe, want Sy krag word in swakheid volbring.

### *(b) Die Onveranderlikheid van God*

Op verskillende plekke spreek die Heilige Skrif oor die onveranderlikheid van God. Jesaja 41:4: Ek, die Here wat die Eerste is en by die laaste is Ek dieselfde. Maleági 3:1: Ek, die Here verander nie. Jakobus (Jak. 1:17) sê dat by Hom geen verandering is of skaduwee van omkering nie. Hier benede is niks bestendig nie; alles verander. Die panteïsme meen dat God ook verander, dat Hy nie *is* nie, maar *word* en van Homself al meer bewus word. Maar Gods. Woord sê dat Hy die Rotssteen is, Wie se werk volkome is. God is ook die onveranderlike in sy werke; aan Hom is al sy werke van ewigheid af bekend.

Wanneer in die Skrif gespreek word oor die berou van God, dan wil dit nie sê dat God verander nie. Sy relasie, sy verhouding tot die sondaar het wat die uitwerking betref anders geword. Wanneer die son 'n stuk land beskyn wat deur die reën natgemaak is, groei die plante. Dieselfde sonnestrale verskroei egter 'n stuk land wat kurkdroog is en die plante daarop verdor. Dus het dieselfde sonnestrale 'n verskillende uitwerking: op die een stuk land is dit lewewekkend, op die ander verskroeiend en dodend. So was die uitwerking van Gods Woord anders in Ninevé wat hom verhard

het en in Ninevé wat hom bekeer het. Die Woord van God is ook 'n reuk van die lewe tot die lewe en van die dood tot die dood.

Dat God die Onveranderlike is, strek tot ryke troos vir die volk van God. Ons weet dat Hy sy beloftes vervul en nooit laat vaar die werk van sy hande nie. So kom daar vastigheid in ons geloofslewe, want Hy is die Rotssteen Wie se werk volkome is.

### *(c) Die Ewigheid van God*

Van ewigheid tot ewigheid is U God (Ps. 90:1-2). U is van ewigheid af (Ps. 93:2). Jesaja wys op Hom wat in die ewigheid woon (Jes. 57:15). In Openbaring 10:6 lees ons: "Hy het gesweer by Hom wat tot in alle ewigheid lewe."

Ons moet goed verstaan dat daar tussen die ewigheid en die tyd nie 'n graadverskil bestaan asof die ewigheid eindelose tyd is sonder begin en einde nie. Daar is 'n wesensverskil: Die ewigheid is iets heeltemal anders as die tyd. Want in die ewigheid is daar geen begin en geen einde nie, maar in die ewigheid is daar ook geen opeenvolging van oomblikke nie. In die ewigheid slaan geen horlosie nie. As die hele aarde een groot oseaan was, sou dié oseaan 'n beeld van die ewigheid wees. As 'n mens dan in die groot oseaan 'n plank sou sit, sou dit 'n beeld van die tyd wees. Die plank het 'n begin, 'n middel en 'n end. Neem die plank weg en alleen die oseaan bly oor. In Openb. 10:6 lees ons dat die engel gesweer het dat daar geen tyd meer sal wees nie.

Ons moet ook onderskeid maak tussen ewig en ewigdurend. God alleen is ewig; Hy is die Ewige. Wanneer die Skrif spreek oor die ewige lewe en oor die ewige verderf, dan is daar wel 'n begin, maar geen einde nie. Ewige saligheid en ewige verderf het dus die betekenis van ewigdurend.

Hoewel daar 'n wesensverskil is tussen die ewigheid en die tyd, stel God die tyd diensbaar aan die ewigheid. Hulle staan met mekaar in die nouste verband. "Want so sê die Hoë en Verhewene wat in die ewigheid woon, Heilig is sy Naam: Ek woon in die hoogte en in die heilige plek en by die verbryselde en nederige van gees, om te laat herlewe die gees van die nederiges en te laat herlewe die hart van die verbryseldes" (Jesaja 57:15). Ons tyd het besondere betekenis vir die ewigheid ten goede of ten kwade. Wie in die Seun glo het die ewige lewe, maar wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, die toorn van God bly op hom. God, die Ewige, gebruik die tyd in sy diens en tot sy eer.

### *(d) Die Alomteenwoordigheid van God*

Salomo sê in sy gebed: Die hemel, ja die hoogste hemel kan U nie bevat nie. In Ps. 139:7-10 staan: "Waar sou ek heengaan van U Gees en waarheen vlug van U aangesig? Klim ek op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar! Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon, ook daar sou U hand my lei en U regterhand my vashou." En die Here sê in Amos 9:2-3: "Al dring hulle deur in die doderyk, my hand sal hulle daaruit haal; en al klim hulle op na die hemel, Ek sal hulle vandaar laat neerdaal. En al steek hulle hul weg op die top van Karmel, Ek sal hulle daar opspoor en weghaal; en al verberg hulle hul voor my oë op die bodem van die see, Ek sal vandaar die slang ontbied om hulle te byt."

Die *Deïsme*[7] leer dat God nie met sy wese nie, maar met sy krag oral is – net soos die son wat wel die aarde verwarm, maar ver van die aarde verwyderd is. Die *Panteïsme* vereenselwig God en die wêreld. God is die groot oseaan terwyl die volkere, mense en skepsele die golwe en druppels van die oseaan is.

Ons bely dat God ook na sy Wese alomteenwoordig is, maar Hy is nie oral op dieselfde wyse aanwesig nie; die hemel is sy troon en die aarde is die voetbank van sy voete. Hy is anders in die hemel as wat Hy op die aarde teenwoordig is en ook anders in die hel. In die hel is Hy soos 'n verterende vuur teenwoordig.

Die wetenskap dat God alomteenwoordig is, is vir ons tot steun in ons gebedslewe, omdat ons weet dat ons nie tot 'n God van verre spreek nie, maar tot 'n God wat naby is aan die hart wat wenend tot Hom vlug. In Hom leef ons, beweeg ons en is ons. Wanneer ons verdruk word, onreg moet ly, in teenspoed leef, dan is dit vir ons tot 'n besondere troos dat die Here onse God by ons is. Asaf wat baie swaar gehad het, sê in die bange tyd: "Nogtans is ek altyddeur by U; U het my regterhand gevat. U sal my lei deur u raad en my daarna in heerlikheid opneem" (Ps. 73:23-24).

Maar nou weet ons ook dat ons altyd onder kontrole staan – selfs dan wanneer die mense ons nie sien nie; dus moet ons noulettend wandel voor die aangesig van God.

### *(e) Die Eenvoudigheid van God*

Ons moet onderskeid maak tussen die enigheid en die eenvoudigheid van God.

God is die enige God. "Hoor, Israel, die Here onse God is 'n enige Here" (Deut. 6:4). Hy is die enige, waaragtige God. Dit sê die Skrif teenoor die politeïsme, die veelgodedom. Israel het later naas en in plek van God ander gode gedien; Baäl, Astarte, Molog ens. Maar die afgode van die heidene is geen gode nie – hulle is die werk van mensehande: hulle het ore, maar hoor nie en oë, maar sien nie.

Die eenvoudigheid van God beteken dat in God geen samestelling van dele is nie. Ons moet die eenvoudigheid van God nie verwar met enkelvoudigheid nie: God is die Eenvoudige, maar nie die enkelvoudige God nie, want Hy is die Drie-enige God. By die skepsele is daar 'n samestelling van dele en daarom kan ons die skepsele ontleed. Maar God kan ons nie ontleed nie – Hy is die éénvoudige. Wel leer die Skrif dat God besluite geneem het, maar dit is die besluit van die enige waaragtige God. Eenvoudig staan teenoor saamgesteld.

Ons belydenis sê: Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n enige en eenvoudige geestelike Wese is wat ons God noem (Art. 1).

### *(f) Die Wetenskap van God*

God is 'n Lig. Lig wys op die heiligheid, maar ook op die kennis van God. En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie (1 Johannes 1:5). God ken Homself volkome en niks is in die Goddelike Wese onbewus nie.

By ons ryp die bewussyn en is daar 'n toename in kennis. Maar niemand ken homself soos God hom ken nie, want in ons hart is daar vir onsself skuilhoeke. Daarom bid ons: "Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes; en kyk

---

[7] ***Deïsme**.* Leer weer dat daar so 'n absolute skeiding tussen God en die skepping is dat die Here niks te doen het met die voortbestaan van die dinge en die verloop van die wêreldgebeure nie.

of daar by my 'n weg is van smart, en lei my op die ewige weg" (Ps. 139:23-24). Baie van wat ons geleer en geken het, het weggesak in ons onderbewussyn. Maar die selfkennis van God is geheel en al volkome en welbewus. Ons het verkreë kennis wat ons kan vergader en vermeerder, maar Gods kennis is nie vir toename vatbaar nie: aan God is al sy werke van ewigheid af bekend en daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie.

Dit het God behaag dat ons Hom kan ken en ook onsself kan leer ken. Maar dan word ons ook vermaan tot versigtigheid in ons gebed en in ons skuldbelydenis: ons kan die Here nooit mislei nie, want Hy weet alles en ons kan niks vir Hom verberg nie. Wanneer ons bekommerd of besorg is, weet Hy wat ons nodig het. Word ons deur mense verkeerd beoordeel, is dit vir Hom nie verborge nie. Petrus sê: "Here U weet alle dinge, U weet dat ek U liefhet."

### *(g) Die Wysheid van God*

Wetenskap is meer teoreties en wysheid is prakties. Kennis verkry ons veral deur studie, wysheid deur intuïsie en insig. Iemand kan baie weet en tog die wellewenheidskuns, die wysheid mis. Wysheid kom van: om te wys, rigting aan te dui. Die Latynse woord vir wysheid *(sapiens)* kom van *sapere* wat beteken: om te proe, te toets, 'n juiste oordeel te gee.

Paulus sê in Romeine 16:27: "Aan die alleen wyse God, aan Hom die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid." In Spreuke word gehandel oor die opperste Wysheid. God gebruik deur sy Wysheid die beste middele om die hoogste doel te bereik: die eer van sy Naam. Hierdie wysheid van God word geopenbaar in al sy werke. Ps. 104:24:"Hoe groot is U werke, o Here, U het hulle almal met wysheid gemaak." Hierdie wysheid sien ons in die skepping, onderhouding en regering van alle dinge en ook in die magtige werk van verlossing. Rom. 11:33-36: "o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit Hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid in ewigheid."

Wat ons doen, slaag nie altyd nie veral as ons dit noukeurig besien. Wat God doen, is altyd suksesvol, veral as ons dit deur 'n mikroskoop bekyk. Dit moet ons daartoe bring om die Naam van die Here te aanbid en te verheerlik, maar ook om diep beskeie te wees. Want God het die dwase van hierdie wêreld *uit*verkies om die wyse te beskaam.

### *(h) Die Waaragtigheid van God*

Ons moet goed onderskei tussen waar en waaragtig. Waar sien op 'n getuienis, 'n verklaring, 'n mededeling. *Waaragtig* kom altyd voort *uit* liefde tot die waarheid en is afkomstig van die Waaragtige. Die duiwel kan wel soms iets sê wat waar is, veral wanneer hy wys op ons sondes en doemwaardigheid, maar nooit kan hy iets sê wat waaragtig is nie omdat hy nooit iets sê uit liefde tot die waarheid nie en sélf die leuenaar is van die begin af.

God is die Waaragtige! Dit is die ewige lewe dat hulle U ken, die enige, waaragtige God en Jesus Christus wat U gestuur het (Joh. 17:3). En in Joh. 5:20 lees ons: "En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die Waaragtige te ken; en ons is in die Waaragtige, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die

waaragtige God en die ewige lewe." Die afgode is nie-god nie (Deut. 32:21).

God is die Waaragtige, ook in sy Woord; wat Hy sê is waaragtig. Die woord waaragtig gebruik ons nie vir ons woorde nie. Sommige mense wat jy nie al te goed kan vertrou nie, sê graag: dit is waaragtig waar. Dit moet ons nie doen nie, want ons ja moet ja wees en ons nee nee, en alles wat meer as dit is, is *uit* die bose.

God is ook die Waaragtige in sy spreke. Hy is geen mens dat Hy sou lieg nie. Hy is ook die Waaragtige in sy denke.

Nou ken ons die woord waaragtig in verskillende betekenisse: waaragtig in teenstelling met *skyn.* God is die Waaragtige God; die afgode is skyngode – hulle is geen gode nie, maar ydelheid. Ons kan ook waaragtig neem in teenstelling met die *leuen.* God is die Waaragtige, die duiwel is die vader van die leuen. Waaragtig staan ook in teenstelling met *dwaling.* Ons verstand is verduister sodat ons ons kan vergis en dwaal – ons voorstelling kan foutief wees. God vergis Hom nooit nie.

Ons moet bid dat God, die Waaragtige, deur sy Gees só in ons hart werk dat ons na sy beeld vernuwe word sodat ons kan wees wat ons voorgee wat ons is; dat ons die waarheid mag spreek en teen die dwaling stry.

### *(i) Die Goedheid van God*

Niemand is goed nie, behalwe God alleen: Hy is die hoogste Goed. Goed, die Volsalige in Homself, die Fontein van alle goeie dinge. Sy goedheid raak nooit uitgeput nie; alle goeie en volmaakte dinge daal neer van die Vader van die ligte af.

God is ook die Handhawer van die goeie. Hy handhaaf Homself teenoor die duiwel en die sonde deur die werk van Christus.

God doen goed; uit hierdie Fontein stroom die water van die lewe.

Sy goedheid openbaar sig in sy Barmhartigheid teenoor ellende om dit te versag en weg te neem. Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en groot van goedertierenheid.

Sy goedheid openbaar sig dus ook as lankmoedigheid. In die woord lankmoedig sit die woord: lank. Dit duur soms baie lank voordat God die sondaars straf – God stel die straf uit, Hy het geen haas nie, want uitstel is hier nooit afstel nie. God stel die straf ook uit om die sondaar die volle verantwoordelikheid te gee langs die weg van verharding. Ook is God lankmoedig omdat Hy geleentheid bied tot bekering. Uitstel van straf bring sommige tot verharding en andere tot bekering. Hy het geen lus in die dood van die sondaar nie, maar dat hy hom bekeer en lewe.

Die goedheid van God openbaar sig in Christus as genade. Genade sien op skuld; genade wys op die verbeurde, onverdiende. Hierdie genade bewys Hy aan sy uitverkorenes – genade in Christus, want voordat Hy die sonde ongestraf laat bly, het Hy dit gestraf in sy eie Seun. Dié guns het God aan sy volk bewys sodat hulle Hom sou vrees.

### *(j) Die Heiligheid van God*

Ons kan in die eerste plek spreek oor die heiligheid van God in *negatiewe* sin. Christus is 'n heilige Hoëpriester, *afgeskeie* van die sondaars. In Habakuk 1:13 staan: "U wat te rein is van oë om die kwaad aan te sien en die onreg nie kan aanskou nie." God is ver van goddeloosheid; Hy haat die sonde.

Ons kan ook oor die heiligheid van God spreek in *positiewe* sin. Dit het die serafs verstaan toe hulle uitgeroep het: "Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare, die hele aarde is van sy heerlikheid vol" Moses kom by die brandende braambos met die heiligheid van die Here in aanraking en daarom trek hy die skoene van sy voete. Die heiligheid van God is die *gaafheid* van die Here sodat Hy alles doen wat in ooreenstemming is met sy wil en wet. Wat God doen, is heilig. Heilig is, o God, U weë. Hy openbaar Hom as die Heilige. Daarom moet ons Sy Naam heilig in ons denke, in ons spreke en in ons lewensopenbaring.

### *(k) Die Geregtigheid van God*

Ons mag nooit die een deug van God losmaak van die ander nie. Sommige mense het hulle mond vol oor die liefde van God, en wil van die geregtigheid van God niks weet nie. En dit is nou die geval in 'n tyd waarin elkeen sy eie reg wil verdedig, sonder om ook rekening te hou met sy plig en roeping. So het mense ook 'n teenstelling gesien tussen die Ou en Nuwe Testament. Eersgenoemde is dan vol van die wrekende geregtigheid, laasgenoemde van die liefde. Maar hierdie teenstelling bestaan nie. Wie die Skrif ken, weet beter, naamlik, dat die geregtigheid en die liefde van God één is. Trouens, die teenoorgestelde van geregtigheid is nie liefde nie, maar ongeregtigheid, onreg. En die teenoorgestelde van liefde is nie geregtigheid nie, maar haat.

Om geregtigheid te beoefen, beteken dat elkeen sy plig doen volgens vasgestelde norme. In die handhawing van die reg, is ons geluk geleë.

Ons dink aan die wrekende geregtigheid van God wanneer Hy die sonde en die sondaars straf. En ons dink aan die belonende geregtigheid van God wanneer Hy die syne in Christus seën en die goeie werke uit genade beloon. Daarom bid ons: "As U, o Heer, die sonde na reg wou gadeslaan, wie sou een enk’le stonde voor U, o Heer, bestaan. Maar nee, daar is vergewing altyd by U gewees; daarom word U met bewing reg kinderlik gevrees." Ons is God se gramskap dubbel waardig, maar Christus het vir ons die vloek gedra aan die kruishout. Daarom word Sion deur *reg* verlos en kan ons sê: "ek het aan andere *al die regte* van U mond met lus vertel, hul vlytig onderrig."

### *(l) Die Wil van God*

Ons moet onderskeid maak tussen die *verborge* en die *geopenbaarde* wil van God; of tussen die *besluitende* en *bevelende* wil. Die verborge wil van God dui op wat H*y* doen en sal doen. Die geopenbaarde wil van God dui op wat *ons* moet doen en wat God van ons eis.

**Die verborge wil van God.**

In Ps. 115:3 lees ons: "Terwyl onse God tog in die hemel is; Hy doen alles wat Hom behaag." En in Daniël 4:17 staan: "Op 'n besluit van die bodes berus die bevel, en 'n woord van die heiliges is die saak, met die bedoeling dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige onder die mense daaroor aanstel."

God is die Pottebakker wat met die klei maak wat Hom behaag. Hy verkies wie Hy wil en verhard wie Hy wil. Maar hierdie wil is geen willekeur nie; die mens behou sy volle verantwoordelikheid. Nooit kan die skepsel teen sy Maker sê: waarom het U my so gemaak nie? "Wie is jy, o mens, wat teen God antwoord?" Niemand kan sê: as God so besluit het, kan ek daar niks aan doen nie – immers, die besluitende wil van

God is vir ons verborge. Jesaja 10: 15: "Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek?" Gods verborge wil gaan oor alle dinge – daar is geen toeval nie en daar is geen noodlot nie.

***Die geopenbaarde wil van God.*** Die verborge dinge is vir die Here onse God, die geopenbaarde vir ons en ons kinders. "Want nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is" (Matt. 7:21). "Want elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is, dié is my broer en my suster en moeder" (Matt. 12:50). En Paulus sê: "Word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is" (Rom. 12:2).

God het aan ons norme (beginsels) gegee waarvolgens ons moet lewe. Daarom leer 'n kind van die Here om te bid: "Here, wat wil U hê dat ek moet doen." En ons Here Jesus het vir ons geleer om te bid: "Laat U wil geskied, ook in die hemel soos ook op die aarde." Ons moet ons amp en beroep so getrou verrig as wat die engele in die hemel dit doen.

Ons onderskei dus tussen die verborge en geopenbaarde wil van God, maar kan hulle nooit skei nie, omdat hulle één is. Soms skyn dit asof hulle beide met mekaar in stryd is, maar dan is dit ook maar net skynbaar. Abraham moet sy seun Isak offer – so lui die geopenbaarde wil van die Here, die bevelende wil. Straks blyk dit egter dat die verborge wil van God was dat hy nie geoffer moes word nie. Die eenheid van beide is hierin geleë dat Abraham langs die weg van geloofsbeproewing moes toon dat sy geloof eg was. Wanneer in 'n solder twee gate is waardeur 'n tou na benede kom wat daarbo iewers oor 'n katrol loop, dan lyk dit asof dit twee toue is, maar in werklikheid is dit een tou. Dit is ook die geval met die verborge en geopenbaarde wil van die Here; dit skyn asof dit twee wille is, maar Daarbo is hulle verenig. Nou kom die perfeksionis en trek aan die tou van die geopenbaarde wil – hy wil dit self doen en loop dan met daardie tou weg. Die mistikus weer hou net aan die verborge wil vas en wil dan self niks doen nie, maar in lydelikheid stilsit. Die kind van God neem egter beide toue in sy hande en doen wat die Skrif sê: "Werk julle eie heil uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Filippense 2:12).

Nooit mag ons met 'n beroep op Gods verborge wil ons onttrek aan die eise van sy geopenbaarde wil nie. Daar is sulke mense wat 'n deur God verbode pad wil bewandel en dan redeneer: wie weet waarvoor dit nog goed kan wees. So word die huwelik van 'n gelowige met 'n ongelowige dikwels goedgepraat. En dit is ongehoorsaamheid.

Ons kan die verborge wil van God nooit te wete kom nie. Ons moet sy bevélende wil gehoorsaam en berus in Gods verborge wil.

### *(m) Die Almag van God*

God is die Almagtige, Hy kan doen alles wat Hom behaag. Hy kan alle dinge doen wat nie met sy Wese in stryd is nie. Hy kan Homself nie verloën en Hy kan nie lieg nie. Hy kan nie ontrou wees nie. En dit is geen beperking van sy almag nie, maar juis 'n openbaring daarvan.

Die N*ominalis*[8] meen dat God alles kan doen, ook wat met sy Wese in stryd is. Maar dan word die almag van God loutere willekeur. Nee, Hy kan wat Hy wil, maar Hy wil nie wat verkeerd is nie. God kan die sonde nie ongestraf laat nie, omdat Hy as die Heilige die sonde haat. Daarom het Hy eerder as om die sonde ongestraf te laat bly, dit aan sy eie Seun gestraf.

Nou moet ons ook nie dink dat God die Almagtige is en dat die duiwel en die vyande van God ook baie krag besit nie. Hulle het hulle krag van God ontvang; sonder sy wil kan hulle hul nie roer of beweeg nie. In die Onse Vader staan: aan U behoort die *krag.* Dus: alle krag behoort aan God, ook die krag wat die skepsele het – Hy onderhou hulle deur sy almagtige en alomteenwoordige krag. Hierdie wete is tot ons bemoediging, want ons weet dat die oorwinning aan ons behoort deur Christus – ons is tot alle dinge instaat deur Hom wat ons krag gee. Hy gee aan die vermoeides krag en vermenigvuldig sterkte vir die wat geen krag het nie. Hoe minder krag onsself het, des te meer krag kry ons deur die geloof. Paulus roem in sy swakhede, want as hy swak is, dan is hy sterk. Daarom sê Jesaja: "Die wat op die Here wag kry nuwe krag. Hulle vaar op met vlerke soos die arende, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie". (Jes. 40:31). Skynbaar word die krag minder en tog is hier 'n klimaks: vlieg, hardloop, wandel. Is dit agteruitgang? Nee, eers *vlieg* die mens, dit wil sê: hy verhef hom in hoër sfere bokant die dinge van die wêreld. Maar dan *loop* ons met onse God deur 'n bende. En eindelik gaan ons *wandel.* Henog het met God gewandel.

Gods regterhand is hoog verhewe; sy sterke regterhand laat deur sy dade die wêreld bewe en hou deur sy krag Gods volk in stand.

Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry *om te verkondig die deugde* van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Petrus 2:9).

[8] ***Nominalisme.*** Leer dat die algemene begrippe waarmee ons die dinge om ons heen aandui, geen werklike bestaan buite die menslike gees het nie en geen kenwaarde besit nie, maar slegs name is waaronder die ooreenkomstige dinge in die werklikheid gegroepeer word.

# III DIE DRIE-EENHEID VAN GOD

## A. WAT SÊ DIE SKRIF?

Die Heilige Skrif leer vir ons dat die enige waaragtige God die Drie-enige God is, een goddelike Wese en drie Persone.

Wanneer ons nou die bewysplekke uit die Heilige Skrif noem, moet ons let op die onderskeid tussen die Ou en Nuwe Testament en tewens op die juiste verhouding waarin hulle tot mekaar staan. Hier dreig immers twee gevare: ten eerste dat ons sal meen dat die gelowiges uit die ou Verbond dieselfde kennis gehad het as die gelowiges van die nuwe Verbond; ten tweede dat ons die Ou Testament as minderwaardig sal bestempel. In 'n blombol is die blom reeds aanwesig; die blare en die kleure is reeds daar aanwesig, sy dit dan verborge. Die blom groei later daaruit en word nie aangeplak nie; so kom wat verborge was tot openbaring. So is die Nuwe Testament in die Oue verborge en word die Ou Testament in die Nuwe openbaar. Daar is dus 'n voortgaande openbaring reeds in die Ou Testament en straks ook in die Nuwe. Dit moet ons veral onthou wanneer ons spreek van die bewyse uit die Heilige Skrif vir die Drie-eenheid. In die Ou Testament het God Hom geopenbaar as die Drie-enige God, maar in die Nuwe Testament kom dit nog duideliker uit ,en gaan die volle lig op oor die Ou Testament.

Opmerklik is dat die Ou Testament die nadruk so sterk laat val op die eenheid, die enigheid van God, op die één Goddelike Wese. Israel het te midde van die heidene geleef wat baie gode gehad het sodat die volk voortdurend moes stry teen die sonde van die politeïsme, die veelgodedom. Daarom sê die Heilige Gees in Deut. 6:4:"Hoor, Israel, die Here u God is 'n enige Here."

Maar in die Ou Testament word ook die drie Persone naas mekaar genoem. In Gen. 1:26-27 staan: "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis. En God het die mens geskape na sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskape, man en vrou het Hy hulle geskape." Hier word die meervoud *Ons* en daarna die enkelvoud Sy gebruik. Die meervoud sien op die drie Persone en die enkelvoud op die één Wese van God. Dié meervoud kan nie 'n majesteits-meervoud wees soos 'n koning soms gebruik nie – die majesteitsmeervoud is 'n uitvinding van 'n baie later tyd soos wat daaruit blyk dat byvoorbeeld, Nebukadnesar sê: *"Ek,* koning Nebukadnesar." Indien God die majesteitsmeervoud wou gebruik het**,** sou Hy dit seker ook op ander plekke gebruik het, soos byvoorbeeld by die wetgewing op Sinaï, en daar sê Hy: *"Ek,* die Here jou God wat jou uit die slawehuis uitgelei het." Die bewys dat ons hier moet dink aan die Drie-eenheid van God, vind ons in Gen. 3:22:"Nou het die mens geword soos een van *Ons."* Ook word in Genesis 1 reeds gespreek oor die *Skepper* (God), die *Woord* (die spreke van God) en die *Heilige Gees* wat op die water sweef.

Dan dink ons aan die Ou Testamentiese seën wat die Hoëpriester aan die volk moes gee: "Die Here seën u en *behoed* u. Die Here laat sy aangesig oor u skyn en wees u *genadig.* Die Here verhef sy aangesig oor u en gee u *vrede."* Driemaal word die Naam Here gebruik: *behoed* sien op die werk van die Vader; *genadig* sien op die verlossingswerk van die Seun; *vrede* word in die hart gewerk deur die Heilige Gees.

In Ps. 33:6 lees ons: "Deur die *Woord* van die *Here* is die hemele gemaak en deur die *Gees* van sy mond hul hele leër." In Jesaja 61:1 staan: "die Gees van die Here is op My, omdat die Here my gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges." Met hierdie teks uit Jesaja het die Here Jesus Hom in die sinagoge van Nasareth as die Messias voorgestel. In Jesaja 63:9, 10 lees ons: "in al hulle benoudheid was Hy benoud en die *Engel* van sy aangesig het hulle verlos, maar hulle

was wederstrewig en het sy *Heilige Gees* bedroef."

In die Ou Testament word ook die onderskeie Persone genoem. Die Vader het die Seun gesalf oor Sion, die berg van sy heiligheid. Daarom het U, o God, U Seun gesalf met vreugdeolie bo U metgeselle. Die Here sê: U is My Seun, vandag het Ek U gegenereer. Die Seun tree op as die Engel van die Here wat eers aan Hagar verskyn het en daarna aan Abraham, Jakob, Moses en Josua. Die Seun word genoem die Wysheid van ewigheid af. Die Heilige Gees sweef op die waters, het die profete geïnspireer en Dawid bekwaam ens.

In die Nuwe Testament word nog duideliker aan ons geopenbaar dat God die Drie-enige God is. Hierdie openbaring groepeer sig veral rondom die werk van Christus: die verlossingswerk is die werk van die Drie-enige God. Die Vader het sy Seun gestuur in die wêreld; die Seun het Homself gegee tot 'n rantsoen vir vele; die Heilige Gees bring die uitverkorenes tot die Seun en die Vader.

By al die hoofmomente van Christus se werk op aarde sien ons dat God die Drie-enige is.

***Voor sy geboorte*** sê die engel Gabriël aan Maria: "die H*eilige Gees* sal oor jou kom en die krag van die *Allerhoogste* sal jou oorskadu daarom sal die Heilige wat uit jou gebore word, die *Seun van God* genoem word." Deur die engel word dus gespreek oor die Allerhoogste, die Vader, oor Gods Seun en oor die Heilige Gees. Die drie Persone word by die geboorte genoem.

***By sy Doop.*** Wanneer Christus met sy optrede wil begin, gaan Hy eers na Johannes die Doper om gedoop te word. Johannes weier om dit te doen en sê: ek het nodig om deur U gedoop te word. Johannes let alleen op die persoonlike aspek van die saak, maar Christus wys op die amptelike: laat dit nou toe want so pas dit ons om alle geregtigheid te vervul.

Ook hier openbaar God Hom as die Drie-enige: die Seun word gedoop; die Vader sê: dit is My geliefde Seun; die Heilige Gees daal neer in die gedaante van 'n duif.

***Voor sy Dood.*** Wanneer die Here Jesus oor sy dood spreek, gee Hy tegelyk ook ryke troos aan sy dissipels deur te wys op die Heilige Gees wat sou kom. Hy sê: *Ek* sal die *Vader* bid en Hy sal julle 'n ander *Trooster* gee om by julle te bly tot in ewigheid – die Gees van die waarheid (Joh. 14:16-17).

Die Seun bid tot die Vader wat die Heilige Gees sal stuur.

**By Jesus se Hemelvaart**. Na die opstanding het Christus nog 40 dae op aarde gebly om sy amptelike arbeid hier te voltooi. Die dissipels moes nog promoveer tot apostels. En dan gee Hy die bevel: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:19-20).

Hierdie uitspraak is van groot betekenis omdat dit duidelik uitspreek dat daar één Goddelike Wese is en Drie Persone. Christus gebruik hier eenmaal die N*aam:* Hy sê nie: doop hulle in die Naam van die Vader en in die Naam van die Seun en in die Naam van die Heilige Gees nie, maar wel: doop hulle in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. Hy gebruik dus eenmaal die Naam. Daar is één Goddelike Wese en drie Persone.

Ook in die briewe word die Drie-eenheid aan ons geopenbaar: Paulus skryf in 1 Kor. 12:4–6: "Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde God; en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here; en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles en in almal werk."

Die gawes word deur die Gees gegee; die bedieninge of ampte deur Christus en die werkinge of kragte kom van die Vader.

In 2 Kor. 13:13 lees ons die Nuwe-Testamentiese seën: "die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sy met julle almal."

Die apostel Petrus skryf in sy eerste brief aan die uitverkorenes volgens die voorkennis van God die *Vader,* in die heiligmaking van die *Gees,* tot gehoorsaamheid en besprenkeling met die bloed van *Jesus Christus.*

En in 1 Johannes 5:7 lees ons: "Want daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een."

Ons dink ook aan die seën uit die Openbaring van Johannes: "Genade vir julle en vrede van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste wat voor sy troon is, en van Jesus Christus, die getroue Getuie, die Eersgeborene uit die dode en die Owerste oor die konings van die aarde" (Openb. 1:4-5).

## B. WAT DIE KERK BELY

Die Kerk van die Here spreek in sy belydenisse baie uitvoerig oor die Drie-enige God, omdat ons die enige waaragtige God reg moet ken. Dit gaan nie om die kennis van 'n "godsbegrip", om 'n denkbeeld van God nie, maar om die kennis van die ware God.

Die *algemene belydenisskrifte* van die Christelike Kerk bely hierdie waarheid op duidelike wyse.

In ons *Apostoliese Geloofsbelydenis,* die twaalf artikels, staan: Ek glo in God die Vader. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun. Ek glo in die Heilige Gees.

Die Christelike Kerk sê in die belydenis van *Nicea*[1]: Ek glo in een God, die Almagtige Vader en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, gebore uit die Vader voor alle eeue; lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God, van dieselfde wese met die Vader. En in die Heilige Gees, wat van die Vader en die Seun uitgaan, wat saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word.

Die Geloofsbelydenis van *Athanasius*[2] laat 'n baie besliste geluid hoor: vir elkeen wat wil salig word, is voor alle dinge nodig, dat hy die algemene geloof moet hou; en elkeen wat dit nie geheel en al en ongeskonde bewaar nie, sal sonder twyfel ewiglik verlore gaan. Die algemene geloof dan is dit: dat ons die enige God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer. Die Vader is God. Die Seun is God. Die Heilige Gees is God. Nogtans is dit nie drie gode nie, maar dit is een God.

Die algemene Christelike Kerk spreek dus uit dat wie salig wil word, moet glo in die Drie-enige God. Wie dit nie doen nie, gaan vir ewig verlore. Ook is dit opmerklik dat

---

[1] ***Die Geloofsbelydenis van Nicea*** is op die sinode van Nicea in 325 n.C. aanvaar. Daarin word teenoor die dwalinge van Arius die Bybelse waarheid van die Godheid van die Here Jesus duidelik uitgespreek. Hierdie geloofsbelydenis word soms in gereformeerde kerke i.p.v. die Twaalf Artikels gelees.

[2] ***Geloofsbelydenis van Athanasius****.* Athanasius was een van die godgeleerdes wat teenwoordig was by die sinode van Nicea. Hy was die groot kampvegter in die vroeë Christelike Kerk vir die suiwer Bybelse leer i.v.m. die Godheid van Christus en die Drie-eenheid van God. Die belydenis wat sy naam dra, is waarskynlik deur hom opgestel en ‘n bewys dat hy in sy stryd vir die suiwer waarheid geseëvier het.

die saak in hierdie belydenisskrifte reeds so gesê en bely word dat die Kerk later nie veel meer gedoen het as om hierdie algemene belydenisskrifte nader toe te lig nie.

Daarom bou ons drie Formuliere hierop voort. Dit word ook uitdruklik gesê in art. 9, Nederlandse *Geloofsbelydenis:* Om dié rede neem ons in hierdie saak geredelik die drie geloofs-belydenisse aan, naamlik, van die Apostels, van Nicea en van Athanasius. Dan word in die Ned. Geloofsbelydenis in art. 8–11 oor die Drie-eenheid gehandel. Eers dat God een in Wese is en nogtans in drie Persone onderskeie; dan word die bewys uit die Heilige Skrif gelewer; verder word die Godheid van Christus en ook die Godheid van die Heilige Gees bely.

In Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus word die Vader, die Seun en die Heilige Gees genoem. In Sondag 7–22 word breedvoerig oor die Drie-eenheid gehandel wanneer gespreek word oor God, die Vader, en ons skepping, God, die Seun, en ons verlossing, God, die Heilige Gees en ons heiligmaking.

Die *Dordtse Leerreëls*[3] sê dat die eniggebore Seun van God van een selfde ewige en oneindige Wese is met die Vader en die Heilige Gees (II, 4). Aan hierdie enige God, Vader, Seun en Heilige Gees kom eer en heerlikheid toe in ewigheid (V, 15).

## C. DIE STRYD TEEN DIE LEER VAN DIE DRIE-EENHEID VAN GOD

Hierdie leer het in die loop van die eeue baie bestryding ondervind. Baie dwalinge en ketterye begin juis hier. En dan moet ons nog uiters versigtig wees en ons nie deur die skyn laat mislei nie, omdat die name Vader, Seun en Heilige Gees wel gebruik word.

Daar was baie bestryders, maar hoe hulle ookal verskil, ons kan twee hoofrigtinge onderskei: die een rigting wil die drie Persone handhaaf ten koste van die eenheid; die ander rigting wil die Eenheid handhaaf ten koste van die drie Persone.

### 1. Hulle wat die drie Persone wil handhaaf ten koste van die eenheid

Arius[4] het geleer dat alleen die Vader die ongeborene is; die Seun is die eerste Skepsel wat deur die Vader, geskape is voor Adam. Hy het ontstaan voor die wêreld, maar bestaan nie van ewigheid af nie – later het die Vader Hom tot die "Godheid" verhef. Die Seun is dus meer as die skepsele, as die engele en mense, maar Hy is minder as die Vader. Hy staan tussen God en mens in.

Nou spreek dit vanself dat daar in hierdie denkrigting baie variasies moontlik is: 'n Mens kan die Seun baie naby die Vader of baie naby die mens plaas. Wanneer 'n mens die Seun naby die Vader plaas, loop jy 'n kans om tenminste nog "ortodoks" genoem te word deur dié mense wat dit mooi vind. Maar dit is ook nie reg nie. Athanasius het gesê dat dit onmoontlik is om dan salig te word. Wanneer 'n mens weer die Seun dig by die mens plaas, kom jy tereg in die modernistiese kamp.

Nou kan ons ook verstaan hoe groot die betekenis van die stryd was tussen die H*omo-ousiane* teen die H*omoi-ousiane.* Eersgenoemde staan op die grondslag van Gods Woord en van die belydenis van die Kerk – hulle sê dat die Seun gelyk (homos) is aan die Vader. Vandaar die naam Homo-ousiane. Die homoi-ousiane leer, naastenby soos Arius, dat die Seun nie gelyk is aan die Vader nie, maar lyk soos (homoios) die Vader. Vandaar die naam homoi-ousiane.

---

[3] **Dordtse Leerreëls**. Sien hfst. I, aant. 7.

[4] ***Arius.***'*n* Dwaalleraar uit die vierde eeu n.C. wat die Godheid van Christus geloën het.

Dit is duidelik dat wanneer 'n mens hierdie beskouing toegedaan is, jy miskien 'n bietjie verder as 'n ander kan gaan, maar dat daar geen werklike keer is op die verkeerde pad nie. Tussen die verskillende opvattinge in hierdie rigting is daar wel 'n graadverskil, maar geen wesensverskil nie. Selfs die gebruik van die Naam van die Drie-eenheid by die doop bied geen waarborg dat saam met die Christelike Kerk, die Drie-eenheid van God bely word nie. 'n Mens kan die name Vader, Seun en Heilige Gees wel gebruik sonder om in die Drie-eenheid te glo. By die Remonstrantse Broederskap word byvoorbeeld die trinitariese doopsformule vry algemeen gebruik, terwyl hulle twyfel aan die leer van die Drie-eenheid.

En dit gebeur terwyl die belydenis van die Drie-eenheid vir die Christelike Kerk fundamenteel is. So kan dit dus gebeur dat in 'n Kerk waarin leervryheid is, iemand gedoop word met die bekende formule, terwyl in daardie Kerk die leer van die Drie-eenheid van God geloën word. Indien ons dus die doop as wettig wil erken, moet dit nie net met die trinitariese formule bedien word nie, maar moet daardie kerk die Drie-eenheid van God ook inderdaad bely.

## 2. Hulle wat die eenheid wil handhaaf ten koste van die drie Persone

*Sabellius*[5] het geleer dat Vader, Seun en Heilige Gees verskillende name is vir een en dieselfde Persoon, wat Hom in verskillende tye en op verskillende maniere geopenbaar het. So sou God Hom dan eers by die skepping geopenbaar het as Vader; daarna het Hy Hom as Seun geopenbaar by die verlossing; eindelik het Hy Hom in die heiligmaking geopenbaar as die Heilige Gees. Hierdie beskouing laat nie reg geskied aan die Bybelse leer van drie Persone nie. Ons wil dit met 'n paar voorbeelde toelig: Dawid is *koning* van die volk Israel, *man* van Bathseba en vader van Israel; tog is dit een en dieselfde persoon. Die son is 'n hemelliggaam, 'n ligbron en 'n warmtebron, maar dit is een en dieselfde son. Net so leer die Sabellianisme dat God een en dieselfde Persoon is wat Hom nou as Vader, dan as Seun en dan as Heilige Gees openbaar.

Hierdie dwaling het baie kwaad gedoen. Vra aan 'n Sabellianis: is die Seun waaragtig God?, dan sal hy daarop van harte "ja" antwoord en is party mense heeltemal tevrede. Maar hulle vergeet dan dat ons hier te doen het met 'n bestryder van die leer van die Drie-eenheid – hulle laat hulle mislei deur woorde. Ons moet die vraag aldus stel: is Christus die tweede Persoon van die Goddelike Wese, self waaragtig en ewig God – dan sal die eerlike Sabellianis "nee" antwoord.

Op hierdie standpunt kan 'n mens feitlik sê dat die Vader, draende die Naam Seun, op Golgotha gely het. (Die sg. Patripassianisme). Daarom moet ons baie versigtig wees wanneer iemand die name Vader, Seun en Heilige Gees gebruik en daarmee die *ontologiese* Drie-eenheid loën dat God in Homself, in sy Wese, die Drie-enige God is en in die plek daarvan stel 'n openbarings drie-eenheid.

Die opvatting van dr. *Karl Barth* is moeilik om weer te gee. *Hy* wil nie spreek oor drie Persone nie, maar oor drie "Synswyses". *Hy* sê ook dat God Homself telkens in 'n ander gestalte openbaar. *Hy* is nou die Een en dan weer die Ander. In 'n debat in Genève het Barth gesê: My teologie sou Sabelliaans genoem kon word. In elk geval gebruik hy, by die leer van die Drie-eenheid, telkens uitdrukkinge wat in die rigting van die Sabellianisme wys.

Ons mag nie die drie Persone handhaaf ten koste van die Eenheid en ook nie die Eenheid handhaaf ten koste van die drie Persone nie. Daarteenoor hou ons ons aan

[5] ***Sabellius**.* Hy het in die derde eeu n.C. die waarheid van die Drie-eenheid geloën deur te sê dat Vader, Seun en Heilige Gees maar net verskillende name is vir een Goddelike persoon wat Hom in verskillende tye op verskillende maniere geopenbaar het.

die Woord van God en aan die belydenisskrifte van die Kerk van die Here, wat gegrond is op die Heilige Skrif.

## D. EEN GODDELIKE WESE EN DRIE PERSONE

Ons gaan by die bespreking van die Drie-eenheid van God uit van die eenheid van die Goddelike Wese. Ons glo almal met die hart en bely met die mond dat daar 'n *enige,* eenvoudige geestelike Wese is wat ons God noem (Art. 1 N.G.B.).

Baie, ook die Remonstrante, is van oordeel, dat ons by God nie van 'n "Wese" mag spreek nie. Dit is egter strydig met die Skrif.

Die Wese van God is ewig en enig; daarom gebruik Christus by die doopsbevel eenmaal die Naam wat uitdrukking is van die Wese van God. Hierdie eenheid sluit die verskeidenheid nie uit nie, maar kom tot volle openbaring in die drie Persone. In God is die volheid van lewe, sodat daar by Hom nie die *eenpersoonlikheid* is nie, maar die *driepersoonlikheid*. Die één Goddelike Wese ontplooi sy volheid in die drie Persone wat een is. Wel is die drie Persone onderskeie: Vader, Seun en Heilige Gees. Die Vader is in bestaansorde die eerste. Die Seun is van ewigheid gegenereer deur die Vader en gaan uit van die Vader. Die Heilige Gees gaan van ewigheid uit van die Vader en van die Seun. Die Skepping is die werk van die Drie-enige God, maar die Vader is die Hoofpersoon. Die verlossing is ook die werk van die Drie-enige God, maar die Seun is die Hoofpersoon. Die heiligmaking is die werk van die Drie-enige God, maar die Heilige Gees is die Hoofpersoon.

### 1. God die Vader

By God is die oorspronklike Vaderskap; uit Hom is alle geslagte. Hy is die ewige Vader van ons Here Jesus Christus, deur ewige generasie. Lig uit Lig; God uit God. "U is My Seun, vandag het Ek U gegenereer." God is ook die Vader van die skepping. Nou sien ons tewens dat God ons nie nodig het nie en die skepping ook nie nodig gehad het nie. Hy is as die Drie-enige God die Volsalige in Homself. Ons mag nie sê dat Hy so oorvol was dat die skepping uit Hom geëmaneer (voortgekom) het nie; ook mag ons nie sê dat Hy so eensaam was dat Hy die skepping as voorwerp van liefde nodig gehad het nie.

God het geskape omdat hy dit gewil het; Hy is die Vader van die skepping en daarom word Adam genoem die seun van God.

God is ook die Vader van die gelowiges. Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde. Die Vader van ons Here Jesus Christus, wat die Seun van ewigheid af gegenereer het en alle dinge voortgebring het deur die Woord van sy krag, is, om sy Seun Christus ontwille, my God en my Vader. Uit genade word ons tot kinders van God aangeneem en die Heilige Gees leer ons roep: Abba Vader.

Die moderniste leer dat God Vader is van alle mense, maar alleen deur die voldoening van Christus ontvang ons weer die reg om kinders van God genoem te word. Nou mag ons weet dat alles uit sy troue Vaderhand ons toekom en ook dat alle dinge meewerk ten goede vir die wat na sy voorneme geroep is.

"Geen Vader wat, deur smartgevoel bewoë, sy kind aanskou met teerder mededoë as Israels Heer dié wat Hom eer en vrees" (Ps. 103).

## 2. God die Seun

Die Heilige Skrif leer baie duidelik dat die Seun waaragtige en ewige God is. Jesaja noem Hom: Sterke God (Jes. 9:6). Johannes sê: in die begin was die Woord en die Woord was by God en die Woord was God. Alle dinge is deur Hom gemaak en sonder Hom is geen ding gemaak wat gemaak is nie. Die Woord het vlees geword en het onder ons kom woon en ons het sy heerlikheid aanskou, die heerlikheid van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid (Johannes 1).

Self sê Christus: voor Abraham was, was Ek. Hy bid om die heerlikheid te mag ontvang, wat Hy by die Vader gehad het voor die grondlegging van die wêreld. Wanneer Hy heengaan na die hemel, gee Hy aan ons 'n heerlike belofte as Hy sê: kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.

Die Vader self het Hom sy Seun genoem. Wanneer die Here Jesus deur Johannes gedoop is, daal die Heilige Gees op hom neer en sê die Vader: "Dit is My geliefde Seun, in Wie Ek 'n welbehae het."

Wanneer Moses en Elia by die verheerliking op die berg gespreek het oor die uitgang wat Jesus in Jerusalem moet volbring, sê die Vader: "dit is My geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom." Christus het deur sy onderwys en deur die werking van die Heilige Gees sy dissipels gebring tot die belydenis dat Hy die Seun van God is. Wanneer Hy in die streke by Cesarea Filippi is, vra Hy: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die Mens, is? Dan gee die dissipels die antwoord en stel Jesus aan hulle die persoonlike vraag: en julle, wie sê julle dat Ek is? Petrus antwoord dan ook namens die ander: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Nie vlees en bloed nie, maar die Vader het dit aan hulle geopenbaar. Thomas sê ná die opstanding: My Here en My God.

Ook die duiwel het goed geweet dat Jesus die Seun van God is. Daarom begin hy die versoeking in die woestyn: Indien U die Seun van God is. Satan twyfel nie daaraan nie, maar gaan uit van die feit dat Christus die Seun van God is. Christus het self ook voor die Sanhedrin onder eed betuig dat Hy die Christus is, die Seun van God. Daarom word Hy as godslasteraar veroordeel.

Nou kan ons verstaan waarom ons Belydenis, wat gegrond is op die Skrif, sê: Ons glo dat die Here Jesus Christus na sy goddelike natuur die eniggebore Seun van God is, van ewigheid af gebore; nie gemaak en nie geskape nie, maar eenswesens met die Vader, die afdruksel van die wese van die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid, aan Hom in alles gelyk.

En as die Kategismus die vraag stel: Waarom word Hy die eniggebore Seun van God genoem as óns tog ook kinders van God is?, dan lui die antwoord: Omdat Christus alleen die ewige, natuurlike Seun van God is, terwyl ons, om sy ontwil, uit genade tot kinders van God aangeneem is. En dieselfde Kategismus sê: Dat die ewige Seun van God, wat waaragtig en ewig God is en bly, die ware menslike natuur aangeneem het. Daarom kan ons ook sê: My Redder is my God.

## 3. God die Heilige Gees

Ook die Heilige Gees, die derde Persoon van die Goddelike Wese, is waaragtig en ewig God. Hy is nie maar 'n *krag* van God nie, maar 'n Persoon. Daarom word Hy genoem die Trooster, die Voorspraak. Hy ondersoek en deel uit. Wanneer Ananias en Safira vir die Heilige Gees lieg, sê Petrus dat hulle nie vir mense nie, maar vir God gelieg het.

Ook ons belydenis sê dieselfde: Ons glo en bely ook dat die Heilige Gees van

ewigheid af van die Vader en die Seun uitgaan: dat Hy nie gemaak of geskape of gebore is nie, maar alleen van albei uitgaan; dat Hy in orde die derde Persoon is van die Drie-vuldigheid, van een en dieselfde wese, majesteit en heerlikheid as die Vader en die Seun; ja, Hy is waaragtig en ewig God, soos die Heilige Skrifte ons leer (Art. 11, Ned. Geloofsbelydenis).

En op die vraag: wat glo jy van die Heilige Gees, word in die Kategismus dié antwoord gegee: Ten eerste, dat Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God is. Ten tweede dat Hy ook aan my gegee is om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly (Sondag 20).

In die Kerk het daar stryd ontstaan oor die vraag of die Heilige Gees uitgaan van die Vader en die Seun, of alleen van die Vader. Hierdie stryd is een van die oorsake waarom die Oosterse en die Westerse Kerk van mekaar geskei het in 1054. Die Sinode van Toledo het in 589 uitgespreek dat die Heilige Gees uitgaan van die Vader én die Seun (Filioque). Die Oosterse Kerk het sig hierteen verset en wil hoogstens sê dat die Heilige Gees uitgaan van die Vader *deur* die Seun.

Alle pogings om tot eenheid te kom, het gefaal en so het uiteindelik die skeuring tot stand gekom. Hierdie stryd is nie maar 'n stryd om een woord nie; hier sit 'n beginsel agter. Ons vind by die Oosterse Kerk nog 'n oorblyfsel van die dwaling dat die Seun ondergeskik is aan die Vader. Deur te stry teen die filioque (dat die Gees uit die Vader en die Seun uitgaan) word die band tussen die Heilige Gees en Christus losgemaak.

Die gevolg is dat daar in die kerk 'n verstarring plaasgevind het; in plaas van te put uit die volheid en rykdom van Christus, het hulle op een plek bly staan. Daar word dan 'n strenge skeiding gemaak tussen leer en lewe, verstand en wil. Hier raak die uiterstes mekaar en daardeur kom 'n mens tot ortodoksisme, maar ook tot mistisisme. Die werk van die Heilige Gees word immers losgemaak van die Seun. Nou ja, in mistisistiese kringe word baie meer oor die werk van die Heilige Gees gespreek as oor die borgtogtelike werk van Christus. Die mistikus spreek liewer oor sy eie ervaringe as oor die genade in Christus. Volgens hom besoek die Heilige Gees elke gelowige apart – elkeen is in 'n sel van ellende opgesluit en die Heilige Gees kom dáár na hom toe. Hy kom nie in die gemeenskap van die heiliges nie, maar los van die liggaam van Christus, los van die Woord van die Here.

Die Oosterse Kerk moet vir ons tot 'n waarskuwende voorbeeld wees: ons moet die wag hou by die beginsels.

Ons bely dat die Heilige Gees die werk van Christus toepas in ons harte. Die Heilige Gees word genoem die *Gees van Christus* (Rom. 8:9). Paulus sê in Galasiërs: En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader (Gal. 4:6). En in Filippense spreek hy van die ondersteuning van die Gees van Jesus Christus.

So word God verheerlik en sien ons dat ons saligheid die werk is van die Drie-enige God. Wie die werk van die Heilige Gees losmaak van die verlossing deur Christus, raak in allerlei dwaling. Wie die verhoudinge reg sien, stel leer en lewe teenoor mekaar, plaas die heiligmaking nie voor die regverdigmaking nie, maar let op die deur God gestelde orde.

Die Heilige Gees gaan uit van die Vader en die Seun. Filioque.

## E. DIE SONDE TEEN DIE HEILIGE GEES

Die sonde teen die Heilige Gees is 'n baie besondere en word deur die Woord van God genoem.

Die Here Jesus het iemand wat blind en stom was genees. Dit het allerweë aandag getrek; die skare was ontstel en verbaas dat die Here Jesus dit kon doen. Maar die Fariseërs laster Hom en sê: Hy werp die duiwels uit deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels. Maar dan sê die Here Jesus dat dit tog nie kan gebeur nie, want dan sou Satan se ryk teen homself verdeeld wees en nie kan bestaan nie. Christus werp die duiwels uit deur die Gees van God. Daarom het die Fariseërs die Heilige Gees gelaster: wat Hy gedoen het, skryf hulle aan die duiwel toe. Dan sê die Here dat alle sonde en lastering die mens vergewe sal word. En as iemand 'n woord gespreek het teen die Seun van die Mens, sal dit hom vergewe word, maar wie teen die Heilige Gees gespreek het, sal nie vergewe word nie, nog in hierdie eeu, nog in die toekomende.

Hier spreek die Here Jesus dus oor die sonde teen die Heilige Gees wat nie vergewe sal word nie. En in Hebreërs 6:4 – 6 lees ons: "Want dit is onmoontlik om dié wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het – om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak". Die apostel spreek dus oor mense wat eenmaal verlig was en in die algemene verligting deur die Heilige Gees gedeel het. Hoewel hulle nie van die kragte van die toekomstige wêreld geëet het nie, het hulle dit tog gesmaak asook die goeie Woord van God. Hulle het 'n Christelike opvoeding geniet en het ook 'n lus vir hierdie goeie dinge gehad, 'n smaak daarvoor, maar hulle het nie die opregte bekering van die hart geken nie. Hulle het saam geloop en saam gesing, maar hulle geloof was hoogstens 'n tydgeloof. Later het hulle afvallig geword en nou is dit vir hulle onmoontlik om weer tot bekering te kom.

Ook in 1 Joh. 5:16 lees ons oor hierdie sonde: "As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee – vir die wat nie 'n sonde tot die dood doen nie. Daar is 'n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie." Hier word dus op dieselfde sonde gewys.

Die sonde teen die Heilige Gees kan dus deur 'n wêreldling, 'n van huis-uit ongelowige of 'n heiden nie bedryf word nie. Hierdie sonde word alleen bedrywe deur hulle wat eers binne die kring van die verbond geleef het. Seuns of dogters uit 'n Godvresende gesin en wat miskien in hulle jeug baie belang gestel het in die dinge van die koninkryk van God sodat hulle belydenis afgelê, aan die verenigingslewe deelgeneem en ondervind het hoe heerlik dit is om God te dien. Maar later het dinge verander: eers het twyfel gekom, toe wêreldsin en gou het hulle hul in die wêreld meer tuisgevoel as in die kerk. Hulle het 'n hekel gekry aan die vroom "gedoentes" en so het hulle al verder afgewyk totdat hulle vooraan gestaan het in die kringe van die ongeloof en hulle voorgeneem het om nooit weer waarde te heg aan die dwaashede van die geloof waaraan hulle in hul kinderjare geglo het nie.

Hierdie sonde gaan gepaard met verharding. Dit is die kenmerkende van die sonde teen die Heilige Gees dat hulle wat hierdie sonde bedryf het, nooit weer berou kry nie. Nooit meer kom hulle op hul knieë om hulle voor God te verootmoedig nie. Hulle kan nie bekeer word en wil hulle ook nie bekeer nie; hierdie sonde word nooit vergeef nie.

Nou was daar altyd fyngevoelige mense wat hulle onrustig gemaak het uit vrees dat hulle hierdie sonde begaan het. Hulle het al so dikwels beloof dat hulle 'n bepaalde sonde nie weer sal begaan nie, maar telkens val hulle weer daarin. Daarom dink hulle dat hulle die sonde teen die Heilige Gees ook begaan het. Hier is 'n groot misverstand. Wie bevrees is dat hy hierdie sonde bedrywe het, het hulle juis nie aan hierdie sonde skuldig gemaak nie. Ons moet onderskeid maak tussen die bedroef van die Heilige Gees en die sonde teen die Heilige Gees. Wanneer Gods kinders sondig, bedroef hulle die Heilige Gees en bid hulle weer om die vergewing van sonde.

Ons moet stry teen die sonde, veral teen ons boesemsonde. Maar diegene wat hulle skuldig maak aan die sonde teen die Heilige Gees, ken die stryd nie, het geen berou nie, verhard hulleself, vloek en laster God. Hulle het op sy diens vir altyd die rug gedraai en die Seun van God weer gekruisig.

## F. DIE WERK VAN DIE HEILIGE GEES

Ons moet die werk van die Heilige Gees nie beperk, asof Hy alléén werksaam is in die heiligmaking nie. Ook in die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld het Hy 'n belangrike aandeel. By die skepping het die Gees *gesweef* oor die waters. Deur die Woord van die Here is die hemel gemaak en deur die *Gees* van sy mond hulle hele leër. Alle lewe, ook die lewe van die plante, diere en die sterre van die hemel, het ontstaan deur die werking van die Heilige Gees. Hy werk besielend en lewewekkend. "U stuur U Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut" (Ps. 104:30). "Deur sy asem word die hemel helder, Sy hand het die vinnige slang deurboor" (Job 26:13).

Die Heilige Skrif leer ons ook dat die Heilige Gees aan die mense gawes, talente en kragte gegee het. Die Here sê van Besaleël: "Ek het hom vervul met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk om kunstige planne uit te dink, om dit uit te voer in goud en silwer en koper, en deur sy snywerk in stene wat ingelê moet word, en deur houtsnywerk; om werksaam te wees in allerhande werk" (Eks. 31:2-5). Toe Saul tot koning gesalf is, het die Heilige Gees ook vaardig oor hom geword. Saul het dus die Heilige Gees ontvang, nie in die saligmakende sin van die woord nie, maar sodat hy toegerus sou word vir die uitvoering van die taak waartoe hy geroep is. Saul is 'n anti-teokratiese koning: wanneer hy in die stry teen Amalek nie doen wat die Here, DIE KONING, hom gebied het nie, sê Samuel: "omdat jy die woord van die Here verwerp het, het die Here jou verwerp om koning oor Israel te wees" (1 Sam. 15:26). Dan word Dawid in sy plek tot koning gesalf. Die Gees van die Here wyk (amptelik) van Saul en word vaardig oor Dawid.

Die Heilige Gees gee dus aan die mense gawes, talente en insig sodat hulle hul roeping kan vervul. So kan daar ook in die Kerk van die Here manne en vroue wees wat besondere gawes het om te onderrig, te troos en te lei – gawes van die Heilige Gees, terwyl hulle tog nie 'n opregte geloof en die waaragtige bekering van die hart deelagtig is nie. Christus sal aan sommige wat in sy Naam geprofeteer het en duiwels uitgedryf het, sê: "Ek het julle nooit geken nie" (Matt. 7).

Die Heilige Gees het ook deel aan die verlossingswerk en veral aan die heiligmaking. Hy werk die geloof in ons deur die verkondiging van die heilige Evangelie en versterk dit deur die gebruik van die Sakramente. Hy lyf die uitverkore sondaar in Christus in; Hy gee aan ons die volheid en rykdom van ons Here Jesus Christus, genade op genade.

Die Heilige Gees het die Bybelskrywers geïnspireer toe hulle gespreek en geskryf

het. Hy het die gedagtes van God in die bewussyn van dié heilige mense gelê sodat hulle hierdie gedagtes van God sou verkondig en te boek stel.

Ons bely dat ons Here Jesus ontvang is van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria. By die doop is Christus deur die Heilige Gees gesalf vir sy amptelike taak, as ons hoogste Profeet, ons enigste Hoëpriester en ons ewige Koning.

Op die Pinksterdag is die Heilige Gees uitgestort in die Kerk van die Here. Nou word ons as lidmate van Christus Sy salwing deelagtig sodat ons, kragtens die amp van die gelowiges, sy Naam bely, onsself as 'n lewende dankoffer offer en met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel kan stry om hiernamaals in ewigheid met Hom oor alle skepsele te regeer.

Die Heilige Gees berei die Bruid voor met die oog op die wederkoms van die Bruidegom. Hy woon in die gelowiges wie se liggaam en siel tempels van die Heilige Gees is. Hy is die Trooster wat by ons bly in ewigheid. Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.

# IV DIE RAAD VAN GOD

## A. WAT GOD SE RAAD IS

Die Heilige Skrif leer dat God alles werk volgens die raad van sy wil (Ef. 1:11). Die Raad van die Here bestaan in ewigheid. Hy wat "van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan en al wat My behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46:10).

Op grond van Gods Woord handel ook ons belydenis oor Gods raad en dan veral oor die uitverkiesing. In Sondag 9 word die ewige raad van God met die voorsienigheid in verband gebring.

Die *Deïsme* maak skeiding tussen God en die skepping: God het net soos 'n horlosiemaker die skepping gemaak en aan die skepsele vaste wette gegee. Alleen wanneer dit iets makeer, moet die horlosie terug na die horlosiemaker. So is die godsdiens dan goed vir arm en swak mense – wie homself kan red, het God nie nodig nie. God is hoogstens die toeskouer wat sien hoe alles ontwikkel om so nou en dan tussenbei te tree. Dus loën die Deïsme die raad van God.

Die *Panteïsme* verenig en vermeng God en die wêreld. God is die groot oseaan, die volkere is die golwe en die skepsele die druppels in die oseaan. Verantwoordelikheid is daar nie, want die mens word geleef. Daar is maar net 'n natuur-noodwendigheid sodat ons aan 'n ysere noodlot oorgegee is. Ook die panteïsme ken dus nie Gods raad nie.

Die Skrif leer dat God nie alleen die wêreld geskape het nie, maar dit ook deur sy ewige raad en voorsienigheid onderhou en regeer. *Gods raad is die ewige voorstelling in sy verstand en die ewige bepaling van sy wil van wat in die tyd tot stand sal kom en sal ontwikkel.* Om hierdie gedagte tot uitdrukking te bring gebruik die Skrif *verskillende name.* Die inhoud van Gods raad is só ryk dat verskillende name die volle, ryke werk van God openbaar. Hierdie name is die volgende:

***Raad****.* Die raad van die Here bestaan in ewigheid (Ps. 33:11). My raad sal bestaan (Jes. 46:10). Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is (Hand. 2:23). Die naam "raad" sluit alle willekeur uit en wys ons daarop dat God 'n raadsplan het wat met oorleg opgestel is.

***Besluit****.* Ek sal van die besluit vertel (Ps. 2:7). Sefanja sê: voordat die besluit baar (Sef. 2:2). Die moeder baar 'n kind; die kind is voor die geboorte in die moeder en as die dae vervul is, word die kind gebore. So is die besluit van God die moeder van die werklikheid – die besluit baar. God hoef dus nie deur ons ingelig te word nie; Hy lees die werklikheid in sy besluit en verkondig van ouds af die dinge wat nog nie geskied het nie.

***Welbehae.*** Ek sal My welbehae doen (Jesaja 46:10). Jesus dank die Vader dat Hy hierdie dinge vir wyse en verstandige mense verberg en dit aan kindertjies geopenbaar het. Hy sê: "Ja, Vader, want so was dit U welbehae". Die engele het gesing: "in die mense 'n welbehae". Dit is die Vader se welbehae om aan ons 'n koninkryk te gee. Welbehae beteken dat God redes uit Homself geneem het om sy Naam te verheerlik. In die woord welbehae sit die gedagte dat die Drie-enige God Homself liefhet. Die Vader het 'n welbehae in sy Seun en so ook 'n welbehae in die mense.

***Voorneme.*** Hulle wat na sy voorneme geroep is (Rom. 8:28). God het ons "gered en geroep met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is"

(2 Timotheüs 1:9). Niemand was sy raadsman gewees nie en Hy is van niemand en niks afhanklik nie.

***Verordinering.*** Die wat Hy vantevore verordineer het, die het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, die het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, die het Hy ook verheerlik (Rom. 8:30). Ons sien hier dat God ook oor die weë en middele beskik wat tot die verwerkliking van sy voorneme moet dien.

## B. DIE EIENSKAPPE VAN GOD SE RAAD

Die Heilige Skrif leer vir ons dat Gods raad verskillende eienskappe het, wat ons veral teenoor die dwaalleer moet handhaaf.

### 1. God se raad is ewig

Aan God is al sy werke van ewigheid af bekend (Hand. 15:18). Hy het ons uitverkies van voor die grondlegging van die wêreld af (Ef. 1:4). Hy het die syne liefgehad met 'n ewige liefde (Jer. 31:3). Hierteen kom daar van alle kante af verset. Reeds vroeër het baie gemeen dat God altyddeur besluit en dus telkens nuwe besluite moet neem. Hierdie mense het gemeen dat die verantwoordelikheid van die mens andersins in die gedrang sou kom. En om nou die beslissing in die mense se hande te laat, laat hulle God agter die mense aankom met sy besluite wat dan telkens weer verander of gekorrigeer kan word. In ons tyd word hierdie ou dwaling deur Karl Barth in 'n nuwe vorm aangedien. Hy is van mening dat daar geen ewige besluit van God kan wees nie, omdat God dan self die "Gevangene" van sy eie besluit sou wees en die verantwoordelikheid van die mens geheel en al opgehef word.

Laat ons tog verstaan dat God sodoende op een lyn met die mens geplaas word; *ons* moet inderdaad met die omstandighede rekening hou; ons moet dikwels 'n besluit wat ons geneem het, korrigeer. Maar dit is by God geensins die geval nie. Die groot fout wat gemaak word, is dat die besluite van God nie gesien word as een organiese geheel nie. Die besluit baar ! Die kind wat gebore word, is ook na liggaam en siel een organiese geheel.

### 2. God se raad is vry

Wanneer ons 'n besluit neem, is ons afhanklik van verskillende omstandighede en faktore. God is die Vrymagtige; Hy doen alles wat Hom behaag, Hy word deur niemand gelei of gehinder nie. Hy spreek en dit is daar, Hy gebied en dit staan daar. Hy roep die dinge wat nie is nie asof hulle reeds was. By Hom is daar nooit enige willekeur nie.

### 3. God se raad is wys

Ons sien in Gods Woord dat God die beste middele kies om die hoogste doel te bereik. Josef word deur Hom vooruitgestuur na Egipte om 'n groot volk in die lewe te behou. Wat die mense ten kwade bedoel het, het God ten goede beskik. Wie sal daarom reguit maak wat God krom gemaak het? 'n Kanaal loop reguit en is mensewerk. 'n Rivier het verskillende kronkelinge en draaie. Ons werk graag met ons passer en liniaal; God werp hulle weg, want sy weë is hoër as ons weë en sy gedagtes is hoër as ons gedagtes. Daarom leef ons in die vertroue op onse God en Vader dat alle dinge ten goede sal meewerk vir ons wat na sy voorneme geroep is.

### 4. God se raad is onveranderlik

Hy is die Rotsteen Wie se werk volkome is. God het, omdat Hy nog kragtiger aan die erfgename van die belofte die onveranderlikheid van sy Raad wou toon, dit met 'n eed gewaarborg sodat ons deur twee onveranderlike dinge, waarin dit onmoontlik is

dat God sou lieg, kragtige bemoediging kan hê (Heb. 6:17-18).

Ons moet ons besluite soms verander omdat hulle nie goed is nie, of omdat ons hulle nie kan uitvoer nie. Maar niks kan God se hoë besluite ooit keer nie.

## C. DIE VOORWERPE VAN DIE RAAD VAN GOD

God se raad gaan oor alle dinge – niks is uitgesluit nie. Die *groot* en gewigtige dinge is in Gods raad opgeneem. Ons dink byvoorbeeld aan die feit van wêreldomvattende betekenis, nl. dat die Here Jesus gekruisig is. Petrus sê op die Pinksterfees: Hom wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring... Wat gebeur het, is geheel en al volgens Gods raad en daarom met volle handhawing van die mens se verantwoordelikheid. Maar die Skrif leer ook dat Gods bestel oor *nietige* dinge gaan. Die hare van ons hoofde is almal getel. Daar val nie één mossie op die aarde sonder die wil van die hemelse Vader nie. Een slapelose nag van koning Ahasvéros het betekenis vir die koninkryk van God (Ester 6). Juis omdat al die besluite een organiese geheel vorm, kan niks gemis word nie. Ook die skynbaar toevallige dinge het betekenis in God se raadsplan.

Gods raad hef *ons verantwoordelikheid* nie op nie; hierdie belangrike faktor, die verantwoordelikheid van die mens, is ook voorwerp van Gods besluit. Wie eensydig die verantwoordelikheid van die mens vooropstel, moet kom tot die loëning van God se ewige raad. Dan stel ons ons besluite ten koste van Gods besluit. Wie eensydig Gods raad vooropstel ten koste van die mens se verantwoordelikheid, verval in fatalisme of mistisisme.

Ons aanvaar beide: Gods raad en ons verantwoordelikheid. Want Gods raad bring ons verantwoordelikheid juis tot volle ontplooiing en tot die hoogste aktiwiteit. In die tye waarin daar by Gods volk 'n lewende besef was van die waarheid van die uitverkiesing, het die geloofslewe tot die heerlikste openbaring gekom. Dan werk ons ons saligheid uit met vrees en bewing, omdat ons weet dat God in ons werk beide om te wil en om te werk volgens sy welbehae.

Nou verstaan ons ook dat Gods raad ook gaan oor die sonde. Baie duidelik kom dit uit in die woorde van Petrus op die Pinksterdag, wanneer hy sê dat die Here Jesus deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgegee is en dat hulle Hom deur die hande van goddelose manne gekruisig en omgebring het. God is nie die Outeur, die Bewerker, van die sonde nie. Selfs wanneer die Here vir Dawid aanspoor om die volk te tel, dan behou Dawid sy volle verantwoordelikheid. Wanneer hy die volk getel het, kwel sy gewete hom en dan sê hy: ek het gesondig. Wie meen dat dit ongerymd is dat Gods raad ook oor die sonde gaan, moet met hierdie aanklag teen Gods Woord kom. En dan moet hy maar eerlik erken dat hy in stryd is met Gods Woord. God stel die sonde as 'n antitetiese (teenoorgestelde) mag wat Hy wil gebruik tot sy eer.

# V DIE UITVERKIESING

## A. DIE UITVERKIESING GAAN OOR DIE MENS SE EWIGE TOESTAND

Gods raad gaan oor alle dinge en derhalwe ook oor die mens se ewige toestand, oor die saligheid en die rampsaligheid. Al die besluite van God vorm een organiese geheel en daarvan is die uitverkiesing, die predestinasie, die hart, die middelpunt. Die Skrif sê dat alle dinge meewerk ten goede vir die wat na God se voorneme geroep is.

Natuurlik kom ook hier verset van die sondige hart. Reeds in Paulus se dae was daar diegene wat die stryd aangebind het teen die uitverkiesing. Rom. 9:10:"Jy sal dan vir my sê: waarom verwyt Hy dan nog, want wie het sy wil weerstaan?" En dan sê die apostel: "Maar tog, o mens, wie is jy wat teen God antwoord?"

Wat kla hy dan nog? Wie het sy wil weerstaan? Dit is ook in ons dae die argument van die bestryders van hierdie leer. Hulle redeneer soos volg: Wanneer God besluit het dat ek salig sal word, sal dit wel gebeur. Maar as God besluit het dat ek verlore sal gaan, dan kan ek ook niks daaraan doen nie. Ek wag dus maar lydelik af wat sal gebeur. En dan meen hulle dat hulle hierdie leer grondig bestry het. Intussen is dit groot onsin. Wie so redeneer is dwaas. Stel u voor dat iemand wat blindedermontsteking het ook so sou redeneer en die volgende dwaasheid kwytraak: as God besluit het dat ek moet sterf, sal die knapste dokter my nie kan help nie. En as God besluit het dat ek in die lewe bly, dan kan ek die operasiekoste wel spaar. Wie sal hom vir sulke dwaasheid leen? Nee, hy laat hom opereer en straks dank hy God vir die genesing en dan is Gods verborge besluit openbaar. So moet die sondaar ook met sy skuld en sonde na Christus, die Saligmaker, gaan. Wanneer hy deur die geloof mag deel in die geregtigheid van sy Borg, dan sal hy God dank en weet dat hy dit nie aan homself te danke het nie, maar aan Gods verkiesende genade in Christus.

As ek in my kamer 'n orrel vlak voor die deur gaan sit sodat die deur nie kan oopgaan nie, staan daardie orrel nie op sy plek nie. Die deur moet immers kan oop en toe gaan. Wanneer ek die uitverkiesing voor die deur, Jesus Christus, stel, staan die predestinasie nie op sy plek nie: die deur moet vry bly. Wie egter deur die deur, Jesus Christus, ingegaan het, kan nie nalaat om na die orrel in die kamer te gaan en daarop te speel nie: aan U vrye guns alleen word al die eer toegebring. Ons hef die hoof omhoog en sal die erekroon dra deur U, deur U alleen om U ewig welbehae.

Nou staan alles op hulle plek: God begin daarmee en ons kom deur Christus tot ons verkiesing. Ons mag nooit lydelik en fatalisties wees nie; die verborge dinge is vir die Here onse God en die geopenbaarde vir ons en ons kinders. Ons kan van elke waarheid misbruik maak en hier gaan dit nie om die misbruik nie, maar om die regte gebruik daarvan. En daarom mag ons ook nie lydelik wees ten opsigte van ons verkiesing nie. Ons verantwoordelikheid is geheel en al opgeneem in Gods raad en dus ook in die uitverkiesing.

"En daar het gelowig geword almal wat verkies is tot die ewige lewe". Die Here verkies wie Hy wil en verhard wie Hy wil. Hy het Jakob liefgehad en Esau gehaat. Christus bewaar almal wat die Vader aan Hom gegee het en niemand sal hulle uit sy hand ruk nie en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie. Ons is in Christus uitverkies voor die grondlegging van die wêreld. Die Here Jesus het sy siel gegee tot 'n losprys vir vele.

Daarom spreek ook ons belydenis hiervan. Die *Kategismus* doen dit op 'n sober wyse: die gemeente is tot die ewige lewe uitverkies (Sondag 21). Christus sal my

met alle uitverkorenes tot Hom in hemelse blydskap neem. In art. 16 *Nederlandse Geloofsbelydenis* staan: Ons glo dat waar die ganse geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in verderf en ondergang verkeer, God Homself sodanig betoon het as wat Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. Barmhartig: deurdat Hy uit hierdie verderf trek en verlos diegene wat Hy in sy ewige, onveranderlike raad uit louter goedertierenheid uitverkies in Christus Jesus, onse Here, sonder om enigsins hul werke in aanmerking te neem. Regverdig: deurdat Hy die ander in hul val en verderf laat bly waarin hulle hulself gewerp het. En in art. 37 word gespreek oor die uitverkorenes wat deur Christus met eer en heerlikheid gekroon sal word in die ewige saligheid.

In die *Vyf Artikels* word breed oor die uitverkiesing gehandel, veral in die eerste artikel waarvan ons die verkorte inhoud weergee: Almal het in Adam gesondig en is die dood skuldig. God sou niemand veronreg het as Hy almal in die vervloeking gelaat het nie. Hy het sy liefde geopenbaar in sy seun. Hy laat die Evangelie van genade verkondig deur die predikers van die Evangelie te stuur tot wie en wanneer Hy wil, om die mense te roep tot geloof. Wie nie glo nie, word van die toorn verlos. Die oorsaak van die ongeloof lê in die mens, die geloof is 'n gawe van God. God werk volgens sy uitverkiesing, wat vir baie tot ergernis en vir Gods volk tot troos is. God het die syne in Christus uitverkies en besluit om hulle die saligheid te skenk deur hulle aan Christus te gee, met Christus te verenig en in Christus te bewaar.

Die verkiesing is dieselfde in die Ou en Nuwe Testament tot die genade en die heerlikheid, tot die saligheid en die weg van saligheid. Die verkiesing is nie *uit* maar *tot* die geloof en is die fontein van alle saligmakende goed. Die oorsaak van die verkiesing is volgens Gods Woord die onvoorwaardelike welbehae van God. Hierdie verkiesing is kragtens Gods deugde onveranderlik. Die uitverkorenes word op Gods tyd nie langs ongeoorloofde weë nie, maar uit die vrugte van hulle verkiesing verseker. Hierdie versekering bring hulle tot 'n Godsalige lewe. Die leer van die uitverkiesing moet met eerbied gepredik word, soos dit in die Ou en Nuwe Testament geskied. Die Skrif prys die verkiesing die meeste aan deur ook die verwerping te leer. Hierdie verwerping word verskillend gebruik deur diegene wat die versekerdheid mis; deur hulle wat swak is in die geloof en deur die sorgloses.

Omdat die kinders van die gelowiges heilig is, uit krag van die genadeverbond, moet die godsalige ouers nie twyfel aan die verkiesing en saligheid van hulle vroeggestorwe kinders nie.

Ons mag van die uitverkiesing geen misbruik maak uit onverskilligheid of lydelikheid nie. Ons moet dit reg gebruik deur ons verkiesing vas te maak, deur ons verantwoordelikheid te ken en God te verheerlik.

## B. DIE VOORVERORDINERING OMVAT DIE VERKIESING EN DIE VERWERPING

Teen hierdie onderskeiding is daar beswaar ingebring. Sommige wil desnoods nog spreek oor die verkiesing, maar in geen geval oor die verwerping nie. (Dit hang immers van die mens af of hy glo of nie. Wie glo, word verkies en oor die ander swyg hulle liewer.

Ook is daar die voorstanders van die *kondisionele (voorwaardelike) onsterflikheid.* As iemand 'n gelowige is, dan is hy ook onsterflik, want hy ontvang die ewige lewe. Wie die geloof nie het nie, sal vernietig word. Ons ontvang dus die onsterflikheid voorwaardelik. Wie aan die voorwaarde van die geloof beantwoord, sal die

onsterflikheid ontvang. Christus stel hierteenoor dat sommige in die ewige verderf ingaan en ander die ewige lewe ontvang. Ons sien ook hier dat die mens glo wat hy graag wil. Ons moet nie regverdiger en wyser as God wil wees nie.

*Dr. Karl Barth* en die dialektiese teoloë stel verkiesing en verwerping nie naas mekaar nie, omdat hulle leer dat die verwerping vir Christus is en die verkiesing vir alle mense. Daarom moet die Kerk aan elke mens sê dat hy verkore is, omdat Christus vir hom die verwerping op Hom geneem het. Wie glo, moet as 'n verkorene lewe. Dit is dus die leer van die algemene versoening. Wel durf hulle nie met sekerheid sê dat alle mense salig sal word nie, maar tog moet hulle tot die gevolgtrekking kom. Daarmee het hulle geheel en al afgereken met ons belydenisskrifte en die duidelike uitsprake van Gods Woord.

Tog wil ons nie die verkiesing en verwerping op een lyn stel nie. Die verkiesing is nie gekoördineerd met die verwerping nie. Die ewige lewe het 'n ander plek in die uitverkiesing as die ewige verderf. Die sonde het in Gods raad 'n ander plek as die genade. Ons stel die koring en kaf wat daar op 'n dorsvloer is tog ook nie op een lyn nie. Die verwerping is *gesubordineerd* aan die verkiesing. Gesubordineerd of ondergeskik! Die boom van die menslike geslag bly behoue al val die meeste takke af. Die los takke gaan verlore. Christus is die wynstok en ons is die ranke. In die hemel sal die nuwe mensheid wees; in die hel kom die afsonderlike mense, losgeruk uit die verband. Daar sal die toppunt van die individualisme bestaan. Die Kerk is dus die kurk waarop die wêreld moet dryf. Die verwerping is ondergeskik aan die verkiesing.

Van al die besluite van God is die verkiesing tot die ewige lewe die *sentrale besluit.*

## C. DIE UITVERKIESING

Die lyn van die uitverkiesing loop deur die hele Skrif. Van die begin af sien ons die teenstelling tussen die *heilige* en die *onheilige linie.* Abraham word geroep uit Ur van die Galdeërs. God het Jakob liefgehad en daarom moet die meerdere die mindere dien. Moses spreek oor Gods Boek waarin die name van die uitverkorenes staan. Jesaja sê dat elkeen wat onder die lewendes opgeskrywe is in Jerusalem, heilige genoem sal word (Jes. 4:3). Daniël skrywe oor die boeke wat geopen word (Dan. 7:10), en oor hulle wat in *die Boek* opgeskrywe staan (Dan. 12:1).

Christus dank die Vader dat Hy hierdie dinge vir wyse en verstandige mense verberg het en dit aan kindertjies geopenbaar het en dat dit sy *welbehae* was. Christus spreek telkens oor dié wat die Vader aan Hom *gegee* het. Die goeie Herder lê sy lewe af vir die skape.

God sal die dae verkort ter wille van die *uitverkorenes,* die wat Hy uitverkies het (Markus 13:19-20). Baie is geroep, maar min uitverkies (Matt. 20:16; Matt. 22:13-14; Markus 13:27).

Paulus spreek in Rom. 9:11 oor die verkiesing en die verwerping. Die pottebakker het mag oor die klei, om uit dieselfde klomp die een voorwerp te maak tot eer en die ander tot oneer. Paulus sê ook: Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? Petrus spreek oor die uitverkorenes volgens die voorkennis van God, die Vader, en noem die gemeente 'n uitverkore geslag.

Wie dan ook met besware kom teen die verkiesing en die verwerping, moet dit inbring teen die Skrif self. Want een van twee: ons glo nie dat God verkies het ten ewige lewe nie en dan werp ons meteens die Skrif oorboord. Of ons aanvaar geheel en al wat God ons in Sy Woord geopenbaar het en buig voor die gesag van die Skrif:

God het wat onedel en swak is, uitverkies om die wat edel en sterk is, te beskaam.

Die uitverkiesing is dan die onveranderlike voorneme van God wat Hy van ewigheid af gehad het, waardeur Hy ons uit louter genade en nie om iets in ons nie, maar om sy eie redes, tot die nuwe mensheid verkies het, sonder om hulle werke in aanmerking te neem.

Ons mag by die uitverkiesing nie dink aan *willekeur* of *voorkeur* by God nie. Wanneer ons iets moet uitkies, dan let ons op die eienskappe of sake wat vir ons betekenis het; of ons kies somaar op willekeurige wyse. Dit doen God nie. Hy het ons nie verkies omdat Hy in ons iets gesien het wat Hom aangetrek of bekoor het nie, want Hy het ons nie verkies, omdat Hy geweet het dat ons sou glo nie, maar sodat ons tot die geloof in Christus sou kom. Die geloof is geen motief of rede vir ons verkiesing nie, maar die vrug van die verkiesing. God is nie van ons afhanklik nie.

## D. UITVERKIES IN CHRISTUS

Teenswoordig word die Kerk verwyt dat ons die verkiesing te veel losgemaak het van die werk van Christus. Dr. Karl Barth is van oordeel dat ons slegs mag spreek van die genadige verkiesing in Christus. Hy gaan selfs so ver om te sê dat alle mense aan hierdie genadige verkiesing deel het, omdat Christus die verwerping van alle mense op Hom geneem het. Dit is die leer van die algemene versoening in sy uiterste vorm. En dit is met die Heilige Skrif en met ons belydenis in flagrante stryd. Ook Dr. J. G. Woelderink is van mening dat die Dordtse Leerreëls te min aandag skenk aan die verkiesing in Christus. Hy skryf dat daar uitgegaan word van die Evangelie van Jesus Christus. Hulle sou dus wel in die eerste artikels begin by die Evangelie, daarna verlaat hulle egter hierdie pad en spreek net oor die verkiesing en die verwerping. Dit is egter onjuis. Die Dordtse Leerreëls begin in die eerste artikels op die goeie pad en bly dan op die pad. Alles wat in hierdie 5 artikels staan, is Evangelieprediking in die volle sin van die woord. Hulle bly in die spoor van die Geloofsbelydenis en van die Heidelbergse Kategismus.

Ons Geloofsbelydenis sê dat God uit die verderf trek en verlos diegene wat Hy in sy ewige en onveranderlike Raad, enkel uit goedertierenheid, uitverkies het in Jesus Christus en dat hy die ander laat in hulle val en verderf waarin hulle hulself gewerp het (Art. 16).

Die Heidelbergse Kategismus sê dat die *Seun van God* uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe *uitverkies* het, hulle vergader, beskerm en onderhou (Sondag 21). En ook: dat Hy my met alle uitverkorenes tot Hom in hemelse blydskap en saligheid sal neem (Sondag 19).

Dit alles word nou in die Dordtse Leerreëls nader uitgewerk en bely. Art. 1, 5 staan nie los van art. 1, 6 nie en 6 gryp terug na 5. In art. 1, 7 staan dat 'n sekere menigte van mense louter uit genade in Christus uitverkies is. Ook dat God Christus van ewigheid tot 'n Middelaar en Hoof van alle uitverkorenes gestel het en tot 'n fondament van hulle saligheid. Hy gee Christus aan hulle, verenig hulle met Hom en bewaar hulle in Hom. Verder is een van die eerste vrugte van die verkiesing die ware geloof in Christus. Hulle wat God en Christus die Saligmaker nie ag nie, word gewaarsku. God begiftig die uitverkorenes met die geloof in Christus en maak ons lewend saam met Christus (Art. 1:1, 4).

Hoofstuk II handel oor die werk van ons Here Jesus Christus, dat God sy Seun aan ons as 'n Borg gegee het en die genade van God aan ons van ewigheid af in Hom gegee is; en dat die krag van die dood van Christus sig uitstrek tot alle

uitverkorenes.

Ook die volgende hoofstukke gaan in dieselfde lyn voort. Wie verkiesing los van Christus maak en dit buite Hom stel, kom juis in stryd met die Dordtse Leerreëls. Wel het die Sinode van Dordrecht teenoor die Remonstrante gesê dat Christus nie die Fondament van die verkiesing is nie, omdat Hy as Middelaar self uitverkies is, maar dat Hy wel die Fondament van ons saligheid is; ons is op grond van Gods welbehae uitverkies in Christus. Op grond van die verdienste van Christus is ons regverdig voor God. Veral Calvyn het die regte Skriftuurlike betekenis van die uitverkiesing in Christus vir ons laat sien.

Die Gereformeerdes het altyd verstaan dat die verkiesing nie alleen 'n saligmakende (soteriologiese) karakter dra nie, maar ook en selfs in die eerste plek 'n teologiese, 'n Godverheerlikende karakter. Dit gaan by die uitverkiesing allereers om die eer van onse God. Die uitverkiesing staan ook in 'n nou verband met die verbond van verlossing of die raad van vrede. Dit is die verbond tussen die drie Persone van die Goddelike Wese. Die *Vader* stel die eis dat daar vir die skuld en sonde van die uitverkorenes betaal sal word en dat die geregtigheid vervul sal word. Die Seun gee Homself as die Middelaar en Borg en sê: Kyk, Ek kom om U wil te doen. Die *Heilige Gees* neem op Hom om diegene wat die Vader aan Christus gegee het tot Christus te bring en by Hom in te lyf deur die geloof. Christus self is as Middelaar verkies. Die Vader noem Hom sy Kneg, sy Uitverkorene (Jesaja 42:1). Hy is vooruit geken "vóór die grondlegging van die wêreld. Hy is die lewende Steen wat deur die bouers wel verwerp is, maar deur God uitverkies is. Ons is in Hom uitverkies. Soos God ons in Hom uitverkies het vóór die grondlegging van die wêreld, sodat ons heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde sal wees (Ef. 1:4). God het ons in Hom uitverkies sodat ons die ranke in die wynstok sou wees. Hy is die Hoof en die uitverkorenes is sy liggaam.

Daarom mag ons nie aan álle mense sê dat hulle uitverkies is nie. Die Evangelie moet verkondig word dat Jesus Christus in die wêreld gekom het om sondaars te red. Die wat in die Seun glo, het die ewige lewe, maar wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie; die toorn van God bly op hom.

Word álle mense dan weer deur Christus salig soos hulle deur Adam verdoem is? Nee, maar alleen dié wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem (Heid. Kat. vr. 20).

Die Skrif leer ook dat die *engele* uitverkies is. Paulus sê in 1 Tim. 5:21: "Ek besweer jou voor God en die Here Jesus Christus en die uitverkore engele dat jy hierdie dinge sonder vooroordeel in ag neem en niks uit partydigheid doen nie". Hierdie uitverkore engele het nie in sonde geval nie. Tog is daar onderskeid tussen ons uitverkiesing en dié van die engele. Die mensheid is soos 'n *boom;* baie takke word afgekap, maar die boom bly. Christus is, as die laaste Adam, die Wynstok en ons is die ranke. Die engelewêreld is soos 'n *bos:* baie bome is uitgekap, maar die bos het gebly. Die boom van die menslike geslag het behoue gebly en ook die bos van die engelewêreld al is hulle erg gesnoei en uitgedun. In Ef. 1:10 lees ons dat God, die Vader, in die bedeling van die volheid van die tye weer alle dinge wat in die hemele sowel as wat op die aarde is tot een sal vergader in Christus. Sowel die uitverkore mense as die uitverkore engele sal weer onder een Hoof gebring word – dan is die oorspronklike verhouding weer geheel en al herstel.

Die verkiesing in Christus is organies en idividueel. Die gehele Liggaam van Christus, die gemeente, die nuwe mensheid, en ook hulle wat aan daardie liggaam behoort, is uitverkies. Die uitverkorenes word in die tyd deur die geloof as lidmate van Christus sy salwing deelagtig. Daarom word in die Skrif selfs name van uitverkorenes

genoem.

Ons mag ons verbly dat ons name geskrywe is in die boek van die lewe. Die goeie Herder ken sy skape by die naam en die Here ken die wat aan Hom behoort. Hy het Jakob lief gehad en aan Rebekka is voor die geboorte van haar twee kinders gesê dat die meerdere die mindere sou dien. Julle het gekom by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is (Heb. 12:23). God het die voorwerpe van heerlikheid tevore tot heerlikheid toeberei (Rom. 9:23). Clemens en my ander mede-arbeiders wie se name in die boek van die lewe is (Filip. 4:3). Christus sal op die dag van sy wederkoms sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af (Matt. 25:34). Calvyn sê by Luk. 10:20 dat ons by die name wat in die hemel opgeskrywe is, moet dink aan die ewige verkiesing.

Die verkiesing is dus ook individueel. Die genade is partikulier (d.w.s. dit kom tot elke uitverkorene afsonderlik). Die etiese rigting wat altyd sterk nadruk gelê het op die persoonlikheid en subjektivisties aangelê is, verlaat by die uitverkiesing daardie spoor. Nou meen hulle dat alleen die gemeente uitverkies is, sonder dat daar presies bepaal is wie tot hierdie gemeente sal behoort. Dit is twyfelagtig wie hierdie uitverkore gemeente sal uitmaak – dit hang van die mens af of hy glo.

Die valse mistiek maak die verkiesing los van Christus. Die Heilige Gees sou dan 'n aparte besoek aan elkeen bring soos in 'n sel. Hulle het geen oog vir die organiese nie en dink suiwer individualisties. Die groot kloof wat deur die sonde gemaak is, kan nie oorbrug word met 'n teks of 'n Psalm nie. Ons verkondig niemand anders nie as Christus en Hom, die Gekruisigde.

Dr. Karl Barth verwyt ons dat ons die mensheid wil indeel in verkorenes en verworpenes net soos daar mans en vrouens, wit mense en swartes is. Dit is baie maklik om van ons gereformeerde leer eers 'n karikatuur te maak en dan die karikatuur te bestry. Dit is baie maklik. Prof. Van Niftrik volg ook hierdie voorbeeld.

Die egte gereformeerde leer van verkiesing en verwerping skuif ons verantwoordelikheid egter nie opsy nie. Ons is uitverkies tot verantwoordelikheid. Dan mag ons die vergelyking van blankes en swartes, mans en vroue, nie gebruik nie. Die verkiesing in Christus is juis 'n bron van nederigheid, ootmoed, vertroue en troos.

## E. DIE VERWERPING

Die verwerping gaan soos die verkiesing, oor bepaalde persone. In die Skrif word selfs die name van enkele verworpenes genoem. God het Esau gehaat en Farao verwek om Sy geregtigheid te betoon. Die Here het alles gemaak vir sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil (Spr. 16:4). Hy het die voorwerpe van toorn vir die verderf toeberei (Rom. 9:22). God verwerp Kaïn, dryf Ismael uit, verhard Farao en Hy het as Pottebakker mag om uit dieselfde klei voorwerpe te maak tot eer of tot oneer. Die getal van die uitverkorenes en ook die getal van die verworpenes is by God bekend.

Daar is geen verkiesing sonder verwerping nie. En tog. Is hulle nie eenders en staan beide nie op dieselfde plan nie. Die verwerping is nie gekoördineerd met die verkiesing nie, maar daar – aan gesubordineer. Die verkiesing in Christus is die spil waarom alles en waarom ook die verwerping draai.

Die verkiesing gaan oor die enkele mens (individueel) in organiese verband met die liggaam van Christus. Dit gaan dus oor die boom en die takke, die Wynstok en die

ranke. Die verwerping gaan oor die individue, losgeruk uit die verband dus oor die los takke. Sodoende word die mensheid (die boom) in Christus, die laaste Adam, behou en gaan die slegte takke (individue) verlore. In die hemel is die nuwe mensheid as 'n organiese geheel – almal sal God en mekaar liefhê. In die hel vier die individualisme hoogty – almal sal mekaar haat.

Teen die verwerping word baie besware ingedien asof dit onregverdig sou wees van God dat vele verlore gaan. Maar dit is tog baie dwaas. Ons moet nie daaroor verbaas wees dat sondaars deur hulle eie skuld verlore gaan nie, maar dat God sy genade bewys en sondaars wat doemwaardig is, red van die ewige verderf. Die Dordtse Leerreëls begin so juis as ons daar bely: Aangesien alle mense in Adam gesondig het en aan die vloek en die ewige dood skuldig geword het, sou God niemand onreg aangedoen het nie as dit sy wil was om die ganse menslike geslag in die sonde en vervloeking te laat bly en vanweë die sonde te veroordeel volgens die uitsprake van die apostel: Die hele wêreld is voor God doemwaardig. Hulle het almal gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God. En die besoldiging van die sonde is die dood. Dat mense verlore gaan, is volkome regverdig en het hulle verdien. God betoon Homself regverdig, deurdat Hy die ander in hul val en verderf laat bly waarin hulle hulself gewerp het (Ned. Geloofsbelydenis, Art.16).

Dit is nie onregverdig dat baie verlore gaan nie, maar dit is 'n bewys van die ondeurgrondelike genade van God in Christus dat baie gered word. Daarom is dit van groot belang om te weet wat die Kerk van die Here oor die verwerping gesê het. Die Dordtse Leerreëls laat geen onseker geluid hoor nie; ons lees in Art. 1:15: Hierdie ewige en onverdiende genade van ons uitverkiesing word deur die Heilige Skrif ons daardeur allermees aangewys en aangeprys dat dit bowendien getuig dat nie alle mense uitverkies is nie, maar sommige nie uitverkies is nie of in die ewige uitverkiesing van God verbygegaan is, naamlik diegene oor wie God besluit het om hulle na sy geheel vrye, regverdige, onberispelike en onveranderlike welbehae in die algemene ellende te laat bly waarin hulle hulself deur hul eie skuld gestort het, en hulle met die saligmakende geloof en die genade van die bekering nie te begiftig nie. Terwyl Hy hulle in hul eie weë en onder sy regverdige oordeel laat bly, het Hy besluit om hulle eindelik nie alleen oor die ongeloof nie, maar ook oor al die ander sondes, te veroordeel, en ewiglik te straf om sy geregtigheid te openbaar. En dit is die besluit van die verwerping wat God geensins maak tot bewerker van die sonde nie – dit sou 'n godslasterlike gedagte wees – maar Hom stel tot 'n verskriklike, onberispelike en regverdige regter en wreker daarvan.

En in Art. 1:16 lees ons: Diegene wat die lewende geloof in Christus of die vaste vertroue van die hart, die vrede van die gewete, die betragting van kinderlike gehoorsaamheid en die roem in God deur Christus in hulle nog nie kragtiglik gevoel nie, en nogtans die middele gebruik waardeur God beloof het om dit alles in ons te werk, hulle moet nie mismoedig word wanneer hulle van die verwerping hoor of hulle onder die verworpenes reken nie; maar hulle moet vlytig voortgaan om die middele te gebruik, vurig verlang na die tyd van oorvloediger genade en dit met eerbied en ootmoed verwag. Nog minder behoort diegene vir hierdie leer van die verwerping te skrik wat ernstig begeer om hulle tot God te bekeer, Hom alleen te behaag en van die liggaam van die dood verlos te word, alhoewel hulle op die weg van die godsaligheid en van die geloof nog nie so ver kan kom as wat hulle graag sou wens nie; aangesien die barmhartige God beloof het dat Hy die dowwe lamppit nie sal uitblus en die geknakte riet nie sal verbreek nie. Maar hierdie leer is met reg skrikwekkend vir hulle wat God en Christus die Saligmaker nie ag nie en hulself aan die sorgvuldighede van die wêreld en die welluste van die vlees geheel en al oorgegee het – solank as hulle nie met erns hulle tot God bekeer nie.

God kon in regverdigheid almal verwerp het, en Hy het besluit om nie almal te verwerp nie. Die besluit van die verwerping realiseer sig deur die skuld en verharding van die mense heen. Daarby deel die verworpenes ook nog in baie seëninge.

Dit baat ook nie om hier van vóórwetenskap te spreek nie. Ook moet ons nie dink nie dat hulle wat van die verwerping nie wil weet nie, sagter en gemoedeliker mense is nie. Daaroor gaan dit nie. Die saak is eenvoudig of ons die volle Skrif aanvaar al dan nie. Die leuen is altyd hard en meedoënloos, al klee hy hom in 'n mooi en vroom kleed. Die waarheid is altyd barmhartig, al sê dit skerp dinge. Daarom is hulle wat die algemene versoening leer, meedoënloos hard, omdat hulle die mense met 'n ingebeelde hemel verlore laat gaan.

Vandag as julle Sy stem hoor, verhard julle harte nie.

Ons bid julle om Christus wil: laat julle met God versoen. Want teenoor die donker keersy van die verwerping tree die uitverkiesing van God in die heerlikste lig, sodat ons kan sê: genade, ja genade alleen.

## F. DIE INFRA- EN DIE SUPRA-LAPSARISME

Oor hierdie saak was daar vroeër baie stryd gewees. Dit gaan hier om die vraag oor die logiese volgorde van God se besluite. Oor hierdie vraag: of God in sy besluite, wat een is, *logies* die besluit van verkiesing en verwerping geneem het voor die besluit van die sondeval van die mens, (supralapsarisme) óf dat God die besluit van verkiesing en verwerping *logies* gestel het na die besluit van die val (infralapsarisme).

Beide leer dat God in sy vrymag vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe uitverkies en die ander verwerp het. Albei leer dus die verkiesing en die verwerping. Maar sodra die vraag gee stel word wat die volgorde van hierdie besluite is, kom die verskil aan die lig. Die infralapsarisme sê dat God by die verkiesing en verwerping die mens sien as reeds geskape en geval. Die supralapsarisme sê dat God by die verkiesing en verwerping die mens sien as nog nie geskape en geval nie. Hulle gaan uit van die stelling dat wat by ons die laaste is in die uitvoering, by God eerste is in sy besluite. 'n Argitek dink eers aan die hele gebou en maak dan die bestek en tekening. So wil God Homself verheerlik in die saligheid van die uitverkorenes en in die regverdige straf en rampsaligheid van die verborgenes. En om dié doel te bereik, het God besluit om die mens te skep, die val toe te laat en Christus te stuur tot 'n val en opstanding.

Die volgorde by die supralapsarisme is dus: (i) God besluit om Homself te verheerlik in sy deugde. (ii) God besluit om hierdie deugde in verkiesing en verwerping te openbaar. (iii) God besluit om die mens te skep ens.

Die infralapsarisme hou aan die historiese lyn wat ook in die Skrif aangedui word. Dit wil sê: God het eers besluit om die mens te skep en dan om die val toe te laat met 'n aktiewe toelating. Daarna om uit hierdie gevalle mense sommige te verkies tot die saligheid en die ander te laat in hulle val en verderf, waarin hulle hulself gewerp het. Die volgorde by infra is dus: (i) God besluit om Hom te verheerlik in sy deugde. (ii) God besluit om die mense te skep wat in sonde kan val en om hierdie val aktief toe te laat. (iii) God besluit om te verkies en te verwerp.

Ons belydenisskrifte is infralapsaries opgestel. In die Nederlandse Geloofsbelydenis handel Artikel 12 oor die skepping, 14 oor die val, 15 oor die erfsonde en dan kom artikel 16 oor die verkiesing en verwerping. Sien ook die Dordtse Leerreëls I, 7. Tog het die Sinode van Dordrecht in 1618 – 1619 die aanhangers van die

supralapsarisme nie lastig geval en hulle veel minder veroordeel. Ons Kerke het die saak steeds gesien as 'n intra-konfessionele geskil. Gomarus was net soos Zacharias Ursinus, een van die opstellers van die Heidelbergse Kategismus, supralapsariër. Ook die sinode van Utrecht van 1905 (in Nederland) het besluit om die harde uitdrukkinge te vermy en soveel moontlik aan die Belydenis te hou. Hierdie sinode het die volgende besluit geneem:

"Wat die infra- en supralapsarisme betref, spreek die sinode uit dat ons belydenisskrifte ten opsigte van die leerstuk van die uitverkiesing die infralapsariese voorstelling volg, maar dat, sowel blykens dié bewoording as dié van die Dordtse sinode, hiermee geensins bedoel word om die supralapsariese voorstelling uit te sluit of te veroordeel nie; dat dit as gevolg daarvan nie geoorloof is om die supralapsariese sienswyse as die leer van die gereformeerde Kerke in Nederland voor te stel nie, maar ewemin om dit vir iemand wat vir homself die supralapsariese gevoele voorstaan, moeilik te maak nie, aangesien die sinode van Dordt oor die geskilpunt geen uitspraak gedoen het nie. Daarby voeg die sinode die waarskuwing om dergelike diepgaande leerstukke, wat die verstand van die eenvoudiges te bowe gaan, so min as moontlik op die kansel en in die prediking van die Woord te bring en om in die kategetiese onderwys sig te hou aan die voorstelling van ons Belydenisskrifte (Acta art. 158).

## G. DIE STRYD TEEN DIE LEER VAN DIE KERK

Teen die leer van die dubbele predestinasie, die verkiesing en die verwerping, is baie en ernstige besware ingebring. Dit hoef ons ook nie te verbaas nie, want ons het hier 'n Evangelie wat nie vir die mens aangenaam is nie, maar vir vele 'n ergernis en 'n dwaasheid is. Dit gaan hier om die gewigtige vraag: Wie beslis en wie verkies? God of die mens? Kies die mens God of kies God die mens? In wie se hande lê die uiteindelike beslissing tot die ewige saligheid of die ewige verderf? Daar kom by dat die sondaar van nature 'n vyand is van 'n lewe uit genade alleen.

Wanneer Augustinus, na ernstige bestudering van Romeine 9, oortuig is van die waarheid dat God verkies het tot die ewige lewe en verwerp het tot die ewige verderf, vind hy in *Pelagius*[1] 'n gedugte teenstander.

*Hincmar van Reims*[2] het vir Gottschalk,[3] wat deur die bestudering van die werke van Augustinus 'n vurige aanhanger van die dubbele predestinasie geword het, fel bestry. Hincmar het vir Gottschalk selfs tot lewenslange gevangenisstraf laat veroordeel, maar hy het getrou gebly en 20 jaar in die gevangenis deurgebring.

In die *Roomse Kerk* het die Semi-Pelagianisme[4] groot aanhang gekry. Dit het meegebring dat, hoewel hierdie kerk met Augustinus dweep, hy al verder verwyderd geraak het van die predestinasieleer van Augustinus en liewer wil spreek van 'n vooruitsien, 'n voorwetenskap van God as van voorbeskikking, voorverordinering.

---

[1] ***Pelagius.*** 'n Monnik uit die vierde eeu n.C. wat die Bybelse waarhede van die erfsonde en van die absolute noodsaak van die genade van God vir ons redding asook van die uitverkiesing loën. Sy volgelinge heet pelagiane. Die semi-pelagiane gaan nie so ver nie en sê dat die genade van God wel onmisbaar is vir ons redding, maar dat dit tog van die vrye wil van die mens afhang of hy gered word. Dus is die saligheid ten diepste nie van God afhanklik nie en word die uitverkiesing geloën.

[2] ***Hincmar van Reims,*** 'n aartsbiskop uit die negende eeu wat die leer van die uitverkiesing bestry het. Sy teenstander was Gottschalk, wat die suiwer waarheid voorgestaan het.

[3] **Gottschalk.** Sien voetnoot 2.

[4] ***Semi-Pelagianisme.*** Sien voetnoot 1.

Heftig was die stryd wat die *Remonstrante* gevoer het teen die sinode van Dordrecht, wat art. 16 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis gehandhaaf en verdedig het.

Later het die *Etiese Rigting* en die *Moderniste* 'n groot afkeer teen hierdie leer van die Kerk aan die dag gelê. Tereg het die Dordtse sinode daarop gewys dat ons nie 'n oordeel moet vorm volgens ons privaat mening nie, maar volgens die leer van die Kerk van die Here.

In ons tyd word hierdie selfde stryd opnuut gevoer. Ek weet goed dat die teenstanders graag beweer dat hulle alleen maar teen die "ou klassieke predestinasieleer" is en dat hulle dit wil suiwer en deurbreek, maar inderdaad het ons hier te doen met afbraak. Die bestryding is so radikaal en so fel dat hulle bedoeling is om die Dordtse Leerreëls in 'n museum vir oudhede te sit en art. 16 van ons Ned. Geloofsbelydenis eenvoudig te skrap. Dit moet hulle eerlikheidshalwe dan ook maar sê, sodat ons kan weet waar ons aan of af is.

Die hoofaanval teen die klassieke opvatting van Augustinus en Calvyn, en veral teen die sinode van Dordt, is gevoer deur *dr. Barth.* Hy gaan alleen van die genadeverkiesing van God in Christus uit. Die verkiesing is niks anders as die verkiesing van Christus nie. Jesus Christus is die verkiesende God en die verkore en verworpe mens. Hy het die verwerping van almal op Hom geneem, daarom is alle mense verkore. Die Kerk mag, nee, *moet* aan alle mense hoof vir hoof sê: julle is verkore, want Jesus Christus het vir julle die verwerping op Hom geneem. Ons kan en mag dus nie meer praat van die verkorenes en verworpenes nie. In dié sin is daar geen dubbele predestinasie nie: daar is nie 'n vaste getal uitverkorenes en ook nie 'n vaste getal verworpenes nie. Daar is geen ewige besluit waarin bepaal is wie salig sal word en wie nie, want dan sou God 'n gevangene wees van sy eie besluit. Hy sou nie meer vry wees nie en die mens ook nie.

*Dr. E. Brunner*[5] hou aan die verkiesing vas, maar wys die verwerping af. Hy is dit nie meer in alles met Barth eens nie en het hom al verder van Barth af verwyder. Daarom sê hy ook dat daar wel verworpenes sal wees by die laaste oordeel. Want hy durf nie sê dat alle mense salig sal word nie; hulle kan, as gesê word dat hulle in Christus verkies is, hulle in ongeloof afkeer. Tog dink hy aan die *moontlikheid* dat alle mense kan salig word, maar dit is dan ook volgens hom alleen maar 'n goddelike moontlikheid.

*Prof. dr. G. C. Van Niftrik*[6] sê by die tweede en derde druk van sy "Kleine Dogmatiek", waarvan die eerste druk in 1944 verskyn het, dat hy veral die leer van die predestinasie graag breër sou wou behandel. Wie sy boek "De Beroerder Israels" gelees het en vergelyk met sy Dogmatiek sien duidelik dat dr. Van Niftrik intussen veel verder gegaan het in sy bestryding van ons belydenis. Hy staan nou al geheel-en-al op die standpunt van Barth. Met Brunner is hy van mening dat daar geen verworpenes is, maar alleen sal wees.

Die *dialektiese teologie* leer in teenstelling met die belydenis van die kerk van die Here die volgende: Die predestinasie is nie 'n besluit van ewigheid af wat afgehandel is nie. Ons mag nie praat van gepredestineerdheid nie; daar is nie 'n vaste getal uitverkorenes en verworpenes nie – ons kan hoogstens sê dat hulle eenmaal sal wees. God gaan aan om beslissinge te neem, daarom moet ons met die nuwe beslissinge van God rekening hou. Christus is die grond vir die verkiesing en die leer van die verkiesing is niks anders as 'n aanduiding dat dit genade is om genade te ontvang nie. Die verwerping het geen plek naas die verkiesing nie, want die

[5] ***E. Brunner***. 'n Switserse teoloog wat tot die skool van Karl Barth behoort.

[6] **G. C. *Van Niftrik*.** 'n Nederlandse teoloog wat ewe eens tot die skool van Barth behoort.

verwerping is vir Christus en die verkiesing is vir alle mense. Die Kerk moet derhalwe aan elke mens sê dat hy verkore is, omdat Christus die verwerping vir hom geken het. Wie glo dat hy verkore is, moet ook as 'n verkorene lewe.

Ons hoef nie verbaas te wees nie dat die predestinasieleer ten alle tye vir baie mense 'n ergernis was en nog is nie. Teen die belyers daarvan word die allerswaarste beskuldiginge ingebring asof hulle verskriklik hoogmoedig en onbarmhartig is en veroorsaak dat mense in vertwyfeling, onverskilligheid en 'n goddelose lewe moet verval. Die ou klassieke predestinasieleer, soos dit in Gods Woord geopenbaar is, deur Augustinus en Calvyn na diepgaande Bybelstudie na vore gebring en deur die Kerk van die Here bely is, moes dit nog altyd ontgeld. Dit het die sinode van Dordrecht ook verstaan. In die 131ste sitting is besluit om 'n *Narede* op te stel. Hierdie besluit wat in baie uitgawes van die 5 Leerreëls nie opgeneem is nie, wil ek hier uit die Acta aanhaal, omdat dit baie aktueel mag word. Die besluit lui soos volg:

"En dit is die naakte, eenvoudige en opregte verklaring van die vyf Leerreëls waaroor daar in Nederland verskille is. En meteen die verwerping van die dwalinge waardeur die Nederlandse Kerke 'n tyd lank in beroering was. Hierdie verklaring en verwerping is, volgens die oordeel van die sinode, uit die Woord van God geneem en stem ooreen met die belydenis van die Gereformeerde Kerke. Daaruit blyk duidelik dat diegene vir wie dit allermins betaamlik is, teen alle waarheid, liefde en billikheid gehandel het en die volk wys wil maak: dat die leer van die Gereformeerde Kerke van die predestinasie en die aanverwante hoofstukke, deur hulle eie aard en drywing, die harte van die mense van alle godvrugtigheid en godsdiens aflei; dat hulle 'n oorkussing is vir die vlees en die duiwel en 'n burgvesting vir die satan, waaruit hy vir alle mense strikke lê, die merendeel van hulle verwond, en baie van hulle met die pyle van wanhoop of sorgeloosheid dodelik deurskiet; dat hierdie leer God maak tot die Outeur van die sonde, onregverdig, 'n Tiran en Huigelaar en dat dit niks anders is nie as 'n nuwe vorm van die Stoïsisme[7], Manicheïsme[8], Libertinisme[9] en Turkedom; dat hierdie leer die mense vleeslik sorgeloos maak omdat dit hulle wysmaak dat dit vir die uitverkorenes aan hulle saligheid niks maak hoe hulle leef nie en daarom allerlei skelmstukke onbekommerd mag bedryf; dat dit diegene wat verworpe is met die oog op die saligheid niks baat al sou hulle ook al die werke van die heiliges doen nie; dat daardeur geleer word dat God deur die blote en louter goeddunke van sy wil, sonder om enige sonde in aanmerking te neem, die grootste deel van die wêreld tot die ewige verdoemenis voorbeskik en geskape het; dat die verwerping op gelyke wyse die oorsaak is van die goddeloosheid en ongelowigheid as wat die verkiesing die fontein en oorsaak is van die geloof en die goeie werke; dat baie onnosele kindertjies van die gelowiges van die borste van hulle moeders afgeruk en op tirannieke wyse in die helse vuur gewerp word, op so 'n wyse dat nóg die bloed van Christus nóg die doop nóg die gebed van die Kerk by hulle doop vir hulle van enige nut kan wees. En watter ander dinge daar ook nog mag wees wat die gereformeerde Kerke nie alleen nie beken nie, maar ook van ganse harte met veragting verwerp.

"Daarom, aan almal wat die Naam van ons Saligmaker Jesus Christus godvrugtig aanroep, betuig die sinode van Dordrecht deur die Naam van die Here dat dit i.v.m.

---

[7] ***Stoïsisme***. *'n* Wysgerige skool gestig deur Zeno van Cyprus in die derde eeu n.C. hul lewens- en wêreldbeskouing is materialisties en panteïsties.

[8] ***Manecheïsme***. 'n Teologies-wysgerige stelsel wat ontstaan het uit 'n vermenging van die Ou Persiese godsdiens met hoofgedagtes van die Christendom. Dit leer o.a. dat God en Satan van ewigheid af teenoor mekaar bestaan het.

[9] ***Libertinisme***. 'n Rigting uit die tyd van die Hervorming. Dit ontken die werklikheid van sonde en het tot volslae bandeloosheid gelei.

die geloof van die Gereformeerde Kerke oordeel dat dit nie uit skinderpraatjies wat hier en daar saamgeraap is en ook nie uit die private of besondere spreuke van sommige sowel ou as nuwe leraars te kwader trou aangehaal en in verkeerde sin verdraai is nie, maar uit die publieke belydenis van die kerk self en uit hierdie verklaring van die regsinnige leer met die eendragtige ooreenstemming van almal en van elke lid van die sinode bevestig is.

"Daarna vermaan die sinode ook die lasteraars ernstig dat hulle moet toesien hoe 'n swaar oordeel van God hulle op hulle laai wat teen soveel Kerke en die belydenisse van soveel Kerke valse getuienis spreek, die gewetes van die swakkes beroer en by baie die gemeenskap van die ware gelowiges verdag probeer maak. Ten laaste vermaan die sinode alle mededienaars in die Evangelie van Christus om hulle in die behandeling van hierdie leer beide in die skole en kerke godvrugtig en godsdienstig te gedra; dat hulle dit sowél met die tong as met die pen tot Gods eer, tot heiligheid van die lewe en tot vertroosting van die verslae gemoedere te rig; dat hulle met die Skriftuur, volgens die gelykmatigheid van die geloof, nie alleen voel nie, maar ook spreek; en eindelik hulle van al sulke maniere van spreek onthou wat die perke van die opregte sin van die Heilige Skrifte buite gaan en aan die losbandige Sofiste aanleiding mag gee om die leer van die Gereformeerde Kerke te beskimp en ook te laster.

"Die Seun van God, Jesus Christus, wat aan die regterhand van sy Vader sit en aan die mense gawes gegee het, heilig ons in die waarheid, bring diegene wat verdwaald is tot die waarheid, stop die monde van die lasteraars van die gesonde leer en begiftig die dienaars van sy Woord met die Gees van Wysheid en onderskeiding sodat al hulle redene mag gedy tot eer van God en tot stigting van die toehoorders. Amen."

## H. DIE MISBRUIK VAN DIE PREDESTINASIELEER

Die leer van die predestinasie, soos dit in die Skrif geleer en in ons belydenisskrifte bely word, het baie bestryders, omdat God alleen deur hierdie leer verheerlik en die sondaar diep verneder word. En die mens wil van genade alleen nie lewe nie.

Sommige maak van hierdie leer misbruik uit *onverskilligheid.* Hulle onttrek hulle aan God se geopenbaarde wil met 'n valse beroep op God se verborge wil, omdat hulle geen lus het in die diens van die Here nie. Hulle redeneer baie dom en sê: as dit tog reeds besluit is hoe dit sal wees, kan ons daar niks teen doen nie en is dit die beste om rustig af te wag wat in ons lewe gaan gebeur. Is ons verworpe, gaan ons tog verlore; is ons uitverkies, kom dit wel in orde. Hulle verlustig hulle selfs daarin omdat hulle in die leer van die Kerk, na hulle mening, 'n pragtige argument gevind het om hulle aan hul roeping te kan onttrek. Ook beweer hulle dat hulle hul wel wil bekeer, maar nie kan nie. Christus sal egter, as hulle hul nie bekeer nie, in die oordeelsdag ook aan hulle sê: julle *wou* nie. Want hulle wil nie wandel in die weë van die Here nie, maar volgens die goeddunke van hulle bose hart. Daarom laat die leer van die predestinasie hulle koud en onverskillig. Die oorsake van baie afwykinge in die *leer* moet gesoek word in die *lewe.*

Met die *valse mistiek* is dit heeltemal anders gesteld. Die mistisiste is oortuig dat God verkies en verwerp het. Hulle hoor graag spreek oor die Vrymag en Soewereiniteit van God en oor die onmag en verdoemelikheid van die sondaar. Maar hulle sien die predestinasie heeltemal verkeerd: nie organies nie, maar fatalisties. Hulle durf selfs 'n beroep doen op hulle onmag en verstaan nie dat ons uitverkies is tot verantwoordelikheid sodat ons ons saligheid met vrees en bewing moet uitwerk,

omdat dit God is wat in ons werk beide om te wil en om te werk na sy welbehae. Teen hierdie valse lydelikheid het ook die apostel Paulus gestry. Hy sê: "sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word? Nee, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?" Ook die apostel Jakobus stry teen 'n dooie geloof wat nie die vrugte van die bekering voortbring nie en 'n beroep doen op eie onmag.

Die mistisiste vergeet dat God die verantwoordelikheid van die mense in die predestinasie opgeneem het. Baie opmerklik is dat hierdie selfde mense in hulle daaglikse lewe so heeltemal anders handel. Hulle weet dat alle dinge in Gods raad bepaal is en tog, as hulle siek is, gaan hulle na die dokter en doen alles wat in hulle vermoë is om vooruit te kom in die wêreld. Maar dan mag hulle ook geen misbruik maak van die predestinasie nie, 'n misbruik waarvan die bitter gevolge in hul geslagte openbaar word.

## I. DIE REGTE GEBRUIK VAN DIE PREDESTINASIELEER

Wanneer ons 'n regte insig het in hierdie leer, verstaan ons dat ons ons roeping en verkiesing moet vasmaak. Dit is vas in die enige, Drie-enige God. En nou moet ons self *weet* dat ons uitverkies is. Die wyse om dit te wete te kom, word aan ons in die Dordtse Leerreëls duidelik voor oë gestel. In V, 9 word gesê dat die gelowiges self versekerd is van die volharding en bewaring tot die saligheid, *na die mate van die geloof.* En dan volg in V, 10: Hierdie sekerheid spruit derhalwe nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God, wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van die Heilige Gees wat saam met ons gees getuig dat ons kinders en erfgename van God is, en eindelik uit die ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke.

Dit is baie leerryk: Ons kry die versekerdheid van ons verkiesing nie deur 'n besondere openbaring sonder of buite die Woord nie. Dit teen die mistisiste en Rome.

Ook Rome leer dat 'n mens in baie besondere gevalle, deur 'n besondere openbaring tot sekerheid kan kom. Dit is nie juis nie. Ons kom tot die sekerheid van ons verkiesing *deur die geloof.* Want die geloof in Christus het die sekerheid in sigself. Ons hou alles vir waaragtig, wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het en vertrou dat die vergewing van sonde nie alleen vir andere nie, maar ook vir ons is. In die *tweede* plek deur die getuienis van die Heilige Gees in ons hart. In Rom. 8:14-16 word daaroor gehandel. Dit gaan daarmee soos in die gewone lewe; 'n kind word gebore en wanneer hy opgroei, leer die moeder hom *eers* sê: vader, moeder. Hy leer dus om vader te sê. So handel die Heilige Gees ook: wanneer die wedergeboorte plaasgevind het, sodat die kind gebore is, leer die Heilige Gees hom om Vader te sê. "Maar julle het die Gees van aanneming tot kindskap ontvang, deur Wie ons roep: Abba Vader."

Dan gaan die moeder verder met haar onderrig. Wanneer die kind vader kan sê, moet hy nog leer om 'n antwoord te kan gee op die vraag: wie se kind is ek? As 'n vreemde hierdie vraag stel, moet die kind 'n goeie antwoord kan gee. Dit doen die Heilige Gees ook: "die Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." (Rom. 8:16) Die gelowiges leer dus eers om Vader te sê. En daarna kan hulle ook, wanneer hulle rekenskap moet gee, sê: Ek is 'n kind van God.

Die Vaderskap rus nie op die kindskap nie, maar die kindskap grond sig op die Vaderskap van God.

*Ten derde,* uit die ernstige en heilige oefening van 'n goeie gewete en van die goeie werke. Dit is immers die vrugte van 'n lewende geloof. Wie in die sonde val of daarin leef, kan nie die blydskap van die geloof besit nie. Wie in goeie werke wandel en lus het in die gebooie van die Here, kom langs hierdie weg almeer tot die oortuiging van die bewaring van die Here en die volharding van die heiliges.

Namate ons geloof werksaam is en vrug dra, na dié mate word ons verseker van ons geloof.

Intussen getuig die Skrif dat die gelowiges in hierdie lewe teen al die verskillende twyfelinge van die vlees stry, en, wanneer hulle in swaar aanvegtinge geraak, die volle vertroue van die geloof en die sekerheid van die volharding nie altyd gevoel nie. Maar God, die Vader van alle vertroostinge, laat hulle bo wat hulleself vermag, nie versoek word nie, maar gee saam met die versoeking ook die uitkoms en wek in hulle die versekering van die volharding deur die Heilige Gees weer op (Dordtse Leerreëls V, 11).

Wie die sekerheid van sy verkiesing deur die geloof mag besit, leer om al meer te wandel in die weë van die Here, stry in die gebede, ken sy volle verantwoordelikheid, leer om te roem in die genade van God in Christus en soek in alles die eer van God. Hy kan sê: En jy, my siel, loof jy Hom bowenal.

# VI DIE SKEPPING

## A. GOD HET DIE WÊRELD GESKAPE

In die begin het God die hemel en die aarde geskape (Gen. 1:1). En deur die geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie (Heb. 11:3).

Dat die Drie-enige God geskape het, weet ons uit sy Woord; God self het dit aan ons geopenbaar, Hy self het gesê dat en hoe Hy die wêreld geskape het. Ons sou daar niks van geweet het as dit nie aan ons geopenbaar was nie. Buite Gods Woord om verval ons in 'n legio van vrae, veronderstellinge en gefantaseerde hipoteses wat ons in allerlei dwalinge kan laat verval.

Indien ons seker wil weet, moet ons kennis ontvang, van genade leef, deur Gods Woord onderwys word. Die Skepper self het dit aan ons geopenbaar en ons sal sy Woord òf gelowig aanvaar òf in ongeloof verwerp. Ons moet die antwoord op hierdie moeilike vraag na die ontstaan van alle dinge ontvang, of ons moet dit self soek en dan kan geen mens die antwoord vind nie.

Barth spreek van 'n *sage,* wat sig van die fantasie bedien en probeer raai hoe dinge voor die aanvang van die geskiedenis was. Daarteenoor het ons in Gen. 1 en 2 geen sage nie, maar die volkome betroubare en suiwere mededeling van dit wat God gedoen het. Die Bybel fantaseer en raai nie, maar gee aan ons 'n historiese mededeling van God se skeppingswerk en daarvoor moet ons dankbaar wees.

Die Bybel spreek verder ook die taal van die daaglikse lewe. Sommige is van oordeel dat die Bybelskrywers 'n onjuiste wêreldbeeld gehad het en daarom hul eie onjuiste kyk op die ontstaan van die dinge gehad het. Dit is nie waar nie en dit is kritiek op Gods Woord. Die Bybel spreek vir alle tye en ons moet nie eensydig die nadruk lê op die menslike faktor nie, omdat ook van Genesis 1 en 2 geld: Die Heilige Gees sê. Ons moet nie wyser as God wil wees nie. Die Skeppingsverhaal bied aan ons geskiedenis en volle werklikheid.

Nou spreek dit vanself dat baie heidense volke ook skeppingsverhale in hulle heilige boeke het. Almal stam van Noag en sy seuns Sem, Gam en Jafet af en dus was almal oorspronklik bekend met die openbaring van God. In die geslag van Sem en Abraham het die Godsopenbaring suiwer gebly, maar in die ander geslagte – dus by die heidense volkere – is die skeppingsverhaal vervals. Daarom wyk die voorstellinge van die heidense volkere baie ver van die Bybel af: hulle leer 'n veelgodedom, spreek ook oor die ontstaan en wording van die gode, terwyl hulle 'n soort oerstof aanneem waaruit alle dinge ontstaan het. Natuurlik is daar ook enkele punte van ooreenkoms en spreek hierdie verhale van dag en nag, man en vrou ens., maar hulle het ver van die waarheid afgewyk. Daarom wil ons Gods Woord nie beskou in die skemerlig van die heidense voorstellings nie, maar ons wil laasgenoemde besien in die helder soeklig van Gods Woord. Dit is nie 'n kwessie van goed – beter – beste nie, maar van waar en vals, waarheid en leuen.

Daarom is dit so verkeerd dat mense wat die natuurwetenskap bestudeer, dink dat hulle die Bybel moet bestry. In die plek van die skepping stel hulle die evolusie. Die verskillende soorte sou dan uit 'n lewenslose stof ontwikkel het en in die wording van die individu sien hulle 'n herhaling van die wording van die soort. Die grense word dus uitgewis. Maar God het die verskillende diere geskep *volgens hulle soorte* (Gen. 1:20-25). Paulus leer in 1 Korinthe 15:39 dat daar geen oorgang is van die een soort in die ander soort nie: maar die vlees van mense is anders as die vlees van vee, en dié van visse anders as dié van voëls. Daar is nêrens 'n tussenskakel nie. Gods

Woord wil van geen evolusieleer weet nie. Die mens is volwasse geskape in die staat van regtheid; daarom geen evolusie in plaas van skepping nie, maar ook geen evolusie naas skepping nie. Hier verskil geloof en ongeloof radikaal van mekaar. Die dwaasheid van die wêreld bind ook hier die stryd aan teen die wysheid van God. Gods Woord het gelyk en sal altyd gelyk kry al duur dit nog so lank. Uiteindelik sal die wetenskap dit moet bevestig, want die feite kan nooit in konflik kom met Gods Woord nie. Dit gebeur wel met die valse gevolgtrekkinge wat uit die feitemateriaal gemaak word deur die vooropgesette idees van die ongeloof.

Die evolusieleer is teen Gods Woord en is ook in stryd met die feite. Laat hulle dan ook maar praat van 3 miljard jare voor die bestaan van die aarde, hulle moet self erken dat hulle ook nie veel verder as Genesis 1, waarin hulle ook nie glo nie, gekom het nie.

Die Heilige Skrif leer dat God in ses dae die hemel en die aarde en alles wat daarin is, geskape het. Ons konkludeer uit die laaste drie tot die duur van die eerste drie skeppingsdae. Dr. H. Bavinck sê dat "die dae in Genesis 1 geen periodes is waarin daaglikse afwisseling van lig en duisternis plaasgevind het nie, maar dae, wat telkens deur 'n wisseling van lig en duisternis gevorm en deur aand en more bepaal is". Trouens in Genesis 1:14 (Gen. 1:14) word onderskeid gemaak tussen *vaste tye* en *dae* en *jare.* Wie het dan die moed om, sonder om hom aan Skrifkritiek skuldig te maak, van die ses dae lang tydperke te maak? Wie gee ons die reg om die skeppingsdae anders te sien as gewone dae? Ons moet nie slimmer wil wees as God wat sy kinders nie deur die teorieë van die natuurwetenskap, maar deur sy Woord onderrig het nie. Daarom hou ons ons aan die eenvoudige en letterlike betekenis van Gods Woord. Eksegese is geen inlegkunde nie, maar uitlegkunde. Ons lê nie dinge in die Skrif in om die ongelowige wetenskap tevrede te stel nie, maar haal daaruit wat daarin is. Ons lees wat daarin staan en soos dit daar staan. So alleen is ons veilig. Want Gods Woord hou stand in ewigheid en sal geen duimbreed wyk nie. En die ware Christelike wetenskap gaan uit, nie van die evolusie nie, maar van die skepping. Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde.

Ons sê deur die geloof Amen op wat God aan ons gesê het.

## B. DIE SKEPPINGSDAE

Op die eerste dag het God *lig* geskape. God het gesê: laat daar lig wees en daar was lig. Wanneer God skep, spreek Hy en dit is daar, Hy gebied en dit staan daar; Hy roep die dinge wat nie bestaan nie asof hulle daar was.

Nou is daar afwisseling van lig en duisternis, van dag en nag. Want God maak skeiding tussen lig en duisternis, en die lig het Hy dag genoem, die duisternis nag. Lig en duisternis wissel mekaar af deur die omwenteling van die aarde. Op die *eerste dag* het ons reeds die onderskeiding tussen dag en nag. Dit was aand en dit was more die eerste dag.

Op die *tweede dag* het God skeiding gemaak tussen waters en waters: die waters wat op die aarde is en die waters wat onder die uitspansel is – die wolke van die hemel wat reën gee. God het die uitspansel hemel genoem. Op die tweede dag het God dus die uitspansel en die wolke geskape.

Op die *derde dag* het God skeiding gemaak tussen die waters op die aarde en die droë grond. Die droë grond het God aarde genoem en die versameling van die waters see. Verder het God die aarde beplant. Hy het gesê: laat die aarde voortbring grasspruitjies, plante wat saad gee en bome wat, volgens hulle soorte, vrugte dra

waarin hulle saad is. En dit was so. God het dus op die derde dag die saadskietende gewasse en die vrugdraende bome geskape in ryke variasie. Daar was geen evolusie nie.

Op die *vierde dag* het God die hemelliggame geskape. Veral die groot lig, die son, en die klein lig, die maan, wat beide vir die aarde groot betekenis het, word genoem. Son en maan is ook bestem om te heers oor die dag en oor die nag en om skeiding te maak tussen dag en nag. Vanaf die vierde dag het ons die gewone dae en wat sou ons belet om daaruit, dus uit die bekende, die konklusie te trek dat ook die eerste dae gelyk was aan die laaste?

Op die *vyfde dag* het God die voëls van die hemel en die visse van die see geskape. En God het hulle geseën en gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die waters in die see, en laat die voëls op die aarde vermeerder. Ook hier het ons weer 'n ryke verskeidenheid.

Nou kom die *sesde skeppingsdag* waarop God die mens geskape het. Eers het God die diere op die aarde geskape volgens hulle soorte: die vee, dit wil sê die huisdiere, skape ens.; ook die kruipende diere en ook die wilde diere wat, in onderskeiding van die huisdiere, in die wildernis lewe. Voordat God die mens skep, is daar eers 'n samespreking tussen die drie Persone van die Goddelike Wese: "Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskape na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape." (Gen. 1:26-27)

Op elke skeppingsdag het God *gespreek,* nou is daar 'n *samespreking* van God. Alle dinge is geskape en nou sal die mens geskape word wat na die beeld van God en na Sy gelykenis gemaak word. Eers Adam en dan terwyl daar 'n diepe slaap oor Adam gekom het, Eva uit Adam. Uit een bloed het God die ganse menslike geslag gemaak. Toe Adam die diere name moes gee, het God hom in die diere die onvolledige by homself laat sien: "maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie" (Gen. 2:20). God toon eers die ontbrekende en skep daarna vir Eva. Dan sing Adam die eerste bruilofslied: "Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem" (Gen. 2:23).

Daarna het God die mens geseën. Hy het sy seën uitgespreek *oor* die plante en die diere, maar spreek sy seën uit *aan* die mens. Die mens het 'n geweldige taak gekry om te heers oor die skepping sodat alles die mens kan dien en die mens God dien. Hy moet alles opdra aan God en moet die skepping voer vanaf die beginpunt tot by die eindpunt, tot die groot bestemming tot verheerliking van die Naam van die Here.

## C. DIE OOREENKOMS TUSSEN DIE SKEPPINGSDAE

Wanneer ons die verskillende skeppingsdae met mekaar vergelyk, sien ons in die eerste plek vo*orbereiding* vir wat volg. God skep niks nie of Hy het eers die voorwaarde tot bestaan en voortbestaan geskape. Nadat Hy eers die see gemaak het, skep Hy die visse; die mens word geskape nadat al die ander tot stand gebring is.

Ons moet ook let op die *ooreenkoms* wat daar tussen die verskillende skeppingsdae is: Op die *eerste dag* het God die lig gemaak en op die *vierde dag* son, maan en sterre.

Op die *tweede dag* het God skeiding gemaak tussen die waters op die aarde en in die wolke van die hemel; op die *vyfde dag* het God die visse en die voëls geskape.

Op die *derde dag* het God die plante en bome gemaak, dit wil sê, die aarde bewoonbaar gemaak. Op die *sesde dag* skep God die bewoners wat op die aarde lewe: vee, kruipende diere, wilde diere en die mens.

Daar is dus 'n treffende ooreenkoms tussen wat God geskape het op die eerste drie en wat Hy geskape het op die laaste drie dae.

Op die sewende dag het God gerus; sy werk is voltooi en daarom neem Hy die skepping in gebruik tot sy eer. Op die sewende dag het Hy Hom verlustig in die werk van sy hande en hierdie dag het Hy geheilig sodat ons dit sou gebruik tot sy eer en daarop sou rus van ons arbeid. In sy arbeid moet die mens as beelddraer van God dieselfde ritme vertoon wat God geopenbaar het. Die sabbat is 'n skeppings-ordinansie en het groot betekenis vir ons hele lewe.

Toe die *Vader* met die skeppingswerk klaar was, het Hy gerus op die sewende dag: die Ou-Testamentiese Sabbat. Toe die *Seun* die verlossingswerk volbring het, het Hy op die eerste dag gerus: die Nuwe Testamentiese sabbat. Wanneer die *Heilige Gees* eenmaal sy werk voltooi het, sal Hy ook rus: die ewige sabbat.

Die Skrif leer vir ons dat die *Drie-enige God* die wêreld geskape het. Die skepping, die verlossing en die heiligmaking is die werk van die Drie-enige God. Ons sê wel dat die Hoofpersoon by die skepping die Vader is, by die verlossing die Seun en by die heiligmaking die Heilige Gees.

Ons lees in Ps. 33:6:Deur die *Woord* van die Here is die hemele gemaak en deur die *Gees* van sy mond hulle hele leër. Johannes sê: In die begin was die Woord; deur Hom het alle dinge ontstaan. In Heb. 1:2 lees ons: wat Hy (die Seun) as erfgenaam van alles aangestel het, deur Wie Hy ook die wêreld gemaak het. En in Ef. 3:9: God, wat alles geskape het deur Jesus Christus. In Gen. 1 lees ons van God wat spreek en van die Heilige Gees wat oor die waters sweef. En by die skepping van die mens sê God, die Drie-enige: Laat ons mense maak na Ons beeld, na Ons gelykenis.

By die skepping het die Drie-enige God, die Volsalige in Homself, geen tussen-oorsake nodig gehad nie. Die skepping het ook nie uit God geëmaneer, uitgevloei, soos water uit 'n fontein nie – dan sou 'n mens hoër sfere kry, naby God, en verder die laere en laagste sfere in plaas van die onderskeiding tussen goed en kwaad. Die mens sou dan nie van sondeskuld verlos word nie, maar sou opstyg uit die laer na die hoër sfere, soos die Neo-Platonisme[1] leer wat soveel kwaad in die kerk gedoen het.

Die Skrif leer dat God die wêreld volgens sy wil geskape het. God skep deur te spreek. Daarom weet ons dat elke skepsel 'n gedagte van God vertolk. Die skepping is soos 'n mooi boek waarin al die skepsele, groot en klein, soos die letters is wat aan ons die onsigbare dinge van God laat sien. Adam het die opdrag gekry om die diere name te gee. Hy moes in elke dier die besondere gedagte van God lees en dit in 'n naam vertolk – die naam gee uitdrukking aan die wese.

Omdat die Drie-enige God die Volsalige in Homself is, het Hy die skepping nie nodig nie; Hy word ook nie gedien soos iemand wat iets nodig het nie; Hy het niemand nodig nie. Hy is die absolute Soewerein, die Pottebakker, wat mag het oor die klei om voorwerpe ter ere of tot oneer te maak. Hy het alle dinge gemaak om Homself ontwille.

---

[1] **N*eo-Platonisme*.** 'n Filosofiese beweging uit die derde en vierde eeu n.C. wat aansluit by die gedagtes van Plato en probeer het om die Christendom te beveg met die wapens van die valse wysbegeerte.

Ons hou dus vas aan die geskiedkundigheid van Genesis 1 en 2: God se Woord is waaragtig en geen enkele bladsy in die Bybel kan losgemaak word van die eerste bladsye wat aan ons sê dat en hoe God geskape het nie. Sodoende verstaan ons deur die geloof dat die wêreld deur die Woord van God toeberei is, só dat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie.

# VII DIE ENGELE

## A. DIE SKEPPING VAN DIE ENGELE

Die Heilige Skrif spreek nie in Genesis 1 en 2 oor die skepping van die engele nie. Weliswaar lees ons: In die begin het God die hemel en die aarde geskape. Op ander plekke word egter aan ons geleer dat God ook die engele geskape het. In Psalm 104 word gespreek oor die skepping van die aarde en sy bewoners en ook oor die skepping van die hemel en sy bewoners. Ons lees daar: Hy maak van die winde sy boodskappers, van vuurvlamme sy dienaars (vgl. Heb. 1:7). Hy het die aarde gegrond op sy grondveste, sodat dit vir ewig en altyd nie wankel nie. In Kolossense 1:16 staan daar: "Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand."

Die getal van die engele is baie groot. Christus sê: "Of dink jy dat Ek nie nou my Vader kan bid, en Hy vir My meer as twaalf legioene van engele beskikbaar sal stel nie" (Matt. 26:53). By Bethlehem is daar 'n menigte van die hemelse leërskare. Die waens van God is tienduisende, duisendmaal duisende (Ps. 68:17).

Ons weet nie presies wanneer God die engele geskape het nie. In Job 38:7 lees ons dat God die aarde gegrondves het toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van God gejuig het.

Die naam engel is 'n ampsnaam en beteken: sendbode, gesant. Die engele word deur God uitgestuur in Sy diens; hulle vorm 'n ryke verskeidenheid en daar is verskillende klasse van hulle. Die Skrif spreek oor die C*herubyne* wat rondom die troon van God is en sy krag op 'n besondere wyse openbaar. Hierdie Cherubs moes die hof van Eden bewaak sodat die gevalle mens nie kon terugkeer om te eet van die boom van die lewe nie. Hulle staan afgebeeld op die versoendeksel, is begerig om in die verlossingswerk van Christus in te sien en bedek die versoendeksel met hulle vleuels. Die *Serafyne* waak vir die heiligheid van God, brand die sonde weg en is vaardig in die diens van die Here. In Jesaja 6, by die roeping van Jesaja, brand 'n Seraf die sonde van die lippe van die profeet af weg, en dan roep hulle uit: Heilig, heilig, heilig is die Here van die leërskare, die ganse aarde is van sy heerlikheid vol.

In die Skrif word ook genoem: trone, heerskappye, owerhede en magte. Twee engele word met name genoem. *Gabriël* wat aan Daniël verskyn het om die gesigte wat hy gehad het uit te lê en aan hom sê dat daar nog sewentig sewetalle sal verloop voordat die Messias kom (Dan. 8:16, Dan. 8:21). Ook is Gabriël na Sagarias in die tempel gestuur om die geboorte van Johannes die Doper aan te kondig en na Maria om die geboorte van ons Here Jesus aan te kondig. Hy het 'n baie hoë plek, Hy staan voor God en word telkens gestuur om te *spreek. Migael* is een van die magtigste engele en tree op as daar gehandel of gestry moet word (Dan. 10:13, Dan. 10:21; Dan. 12:1). Hy beskerm die volk van God en wanneer hulle verdruk word, het hy 'n besondere taak in die stryd teen Satan. In die brief van Judas lees ons dat Migael, die aartsengel, met die duiwel getwis het en in 'n woordestryd was oor die liggaam van Moses. In Openb. 12:7 lees ons: "En daar het oorlog gekom in die hemel: Migael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak en die draak en sy engele het oorlog gevoer." Migael is dus die aartsengel wat handel en stry.

Die engele het baie buitengewone dienste verrig: Hulle moes die tuin van Eden bewaak; hulle kom saam met Christus na Abraham toe om aan hom bekend te maak dat die Here Sodom en Gomorra gaan verdelg; hulle verskyn aan Jakob in 'n droom by Bethel; twee leërskare kom na Jakob toe by Mahanaïm; op Sinaï het Moses die

Wet van die Here ontvang deur die engele (Hand. 7:53, Heb. 2:2, Gal. 3:19). Gabriël verskyn aan Daniël, Sagarias en Maria. 'n Engel bring die evangelie aan die herders, terwyl 'n menigte van die hemelse leërskare God verheerlik. Die engele dien Christus in die woestyn en in Gethsemané. 'n Engel bevry Petrus uit die gevangenis en tref Herodus. Te midde van die storm kom 'n engel na Paulus om hom te bemoedig. By die wederkoms van Christus sal die engele teenwoordig wees (Matt. 16:27, 2 Thes. 1:7). Hulle sal die uitverkorenes versamel (Matt. 24:31) en die goddelose in die vurige oond werp (Matt. 13:41, Matt. 13:49).

Die engele het dus 'n besondere taak, maar het ook 'n *gewone bediening.* Hulle word uitgestuur tot diens terwille van diegene wat die saligheid sal beërwe. Hulle dien God gewillig en getrou en in die Onse Vader word hulle vir ons as voorbeelde voorgehou. Hulle is bly wanneer een sondaar hom bekeer (Luk. 15:10) en hulle beskerm die kleines wat ons daarom nie moet verag nie (Matt. 18:10).

Die skepping leer aan ons van God, van die skepping, onderhouding en regering van alle dinge deur God. Die engele leer van ons sodat deur die gemeente bekend gemaak sal word aan die Owerhede en Magte in die hemel die veelvuldige wysheid van God (Ef. 3:10). Daarom is die engele begerig om in die verlossingswerk van Christus in te sien; hulle sien in die gemeente van Christus die waarom en waartoe van die dienste waartoe God hulle geroep het. Ook dra die engele die gelowiges, wanneer hulle te sterwe kom, na die hemel. Lasarus word deur die engel na die skoot van Abraham geneem.

## B. DIE GEVALLE ENGELE

Die Sadduseërs het die bestaan van engele geloën; die Manicheërs leer dat daar altyd goeie en bose engele was sodat daar 'n ewigdurende stryd is tussen die lig en die duisternis. Maar dan is God die Outeur van die sonde, die Bewerker van die kwaad.

Die eerste sonde het plaasgevind in die engelewêreld. Ons lees in Joh. 8:44:"Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mense-moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie." Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan. Die sonde van die duiwel het dus daarin bestaan dat hy nie in die waarheid staande gebly het nie. Hy het 'n lewens- en wêreldbeskouing ontwerp waarin hy, en nie God nie die eerste sou wees. En dit is dié leuen. Hy wou soos God wees. Die waarheid is dat God die Skepper is en die skepsel onder Hom is. Die leuen is dat die skepsel naas of bo God kan wees. In Judas vs. 6 (Judas 1:6) lees ons: En die engele wat hulle eie beginsel nie bewaar het nie, maar hulle eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar.

Die duiwel is die owerste van die gevalle wêreld, wat aan die hoof van die ander gevalle engele stryd voer teen Christus en sy ryk. Straks sal die Satan geweldige mag openbaar in die Antichris, maar wanneer Christus op die wolke van die hemel kom, word die duiwel met sy bose geeste en die ongelowiges in die poel van vuur gewerp.

Die leuen en die dood gaan saam. Die duiwel is die vader van die leuen en die mense-moordenaar van die begin af.

Waarheid en lewe gaan ook saam. Christus is die waarheid en die Lewe.

Die groot stryd van satan teen Christus, van die leuen teen die waarheid word deur

die eeue heen gevoer. Christus is die Hoof van die engele wat nie geval het nie en die Saligmaker van die uitverkorenes. Hy herstel die oorspronklike verhoudinge. In Kol. 1:20 staan: "dat God deur Christus vrede gemaak het deur die bloed van sy kruis en alles met Homself versoen het, die dinge op die aarde sowel as die dinge in die hemele." Die engele is nou die gehoorsame knegte wat aan die ongehoorsame kinders tot voorbeeld gestel word. Ná die sonde is die mens verneder onder die engele, maar straks sal die seuns, die kinders van God, weer gestel word bo die knegte en as seuns van God op trone sit. Christus sit as die Seun van die mens, as die laaste Adam, aan die regterhand van God (Heb. 1:4-5).

# VIII DIE SKEPPING VAN DIE MENS

## A. GOD HET DIE MENS GESKAPE

In die Heilige Skrif is daar *twee skeppingsverhale:* die eerste vind ons in Genesis 1 – 2:4 waar die Naam Elohim (God) gebruik word. Hier word die mens geteken as die kroon van die hele skepping. Die tweede staan in Genesis 2:4 – 9 (Gen. 2:4-9). Hier word die Naam Jahwe Elohim (Here God) gebruik: die Skepper (Elohim) tree nou ook op as Jahwe (Here), die God van die verbond. Die mens word hier geteken as die begin van die geskiedenis. Beide skeppingsverhale vorm 'n harmonieuse eenheid.

Om te skep, is om te spreek en dit is daar, om te gebied en dit staan daar. Toe God die mens geskape het, het Hy ook gespreek: en God het *gesê:* Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis. En God het die mens geskape na Sy beeld, na die beeld van God het Hy hom geskape, man en vrou het Hy hulle geskape (Gen. 1:26-27).

En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword (Gen. 2:7). Omdat die mens aldus uit die stof van die aarde geformeer is, word hy ook wel genoem 'n "wêreld in klein". Al die bestanddele wat in die aarde is, is ook in die mens. Sodoende staan hy as kroon van die skepping met die hele wêreld in die allernouste verband: daarom kan hy gevoed word en ook die hele skepping beheers. Hy staan nooit teenoor die aarde as 'n vreemde nie: alles wat hy nodig het, ontvang hy uit hierdie skepping van God. Sy voedsel en al die vitamines wat hy nodig het asook sy geneesmiddele assimileer en ontvang hy uit die aarde en neem dit in hom op. Ja, daarom is die beoefening van die wetenskap ook vir die mens moontlik: daar is 'n organiese verband tussen subjek en objek want elke voorwerp van wetenskaplike ondersoek staan in 'n organiese verband met ons liggaam en ook met ons siel. Die wetenskap het die geweldige taak om die kosmos, waarmee die mens in 'n organiese verband staan, in al sy momente in ons af te spieël en in sy verhoudinge logies deur te dink.

Verder lees ons in Gen. 2:7:So het dan die mens 'n lewende siel geword; en in 1 Kor. 15:45 sê Paulus: "So is daar geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees." Adam was 'n lewende siel (psige): hy was nog veranderlik en kon staande bly of val. Hy moes langs die weg van gehoorsaamheid ontwikkel van die sielkundige (die psigiese) tot die geestelike (pneumatiese). Immers, Christus, die laaste Adam, is 'n lewendmakende Gees (Pneuma). Hy het gedoen wat Adam moes doen.

God het eers vir Adam geskape en daarna Eva uit Adam – Hy het uit een bloed die ganse menslike geslag gemaak. Die Here God self het gesê: dit is nie goed dat die mens alleen is nie; Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas. Voordat God Eva geskape het, moes Adam aan die diere name gee. Die Here wou aan Adam in die diere toon wat aan hom ontbreek. Wanneer Adam aan die diere name gee, sien hy by hulle wat by hom ontbreek, want die Here het die diere paarsgewyse geskape. Maar vir die mens het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie (Gen. 2:20). Dan gee God die aanvulling: Hy laat 'n diepe slaap op Adam val. Dit was geen gewone slaap waarin Adam geval het nie: die slaap *val op* hom, 'n narkotiese slaap. Die mediese wetenskap kon in Genesis 2 reeds 'n aanwysing sien hoe die operatiewe ingryping die beste kan geskied.

Dan neem God 'n rib van Adam en bou daaruit die vrou: die vrou is dus uit die man. Dan sing Adam sy bruilofslied: "Dit is nou eindelik been van my gebeente en vlees van my vlees. *Sy* sal mannin genoem word, want sy is uit die man geneem." Dit is

die eerste lied in die Bybel. Toe het God die huwelik ingestel: Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees (Gen. 2:24).

Man en vrou is verskillend; daarom is dit teennatuurlik wanneer die vrou wil wees soos die man of wanneer die man soos die vrou is. In beide gevalle is dit degenerasie.

Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. Maar deur die sonde is die huwelik verwoes. Christus, die laaste Adam, het dit egter herstel: Hy is die bruidegom en sy gemeente is die bruid. Hy bring die wat aan Hom behoort tot die bruilof van die Lam. So begin en eindig die Bybel met 'n bruilof.

## B. NA SY BEELD

God het die mens geskape na sy beeld (Gen. 1:26-27; Gen. 5:1; Gen. 9:6; 1 Kor.11:7; Jakobus 3:9. Lees ook die Ned. Geloofsbelydenis art 14; Heidelbergse Kategismus Sondag 3 vraag 6, Dordtse Leerreëls III en IV, 1.

Die Skrif gebruik twee woorde: beeld en gelykenis; in Hebreeus: zelem en demoeth. Hierdie twee woorde belig die saak van twee kante: God het die mens geskape na Sy beeld en na Sy gelykenis, sodat die mens 'n *gelykende beeld* van God is. Dr. Böhl en die Neo-Kohlbruggiane wil soos volg vertaal: Laat Ons mense maak *in* ons beeld en na ons gelykenis. Dit sou dan beteken dat die mens in die beeld van God gestel is soos iemand wat in die donker was en in die lig geplaas is. Word die lig dan weggeneem, is die mens in die donker, maar het self nie verander nie. Wie in die donker is, kan nie sien nie net soos iemand wat blind is. Ná die sonde het die mens nie in die donker gekom nie; hy het blind geword, want hy het die beeld van God verloor.

Ons kan egter hierdie vertaling (*in* Gods beeld) nie handhaaf nie. In Hebreeus staan voor zelem die voorsetsel *be* en voor demoeth die voorsetsel *ke.* Maar in Gen. 5:3 staan ke by zelem en be by demoeth – dus presies omgekeerd. Dit is 'n duidelike bewys dat beide voorsetsels deur "na" vertaal moet word.

Die mens is die beeld van die Drie-enige God. Die woord "Ons" is nie 'n majesteitsmeervoud nie, maar wys op die Drie-enige God. Ons lees dat God later gesê het: Nou het die mens geword soos een van Ons.

Rome sien die beeld van God as 'n goue teuel: daarsonder hardloop ons met ons hartstogte weg soos 'n perd sonder 'n toom. Dus is die beeld van God 'n uitwendige saak. Dr. Karl Barth sien in die beeld van God die verhouding van die man tot die vrou, die ek-jy verhouding. Dit is ongetwyfeld baie vergesog. Hy wil dan ook die beeld van God terugvind in Christus wat in dieselfde ek-jy verhouding tot sy gemeente staan.

Die beeld van God word in die eerste plek gevind in die amptelike verhouding waarin die mens tot sy God staan: ons het hier 'n verbondsverhouding. God het alle dinge geskape om die mens te dien sodat die mens sy God kan dien (N.G.B. Art 12). In Gen. 1:26 staan: "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip."

Verder bestaan die beeld van God in ware kennis, geregtigheid en heiligheid. Dit weet ons omdat Christus die sondaar herskep na die beeld van God. Hoe Hy dit doen, staan in Kol. 3:10: "en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe

word tot *kennis* na die beeld van sy Skepper." En in Ef. 4:24: "en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware *geregtigheid* en *heiligheid".* Natuurlik kan ons hierdie drie dinge wel onderskei, maar nie skei nie. Ware *kennis* ontvang die wedergeborene sodat hy as profeet God en die skepping reg sou ken; ware *heiligheid* sodat hy as priester God sou liefhê en die naaste soos homself; ware *geregtigheid* sodat hy as koning God sou dien en oor alle skepsels regeer.

Sy hele lewensopenbaring in amptelike diens!

## C. MET HEERLIKE BESTEMMING

Die oorspronklike verhouding van God tot die mens is 'n verbondsverhouding. Alleen langs die weg van die verbond kan die mens met God verkeer. Die verbond is met die skepping self gegee, daarom word daar in Genesis 2 gespreek van die *Here* God. Die verhouding van 'n kind tot sy moeder *is* ook 'n verbondsverhouding wat ook nie apart gesluit word nie, maar reeds voor die geboorte en terstond by die geboorte daar *is.* So het God die mens, wat na sy beeld gemaak *is,* in 'n verbondsverhouding geskape. Hierdie *werkverbond is* in sy oorsprong éénsydig (monopleuries). Die Here God alleen het dit opgerig. Adam het by die oprigting niks gedoen nie, maar kon dit eenvoudig uit die hand van die Here ontvang. Hierdie monopleuriese gedagte vind ons veral in die naam *Testament.*

In sy uitwerking is die verbond egter tweesydig (dipleuries) Die verbond eis die hele mens op met al sy gawes en kragte, ten alle tye. Daar is twee ongelyke partye en daarom is die verbond in sy uitwerking tweesydig.

Die weg van die verbond het vir die mens by twee bome langs geloop in die tuin van Eden: die boom van kennis van goed en kwaad was die weg van die verbreking van die verbond en dus ook tot die verbondswraak: die ewige verderf. Die boom van die lewe was die weg tot verbondshandhawing, tot die ewige lewe en die verbondseën. Die mens moes een van die twee kies.

En hy het gekies!

# IX DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD

## A. WAT DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD IS

Vroeër het die mense gedweep met 'n algemene voorsienigheidsgeloof; hulle was van oordeel dat heidene en Christene, gelowiges en ongelowiges hier 'n gemeenskaplike artikel het wat beide op die rede en op die Bybel steun. Baie het graag gespreek oor *die* voorsienigheid wat hulle bewonder het as die vervuller van al hul verlangens. Die goeie God sou dan wel vir die goeie mense sorg wat tog maar net die goeie soek. Na die Tweede Wêreldoorlog het dit heelwat anders geword. Die woord troos het plek gemaak vir die woord angs en die moderne denke, wat eksistensieel vra na die sin en doel van die lewe, spreek liewers oor die demoniese, die chaotiese, die sinlose wat die wêreld ons te sien gee. Die algemene voorsienigheidsgeloof het dan ook 'n gedugte knak gekry; die mense lag nou daarvoor. Wie die werklikheid in die oë sien, vind dit al te bespotlik om nog te praat van voorsienigheid, omdat hulle weerloos staan teen 'n ysere noodlot wat ons sou omklem.

Daarom *is* dit des te belangriker om ook hier te sien wat Gods Woord ons leer. Die Skriftuurlike leer van God se voorsienige bestel oor alle dinge *is* deur Augustinus en Calvyn duidelik na vore gebring en ook in ons belydenisskrifte helder uiteengesit.

Al kom die naam voorsienigheid nie letterlik in die Bybel voor nie, die saak self word byna op elke bladsy van die Heilige Skrif vir ons voor oë gestel. Die voorsienigheid van God staan in die aller nouste verband met die skepping. Ons lees dat God, nadat Hy alle dinge geskape het, gerus het van sy werk. Nadat die skeppingswerk afgehandel was, het God Hom verlustig in sy eie werke en die skepping in gebruik geneem tot sy eer. En nou laat Hy die skepping wat ontstaan het, voortbestaan. Hy vernuwe die gelaat van die aardryk; lei alle dinge en is in alles betrokke. Oral sien ons sy bestel: Hy hou 'n wakende oog oor die syne, regeer die volkere, tel die hare van hulle hoofde, terwyl daar sonder sy wil nie eers een mossie op die aarde val nie.

Sowel in die Ou as in die Nuwe Testament word aan ons getoon hoe die besondere leiding van God gaan oor die hele skepping, oor alle volkere en veral oor diegene wat Hom vrees. By die skepping het God die dinge wat nie daar was nie, laat *ontstaan;* deur sy voorsienige bestel laat God die dinge *voortbestaan.* In Gen. 2:4 word gehandel oor die geboorte van hemel en aarde; op die geboorte volg dan die opvoeding waardeur God die dinge wil voortlei tot die bestemming wat Hy daarvoor gehad het.

Hierdie voorsienigheid is die werk van die Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Daarom staan God se voorsieninge bestel ook in 'n regstreekse verband met die werk van Christus: die Vader regeer deur Hom alle dinge. Paulus sê in 1 Korinthe 8:6: Tog is daar maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom. En in Kol. 1:16 lees ons: Want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemel en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte – alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge en in Hom hou alle dinge stand. In Heb. 1:3 staan: Hy wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte. Daarom, lees ons in Rom. 8:28, werk alle dinge mee ten goede vir dié wat God liefhet, dié wat na Sy voorneme geroep is. God se voorsienige bestel gaan oor alles, maar nie los van, dog in die allernouste verband met die herskeppingswerk van Christus.

Sodoende word die voorsienigheid van God 'n leerstuk wat tintel van lewe en vir Gods volk so vertroostend is. Dit leer ons Belydenisskrifte ook.

Die Ned. Geloofsbelydenis bring in artikel 13 die voorsienigheid in verband met die skepping en met die ampte en gawes, maar ook met die werk van ons Here Jesus Christus. Ook die Heidelbergse Kategismus sien die voorsienigheid Christosentries (met Christus as middelpunt). In Sondag 1 staan dat Christus ons so bewaar dat sonder die wil van ons hemelse Vader geen haar van ons hoof sal val nie en dat alle dinge tot ons saligheid dien. In Sondag 9 staan dat die ewige Vader van ons Here Jesus Christus deur sy ewige raad en voorsienigheid alles onderhou en regeer en om sy Seun Christus ontwil my God en Vader is, op Wie ek so vertrou dat ek nie twyfel nie of Hy sal my met alles wat nodig is vir liggaam en siel versorg en ook alle kwaad wat Hy oor my in hierdie jammerdal beskik, my ten beste laat verander. En in Sondag 10 staan dat die voorsienigheid van God die almagtige en alomteenwoordige krag van God is, waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand tot ons kom.

In ons belydenisskrifte word die voorsienigheid van God dus nie as 'n abstrakte leerstuk behandel nie, maar in die nouste verband met die praktyk van die godsaligheid en met ons geloofslewe. Ook staan die belydenis nie los van die saligmakende geloof nie: Hy wat regeer, is die ewige Vader van ons Here Jesus Christus.

En dit is *spesifiek Gereformeerd.*

In die Lutherse en Roomse belydenisskrifte word òf nie oor die voorsienigheid van God gehandel nie òf in die sin van 'n algemene voorsienigheidsgeloof, wat ook die heidene ken. Dan staan die voorsienigheid los van of naas die weg van saligheid. En dit mag nie gebeur nie, want Christus het opgevaar na die hemel *sodat* Hy daar sou bewys dat Hy die Hoof is van die Christelike Kerk, *deur Wie* die Vader alle dinge regeer.

## B. DIE BESTRYDING

Hierdie leer van God se voorsienigheid word bestry deur:

### 1. Die deïsme

By die leer van die voorsienigheid van God kom dit aan op die regte verhouding waarin God as Skepper Hom geplaas het tot sy skepping. Die deïsme stel God slegs *bo* die skepping: God is die horlosiemaker wat die groot horlosie (die heelal) in mekaar gesit het sodat dit kan loop. Die veer, die ratte, die wysers het elkeen 'n eie plek en taak. Wanneer die horlosie nou maar goed opgewen is, loop dit verder vanself en dan is dit die beste om verder so min as moontlik daarmee te peuter. So bemoei God Hom ook nie met die skepping nie, tensy daar iets haper. Soos 'n skeepseienaar wat die skeepskaptein 'n goeie reis toewens, maar verder gaan sit en wag om te kyk hoe en wanneer die skip sal terugkeer, so sou God vir alles in die skepping goed gesorg het en nou moet die mense maar self toesien dat alles verder goed voortgaan op aarde.

Die deïsme het hoogty gevier toe die wetenskap reuse vorderinge begin maak en die mens die wondere van die heelal ontdek het. Die mens het gedink dat hy God nie meer nodig het nie aangesien hy die hele natuur beheers en onafhanklik geword het. So is daar ook prakties baie deïste: wanneer dit goed gaan in hulle lewes, bid hulle

nie, maar sodra daar siekte en teenspoed kom, word dit anders – nood leer bid. Dis soos 'n matroos wat van 'n maspaal afval en uitroep: Here, help my; dan kry hy eensklaps 'n tou beet en sê: nou is dit nie meer nodig nie.

Hierdie deïstiese gedagte word ook gedeel deur die dialektiese teologie; wat ook die soewereiniteits- of grensteologie genoem *is.* Daarvolgens is daar 'n skerp grens tussen God en die skepsel, 'n doodslyn. Daar kan geen blywende aanraking tussen God en die skepsel wees nie; God openbaar Hom alleen soos die bliksem wat inslaan en ons tref. Net so leer die deïsme dat God Hom nie met ons bemoei nie, behalwe in uitsonderlike gevalle – verder gebeur alles toevallig.

Prakties lei die deïsme tot Ateïsme: godsdiens sou dan alleen goed wees vir swak en siek mense, vir armes en hulpbehoewendes wat hulleself nie kan red nie.

Die dialektiese teologie beweeg in die lyn van Occam[1] wat ook gepraat het van waarhede wat geen verstands-, maar geloofswaarhede is: die waarhede van God gaan dan in teen die rede. Ons sê dat hulle *bokant* die rede uitgaan sodat ons hulle wel kan ken, maar nie kan deurgrond en begryp nie. By bogenoemde teologie is God se soewereiniteit niks anders nie as willekeur en is daar vir ons alleen spanning en gerig en krisis, maar geen voorsienigheid van God nie.

### 2. Die panteïsme

Die panteïsme vereenselwig God en die wêreld, die Skepper en die skepsel met mekaar. Dit sien die verhouding tussen God en die wêreld so dat hulle een is in wese en in openbaring: God is die groot oseaan en die skepsele is die golwe, die druppels van die oseaan. So word God neergetrek tot en vereenselwig met die skepsel; die mens weer word opgehef tot God en vergoddelik. Die panteïsme en die evolusieleer is ook nouverwant aangesien eersgenoemde leer dat alles groei en in wording is.

Die voorsienigheid val saam met die gang van die natuur en so lei die panteïsme, in watter mooi vorme dit ook al voorgehou word, tot die heidense noodlot. Die mens word van alle verantwoordelikheid onthef. Dinge gebeur soos dit moet. Ook die valse mistiek lê in hierdie rigting. Die gevolge van hierdie gedagtes is vreeslik, want dit leer dat ons oorgegee is aan 'n ysere noodlot. 'n Misdadiger word byvoorbeeld beskou as die produk van *sy* afkoms, omgewing en opvoeding sodat hy nie kwalik geneem kan word vir *sy* misdaad nie – net soos 'n boom wat skeef gegroei het. Die mens is dus nie sondig en skuldig nie, maar swak en siek, daarom moet ons simpatie hê met die arme sukkelaars. So word alle verantwoordelikheid opgehef en is daar vir die voorsienigheid van God geen plek nie.

## C. DIE INDELING VAN GOD SE VOORSIENIGHEID

Ons kan by die voorsienigheid van God onderskeid maak tussen die onderhouding, die medewerking en die regering.

### 1. Die onderhouding

#### *(a) Die onderhouding en die soewereiniteit van God*

God het al sy skepsele afhanklik geskape: die engele, die mense, die diere, die plante, die son, maan en sterre is geheel en al afhanklik van die Skepper. Elke skepsel het *sy* ontstaan en ook sy bestaan en voortbestaan aan God te danke. Die

[1] ***Occam****. 'n* Teoloog en skolastikus uit die middeleeue.

deïsme wil met 'n beroep op God se soewereiniteit bewys dat God Hom nie met die wêreld bemoei nie; die Skrif leer egter dat, omdat God die absoluut soewereine is, die mens van Hom afhanklik is en dus geen bron van krag besit nie. Weliswaar is daar verborge kragte in die skepping wat die mens eers later ontdek het, maar tog het ook hierdie latente kragte nie 'n onafhanklike bestaan nie: hulle is deur God gegee en word ook deur Hom onderhou.

Wanneer die bome kaal is in die winter en sonder blare, skuil daar tog verborge kragte in die bome wat steeds onderhou moet word en dit doen God ook. Sonder hierdie onderhouding deur die soewereine God, sou die skepping nie kon voortbestaan nie, maar versink in die niet.

***(b) Die onderhouding en die almag van God***

Die voorsienigheid is die almagtige krag van God waardeur Hy alle skepsele as met *sy* hand onderhou; in Hom leef ons, beweeg ons en is ons. Dit geld van die geweldige natuurkragte, maar ook van elke skepsel tot die allerkleinste bakterieë toe. Geen sterweling kan hulle in stand hou nie: daarvoor is die almagtige hand van die Allerhoogste nodig. Die onderhouding van heel die skepping en van alle afsonderlike skepsele is 'n almagtige daad van God.

***(c) Die onderhouding en die alomteenwoordigheid van God***

God is alomteenwoordig, maar Hy is dit op verskillende maniere op verskillende plekke. In die hemel kom *sy* heerlikheid op die mees luisterryke wyse tot openbaring. Ook op aarde is daar in hierdie verband 'n verskeidenheid: Gods teenwoordigheid is anders in die klippe as in die plante, in die diere as in die mense, in die wêreld as in die Kerk. Nooit en nêrens is ons sonder Hom nie; oral en altyd is ons van Hom afhanklik.

***(d) Die onderhouding en die wysheid van God***

God maak in *sy* onderhouding van middele gebruik en daarin kom *sy* veelkleurige wysheid tot openbaring. Ons is geneig om te dink dat die onmiddellike manier minder eenvoudig is as die middellike. Maar dit is nie die geval nie: God se onderhouding met gebruikmaking van middele staan nie laer as *sy* onderhouding daarsonder nie. Daarom moet ons dankbaar gebruik maak van die middele wat God aan ons gee: voedsel, geneesmiddele ens. Ons moet dankbaar gebruik maak van die middele wat God aan ons gegee het en dit wil gebruik volgens *sy* wyse bestel; ook die middele kom uit *sy* hand en word deur Hom onderhou.

## 2. Die medewerking

Wanneer ons spreek oor die medewerking van God, moet ons onderskei tussen die *Eerste Oorsaak* (God) en die *tweede oorsake* (die skepsele). Jesaja sê: Kan die byl hom beroem teen die wat daarmee kap, of die saag spog teen hom wat dit trek? Asof 'n staf hulle swaai wat hom ophef, asof 'n stok hóm ophef wat nie hout is nie! (Jes. 10:15). Assirië is in die hand van die Here 'n byl waarmee Hy kap, 'n saag wat Hy trek. Paulus sê: werk julle eie heil uit met vrees en bewing, want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae (Filip. 2:12-13).

Die deïsme maak skeiding tussen God en die mens en leer dat hulle apart werk; die panteïsme maak geen onderskeid nie, maar vermeng beide sodat die menslike verantwoordelikheid verdwyn.

Ons moet nie vergeet nie dat die tweede oorsake hulle ontstaan, bestaan en voortbestaan aan die Eerste Oorsaak te danke het. Die sonde van baie is dat hulle aan die tweede oorsake 'n bestaan gee los van God en naas of teenoor Hom.

Ook gebruik die Eerste Oorsaak die tweede oorsake volgens hulle aard: Hy werk anders in die plante wat organismes is as by die diere wat instinktief handel en by die mens wat 'n verstand het. 'n Klimop groei teen 'n boom op na die top, 'n eekhoring en ook 'n jong seun klim teen die boom uit. In al drie gevalle werk God mee, maar Hy werk anders by die klimop as by die eekhoring en weer anders by die seun.

Die Eerste Oorsaak beweeg die tweede oorsake ook tot selfwerksaamheid. Wanneer iemand siek is en die geneesheer stel die diagnose vas en gee aan hom die geneesmiddele, dan bewerk God die genesing deur die arbeid van die geneesheer. Ons is gewoond om te spreek van natuurwette. Hulle is egter geen selfstandige wette, losgemaak van die Wetgewer nie en hulle werk ook nie selfstandig en onafhanklik nie. Die werking van die natuur is elke oomblik 'n werking van God: as 'n klip byvoorbeeld val, dan val dit nie omdat die swaartekrag van die aarde dit na benede getrek het nie, maar omdat God die wet van die swaartekrag daargestel het en deur dié wet word die klip dus na benede getrek. Ons sê: *dit* sneeu, *dit* reën, maar die Skrif sê: H*y* gee sneeu soos wol, H*y* strooi sy ys in stukke rond, H*y* laat die gras op die berge uitspruit.

Die Skrif gebruik nie die naam natuurwette nie; wet (thora) beteken onderwys. Vir die natuurwette gebruik die Skrif die woord ordinansies. In Jer. 31:33 staan: Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart. En dan volg in vs. 35 [Jer. 31:35]: "So sê die Here wat die son gee tot 'n lig oordag, die *ordeninge* van die maan en van die sterre tot 'n lig in die nag; wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, Here van die leërskare is sy Naam." Hier word dus 'n onderskeid gemaak tussen wet en ordeninge: die wet vir die huis van Israel en die ordeninge vir die natuur.

By die *diere* is God se medewerking weer anders: 'n polisiehond spoor 'n misdadiger op, 'n perd help sy ruiter, 'n hond red 'n kind uit die water, 'n ooievaar aan die hemel ken sy gesette tye asook 'n kraanvoël en 'n swaeltjie. "Maar My volk het geen kennis nie," sê Jesaja: ,,’n os ken sy besitter en 'n esel die krip van sy baas, maar My volk het geen kennis nie."

By die mense kom God se medewerking tot sy hoogste openbaring, omdat hulle verantwoordelik bly vir hulle dade. Selfs in die gedagtes en oorlegginge van die hart werk God mee. Die hoogste medewerking vind ons daar waar ons wil wat God wil en doen wat Hy van ons vra in sy Woord. Die medewerking van God is die almagtige en alomteenwoordige krag van God waardeur Hy meewerk in al die beweginge van sy skepsele, elkeen volgens sy aard. Nou verstaan ons ook die betekenis van ons verantwoordelikheid: wanneer 'n sondaar sonde doen, wil hy dit doen. Die sirkel van verantwoordelikheid is by die een geringer van omvang as by die ander; by 'n kind anders as by volwassenes, maar binne die sirkel, hetsy groot of klein, is daar volle verantwoordelikheid. Deurdat ons in Adam gesondig het, mis ons die materiële wilsvryheid: die formele wilsvryheid het ons behou sodat ons verantwoordelik sou bly vir al ons dade. Ons wil nie die medewerking van God loslaat nie en dan die vryheid van die mens tot onafhanklikheid bring nie. Ons wil ook nie die vryheid en verantwoordelikheid van die mens opoffer en God se voorsienigheid omvorm tot 'n ysere noodlot nie. God se medewerking en ons verantwoordelikheid kan nie geskei word nie, want God het in sy voorsienige bestel ons verantwoordelikheid opgeneem as 'n onmisbare skakel.

### 3. Die regering

Die Kategismus sê dat die voorsienigheid van God sy almagtige en alomteenwoordige krag is, waardeur Hy hemel en aarde en alle skepsele as met sy hand onderhou en so *regeer* dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand tot ons kom.

God hou die teuels vas en lei die wêreldgebeure en die lewe van elkeen afsonderlik soos wat Hy dit in sy ewige raad bepaal het. Hy is die absolute Soewerein en doen wat Hom behaag. Hierdie soewereiniteit is egter geen willekeur nie; God doen nooit iets wat teen sy Wese ingaan nie. Sy raad sal bestaan en Hy sal sy welbehae doen. Sy besluite is ván ewigheid af, dié besluite baar in die tyd en dan word wat besluit is, werklikheid. Daarom staan alle dinge met mekaar in 'n wonderlike harmonie, ook al sien ons dit nie altyd nie. Alle dinge loop uit op die Verheerliking van God se Naam. Sy eer hang nie af van ons goedkeuring nie. Wat kan dit 'n groot musikus skeel indien iemand wat van musiek niks af weet nie, beweer dat hy nie goed speel nie? Hy geniet sy eie spel, en 'n nagtegaal sing ook nie ter wille van die applous van die menigte nie. God verheerlik Homself in die werk van sy hande. Eendag sal God aan ons die magtige argitektoniese geheel toon en dan sal ons Hom prys ook vir die teleurstellinge en smarte. Sy Naam moet ewig eer ontvang.

## D. DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD EN DIE SONDE

Ons Geloofsbelydenis spreek in art. 13 duidelike taal i.v.m. die voorsienigheid: "Ons glo dat die goeie God, nadat Hy alle dinge geskape het, hulle nie laat vaar het of aan die toeval of geluk oorgegee het nie, maar hulle na sy heilige wil so bestuur en regeer het dat in hierdie wêreld niks sonder sy beskikking gebeur nie, alhoewel God geensins die bewerker is en ook nie die skuld dra van die sonde wat gedoen word nie. Want sy mag en goedheid is so groot en onbegryplik dat Hy sy werk baie goed en regverdig beskik en doen, selfs wanneer die duiwels en die goddelose onregverdig handel. En met betrekking tot die dinge wat Hy doen bo die begrip van die menslike verstand, wil ons nie 'n nuuskierige ondersoek instel na wat ons begrip nie kan bevat nie, maar ons aanbid met alle ootmoedigheid en eerbied die regverdige oordele van God, wat vir ons verborge is, en stel ons daarmee tevrede dat ons leerlinge van Christus is om alleen te leer ken wat Hy ons aanwys in sy Woord sonder om hierdie perke te oortree."

God is nie die Bewerker van die sonde en die sonde is nie in die stof, die materie nie. Die sonde is 'n aktiewe berowing sodat die mens die kragte en gawes wat Hy van God ontvang het om te gebruik in die diens van sy Skepper, nou gebruik in die diens van Satan. Die mens sondig met die gawes wat hy van God ontvang het teen God. Weliswaar het God die sonde opgeneem in sy raadsbesluit sodat Hy nooit daardeur verras kan word of daardeur aan bande gelê word soos deur 'n vreemde mag nie. God het besluit dat die duiwels en die mense vrywillig in sonde sou val, dat die sonde 'n plek in die wêreldgeskiedenis sou ontvang, dat Christus vir die sonde sou ly en sterwe en dat die sonde straks ook geheel en al oorwin sal word en dan nog tot eer van God diensbaar gemaak sal word sodat sy genade tot openbaring sou kom. God sien dus nie maar lydelik toe hoe die sonde voortgaan nie; die sonde het 'n plek in sy bestel. Dawid sê self: Die Here het aan Hom (Simeï) gesê: vloek Dawid. In Rom.1 staan dat God die mense oorgee aan die vreeslikste sondes wanneer die mense Hom neergetrek het tot die skepsel.

Ons dink ook aan die ontsettende sonde wat die Jode en die heidene begaan het toe

hulle Christus aan die kruis gespyker het. "Hom wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring" (Hand. 2:23).

Nou moet ons goed onderskei: daar kan nie gesondig word sonder dat God die krag daartoe verleen nie; 'n sondige daad is ten enemale onmoontlik indien God nie die energie gee nie. Wanneer iemand vloek, gee God die krag om die vloek uit te spreek. Wanneer die sondaar sondig, is die krag wat hy gebruik deur God aan Hom gegee en word dit deur Hom onderhou. Ons sê dus nie dat God die sonde toelaat nie. God vertoorn Hom verskriklik oor die sonde; Hy haat die sonde juis omdat die gawes wat misbruik word van Hom af kom.

Die sonde word dus gepleeg met die krag en die gawes wat God aan die mens verleen het, maar die motiewe waarmee die sondaar daardie daad gepleeg het, het uit homself voortgekom en dus staan die sondige daad geheel en al op sy rekening. Ons bly dus ten volle verantwoordelik en die sonde is des te meer ontsettend omdat dit gepleeg is met kragte wat God aan ons gegee het om te gebruik tot sy eer.

## E. DIE VOORSIENIGHEID VAN GOD EN ONS GELOOFSLEWE

Ons is dikwels geneig om dinge eensydig te beskou en dinge wat God organies verbind het, los naas mekaar te stel; byvoorbeeld Gods voorsienigheid en ons gebede. Dit bring groot verwarring mee. Indien ons die nadruk eensydig op Gods voorsienigheid lê, kom ons tot die konklusie dat ons gebede daar tog niks aan kan verander nie; lê ons weer die nadruk op die betekenis van ons gebedslewe, dink ons maklik dat ons 'n verandering in God se raad sal kan aanbring. Ons vergeet dat God se voorsienige bestel organies verbind is met ons gebede.

Dit is nie waar dat God se raad verander kan word nie, maar dit is ook nie waar dat ons gebede geen betekenis het nie. Ons weet dat God alle dinge regeer en tog, nee, juis dáárom bid en vra ons uitkoms. Hy weet alles en tog, nee, juis dáárom maak ons ons node en behoeftes aan Hom bekend. God het besluit dat die lewe van Hiskia verleng sou word langs die weg van gebedsverhoring. Wie inderdaad glo dat God se voorsienige bestel oor alle dinge gaan, sal nie in sy gebedslewe verslap nie, maar in alle dinge met sy God te rade gaan. Die Skrif gee aan ons die voorbeelde van Daniël en Nehemia. Ons lees in Daniël 9:3, 4 [Dan. 9:3-4]: En ek het my aangesig tot die Here God gerig om met vas en in sak en as, my aan gebed en smekinge te wy. En ek het tot die Here my God gebid en belydenis gedoen. Dan staan daar in vs. 21: "Terwyl ek nog spreek in die gebed, het die man Gabriël wat ek 'n vorige keer in die gesig gesien het, na my gekom omtrent die tyd van die aandspysoffer. En hy het my onderrig en met my gespreek en gesê: Daniël, nou het ek uitgegaan om jou insig te gee." Gabriël is dus tot Daniël gestuur in antwoord op sy gebed. In hoofstuk 10 word aan ons meegedeel dat Daniël drie weke lank in gebed was en dan kom die Engel van die Here na hom toe en sê: Daniël, geliefde man, gee ag op die woorde wat ek met jou spreek. . . Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van God te verootmoedig, is jou woorde gehoor en om jou woorde ontwil het ek gekom (vs. 12 [Dan. 10:12]).

Ons moet stry in ons gebede. Gevoude hande is so sterk. Ook Nehemia het dit ondervind toe hy voor die koning gestaan het. Hy wou graag na Jerusalem gaan en vra verlof van die koning en intussen spreek hy tot die Here; dan vind hy die juiste woorde en word die hart van die koning gewillig gemaak om hom na Jerusalem te laat gaan. Die gebede van die heiliges word saam met die reukwerk voor die troon

van God gebring en dan voer God sy raadsplan uit (Openbaring 8:3).

Nou begryp ons ook dat ons gebruik moet maak van die middele wat God aan ons gegee het. Die Here is magtig om ook sonder middele te werk, maar die gewone weg wat Hy in sy voorsienige bestel volg, is die middellike weg. Hosea wys daarop in 2:18-21: "En Ek sal My met jou verloof tot in ewigheid en My met jou verloof in geregtigheid en in reg en in goedertierenheid en in ontferming. En Ek sal My met jou verloof in trou; dan sal jy die Here ken. En in dié dag sal Ek verhoor, spreek die Here, Ek sal die hemel verhoor en dié sal die aarde verhoor; en die aarde sal die koring verhoor en die mos en die olie, en dié sal Jisreël verhoor."

Die Here het Hom met sy volk verloof en dan gee Hy sy seëninge aan die volk langs die weg van middele. Die hemel verhoor die aarde, die aarde verhoor die koring en die mos en die olie en dié sal Jisreël verhoor. Ons hou bidure vir die oes en van God se seën hang alles af. Maar dan moet die mens tog ook saai en skoffel en oes in diepe afhanklikheid van Hom, wat alle dinge bestuur.

Dan is ons ook in teenspoed geduldig. In ons belydenis wat nie 'n sierplant is wat geen vrugte dra nie, maar 'n beker wat gevul is met die helder, fris water uit Gods Woord, vind ons die ryke troos dat alles uit Gods Vaderhand ons toekom. In dae van teenspoed is die hoofsaak dan vir ons, nie watter kruis op ons skouers gelê is nie, maar wel hoe ons dit dra, of ons dit dra deur die geloof in ons Here Jesus Christus. Die gelowige is geduldig, maar dit beteken nie dat hy onaandoenlik is soos die stoïcyn met sy noodlotsbeskouing wat op sy tande byt en hom groot hou nie. Wie inderdaad groot is (deur die geloof in Christus) hoef hom nie groot te hou en is nie koud en onverskillig nie. Die kastyding is geen oorsaak van vreugde nie, maar van droefheid, dog dit werp 'n vreedsame vrug van geregtigheid af vir diegene wat daardeur geoefen is.

Ons moet die roede kus en ons kruis dra in die krag van Christus; dan sal die Here ons leer om geduld te beoefen. Ons gee ons oor in sy hand en weet dat alle dinge meewerk ten goede, dat ook die kwade ons ten beste gekeer word. In kinderlike geloof vereenselwig ons ons met God se wil sodat ons ook soos 'n Job kan sê: Die Here het gegee, die Here het geneem, die Naam van die Here sy geloof. (Job 1:21)

Ons is *in voorspoed dankbaar.*

Van nature is ons ondankbaar. Van die tien wat genees is van melaatsheid, het alleen een Samaritaan teruggekom sodat die Here Jesus moes vra: Waar is die nege? Die vraag word soms gestel wat makliker is: om in teenspoed geduldig of in voorspoed dankbaar te wees. En dit is 'n feit dat beide ewe moeilik is; beide is die vrug van genade alleen. Tog sien ons meer geduld in teenspoed dan dankbaarheid in voorspoed. Dit is 'n gevolg daarvan dat ons in dae van teenspoed so afhanklik kan wees: voor die uitkoms is ons afhanklik, maar as dit dan gekom het, vergeet ons so maklik dat die Here die uitredding gegee het. Daarom sê die digter: Vergeet nooit een van sy weldadighede, vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.

Ons moet klein word te midde van al die onverdiende weldade en saam met Petrus uitroep: "Here, gaan weg van my af, want ek is 'n sondige mens." (Luk. 5:8) Sowel die geduld as die dankbaarheid moet staan in die teken van die offer wat die vrug is van die Offer van onse Here Jesus Christus.

Ten opsigte van die toekoms het ons *'n vaste vertroue.*

Ons moet op ons hoede wees vir twee gevare: ten eerste vir die gevaar van ydele besorgdheid. "De mens lijdt dikwijls het meest door het lijden dat hij vreest, doch dat nooit op komt dagen, zo heeft hij meer te dragen dan God te dragen geeft". Dan

is die toekoms donker en ons siel onrustig in ons. Tweedens moet ons waak vir die gevaar van lughartigheid en sorgeloosheid, die volstruispolitiek.

Ons moet die volle werklikheid onder oë sien en tewens weet dat die Vader regeer deur Christus wat aan sy regterhand sit. Wat skynbaar teen ons is, sal vir ons wees. Jakob het gesê: alle dinge is teen my. Dog hulle was *vir* hom, want, sê Josef: julle het dit ten kwade bedoel, maar God het dit ten goede beskik. Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom, en Hý sal dit uitvoer (Ps. 37:5). Geen skepsel sal ons kan skei van die liefde van God in Christus Jesus onse Here nie.

Ons gebruik die talente wat aan ons gegee word en woeker met die gawes wat aan ons toevertrou is. Ons is gehoorsaam, siende in die gebod en blind vir die toekoms. Hoe donker dit ookal mag wees:

> Maar die Heer sal in my lewe
> weer oordag sy guns gebied
> Ook deur donker nag omgewe,
> sing ek nog my pelgrimslied.

# X DIE SONDE

## A. DIE OORSPRONG VAN DIE SONDE

### 1. God is nie die bewerker van die sonde nie

Ons mag die oorsprong van die sonde nie by God soek nie – nie regstreeks en ook nie onregstreeks nie. Net die feit dat so 'n gedagte by ons kan opkom en ons die vraag kan stel of God die oorsprong van die sonde is, toon hoe diep ons geval het.

Ons belydenis sê in art. 13 dat God nóg die bewerker van die sonde is nóg skuld het aan die sonde wat plaasgevind het. En op die vraag van die Kategismus of God die mens dan so boos en verdorwe van natuur geskape het, lui die besliste antwoord: Nee, maar Hy het die mens goed en na sy ewebeeld geskape. In art. 12 van ons Geloofsbelydenis staan dat ons die dwaling van die Manicheërs verfoei en verwerp wat sê dat die duiwels hulle oorsprong uit hulleself het en uit hulle eie natuur sondig is, sonder dat hulle verdorwe geraak het.

Die groot vraag, ook vir vandag, is of die oorsprong van die sonde in die tyd val, in die geskiedenis of vóór die geskiedenis; of die oorsprong van al die kwaad in God lê of in die skepsel. En dan laat die Heilige Skrif en ook ons belydenis geen onseker geluid hoor nie: God is nie die Outeur van die sonde nie; daar is geen donker agtergrond by Hom wat ver is van alle goddeloosheid en onreg nie.

Goed en kwaad staan nie naas mekaar soos lig en skaduwee nie, want dan sou goed en kwaad, geregtigheid en sonde relatiewe, hoewel noodsaaklike, begrippe wees sodat daar selfs geen verlossing moontlik is nie. Die sonde is nie in die stof geleë soos Plato geleer het nie. Die teenstelling is nie tussen natuur en genade nie, maar tussen sonde en genade. Die Skrif leer dan ook nie dat daar 'n sondeval vóór die begin van die tyd was nie. In Genesis 3 het ons nie 'n *mite,* maar ook nie 'n *sage*[1] wat terugwys na 'n voor- en bo-historiese gebeure nie. Ons het in die Bybel egte geskiedenis en mag daarom nie die sonde uitlig uit ons geskiedenis en dit verplaas na die ewigheid, na God toe nie. Eers was daar 'n korter of langer periode van die geskiedenis sonder die sondeval; daarna het daar 'n tydstip gekom, 'n bepaalde dag, 'n bepaalde uur, 'n oomblik toe ons eerste voorouers, Adam en Eva, geval het deur moedswillige ongehoorsaamheid. Net so was daar 'n tydstip toe Christus, die laaste Adam, deur die duiwel versoek is.

### 2. Die engele het geval

Die Skrif leer dat die eerste sonde bedryf is in die engelewêreld: die duiwel en talle engele saam met hom, het van God afvallig geword. Satan het nie in die waarheid staande gebly nie en hy en die bose engele het hulle beginsel nie bewaar nie en het hulle eie woonplek verlaat. God het hulle van Hom af weggestoot en aan hulle 'n ander woonplek gegee, die plek van die buitenste duisternis. Van daaruit bind hulle die stryd aan teen Christus, sy Kerk en die heilige engele. Aan die einde van die dae sal Satan, wat dan groot toorn en 'n kort tydjie het, sy krag in die Antichris tot besondere ontplooiing bring. Christus is die Oorwinnaar, wat die duiwel en sy bose geeste saam met al die goddeloses in die poel van vuur en swawel werp, wat tot in ewigheid brand.

Die duiwel het ook die bose plan uitgedink om die mense te verlei sodat ook húlle

---

[1] ***Mite en Sage****.* Eg. is ‘n primitiewe verhaal wat op verbeelding berus. Laasgenoemde ‘n verhaal i.v.m. middeleeuse ridders en wat meesal ook op verbeelding berus.

van God sou afval.

### 3. Die mens het geval

God het aan die mens 'n woonplek gegee wat hy na die sondeval moes verlaat, te wete die paradys of die tuin van Eden in die Ooste. In daardie tuin was daar allerlei bome met 'n oorvloed van goeie vrugte sodat die mens te midde van oorvloed geleef het. Dan word daar twee bome met name genoem: die boom van kennis van goed en kwaad en die boom van die lewe. Verder was daar in die paradys ook 'n rivier met vier sytakke: die Pison het die land van Hawila, waar goud van goeie gehalte te vind was, omspoel; die Gihon het om die land Kus gestroom; die Hiddekel oos van Assur en die Frath of die Eufraat.

Hierdie woonplek het God aan die mens gegee en hom oorlaai met baie weldade. Daar het vir hom nie die minste rede bestaan om te sondig en vir die versoeking te beswyk nie maar wel alle rede om God te dien in dankbaarheid vir sy onuitspreeklike gawes. Aan die mens is die opdrag gegee om alle dinge aan hom te onderwerp en uit die skepping te haal wat God daarin gelê het sodat hy God daardeur sou dien en verheerlik. Toe God die mens geskape het, het Hy hom in die staat van regtheid gestel. Ook Adam het die taak gekry om in die waarheid staande te bly. Die werkverbond was nie die oorsaak wat die ewige lewe aan die mens sou gee nie, maar die weg tot die ewige lewe. Daarby het Adam en Eva die hele menslike geslag verteenwoordig: God het sy verbond nie met 'n paar los opsigselfstaande individue gesluit nie, maar met Adam en Eva en in húlle met die hele mensheid. Sowel die beloftes asook die bedreiginge het dus vir Adam en vir almal wat in Adam is, gegeld. Daarom was die daad van ons eerste voorouers van so 'n vérreikende gevolg; geweldige belange het op die spel gestaan. Dit bring ons ook by ons geskiedenis in die paradys, waar ons natuur so bedorwe is dat ons almal in sonde ontvang en gebore word.

God het die mens so geskape dat hy kon sondig of nie sondig nie. Die mens moes Hom geheel en al vrywillig dien, omdat hy die beeld van God dra. En deel van die beeld van die Vrymagtige God is ook dat hy vry was. Hierdie vryheid wat die mens besit, is vir hom 'n besonder groot gawe en gee aan hom tewens 'n besondere groot verantwoordelikheid. Daarom het Genesis 3 so 'n groot betekenis: dit gaan hier om die vrye keuse wat die mens moes doen, die groot beslissing wat God in sy hande gelê het.

Adam kon langs die weg van die boom van die lewe, deur die vervulling van die eis in die verbond van die werke, die ewige lewe ontvang sodat hy nie meer sou kon val nie. Indien Adam egter van die boom van kennis van goed en kwaad sou eet en so die verbond van die werke verbreek, sou hy in die ewige verderf val waaruit hy homself nie weer sou kon oprig nie.

God het as Skepper en Verbonds-God absolute gehoorsaamheid en 'n volkome oorgawe van die hart geëis. Daarom word die mens voor 'n beslissing geplaas en het die Here aan hom 'n proefgebod gegee naas sy Wet wat in die mens se hart ingeskape was. Adam en Eva het van nature geweet dat hulle God moes liefhê met hul hele hart, hul hele siel, hul hele gemoed en al hulle kragte en dat hulle hul naaste moes liefhê soos hulleself. Maar naas hierdie ingeskape wet het die Here ook aan hulle 'n afgekondigde wet, 'n spesiale verbod gegee. Daardeur wou die Here die mens toets of hy vrywillig in ooreenstemming met die ingeskape wet sou lewe.

En die Here God het aan die mens bevel gegee en gesê: "Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan

mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe" (Gen. 2:16-17).

Hierdie proefgebod staan in die nouste verband met God se Soewereiniteit: God is die Wetgewer wat kan uitmaak, kan beslis wat goed is en wat kwaad. Hierdie beslissing kan en mag nooit in die hande van die skepsel gelê word nie. Daarom word hierdie proefgebod aan hom gegee. God het beslis dat hulle nie van die boom mag eet nie en indien hulle wel sou eet, neem die mens self die beslissing in sy hande, hy gaan staan in die plek van God en wil self God wees.

Adam en Eva moes die goeie nie doen omdat dit goed was, omdat hulle verstaan het dat om nie van die boom te eet nie, so goed was nie, maar enkel en alleen omdat God dit so wou hê. Daarom sê die Here God later: "Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken". Dit wil sê: hy beslis nou self en maak nou self uit wat goed en kwaad is. En daarop het die duiwel nou ook sy aanval gerig. Ook sý sonde het daarin bestaan dat hy soos God wou wees en self die beslissings wou neem. Wanneer hy dan die mens kom versoek, maak hy gebruik van 'n slang; die eintlike versoeker hou homself skuil en laat die slang met Eva praat. Dan probeer hy om twyfel in die hart van Eva te saai en sê: Is dit ook so dat God gesê het: julle mag nie eet van al die bome in die tuin nie? Wat 'n vraag; 'n Mens kan sê: kan iemand 'n dwaser vraag stel? Tog word Eva daardeur beïnvloed, want sy oordryf in haar antwoord en sê: van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag nie daarvan eet nie en dit aanroer nie, anders sal julle sterwe. Die woorde dit *nie aanroer nie* is deur haar daar bygevoeg en dit verraai dikwels swakheid wanneer iemand so handel. Daarby het God nie gesê: sodat julle nie sterwe nie, maar: julle sal die dood sterwe. God het die sekerheid van die straf aangekondig en sy spreek van die moontlikheid van straf.

Maar dan kom ook die slang met die leuen en sê: "julle sal gewis nie sterwe, maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken". Die duiwel maak God dus tot Leuenaar. Satan staan by die wissel van die lewenstrein van die hele menslike geslag en sê aan die mens: verstel die wissel, eet van die boom en jy sal 'n wonderlike reis kan maak; dan sal jy nie alleen die skitterende berghoogtes sien nie, maar ook die diepe afgronde. Hoe wonderlik sal dit nie wees nie: jy sal soos God wees wat goed en kwaad ken.

Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy 'n lus was vir die oë, ja, 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet (Gen. 3:6). Die mens het in die sonde geval; hy het teen God oortree. Uit die hoogte van eer het hy neergestort in die ewige verwoesting.

Adam en Eva sou onmiddellik na die hel gegaan het, indien die Seun van God as die tweede Adam nie dadelik opgetree het nie. Sodra Adam geval het, het Christus opgetree om die verbond te handhaaf. God kom na die gevalle mens toe.

Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is. Met skorte van vyeblare probeer hulle hul naaktheid bedek. Hulle gewete begin spreek en kla hulle aan. En wanneer dit gebeur, kom God na hulle in die aandwindjie. Hulle soek God nie op nie, maar God soek hulle op. Hy het gedagtes van vrede gehad en in die vrederaad het die Seun gesê: Kyk, Ek kom om U wil te doen, o God. Daarom kom die, Here, die troue Verbonds-God na die mens toe.

Die mens wil hom vir God verberg en hy kan nie. En die mens en sy vrou het hulle

verberg vir die aangesig van die Here God tussen die bome van die tuin. So verskriklik is die sonde; die skuld van die mens kom tot openbaring. Hy skaam hom en verberg homself; die harmonie is versteur. Toe roep die Here God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? En hy antwoord: Ek het U geruis gehoor in die tuin en gevrees, want ek is naak; daarom het ek my verberg. Wat 'n eienaardige antwoord: voorheen was hulle immers ook naak en hulle het nie weggekruip nie. Dit is die gevoel van skuld wat spreek.

Dan sê die Here: Wie het jou te kenne gegee dat jy naak is? Het jy geëet van die boom waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie? God lei die mens om nie alleen sy skuld te beken nie, maar ook te bely. Adam begin egter om homself te verontskuldig sodat dit ook hier van kwaad tot erger gaan. Toe antwoord Adam: die vrou wat U my gegee het om by my te wees, sy het my van die boom gegee, en ek het geëet. Feitlik gee Adam God sydelings die skuld. Dan word die vrou tot verantwoording geroep, maar ook sy verontskuldig haarself en sê: Die slang het my bedrieg en ek het geëet.

Hierdie verkeerde erfenis dra ons uit die paradys met ons saam: ons werp die skuld graag op 'n ander of op die omstandighede. Ons moet deur Gods genade so ver kom om ons skuld te erken en dit nie vir God te probeer verberg nie.

## 4. Gerig en Genade

God spreek eerste tot die slang wat die mens verlei het en sê: "Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die vee en al die diere van die veld. Op jou buik moet jy seil, en stof moet jy eet al die dae van jou lewe." En dan wys die Here op die stryd wat deur al die eeue heen gestry sal moet word, maar sydelings gee Hy ook aan die mens die *moederbelofte.* Deur die val het die mens die vriend van Satan en die vyand van God geword. Daarom sê die Here: "Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom aan die hakskeen byt." Hier word dus vir ons geteken:

Die stryd van die mensheid teen die slange;

Die stryd van die heilige teen die onheilige geslag;

Die stryd van Christus teen Satan. Christus het Satan oorwin.

Tweedens spreek die Here tot die vrou en volg so die historiese volgorde van die sonde: eers die duiwel, dan die vrou en dan die man. Aan Eva sê Hy: "Ek sal grootliks vermeerder jou moeite en jou swangerskap; met smart sal jy kinders baar; en na jou man sal jou begeerte wees, en hý sal oor jou heers." (Gen. 3:16) Die kinderseën gaan dus gepaard met groot smart. En tog sal haar begeerte na die man wees: sy soek dit wat smart veroorsaak en is salig wanneer sy kinders baar. Ook word sy onder die heerskappy van die man gestel. So het God die genadeverbond opgerig: Hy self sorg daarvoor dat die geslagte voortgeplant sal word.

Daarna rig die Here hom tot Adam en sê: "Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie – vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe." Die arbeid gaan dus met moeite en smart gepaard: in die sweet van jou aangesig sal jy brood eet. In die paradys kon hy eers die vrug geniet en daarna arbei; nou moet hy eers arbei en kan daarna eers die vrug eet. Verder sal die opbrengs ook beperk word deur dorings en distels en die mens, wat stof is, sal tot die stof terugkeer.

In die gerig lê daar egter ook ryke genade. In Christus, die Middelaar, die laaste Adam, rig God die verbond van genade met die mens op wat van die ouers oorgaan op die kinders. Die menslike geslag sal bly voortbestaan en word in stand gehou. In die vonnis is daar genade.

## 5. Uit die Paradys

Nadat God die vonnis uitgespreek het oor die slang, die man en die vrou, word Adam en Eva deur God self uit die paradys verdryf. Dit is een van die mees aangrypende gebeurtenisse in die wêreldgeskiedenis; dat God die mens verdryf en engele stuur om die weg na die tuin en na die boom van die lewe te bewaak. En dit het gebeur omdat die mens soos God wou wees. Nou het die mens geword soos een van Ons. . . Die mens, geskape na die beeld en gelykenis van God, wil aan God gelyk word – Christus was aan God gelyk en het geword soos een van ons.

Adam en Eva wil graag in die paradys bly en daarom verdryf die Here God hulle, want hulle mag nou nie meer hul hand uitsteek na die boom van die lewe nie. Ook sal hulle nie kan terugkeer nie, want gérubs bewaak die toegang tot die tuin. God wil voorkóm dat die mens van kwaad tot erger gaan: aan die eet van die boom van die lewe het God die lewe verbind. As die mens nou van die boom van die lewe geëet het, sou hy onredbaar wees. God is regverdig en lankmoedig: in die verdrywing uit die paradys is reeds die moontlikheid tot verlossing geleë. Die laaste Adam het die weg bewandel wat na die boom van die lewe lei: Hy doen wat die eerste Adam moes gedoen het. Die weg na die boom van die lewe is afgesny, maar Christus het die weg weer oopgemaak – oor Golgotha heen. Dáár sê Hy aan die berouvolle moordenaar: "Vandag sal jy met My in die paradys wees." Wie in die Seun glo, het die ewige lewe.

"Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is" (Openb. 2:7). So word verlies wins: God het toegesluit om te kan oopmaak, en verdryf om byeen te vergader.

## 6. Die verskillende opvattings van die Paradysgeskiedenis

Die *moderniste* beskou die geskiedenis van die val in Genesis 3 as die blote produk van die verbeelding. Net soos die heidense volkere hulle mites het oor die ontstaan van die kwade, so sien hulle in Genesis 3 die fantasieproduk van 'n peinsende gees, wat baie ernstig nagedink het oor die groot vraag hoe die sonde en die kwade in die wêreld gekom het. Met die inspirasie van die Bybel word geen rekening gehou nie en die Bybel word op één lyn gestel met die heilige boeke van die heidense volkere wat God nie ken nie.

Die *dialektiese teoloë* spreek oor die mite van die sondeval (Brunner) of oor 'n sage wat wil probeer raai hoe dit voor die begin van die geskiedenis was (Barth).

Die *simboliese opvatting* sien hier 'n allegorie of sinnebeeldige verhaal waarin 'n heel ander werklikheid beskryf word. Die slang is geen werklike slang nie, maar 'n simboliese voorstelling van die begeerlikheid wat die mens van God afgetrek het. Om hierdie simboliese opvatting te verdedig, word 'n beroep gedoen op uitdrukkinge soos: die land kom nader, of: die son kom op. Maar dit is die taal van die gewone man wat die Bybel dikwels gebruik in plaas van die taal van die wetenskap en ons kan dit maklik kontroleer. Maar die egte geskiedenis kan en mag nie op simboliese wyse beskrywe word nie, omdat ons dan nooit met sekerheid sou kon sê hoe die werklikheid inderdaad was nie.

Die *konsessionistiese voorstelling* word deur talle Roomse voorgestaan. Hulle wil aan

die ongelowige wetenskap en aan die Skrifkritiek wat van 'n mite of sage spreek, toegewings (konsessies) doen en dan is hulle bedoeling om die Skrifinspirasie en die Skrifkritiek met mekaar te versoen. Dit is egter onmoontlik. Hulle wil die ongelowige wetenskap tegemoet kom en as die Skrifkritiek sê dat Genesis 3 'n mite is, het hulle daarteen geen beswaar nie; hulle handhaaf tog ook die Skrifinspirasie en sê dat die Heilige Gees die mite in sy diens wil gebruik. Hierdie standpunt moet as gevolg van sy tweeslagtigheid veroordeel word. Die wetenskap en die Skrif is nooit in stryd met mekaar nie, maar wel met die valslik sogenaamde wetenskap en met die teorieë en verkeerde konklusies wat gemaak word. Daar is geen wetenskap wat aan ons buite Gods Woord om te kan sê hoe ons Genesis 3 moet verstaan nie.

Ook *Dr. J*. G. *Geelkerken*[2] is 'n voorstander van hierdie konsessionistiese opvatting. Hy het tot die konklusie gekom dat die gereformeerde opvatting nie beskou moet word as die enigste moontlike nie en wil die vryheid behou om dit te betwyfel of die boom, die slang ens. sintuiglik waarneembare werklikhede was. Ook is hy van mening dat hierdie geskiedenis in 'n heeltemal ander wêreldbeeld beskryf is.

Die *Gereformeerde beskouing* is dat ons hier geskiedenis in die volle sin van die woord het. Dit is hier nie maar 'n geval van eksegese nie, sodat die een dit so en die ander dit anders kan verklaar nie, maar van geskiedenisopvatting. Ons het hier nie 'n ideële, maar 'n sintuiglik-waarneembare werklikheid. En waarom is hierdie kwessie van soveel betekenis? Omdat die grondwaarhede van die Skrif hier in die gedrang kom – dit gaan hier om die ontstaan van die sonde in die mensewêreld. En nou beskryf Gods Woord in alle soberheid en eenvoud (die kenmerk van die waarheid) hoe ons eerste voorouers, Adam en Eva, oortree het. En ons weet dat dit werklik so gebeur het soos dit daar beskrywe is. En dan wil ons nie knoei met die Skrif nie, maar gehoorsaam buig voor die volle Woord van onse God. Nooit gee ons hierdie wapen af nie: daar is geskrywe!

## B. DIE WESE VAN DIE SONDE

Die Heilige Skrif wys vir ons op die ontsettende karakter van die sonde en teken dit as 'n handeling wat sy doel mis, as 'n afwyking, 'n oortreding van die grense wat God daargestel het, as skuld, ontrou, verraad, dwaasheid, ongehoorsaamheid, afval, onwetlikheid. In 1 Johannes 3:4 sê die apostel: "Elkeen wat die sonde doen, doen ook die ongeregtigheid, want die sonde is die ongeregtigheid." Die kenmerkende van die sonde is dus dat dit Gods Wet oortree, dat die ingaan teen die wet en die sondaar hom dus nie steur aan Gods Wet nie. Paulus noem die sonde vyandskap teen God (Rom. 8:7). Hierdie vyandskap teen God is die beginsel en dryfkrag van die sonde.

Sonde is dus teenwetlikheid, vyandskap teen God. Daarom ken ons ons ellende uit die wet van God. Die wet van God is 'n lewenswet; dit is die mens se lewenselement soos wat die water dit vir die visse is en die lug vir die voëls. 'n Vis gaan dood op droë grond en 'n voël verdrink in die water. Dieselfde see waarop 'n skip veilig vaar, sleur daardie selfde skip na sy ondergang wanneer daar 'n lek in kom. So het Gods wet die mens na die ewige lewe gedra, maar daardie selfde wet sleur die sondige mens na die ewige verderf, want, soos daar geskrywe staan: "vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskrywe is in die boek van die wet om dit te doen nie." (Gal. 3:10) Die wet is die kenbron van ons ellende.

Nou verstaan ons ook dat die sonde geen substansie is nie, dit wil sê, dat dit in die

---

[2] **J. G. Geelkerken**. 'n Teoloog uit die Nederlandse Geref. Kerk in die twintigste eeu. Is vanweë enkele afwykende beskouinge van sy amp onthef.

stof, in die materie as sulks sit nie. Wanneer die sonde 'n stoflike of geestelike substansie was, sou God die bewerker daarvan gewees het, dit wil sê, die oorsaak en outeur van die sonde. Óf andersins sou hierdie substansie van ewigheid af teenoor God bestaan het.

Die Skrif leer dat die sonde 'n berowing vol aktiwiteit is. Dit is nie maar 'n tekort, 'n gemis, 'n onvolkomendheid wat ons later wel sal oorkom nie. Die sonde is 'n verwoestende en ontbindende krag. By die skepping het die mens van God ontvang 'n verstand, wil, gevoel, die gawes en kragte van liggaam en siel. Deur die sonde het ons hierdie gawes en kragte nie kwytgeraak nie, nee, ons gebruik dit nou in die verkeerde rigting. In plaas van tot eer van God, gebruik ons dit nou in die diens van die Satan. 'n Persoon wat vloek, gebruik die mond wat hy van God ontvang het om Hom te verheerlik, nou om sy Skepper te laster. Ons sondig dus nie met ons eie goed nie, maar met verkreë goed wat God aan ons gegee het.

Hierin kom die ontsettende karakter van die sonde uit omdat ons die gawes wat ons van God ontvang het, aan Hom ontroof en teen Hom gebruik. Die sonde is 'n aktiewe berowing.

Ná die val het ons mense gebly. Met goud en silwer, die gawes van God, kan ek sonde bedrywe; die radio kan in diens van Satan en van Christus gebruik word. Alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde. God self bepaal wat sonde is. Daarom het die Wetgewer aan ons die Wet gegee tot norm van ons hele lewe. Sonder die kennis van die Wet van die Here bereik die mens alleen 'n swewende skuldbesef en het hy 'n oppervlakkige kennis van sonde.

Die dialektiese teologie spreek graag oor die gebod van die oomblik: "das Gebot der Stunde." Wanneer hulle die Bybel lees en daar val iets met krag in hulle siel in, dan is dit vir hulle 'n gebod wat God op daardie oomblik gee. Hulle praat dus nie graag van die spesiale gebooie van die Here nie, en gebruik nie die wapen: *daar is geskrywe* nie. God gee, volgens hulle, sy gebod nie uit sy hande nie. Ons kan alleen bid dat God ons sy gebod op 'n sekere moment wil leer ken. Sodoende word, net soos by die mistisisme, die deur geopen vir 'n hopelose subjektivisme. 'n Mens kan hom dan selfs aan die geopenbaarde wil van die Here onttrek met 'n beroep op 'n woord wat hulle sogenaamd ontvang het. Want hierdie "verkreë" gebooie kan ons nie kontroleer nie en kan vandag miskien anders wees as more. Uiteindelik spreek ons sondige vlees ook 'n woordjie mee. Wat 'n mens graag wil hê, glo 'n mens graag en kry jy ook graag. *Ons* maatstaf is en bly die geopenbaarde wil van God.

Nietemin is en bly die sonde 'n onverklaarbare raaisel; dit is en het geen reg van bestaan nie; dit het geen eie beginsel nie en is 'n mag wat ontsettende groot verwoestings aanrig. Dit is strydig met God se geopenbaarde wil en tog is dit opgeneem in God se Raad.

Gode sy dank, ons weet dat Christus vir ons tot sonde gemaak is; Hy het die mag van die sonde oorwin en die straf, wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, want Hy is ter wille van ons ongeregtighede verbrysel. Hy bring sy volk waar Adam moes kom. Dan sal die minste lus of begeerte teen enige van Gods gebooie in ons nie meer opkom nie en sal ons die lus en liefde hê tot alle geregtigheid. Dan sal ook openbaar word dat God die sonde, wat teen Hom en sy wet ingaan langs die weg van sy geregtigheid gebruik het tot 'n instrument tot sy verheerliking.

## C. VERSKILLENDE SONDES

Ons moet hier goed onderskei: die sonde wat Satan en die duiwels bedrywe, is

anders as die sondes wat die mense doen. Dit blyk ook hieruit dat God die sonde van Satan en die duiwels nie vergewe nie. Geen bekering is vir hulle moontlik nie. Ook vorm die gevalle engele, hoewel hulle 'n bondgenootskap gevorm het, nie 'n organiese geheel soos die menslike geslag nie.

By die sondes wat deur mense bedryf word, moet ons onderskeid maak tussen die sondes wat teen die *eerste* en dié wat teen die *tweede* tafel van die Wet bedrywe word. Ons moet God liefhê met ons hele siel, met ons hele gemoed, met ons hele verstand en met al ons kragte. En ons moet ons naaste liefhê soos onsself. Daarom is die sondes teen die eerste tafel erger as die sondes teen die tweede tafel. Die Here Jesus het gesê: wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie werd nie.

Ook moet ons onderskeid maak tussen verskillende sondes wat teen een en dieselfde gebod bedrywe word. Die broers van Josef was eers afgunstig en toe nydig, daarna vol haat en dit sou op doodslag uitloop.

Dan is daar by die *daadwerklike* sondes onderskeid tussen sondes in gedagtes, woorde en dade. Ons kan ook met ons gedagtes steel, owerspel pleeg, lieg, ons naaste haat en doodmaak. Woorde kan selfs gebruik word om gedagtes te verberg. Selfs ons drome staan onder die oordeel van die wet – ons kan ook in ons drome sondig. Wat in ons onderbewuste is, kom dikwels na bowe en as ons nie sondaars was nie, sou ons ook geen sondige drome kon hê nie. Wat in ons onderbewussyn is, is ook ons eiendom.

Verder kan ons ons ook skuldig maak deur die sondes van nalatigheid; dit wil sê, wanneer ons iets moet doen en dit nie doen nie en daardeur ons roeping versaak. As ons swyg wanneer ons moet spreek en niks doen nie wanneer ons handelend moes optree, sondig ons ook. In die oordeelsdag sal die Here Jesus sê: Ek was honger gewees en julle het My niks gegee om te drink nie, ens.

'n Baie besondere karakter dra die sonde teen die Heilige Gees wat ons vroeër reeds bespreek het.

## D. DIE VERBREIDING VAN DIE SONDE

Adam is ons verbondshoof en ons almal se vader; God het met hom, en in hom met ons almal, 'n werkverbond opgerig. Wat Adam gedoen het, het betekenis vir alle mense: ons almal het in hom gesondig en het daarom erfskuld. Maar hy is ook ons vader, want God het uit een bloed die ganse menslike geslag gemaak. Almal is uit Adam en noudat hy geval het, kan hierdie slegte boom geen goeie vrugte dra nie. Die werking van die sonde het deurgedring tot almal wat in Adam begrepe is en uit Adam voortgekom het en nog sal voortkom. Ons het almal in Adam gesondig net soos Levi in Abraham aan Melgisédek tiendes gegee het. Die Here Jesus is nie in Adam begrepe nie – Hy het gesê: voor Abraham was, was Ek. Hy kon ook gesê het: voor Adam was, was Ek.

Die skuld van Adam word vir ons *toegereken.* So word die geregtigheid van Christus ons ook uit genade toegereken. Wie die skuld van die eerste Adam nie wil aanvaar nie, kan die geregtigheid van die laaste Adam ook nie aanvaar nie. Ons dank God dat Hy wat die skuld van die eerste Adam ons toegereken het, ons ook die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus wil toereken.

Die erfsmet volg op die erfskuld, die heiligmaking op die regverdigmaking. Paasfees gaan vooraf aan Pinksterfees en so gaan die erfskuld aan die erfsmet vooraf. Deur die regverdigmaking word die skuld en deur die heiligmaking word die smet weggeneem. Omdat ons in Adam gesondig het en God ons die skuld van Adam

toegereken het, is ons in sonde ontvang en gebore. Omdat Adam ons verbondshoof is, word die skuld ons toegereken. Omdat hy ons almal se vader is, het ons deel aan die erfsmet. Hierdie erfsmet is die bron van alle sondes. In art. 15 van die N.G.B. Word oor die betekenis van die erfsonde gehandel: die kinders is daarmee besmet voor die geboorte in hul moeder se liggaam. Dit is 'n verdorwenheid van die ganse natuur van die mens. Die sonde kom daaruit voort soos water wat uit 'n onrein bron opwel.

Daarom doen ons belydenis, nie alleen van ons daadsondes nie, maar ook van ons sondige bestaan. Dawid sê: in ongeregtigheid is ek gebore en in sonde het my moeder my ontvang. En Paulus roep uit: Ek ellendige mens, wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God, deur Jesus Christus, onse Here. Daarom het die Here Jesus kind geword. Hy is sonder erfskuld en erfsmet ontvang en gebore sodat Hy met Sy volkome heiligheid, my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor Gods aangesig bedek. Daar begin sy borgtoglike werk; sy bloed reinig ons van alle sonde, ook van die erfsonde.

## E. DIE STRAF OP DIE SONDE

God het tevore die mens gewaarsku dat Hy hom sou straf indien hy die proefgebod oortree: die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Tog is die straf in die volle sin van die woord nie op daardie selfde oomblik voltrek nie. Daaruit blyk dat Christus as die laaste Adam terstond opgetree het toe die eerste Adam geval het; anders sou Adam en Eva op daardie selfde moment na die hel moes gaan. Sodra Adam egter as hoof van die werkverbond daardie verbond verbreek het, het Christus dit gehandhaaf: Hy het in die plek van Adam gaan staan sodat Hy deur sy lydelike gehoorsaamheid die straf oor ons sonde sou dra en deur sy aktiewe gehoorsaamheid die Wet van God volkome onderhou en alle geregtigheid volbring.

En omdat alles nou op die rekening van Christus te staan kom, is die verbond waarin Christus alleen al die werk doen, vir ons die verbond van genade. Daarin sien ons die lankmoedigheid en genade van God oor sondaars asook sy regverdigheid in die handhawing van Homself teenoor die sonde: eerder as om die sonde ongestraf te laat bly, het Hy dit aan sy eie Seun gestraf.

So *regverdig* is God dat Hy die sonde straf aan sy eie Seun.

So *genadig* is God dat Hy sondaars bevry van vloek en straf.

Die reg moet gehandhaaf word, al vergaan die wêreld – of liewer, die wêreld vergaan as die reg nie gehandhaaf word nie. Want reg is die basis van geluk.

Die skuldige word geensins onskuldig verklaar nie. Die Skrif sê: wie die goddelose vryspreek en die regverdige verdoem, is vir die Here 'n gruwel. En nou is dit die wonderlike van die plaasbekledende werk van die Heiland dat God, die Regverdige, sy eie Seun verdoem omdat Hy ons sondes op Hom gelê het sodat Hy die goddelose kan regverdig maak.

Sion sal deur reg verlos word. Christus het die swart keursteen van die veroordeling ontvang en op Hom geneem sodat Hy aan ons die wit keursteen van die vryspraak sou gee en op dié keursteen 'n nuwe naam, wat niemand ken nie as net hy wat dit ontvang het.

So erg is die straf op die sonde. Ons erfsonde, wat bestaan in erfskuld en erfsmet is reeds straf op die sonde, want ons bely dat ook ons kinders in sonde ontvang en gebore en daarom kinders van die toorn is, sodat hulle in die ryk van God nie kan

kom nie tensy hulle weergebore word nie. Ook die lyding wat in die wêreld gevind word, is straf op die sonde. Sonder sonde sou daar geen wonde gewees het nie. Reeds in die paradys het God gesê dat die man in die sweet van sy aangesig brood sal eet, dat die vrou met smart kinders sal baar en dat daar stryd sal wees tussen die heilige en die onheilige geslagte. Dink ook aan al die moeite, sorge, teleurstellinge, ongelukke, misoeste, siektes, ellende, armoede, pyn, honger en peste. Die gevolge van die sonde is so ontsettend!

Tog mag ons nie in elke lydingsweg die straf vir persoonlike sondes sien nie. So het die drie vriende van Job en later ook die Fariseërs geoordeel dat elke mens die bewerker is van sy eie geluk of ongeluk; selfs die dissipels het, toe hulle 'n blindgeborene gesien het aan die Here Jesus die vraag gestel: wie het gesondig, hierdie man of sy ouers? En dan sê die Here Jesus dat nóg hy nóg sy ouers gesondig het, maar dat dit gebeur het tot verheerliking van God. Tog is daar ook bepaalde sondes wat baie ernstige gevolge kan hê; byvoorbeeld die sondes van dronkenskap, luiheid, onreinheid en hoerery. Daar is op aarde baie lyding wat in die nouste verband staan met persoonlike sondes.

Christus wil hê dat ons die lyding eweas die sonde moet bestry. So lees ons dat Christus die koors bestraf asook die wind en die golwe; Hy beskou hulle as vyande wat bestraf moet word. Daarom het Hy as die barmhartige Hoëpriester siektes genees. Hy verlos ons nie alleen van die skuld nie, maar ook van die mag van die sonde. By die genesing van die verlamde het Hy selfs beide gedoen: sy sondes vergeef en hom genees. Daarom het ons dokters en verpleegsters so 'n mooi taak om te verrig. Die mediese wetenskap het in die laaste aantal jare met rasse skrede vooruitgegaan en ons kan nie dankbaar genoeg wees vir wat in ons hospitale, sanatoria en ander inrigtings gedoen word om die lyding te versag en siektes te genees nie. Die middele wat God gegee het, kan ons met dankbaarheid gebruik. So het die lyding, wat 'n straf is op die sonde, ook weer 'n prikkel geword om die mediese wetenskap tot die deur God gegewe triomfe te voer.

Ons moet egter in verband met die lyding as straf op die sonde in die algemeen onderskeid maak tussen straf en kastyding. Die kinders van God word deur hulle Vader gekasty sodat hulle sy heiligheid deelagtig kan word, dit wil sê, tot hulle voordeel. Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later egter lewer dit 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is (Heb. 12:11). Christus het, as die man van smarte, vir ons die straf gedra en het sodoende die element van straf uit ons lyding weggeneem. So is ons sterwe ook nie meer 'n betaling vir ons sondes nie, maar die afsterwing daarvan en 'n deurgang tot die ewige lewe. Dit het Asaf ingesien toe hy met die probleem van die voorspoed van die goddelose en die teenspoed van die regverdiges in die heiligdom van God ingegaan het (Ps. 73). Dan kan ons ook sê dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat geopenbaar sal word nie.

Die teenspoed dien ook vir Gods kinders tot hulle loutering en die versterking van hulle geloof. Die werk van Gods genade kom tot veel heerliker openbaring sodat ons ook kan sê: dit was vir my goed gewees om verdruk te word. Daarom het ook ons siekes 'n taak: om die lig te laat skyn, 'n voorbeeld vir andere te wees tot seën vir hulle.

Die straf op die sonde is die dood. Die lewe is samestelling, komposisie – die dood is ontbinding, dekomposisie. God het verskillende bande gelê tussen liggaam en siel, mens en mensheid – die dood maak hierdie bande los. Die dood is geen vernietiging en ook geen bevryding van die siel uit 'n aardse kerker soos Plato verkeerdelik geleer

het nie. Die ewige dood bestaan daarin dat al die bande wat God gelê het, losgemaak word: die band tussen God en mens, tussen mens en mensheid. Die dood is nie die einde van alle dinge nie.

Die lewe is komposisie, samestelling.

Die dood is dekomposisie, ontbinding.

Die wedergeboorte is rekomposisie, hersamestelling van die oorspronklike. Wie in die Seun glo, het die ewige lewe, maar Hy wat aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, die toorn van God bly op hom.

# XI DIE LEER VAN DIE VERBONDE

## A. DIE VERBOND VAN DIE VERLOSSING

Wanneer ons handel oor die leer van die verbonde, moet ons uitgaan van God se werk en kan ons nie maar volstaan met wat die skepsel doen nie. Daarom het die gereformeerde teologie altyd nadruk gelê op die verbond van die verlossing, ook genoem die vrederaad van God.

Die Bybel leer ons dat ons wat hierdie saak betref moet teruggaan tot vóór die grondlegging van die wêreld; voordat die werkverbond verbreek en die genadeverbond opgerig is. God is die oorsprong van ons verlossing en daarom ook van die verbond van vrede wat Hy met ons opgerig het.

By ons mense dra 'n verbond altyd 'n *tweesydige karakter,* omdat dit deur twee persone gesluit en ingewillig word. Maar die verbond van verlossing is gesluit toe daar nog geen mense was nie. Dié verbond sluit wel die mens in, maar dit is van ewigheid af oor hom beskik sonder dat hyself ook maar iets daarmee te doen gehad het. Ons het hier dus te doen met iets van die allergrootste belang.

Volgens die Skrif is Christus van ewigheid af verkies en aangewys as ons Borg en Middelaar. Hy is Priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. Die Vader het van ewigheid af aan Hom die opdrag gegee om Sy Middelaarswerk te doen. Daar was van ewigheid 'n verbondsrelasie tussen Vader, Seun en Heilige Gees. Die Drie-enige God waarborg Self dat Sy werk sal geluk. Van ewigheid af het Hy 'n verbond opgerig wat gerig was op die mens en op die skepping. So het Hy gesorg dat alles vas en seker is. Hy kan deur niks, ook nie deur die sonde, verras word nie. Sy Raad sal bestaan tot in ewigheid en Sy welbehae sal Hy tot uitvoer bring.

Die verbond van verlossing of vrederaad is in die ware sin van die woord 'n verbond omdat daarin Partye optree (die drie Persone van die Goddelike Wese) wat selfstandig naas mekaar staan en tot mekaar in 'n volkome liefdesverhouding staan. Van ewigheid af het dié Drie-enige God in die vrederaad vir die mens opgetree.

Die *Vader* het met die Seun 'n verbond gesluit dat Hy sal intree vir diegene wat in die tyd in sonde sou verval. Hy hou sy werk in stand en wil deur reg en geregtigheid en in sy groot liefde sy werk herskep. Hy het in die verbondsrelasie aan sy Seun die opdrag gegee om sy lewe te gee vir die uitverkorenes en sy siel tot 'n losprys vir baie.

Die *Seun* was daartoe bereid en het Hom in die verbond van verlossing verbind om terstond na die sondeval as Middelaar van die genadeverbond op te tree en in die volheid van die tyd die heerlikheid te verlaat wat Hy by die Vader gehad het van voor die grondlegging van die wêreld af. Hy het gesê: "Kyk, Ek kom om U wil te doen, o God, in die boekrol is dit My voorgeskrywe." Daarom was dit altyd sy spyse om die wil te doen van sy Vader wat in die hemele is. Die Seun het Homself vrywillig vir ons gegee; daarom het Hy later gesê: Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie. Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het. En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag (Joh. 6:37-40).

Die *Heilige Gees* het in die vrederaad van die Vader en die Seun die opdrag ontvang om die Seun te salf en ook die gelowiges hierdie salwing deelagtig te maak, om sodoende al die uitverkorenes na die Seun toe te bring en sodoende ook tot die Vader. Die Heilige Gees het dit op Hom geneem om in die stryd teen Satan die Bruid

(die Kerk) gereed te maak vir die Bruidegom (Christus).

Sodoende is ons saligheid veranker in die Drie-enige God uit Wie die verbonde voortkom. Hoe dankbaar moet ons nie hiervoor wees nie. Ons saligheid rus op vaste fondament. Wat Satan nou ook al doen, hy sal nooit daarin slaag om God se werk te laat misluk nie. Want al sou Adam dan nou ook verlei word deur Satan en ongehoorsaam word en in sonde val, die tweede Adam het gereed gestaan omdat Hy reeds in die vrederaad dit op Hom geneem het om in die plek van die eerste Adam op te tree.

Teenoor hierdie tweede Adam staan die duiwel magteloos. Die poorte van die hel sal Sy gemeente nie oorweldig nie. Kragtens God se vrederaad is die oorwinning seker.

Aan die nuwe mensheid, die groot verloste skare wat niemand kan tel nie, sal behoort al dié sondaars wat van ewigheid af deur die Vader aan die Seun gegee is en wie se name geskrywe is in die boek van die lewe van die Lam. Vir húlle het Christus in die wêreld gekom terwyl die Heilige Gees in hulle harte gekom het om dáár die geloof te werk en hulle in Christus in te lyf.

Die vrederaad of verbond van verlossing kan nie wankel nie; eenmaal sal die Heilige Gees die bruidskerk sonder vlek of rimpel aan die Seun oorgee en die Seun en die Heilige Gees sal met haar tot God gaan sodat God sal wees alles en in almal.

## B. DIE WERKVERBOND

Die Drie-enige God wat van ewigheid af die verbond van verlossing opgerig het, het die mens in 'n verbondsverhouding tot Homself geskape; dit beteken dat hy met God kon omgaan.

Reeds by die skepping het God die werkverbond met die mens opgerig. Net soos daar by die geboorte reeds 'n verbondsverhouding tussen die moeder en haar kind bestaan, is daar sedert die skepping, die geboorte van hemel en aarde, 'n verbondsverhouding tussen God en mens.

Ons moet egter die naam *werkverbond* nie verkeerd verstaan asof die mens deur sy werke die ewige lewe kon verdien nie. Nooit kan die mens hom by God verdienstelik maak nie. Alles het hy van God ontvang: sy werkkrag, sy verstand, sy gevoel, sy wil. Adam sou dus nie *op grond van* sy werke nie, maar *langs die weg van* die werkverbond die ewige lewe verkry het. Die naam *werk-verbond* wys alleen maar op die weg wat ingeslaan moes word.

Dié werkverbond het God by die Skepping opgerig. Dit is egter nie so dat God die mens eers geskape het en toe met hom 'n verbond opgerig het sodat beide partye dit tot stand gebring het nie. Die werkverbond is in sy oorsprong éénsydig (monopleuries), dit wil sê, God is die oorsprong daarvan en die mens kon nie anders nie as om dit dankbaar te aanvaar nie. En in die aanvaarding deur die mens lê tewens die tweesydige karakter van die verbond: die mens kon die verbond hou, maar dit ook verbreek. Hy kon of langs die weg van die onderhouding van die verbond daartoe kom dat hy geen sonde meer kan doen nie, òf hy kon die verbond verbreek en 'n slaaf van die sonde word.

God eis alles of niks nie. Daar is geen middeweg moontlik nie. God het die mens na sy beeld geskape en aan hom die amptelike taak gegee om as profeet God reg te ken en te verheerlik *(hoof),* om as priester God bo alles lief te hê en sy naaste soos homself *(hart)* en om as koning God te dien en oor die hele skepping te heers *(hand).*

Dié werkverbond het God met Adam en in hom met die hele mensheid opgerig. Ons is almal in hom begrepe; niemand kom ooit los van die verbond nie en ons het van nature almal die verbond verbreek. Daarom sal die straf in die ewige verdoemenis so vreeslik wees. Andersyds sien ons egter ook hoe daar in die Openbaring van Johannes teruggegryp word na die werkverbond: daar het die tuin gegroei tot 'n stad. Die mens het gegroei tot 'n nuwe verloste mensheid. Jesus Christus, die laaste Adam, het die werkverbond in ons plek onderhou en vervul.

## C. DIE GENADEVERBOND

Die Here, onse God, verbreek nooit sy verbond nie; wat ookal gebeur *Hy* handhaaf dit. Berge mag wyk en heuwels wankel, maar *sy* verbond sal nimmer wankel nie.

Daarom is die genadeverbond nie die opheffing van die werkverbond nie, maar die *voortsetting* daarvan. Die *vastigheid* van die werkverbond word bewys deur *sy voortbestaan* in die genadeverbond. Daarom het die laaste Adam onmiddellik in die plek van die eerste Adam gaan staan. Op dieselfde oomblik toe die mens die verbond verbreek het, het die Here dit gehandhaaf. *Hy* het Self ingestaan vir die voortsetting van *sy* verbond, want vir die Seun, wat nou as Middelaar optree, is die verbond in die volle sin van die woord 'n werkverbond. *Hy* moes deur sy *lydelike gehoorsaamheid* die straf vir Adam se oortreding dra en deur *sy dadelike gehoorsaamheid* die wet van God vervul en doen wat Adam moes gedoen het.

Vir óns egter het hierdie werkverbond, noudat Christus as Borg en Middelaar opgetree het, 'n genadeverbond geword omdat Christus die *werke* verrig het en ons alleen van *genade* moet lewe.

Hierdie genadeverbond het God in Christus met die gelowiges en met *hulle saad* opgerig. Aan Abraham het die Here gesê: "Ek sal *My verbond oprig tussen jou en my en jou nageslag na jou in hulle geslagte tot 'n ewige verbond om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (*Gen. 17:7*).*

Dus is ook die genadeverbond eensydig (monopleuries) wat die oprigting daarvan betref, maar tweesydig (dipleuries) wat die uitwerking betref. Dit blyk ook uit die handelinge wat Abraham moes verrig *by* die verbondsluiting (Gen. 15:9-21). *Hy* moes 'n driejaaroud vers, 'n driejaaroud bokooi en 'n driejaaroud ram en 'n tortelduif en 'n jong duif neem; die diere moes hy middeldeur deel en die helftes teenoor mekaar lê sodat daar 'n deurgang tussen hulle was. Die tortelduif en die jong duif moes hy nie middeldeur deel nie. Dit was die offisiële handeling *by* 'n verbondsluiting. Dan moes die partye tussen die stukke deurgaan om uitdrukking te gee aan die feit dat net soos die stukke van die diere húlle ook *by* mekaar hoort en aan mekaar verbind is in die verbond. En as een van hulle die verbond verbreek, sal hy in stukke gekap en doodgemaak word, net soos die diere.

In Jeremia 34:18-20 lees ons: "En Ek sal die manne wat *my* verbond oortree het, wat die woorde van die verbond nie gehou het wat hulle voor *my* aangesig gesluit het nie, maak soos die kalf wat hulle in twee stukke gesny het en tussen die stukke waarvan hulle deurgegaan het: die vorste van Juda en die vorste van Jerusalem, die hofdienaars en die priesters en die hele volk van die land wat tussen die stukke van die kalf deurgegaan het. En Ek sal hulle gee in die hand van hulle vyande en in die hand van die wat hulle lewe soek; en hulle lyke sal dien as voedsel vir die voëls van die hemel en die wilde diere van die aarde."

Nadat Abraham die diere in twee verdeel het, gebeur daar eers niks nie. *Hy* moes leer om te wag op Gods tyd, soos hy ook lank moes wag vir die geboorte van sy

verbondskind, Isak. Tog mag hy nie lydelik wees nie, want die roofvoëls het gekom om die geslagte diere te roof en sodoende die verbondshandeling te vernietig. Daarom moes hy die roofvoëls wegjaag. So het die Here dan ook voorsê dat die volk wat uit Abraham gebore sou word, in 'n vreemde land 400 jaar lank verdruk sou word. Die verdrukking in Egipte word hier al aangekondig.

Uiteindelik gaan die Here dan tussen die stukke deur in die gedaante van 'n rokende oond en van 'n vurige fakkel. Net die Here gaan tussen die stukke deur, Abraham nie. Die verbond is eensydig in die oprigting daarvan, maar tweesydig in die uitvoering.

By 'n verbond moet ons altyd op twee dinge let: die beloftes wat gegee word en die bedreiging van straf oor hom wat die verbond breek. In die genadeverbond is daar twee *Partye:* God en die mens; daar is ook twee *dele:* die belofte en die eis. Die Here gee in Christus *sy* beloftes van saligheid en ewige lewe, maar Hy kom ook met die eis van geloof en bekering. Maar die Here gee ook aan ons wat Hy van ons eis: Hy gee genade om die verbond te onderhou. Ons moet van ons kant belowe om in die weë van die Here te wandel. Ons mag weliswaar ook eis dat God *sy* beloftes aan ons vervul. Die Here sê Self: Open julle mond, *eis* van My vrymoedig op My trouverbond; al wat jul ontbreek, skenk Ek as jul smeek, mild en owervloedig.

Ons vind in verband met die genadeverbond heelwat geredekawel, omdat ons met die praktyk verleë sit deurdat nie alle gedoopte mense, alle bondelinge salig word nie. Daarom is pogings aangewend om onderskeid te maak tussen 'n uitwendige en 'n inwendige verbond. Die uitwendige verbond sou dan vir die naam Christene geld en die inwendige verbond vir die ware gelowiges. Eersgenoemde het dan wel reg om die doop en nagmaal te gebruik en belydenis af te lê, maar dit wil nog nie sê dat hulle waarlik aan die inwendige verbond behoort nie.

Hierdie gedagtes bederf egter die gereformeerde leer van die genadeverbond. Dit werk mee om die idee van 'n volkskerk ingang te laat vind. Sodoende word die genadeverbond vervals. Ons wil geen aparte kerkie in die Kerk hê waaraan dan net die ware gelowiges behoort nie. Ons weet dat daar 'n verbondseën en 'n verbondsvloek is en dan word die fout gemaak om hulle naas mekaar te stel, hulle te koördineer. Nee, die verbondsvloek is gesubordineer, ondergeskik aan die verbondseën, net soos die verwerping ondergeskik is aan die verkiesing. Daar is ranke in die Wynstok, Christus, wat vrugte dra en daar is ranke wat geen vrugte dra nie en wat daarom afgesny en in die vuur gewerp sal word. Ons maak dus slegs onderskeid tussen huigelaars en ware gelowiges. Eersgenoemde is wel *in* die kerk, maar nie *van* die kerk nie; net soos galstene wat in, maar nie van die liggaam is nie. Wie met 'n gedoopte voorhoof, dus as bondeling verlore gaan, sal baie swaarder gestraf word as die inwoners van Sodom en Gomorra. Dit is heerlik, maar ook vreeslik om aan die verbond te behoort.

Die groot gevaar is dat ons die saak so maklik eensydig beskou. Ons moet onthou dat net soos 'n trein op twee spore beweeg, dit ook die geval is met die genadeverbond: ons moet vashou aan sowel Gods genade as aan ons verantwoordelikheid. Wanneer ons alleen aan eersgenoemde vashou en sodoende die verbond met die uitverkiesing identies beskou, dwaal ons. Dan is die konklusie dat die nie-uitverkorenes nie 'n "ware" doop ontvang het nie; dan verval 'n mens in lydelikheid en passiwiteit. Die uitverkiesing behoort tot die verborge dinge en die doop tot die geopenbaarde dinge.

As ons aan die ander kant slegs ons verantwoordelikheid beklemtoon, dwaal ons ook. Want Christus het gesê: sonder My kan julle niks doen nie. Indien 'n mens bloot gedoop is of belydenis afgelê het sonder die ware geloof in Hom, word hy ook nie

gered nie. Ons moet dus op beide spore van Gods verkiesing en ons verantwoordelikheid beweeg, anders vind daar ontsporing plaas.

Die genadeverbond is in die eerste plek 'n testament *(diatheke),* dit wil sê, *'n eensydige beskikking* van God, maar kragtens hierdie eensydige beskikking word dit 'n wederkerige ooreenkoms, *'n syntheke.* Vir die jong kinders is die verbond slegs 'n testament, 'n diatheke, dit wil sê, 'n eensydige beskikking van Godsweë en dus monopleuries. Daarom sê ons Dordtse Leerreëls ook: Aangesien ons oor die wil van God moet oordeel uit sy Woord wat getuig dat die kinders van die gelowiges heilig is, nie van nature nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hul ouers opgeneem is, daarom moet godsalige ouers nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hul kinders wat God in hul kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie (Hand. 2:39; 1 Kor. 7:14; Gen. 17:7).

Wanneer die kinders dan later self kan onderskei, word die diatheke (testament) vir hulle 'n syntheke (verbond); die eensydige beskikking word 'n wederkerige ooreenkoms. Hulle moet deur die geloof Christus aanvaar en in sy weë wandel.

Die genadeverbond is van so 'n fundamentele betekenis vir die geloofslewe dat sowel die prediking as elke ander arbeid van die Kerk daarvan behoort uit te gaan; elke voorstelling of praktyk in die kerklike lewe wat aan die betekenis van die verbond te kort doen, moet vermy word. Christus het as *Middelaar van die genadeverbond* in die plek van Adam opgetree en nou word sy verdienste ons toegereken, net soos die skuld van Adam ons toegereken is (Rom. 5:12-21; 1 Kor. 15:22, 45 vv. [1Kor. 15:45-58). Daarom het die genadeverbond so 'n ryke betekenis vir die Kerk van die Here. Ons word bewaar vir allerlei individualisme en sektarisme wat niks van die verbond wil weet nie. Die Kerk is tog nie 'n vereniging van 'n groep los opsigselfstaande individue wat deur 'n aparte wilsdaad lid word daarvan nie. Die Kerk is die *volk* van die Here. En aan dié volk behoort sowel die volwassenes as hulle kinders, alhoewel sommige dan later sal besluit dat hulle nie daaraan wil behoort en in die weë van die Here wil wandel nie.

Die genadeverbond is ook van betekenis vir die *sekerheid van ons geloof.* Paulus sê aan Timotheüs: "As ek my herinner die ongeveinsde geloof wat in jou is, wat eers gewoon het in jou grootmoeder Loïs en in jou moeder Eunice, en wat – daarvan is ek oortuig – ook in jou is." So wys hy daarop dat die lyn van die genadeverbond verband hou met die persoonlike geloofslewe.

Dit hoef ons dan ook nie te verbaas dat in die kringe van sektes en van die valse mistiek die sekerheid van die geloof dikwels ontbreek vanweë hierdie mense se geestelike hoogmoed nie. Hulle maak die werk van die Heilige Gees los van die Middelaar van die verbond. Hulle soek na aparte ervaringe en openbaringe los van Christus en wil dan hulle sekerheid op hierdie bevindinge grond. Christus het tog Self gesê dat die Heilige Gees dit sal neem uit wat *aan Hom behoort* en aan ons leer. Hierdie mense meen ook dat die Heilige Gees hulle elkeen apart moet besoek met besondere openbaringe. Die gevolg is dat die een 'n interessanter verhaal wil vertel as die ander.

Die genadeverbond laat ons egter sien dat die Heilige Gees organies werk. Christus is die Wynstok en ons is die ranke; en dit wys op die gemeenskap van die heiliges. Wie dan seker wil wees van sy verkiesing, moet dié sekerheid soek in die gemeenskap van die heiliges, in die Kerk. Die ware geloof is 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees in my hart werk dat *nie alleen aan ander* nie, maar *ook aan my* vergewing van sonde geskenk word uit louter genade om Christus ontwille.

Waar daar met die genadeverbond geknoei word, is daar geen geloofsversekerdheid

nie. Wie die verbond van genade suiwer stel in ooreenstemming met Gods Woord, sal God dank vir die ryke seën wat Hy aan ons, ook ten opsigte van die geloofsekerheid, langs die weg van die verbond gegee het.

## D. DIE NATUURVERBOND

Die natuurverbond is die verbond wat die Here opgerig het met die mens, die diere en met die hele skepping, sodat daar 'n ongesteurde ontwikkeling sal wees tot die einde van die dae. Dit wil sê dat daar 'n gereëlde voortgang sal wees sodat die geskiedenis van die mensheid kan voortgaan tot die wederkoms van Christus.

Hierdie verbond het God spesiaal en offisieel met Noag opgerig, maar dit wil nie sê dat dit eers na die sondvloed tot stand gekom het nie. Dink aan die genadeverbond wat die Here in die besonder met Abraham opgerig het, maar wat dadelik na die val begin het toe Christus as Middelaar in die plek van Adam gaan staan het. So het God die natuurverbond spesiaal met Noag opgerig, maar dit het ook onmiddellik na die val reeds in werking getree. Aan Eva het Hy gesê dat sy kinders sal baar sodat die menslike geslag voortgesit kan word. Die geskiedenis sou dus voortgaan. En aan Adam is gesê dat hy lewensmiddele sou verkry deur sy arbeid.

Na die sondvloed aksentueer God die natuurverbond egter in die besonder. Daar is dan maar net agt mense op aarde. Indien die Here telkens vanweë die ongeregtigheid van die mensheid 'n sondvloed sou stuur, sou daar van 'n gereëlde ontwikkeling en van geskiedenis nie veel tereg kom nie. Daarom het God die belofte gegee dat Hy dit nie meer sou doen nie; voortaan sal daar 'n normale afwisseling wees. God het gesê: "Van nou af sal, al die dae van die aarde, saaityd en oestyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie. Maar, kyk, Ek rig my verbond met julle op en met julle nageslag na julle met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die wilde diere van die aarde by julle – al wat uit die ark uitgegaan het, naamlik al die diere van die aarde. En Ek rig my verbond met julle op, dat alle vlees nie meer deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie, en dat daar geen vloed meer sal wees om die aarde te verwoes nie" (Gen. 8:22, Gen. 9:9-11).

Ook is die leeftye van die mense verkort sodat die sondaars nie meer die geleentheid sal hê om selfs vir eeue aaneen te sondig nie. Verder kry die mens heerskappy oor die diere, maar word ook neergelê dat hy respek moet hê vir die lewe. Hy mag nie soos die roofdiere handel wat bloeddorstig is en hul kloue slaan in die warm vlees van die dier wat nog lewe nie. Daar mag geen lewe in die vlees meer wees voor dit geëet word nie.

Ook het die Here die reënboog gegee as teken van die verbond. Die reënboog was voorheen reeds daar, maar word nou tot teken gegee. Wanneer die reënboog verskyn, dink God aan sy verbond en moet ons ook daaraan dink. Dit is so opmerklik dat ons in Openbaring lees van 'n reënboog rondom die troon. Dit beteken dat die belofte en die vervulling eenmaal een sal wees; dan eindig die belofte, nie omdat die rykdom geëindig het nie, maar omdat ons in die volle rykdom staan. En daar sal geen nag meer wees nie.

God gebruik die natuurverbond as grondslag vir die rustige ontwikkeling van die genadeverbond; dit moet meewerk om die genadeverbond tot volle ontplooiing te bring. Die eenheid van beide vind ons in Christus. Deur die Woord van die Here (die Seun) is die hemele gemaak en dié Woord het vlees geword. Christus hou die natuurverbond in stand sodat Hy langs dié weg, die genadeverbond tot volle ontplooiing kan bring tot verheerliking van die Naam van die Here.

So word dit dan ook duidelik dat die natuurverbond tot seën is vir die genadeverbond. Die radio, byvoorbeeld, staan in diens van die Evangelie. Mense kan alleen maar 'n knoppie draai om die Woord van God te hoor. Niemand sal hom kan verontskuldig nie. Eenmaal sal die eer en die heerlikheid van die nasies in die nuwe Jerusalem ingebring word.

# XII DIE MIDDELAAR VAN DIE GENADEVERBOND

## A. DIE PERSOON VAN DIE MIDDELAAR

### 1. Jesus is die Christus, die Seun van God

Die Middelaar van die genadeverbond is Jesus Christus, die Seun van God. In die begin was die Woord en die Woord was by God en die Woord was God; dié Woord het vlees geword. Ons bely dan ook dat die Jesus van die geskiedenis, wat ontvang is van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria, die Christus is wat die Vader beloof en gestuur het.

Die belydenis wat Petrus afgelê het, is in hierdie verband van besondere belang. Die Here Jesus was met sy dissipels in die streke van Cesaréa Filippi, digby die oorspronge van die Jordaan; 'n baie gewigtige oomblik het aangebreek vir die dissipels en vir die ganse Christelike Kerk. Daarom moet ons daarop let dat ons Here Jesus eers gebid en toe vir hulle gevra het: "Wie sê die skare is Ek?" (Lukas 9:18). Dit gaan hier om die juiste Christologie, die suiwere Christusbeskouing. Daarom is hierdie vraag van die Heiland nie van bykomende belang nie, maar van wesenlike belang, 'n ondersoek van Sy kant na die beskouing wat die mense het oor wie Hy is – nie hoe Hy is of wat Hy doen nie. En die dissipels het goed geluister na die opinies wat daar onder die mense gegeld het, opinies wat, soos gewoonlik met die dwaling die geval is, nogal uiteenlopend was: Sommige het gesê dat Hy Johannes die Doper is, ander Elia, ander Jeremia en ander: een van die profete. En dan kom die groot oomblik. Christus kom van die sirkelomtrek na die middelpunt en stel die persoonlike vraag: Maar julle, wie sê julle is Ek? En dan antwoord Petrus ook namens die ander dissipels: U is die Christus, die Seun van die lewende God. (Matt. 16:16) Let wel: Hy sê nie: ek is van mening dat, of ons dink so nie, maar U *is* dit, so is dit en nie anders nie.

Jesus *is* die Christus, die Seun van die lewende God. Al dink die mense ook baie van Hom en stel Hom op een lyn met die profete en noem hulle Hom die Profeet by uitnemendheid, dwaal hulle. Die belydenis van Petrus is die enig-ware, wat straks in die hele wêreld sal weerklink. Daarom antwoord die Here Jesus hom: "salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die hemele." (Matt. 16:17)

Hier het ons die veroordeling van alle relativisme wat leer dat iets só kan wees, maar ook anders; dit is goed of beter of die beste. Nee, die Here Jesus sê nie dat die mense goeie antwoorde gegee het en Petrus die beste antwoord nie, maar dat al die ander antwoorde beslis verkeerd is en die van Petrus alleen maar goed en reg. Die ander antwoorde en Christusbeskouinge is vals en vleeslik, dié van Petrus is alleen waar omdat dit geopenbaar is deur die Vader in die hemele.

Hier gaan die geloof en ongeloof dan ook uiteen en is daar geen basis vir 'n gesprek nie, maar alleen vir verskil. Hierin lê die veroordeling van elke Christusbeskouing wat op kritiese grondslag staan.

En op hierdie belydenis van Petrus, op hierdie rots, bou Christus sy gemeente só stewig dat die poorte van die hel dit nie sal oorweldig nie.

### 2. Die grondslae vir die vleeswording van die Woord

Die Evangelie volgens Johannes toon vir ons aan dat die vleeswording van die Woord (ons Here Jesus) geleë is in die Drie-enige God wat die wêreld geskape en Homself geopenbaar het.

***Die Drie-enige God**.* Die stryd teen die belydenis van Petrus dat Christus die Seun van God is, is 'n stryd teen die Drie-enige God. Wanneer daar geen Drie-enige God is en daar dus nie drie Persone in die een Goddelike Wese is nie, kan daar ook geen vleeswording van die Woord wees nie. Daarom sê Johannes: In die begin was die Woord en die Woord was by God en die Woord was God. Dié Woord het vlees geword: die tweede Persoon van die Goddelike Wese het die ware menslike natuur aangeneem. Die Vader het sy Seun in die wêreld gestuur, die Heilige Gees werk in die maagd Maria en die ewige Seun van God het uit haar vlees en bloed die ware menslike natuur aangeneem.

***Die Drie-enige God het die wêreld geskape.*** Die Vader het die heelal geskape deur die Seun en deur die Heilige Gees. "Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie." God het die mens geskape na sy beeld en na sy gelykenis en tot Homself in 'n verbondsverhouding gestel. By die skepping van die eerste Adam het die Drie-enige God rekening gehou met die vleeswording van die Woord, die laaste Adam.

***Die Drie-enige God het Homself geopenbaar.*** Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun (Heb. 1:1). Die hoogste openbaring van God is in Christus deur Sy vleeswording – Hy is die waaragtige Lig van die wêreld. In Hom was die lewe en die lewe was die lig van die mense; die lig skyn in die duisternis en die duisternis het dit nie oorweldig nie. Hy was in die wêreld en die wêreld is deur Hom gemaak en die wêreld het Hom nie geken nie. Hy het na sy eie mense gekom en hulle het Hom nie aangeneem nie (Joh. 1:4-11).

Hoe mooi en verhewe is daardie eerste hoofstuk van Johannes waarin ons gewys word op die grondslae van die vleeswording van die Woord. Nou sien ons tewens dat Christus Hom ook geopenbaar het vóór die vleeswording van die Woord. Die tweede Persoon in die Goddelike Wese, die Seun, het onmiddellik in die plek van die eerste Adam opgetree. Dit sien ons in die moederbelofte in Genesis 3:15 (Gen. 3:15) waar die stryd van die heilige geslagte teen die onheilige geslag voorspel word: die heilige geslagte word deur Christus in stand gehou.

In die Ou Testament het Christus Homself aangekondig deur die profete wat getuig het deur die Gees van Christus. Die Here het Homself geopenbaar as die God van Sem, en aan Abraham gesê: "In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Gen. 12:3). Die septer sal van Juda nie wyk nie nog die veldheerstaf tussen sy voete uit totdat Silo kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaam wees (Gen. 49:10). Moses sê: "'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die Here jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister" (Deut. 18:15). Wanneer Moses later by Christus is op die berg van die verheerliking, sê die Vader: "luister na Hóm" (Jesus). Jesaja sê: "Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en Hom Immanuel noem" (Jes. 7:14). Sy Naam is: "Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, ewige Vader, Vredevors" (Jes. 9:5 [Jes. 9:6]). Want daar sal 'n takkie uitspruit uit die stomp van Isaï en 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra (Jes. 11:1). Miga noem die plek van sy geboorte: "En jy, Betlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan Een wat 'n Heerser in Israel sal wees" (Miga 5:1). Jesaja 53 en Psalm 22 spreek baie duidelik oor die lyding van ons Here Jesus; Psalm 68, 47 en 24 oor sy hemelvaart en Psalm 110 oor die feit dat Hy gaan sit het aan die regterhand van God. So wys die hele Ou Testament heen na die vervulling in die Nuwe Testament.

Die heilige geslag is ook in stand gehou soos duidelik blyk uit die geslagsregister van ons Here Jesus in Matthéüs 1 en Lukas 3. Eg. bevat die geslagslys van Josef as

pleegvader van ons Here Jesus; lg. die geslagslys van Maria as moeder van die Here. Eg. gaan terug tot by Abraham en daarin word die name van vier vroue genoem: Tamar, Ragab, Ruth en die vrou van Uria; lg. tot by Adam omdat Lukas vir die hele wêreld skrywe. Matthéüs skrywe vir Jode en teken Christus as die Seun van Abraham en wys telkens op die vervulling van die profesie van die Ou Testament. Daarom het Christus self gesê: Ondersoek die Skrifte, omdat hulle van My getuig.

Naas die profesieë het ons ook die simboliek in die Ou Testament; ons sien telkens daarin die skaduwee van Christus en waar sy skaduwee gesien word, is Hyself teenwoordig. Die ark van Noag wys op Christus as die ark van behoud. Die koperslang wys ook na Hom heen (Joh. 3:14). Christus is die Manna en die Rotssteen. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Die ganse tempeldiens, die offerandes en die seremonies wys simbolies heen na Hom, wat die vervulling en volle werklikheid van al hierdie skaduwees is.

Dan is daar ook baie tipes van die Here Jesus in die Ou Testament. Simbole is dinge wat Christus afbeeld; tipes is persone wat as skaduwees van Christus optree. Ons moet egter versigtig wees om nie van sekere persone tipes van Christus te maak as die Skrif dit nie sê nie. Moses dui homself aan as tipe van Christus (Deut. 18:15). Abraham is as voorbidder 'n tipe van Christus, Melgisédek as Hoëpriester; Dawid is 'n tipe van Christus in die staat van vernedering; Salomo is 'n tipe van Christus in die staat van verhoging. Die Here Jesus het self gesê: Meer as Salomo is hier.

Die hele Ou Testament sien vooruit na die koms van Christus, na die vleeswording van die Woord wat reeds in die vrederaad van God beslote is. In dié vrederaad het die Seun self mee besluit. Daarom het Christus dadelik na die sondeval opgetree: Hy het die heilige geslag in stand gehou nieteenstaande die haat en vyandskap van Satan. Meer as eenmaal het hierdie heilige geslag se voortbestaan aan 'n dun draadjie gehang, maar eindelik het die volheid van die tyd aangebreek en was die wêreld ryp vir die koms van Christus. Ons kan hierdie volheid van die tyd beskou van 'n negatiewe en van 'n positiewe kant. Negatief omdat die heidense godsdienste geen rus kon bring vir die siel wat alleen rus kon vind in God nie – met die afgode is daar selfs die spot gedrywe en by baie was daar 'n verlange na beter tye sodat die tyd ryp was vir die Evangelie wat in alle tale verkondig sou word. Die heidendom was by 'n dieptepunt in sy strewe na selfverlossing en die sedelike lewe het op 'n baie lae peil gestaan soos blyk uit Romeine 1. Positief omdat daar in hoofsaak één taal was wat oral gespreek en verstaan is, naamlik die Griekse taal; daar was een groot ryk, die Romeinse. Wanneer keiser Augustus 'n bevel uitvaardig dat die hele wêreld ingeskryf moes word, gaan Josef en Maria van Násareth na Betlehem sodat die profesie van Miga vervul sou word. Die wêreldgeskiedenis staan in diens van die heilige geskiedenis; daarom is daar ook groot paaie gebou sodat hulle in diens van die sendingreise gestel en die Evangelie in die hele wêreld verkondig kon word. Ook is die Ou Testament in Grieks vertaal sodat die Heilige Skrif ook deur die heidene gelees kon word. Hieruit blyk dat God self beskik het dat die tyd ryp en vol sou word sodat Hy Sy Seun in die wêreld kon stuur. "Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet om die wat onder die wet was, los te koop sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang" (Gal. 4:4-5).

### 3. Waarom het die Woord vlees geword?

Daar is mense wat sê dat die Seun van God vlees sou geword het ook wanneer Adam nie in die sonde geval het nie – die teenstellinge wat daar in die skepping is, sou die vleeswording van die Woord noodsaaklik gemaak het. Om dit te verstaan moet ons

let op die beskouinge van Hegel[1] wat geleer het dat daar 'n drievoudige onderskeiding is.

Hegel gaan uit van die Tese, die Stelling, die Absolute Idee – dit is dan God. Die skepping, die natuur, die mens is dan die antitese, die teenstelling. Die absolute Idee leer sigself ken en kom tot selfbewussyn deur hierdie teenstelling. En nou ontstaan die Sintese, die samestelling, sodat die grenslyn tussen Skepper en skepsel uitgewis word.

Die etiese rigting het hierdie wysgerige gedagtes toegepas op hulle Christusbeskouing: God is die Tese, die mens is die Antitese en Christus die Sintese. Christus het dus gekom as die versoening van alle teenstellinge tussen God en die mens, hemel en aarde, Oneindige en eindige, Ewige en tydelike. Volgens dié standpunt moes Christus dus in die vlees gekom het al was daar geen sondeval nie. Dit is egter nie juis nie. Die teenstellinge wat daar in die skepping is, word nie weggeneem nie. En daar is ook nie 'n teenstelling tussen tyd en ewigheid nie, maar onderskeid. Die mens is ook nie deur God geskape as sy teenstelling, as sy antitese nie, want God het die mens geskape na sy beeld en gelykenis. Daar is nie 'n teenstelling tussen Gods wêreld en ons wêreld (die vertikale lyn) nie, maar tussen God en die sonde (die horisontale lyn) en dié het dus na die sondeval ontstaan. Dus sou die vleeswording nie plaasgevind het as daar nie 'n sondeval was nie.

## 4. Die vleeswording van die Woord is nodig vanweë die sonde

Die koms van Christus word altyd in verband gebring met die sondeval. "Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy eniggebore Seun gegee het sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16). Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, nl. dat Jesus Christus in die wêreld gekom het om sondaars te red (1 Tim. 1:15). En onteenseglik, die verborgenheid van die godsaligheid is groot: God is geopenbaar in die vlees, is geregverdig in die Gees, het verskyn aan engele, is verkondig onder die heidene, is geglo in die wêreld, is opgeneem in heerlikheid (1 Tim. 3:16). Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek (1 Joh. 3:8).

Die Bybel bring die vleeswording van die Woord dus alleen in verband met die sondeval. God het, eerder as om die sonde ongestraf te laat bly, dit aan sy eie Seun gestraf. Christus het nie gekom om tyd en ewigheid te versoen nie, maar om deur sy voldoening die sondaar met God te versoen. Die teenstelling is nie tussen natuur en genade nie, maar tussen sonde en genade.

Daarom het ons Here Jesus 'n diensknegsgestalte aangeneem en nie 'n menslike natuur wat heerlik was soos dié van Adam en Eva voor die sondeval nie. Hulle het geen lyding en smart, geen honger en dors geken nie. Ons Nederlandse Geloofsbelydenis sê in artikel 18: "Hy (Christus) het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem en in die gelykenis van mense gekom deur waarlik aan te neem 'n ware menslike natuur met al die swakhede daarvan – uitgesonderd die sonde – en is ontvang in die liggaam van die geluksalige maagd Maria deur die krag van die Heilige Gees sonder toedoen van 'n man". Christus het dus gekom in die swakheid van die sondige vlees en self sonder sonde. Hy was verag en ons het Hom nie geag nie; al ons krankhede het Hy op Hom geneem. Hy kon ly, smart hê, bedroef wees. Hy is waaragtig mens sodat Hy vir ons sou kon sterwe in die swakheid van ons vlees.

---

[1] ***Hegel***. 'n Baie bekende Duitse wysgeer uit die negentiende eeu en wat in hoofsaak tot die rasionalistiese skool behoort. Die menslike verstand word bo alles gestel.

## 5. Die Middelaar is waaragtig God

Die Heilige Skrif leer ons dat Christus waaragtig God is, die tweede Persoon van die Goddelike Wese. Jesaja sê: "'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee en die heerskappy sal op sy skouer wees; en Hy word genoem Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, ewige Vader, Vredevors" (Jes. 9:5 [Jes. 9:6]). In Johannes 1 lees ons van die Woord wat in die begin by God en Self ook God was. Deur Hom is alle dinge gemaak. Die Woord het vlees geword en ons het Sy heerlikheid aanskou, die heerlikheid van die Eniggeborene wat van die Vader kom. Paulus sê in Filip. 2:6 dat Christus, wat in die gestalte van God was, dit geen roof geag het om aan God gelyk te wees nie.

Die Vader het deur die Woord die wêreld geskape. Christus sê self: voordat Abraham was, was Ek. Hy bid van die Vader om die heerlikheid te mag ontvang wat Hy by die Vader besit het voor die grondlegging van die wêreld. Die Vader het Hom by die doop en by die verheerliking op die berg Sy Seun genoem. Petrus bely: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." (Matt. 16:16) Thomas roep uit: "My Here en my God." (Joh. 20:28) Selfs die duiwel sê: "Indien U die Seun van God is" (Matt. 4:3); en Christus het onder eed voor Kajafas verklaar dat Hy die Seun van God is; toe is hy vanweë Godslastering veroordeel (Matt. 26:63-64).

In die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 10 bely ons: "Ons glo dat Jesus Christus na sy goddelike natuur die eniggebore Seun van God is, van ewigheid af gebore; nie gemaak nie en nie geskape nie – want dan sou Hy 'n skepsel wees – maar eenswesens met die Vader, die afdruksel van die wese van die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid, aan Hom in alles gelyk". Die Heidelbergse Kategismus sê dat Christus die ewige natuurlike Seun van God is en dat ons om Sy ontwille tot kinders van God aangeneem word (Sondag 13). In die Dordtse Leerreëls 2, 4 staan: "En hierdie dood het daarom so 'n groot krag en waarde, omdat die persoon wat dit ondergaan het, nie alleen 'n ware en volkome heilige mens is nie, maar ook die eniggebore Seun van God, van eenselfde ewige en oneindige wese met die Vader en die Heilige Gees, soos ons Saligmaker dan ook moes gewees het."

Nou wil vrysinnige denkers aan die Naam Seun van God 'n ander inhoud gee. Dit is uiters gevaarlik. Ons moet kies tussen Christus en Kajafas. Kajafas noem Christus 'n Godslasteraar, omdat Hy onder eed betuig het dat Hy die Seun van God is. Nou is een van twee waar: Òf Kajafas het gelyk gehad òf ons glo wat Christus self gesê het. Òf ons stem van harte in met die belydenis van Petrus en Thomas, òf ons kies die kant van die vyand. 'n Middeweg is daar nie en daarom bely die Kerk van alle eeue: My Redder is my God.

## 6. Christus is 'n waaragtige en regverdige mens

Die Seun van God het 'n ware menslike natuur aangeneem. Hy is 'n egte mens. Die Gnostieke[2] het hierdie waarheid bestry en geleer dat Christus as 'n "aeon" ('n uitvloeisel) uit God uitgegaan en 'n skynliggaam aangeneem het. Ook die

[2] ***Gnostieke.*** 'n Heidense filosofiese rigting uit die eerste eeu n.C. wat hul onbybelse voorstellinge in Christelike terme klee. Hul beskouing kom daarop neer dat 'n mens deur kennis gered word. Sektes in ons tyd, soos byvoorbeeld die Jehova's Getuies, staan wesenlik op dieselfde beginsel.

Wederdopers[3] is van mening dat Christus sy liggaam uit die hemel meegebring en deur Maria soos deur 'n kanaal deurgegaan het, of dat Hy 'n skynliggaam aangeneem het. Maar dan is Hy nie een met ons menslike geslag nie en was sy hele arbeid ook skyn gewees. Hierdie mense kom tot dié dwaling omdat hulle 'n teenstelling sien tussen stof en gees, natuur en genade. Die Skrif leer dat Christus 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van Maria aangeneem het. Hy staan nie buite ons menslike geslag nie, maar het aan ons in alles gelyk geword, uitgenome die sonde. Hy is waaragtige mens, 'n egte en tewens regverdige mens.

## 7. Christus het twee nature in een Persoon

Hierdie waarheid dat Christus twee nature in een Persoon het, is op allerlei maniere *bestry.* Sommige sien in die menswording 'n *illustrasie* van 'n algemene idee, of sê dat Christus die hoër openbaring is van die eenheid van die goddelike en die menslike. Weer andere sê dat die Evangelie nie 'n geskiedkundige getuienis is nie, maar alleen 'n geloofsgetuienis. Of hulle sê dat Jesus van Násareth inderdaad histories is, maar dat Christus as Seun van God misties gesien moet word. Die kruis op Golgotha is dan geskiedenis, maar die opstanding is 'n mite. Ten slotte wil ander spreek van die Goddelikheid van Christus, maar nie van *sy* Godheid nie: Hy is gelykend op God, maar nie gelyk aan God nie.

Dit is duidelik dat hierdie beskouinge feitlik geen ruimte meer laat vir die waarheid van die twee nature van Christus in die enigheid van Sy Persoon nie. En dit terwyl die uitsprake van die Skrif so duidelik is. Die apostel Johannes sê: "Elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld" (1 Joh. 4:3).

Die Kerk van die Here bely dat die ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en *bly,* 'n ware menslike natuur uit die vlees en bloed van die maagd Maria deur die werking van die Heilige Gees aangeneem het, sodat Hy ook die ware nakomeling van Dawid sou wees, aan *sy* broeders in alle opsigte gelyk uitgenome die sonde (H.K. vr. 35). En in artikel 19 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis staan: "Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die persoon van die Seun onafskeidelik verenig en saamgevoeg is met die menslike natuur, sodat daar nie twee Seuns van God of twee persone is nie, maar twee nature in een persoon verenig, terwyl elke natuur ewenwel sy onderskeie eienskappe behou. Maar hierdie twee nature is so saam verenig in een Persoon dat hulle selfs ook deur sy dood nie geskeie was nie. So was dan wat Hy sterwende in die hande van sy Vader oorgegee het, 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het; maar intussen het die Goddelike natuur altyd verenig gebly met die menslike, selfs ook toe Hy in die graf gelê het. En die Godheid het nie opgehou om te wees nie, soos dit in Hom gewees het toe Hy 'n klein kindjie was, alhoewel dit hom 'n klein tydjie nie so geopenbaar het nie. Om dié rede bely ons dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin en ware mens, sodat Hy vir ons kan sterwe weens die swakheid van *sy* vlees." Hierdie belydenis van die Kerk is duidelik genoeg.

Toe Christus op aarde was, het Satan probeer om die vleeswording van die Woord na te boots deurdat *hy* een of meer duiwels in 'n mens gestuur het. Ons lees telkens van mense wat deur die duiwel besete was. Dan is daar ook twee nature, maar ook twee persone: die mens wat besete is, kan uitroep: Here verlos my*;* en die duiwels

---

[3] ***Wederdopers****.* Sektegroepe uit die tyd van die Hervorming wat allerlei dwaalbeskouinge gehuldig het en deur die Hervormers bestry moes word.

vra of hulle in die kudde varke mag vaar. In die geval van Christus is dit egter heeltemal anders. Die tweede Persoon van die Goddelike Drie-eenheid het 'n menslike natuur aangeneem. Toe die Here Jesus in Betlehem gebore is, het daar nie 'n nuwe menslike persoon bygekom nie – Christus het slegs die menslike natuur aangeneem in die enigheid van Sy Goddelike Persoon. Hy is nie één persoon uit die menslike geslag nie, maar die laaste Adam wat kon sê: Voor Abraham was, was Ek.

As Persoon het Christus nie uit die mensheid voortgekom nie, maar Self van buite af tot die mensheid gekom en daarin ingegaan. Die vereniging van die twee nature is derhalwe 'n persoonsvereniging. Die twee nature is nie twee kante van Christus se persoonlikheid nie.

Ons mag ook nie, soos Eutyches[4], die twee nature van Christus met mekaar vermeng soos water en wyn in een glas met mekaar gemeng word nie. Ons mag nie, soos Nestorius[5], die twee nature van Christus van mekaar skei soos olie en water in een glas tog geskei bly nie. Teenoor hierdie dwalinge het die Konsilie van Chalcedon in 451 uitgespreek dat die beide nature van Christus onvermengd en onveranderd, maar ook ongedeeld en ongeskeie met mekaar verenig is.

Nou sien ons tewens dat daar in al Christus se dade 'n dubbele energie werksaam is. Hy word genoem die Seun van God én die Seun van die mense. Aan Nikodémus sê die Here Jesus: "Niemand het opgevaar in die hemel nie, behalwe Hy wat uit die hemel neergedaal het, naamlik die Seun van die mens wat in die hemel is" (Joh. 3:13). En in 1 Joh. 1:7 staan: "die bloed van Jesus Christus, Sy Seun, reinig ons van alle sonde." Dit is dus baie opmerklik dat Christus die Seun van die mense genoem word wanneer Hy as Seun van God uit die hemel neerdaal. En wanneer Hy as Seun van die mense ons deur Sy bloed reinig van al ons sonde, word Hy Seun van God genoem. Die één Persoon word sowel met die Goddelike as met die menslike naam genoem. Christus het immers al Sy verlossingsdade verrig in beide Sy nature; die energie van beide nature is daarin werksaam. Hy het as Seun van die mens die dood ingegaan en het deur Sy opstanding kragtig bewys dat Hy die Seun van God is. Hy het as Seun van die mens die straf gedra en omdat Hy die Seun van God was, het Hy die straf weggedra en gesê: Dit is volbring. Ons moet dus die twee nature onderskei, maar mag hulle nooit van mekaar skei nie.

Nou verstaan ons ook dat die laaste Adam nie kon val en nie kon sondig nie. Hy is sonde vir ons gemaak; Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Maar niemand kon Hom van sonde oortuig nie. Hy het, omdat Hy as die Seun van God vóór Adam was, nie in Adam gesondig nie. Hy het geen erfsonde; geen erfskuld of erfsmet nie. Tog was die versoeking in die woestyn geen skynvertoning nie: Christus, die Seun van God, moes toon dat Hy nie kon val nie. Wanneer 'n brug gebou is en 'n proefrit oor die brug gemaak word, staan die ingenieurs en ontwerpers daarvan tog nie daarby met vrees in hulle harte vir die moontlikheid dat die brug inmekaar sal stort nie. Nee, deur die proefrit moet bewys word dit wat hulle reeds weet – dat die brug volkome betroubaar is. So het Christus ook tydens die versoeking in die woestyn getoon dat Hy die Weg en die Waarheid en die Lewe is.

Christus kon versoek word, want Sy menslike natuur met al die swakhede daarvan

---

[4] ***Eutyches***. Ook hy het gedwaal t.o.v. die twee-nature-leer. Hy het weer die eenheid van die twee nature beklemtoon ten koste van die tweeheid sodat daar by hom eintlik geen sprake van twee nature meer is nie.

[5] ***Nestorius***. 'n Teoloog uit die 5e eeu n.C. wat 'n dwaalleer i.v.m.die twee nature van Christus gehuldig het. Hy het die twee nature van Christus tot so 'n mate geskei dat die eenheid van Sy Persoon verlore gaan.

was aanvegbaar. In die verswakte menslike natuur het die duiwel 'n aanknopingspunt gevind waar hy die haak van sy versoeking kon inslaan. Christus het honger, en die versoeking bestaan hierin dat Hy as die Seun van God uit klippe brood kan maak, maar dit in gehoorsaamheid nie doen nie, omdat sy spyse is om die wil te doen van die Vader. As Hy op die tempeldak staan, is die maklikste pad om Hom aan die skare bekend te maak om daar af te spring, maar Hy kies die moeilike pad; die pad van lering en van die kruis. In plaas daarvan dat Hy deur een knieval voor Satan die koninkryke van die wêreld ontvang, sal Hy Satan oorwin en deur lyding heen in Sy heerlikheid ingaan wanneer aan Hom alle mag in hemel en op aarde gegee sal word.

Die versoeking is dus geen skyn nie, maar volle werklikheid. God kan nie versoek word en voor die vleeswording kon Christus ook nie versoek word nie. Maar ná die vleeswording kon Christus na sy menslike natuur wel versoek word. En dit moes met Hom gebeur. Ons lees dat Hy deur die Heilige Gees weggelei is die woestyne in om deur die duiwel versoek te word. Die laaste Adam het sodoende getoon dat Hy nie kon val nie. Hy het staande gebly en die duiwel oorwin sodat Hy kon sê: "Niemand sal hulle uit My hand ruk nie en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie" (Joh. 10:28).

# B. DIE WERK VAN DIE MIDDELAAR

## 1. Sy Name

In die Heilige Skrif het die naam van iemand ryke betekenis en gee dit uitdrukking aan die wese en karakter van die draer. 'n Naam sê iets, openbaar iets. God het Homself geopenbaar, Homself *genoem* sodat ons Hom kan leer ken. Deur Sy name sê Hy aan ons wie Hy is.

Abram, grote vader, word genoem Abraham, vader van vele. Jakob, bedrieër, word genoem Israel, man of held van God. Nebukadnésar gee aan Daniël (God is my regter), Hanánja (die Here is genadig), Misael (wie is aan God gelyk) en Asárja (die Here help) Babeloniese name volgens die afgode van die koning en hulle word genoem: Bélsasar, Sadrag, Mesag en Abednégo.

Vir ons het 'n naam weinig betekenis. Ons maak onderskeid tussen konvensionele en essensiële name. Eersgenoemde het te doen met 'n merkteken wat van buite af aangebring is, byvoorbeeld, die nommers van boeke in 'n biblioteek. Essensieel het te doen met die wese; die titel van 'n boek is, wanneer dit die hoofinhoud weergee, essensieel.

Christus sê dat die gelowiges 'n nuwe naam sal ontvang wat niemand ken nie as net dié een wat dit ontvang het; hierdie naam sal uitdrukking gee aan wie ons is*.* Ons is gedoop in die *Naam* van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. Christus sê dat ons om Sy Naam ontwille gehaat sal word. Daar is onder die hemel geen ander Naam waardeur ons gered kan word nie as die Naam van Jesus. Paulus sê dat hy teen die Naam van Jesus baie dinge gedoen het. Baie het in Sy Naam geprofeteer. Ons vergader in Sy Naam.

Omdat die naam so 'n groot betekenis het, begin ons, wanneer ons handel oor die werk van die Middelaar met Sy Name. Nou kan 'n mens so te werk gaan dat jy *kom tot* die naam of *uitgaan van* die naam. As 'n mens eg. weg opgaan, beoordeel jy eers wie Jesus is en gee daarna aan Hom 'n Naam. Dit het die ongeloof gedoen en daarom noem hulle Hom 'n groot profeet of godsdiensstigter of martelaar vir sy beginsels. Ons gaan egter uit van die Name, van die geloofsvóóroordeel dat die

Name vir ons sê wie Hy is en wat Hy doen (H.K. Sondag 11–13).

## 2. Die Naam Jesus

Hierdie Naam het die Middelaar by sy besnydenis ontvang. Dit was destyds 'n baie bekende naam en het ook reeds in die Ou Testament voorgekom. Josua, die seun van Nun, die opvolger van Moses, word in die Nuwe Testament Jesus genoem (Hand. 7:45, Heb. 4:8). Hierdie Josua het voorheen geheet Hosea. Ons lees immers in Numeri 13:16 (Num. 13:16): "En Moses het Hosea, die seun van Nun, Josua genoem." Hosea beteken: God red. God, die Almagtige *kan* red. Josua beteken: Die Here sal red. God *sal* sekerlik red. Daar het dus in hierdie naam beslote gelê die belofte dat die Here sy volk sekerlik in Kanaän sal inbring. Op daardie gevaarvolle tog het die Here Josua saamgestuur – God sal red.

Die profeet Sagaria het in een van sy naggesigte Josua, die hoëpriester, gesien, beklee met vuil klere. Satan wys op hierdie vuil klere, op die onwaardigheid en skuld van die volk. Dan antwoord die Engel van die Here: Mag die Here jou bestraf, o Satan! Is hierdie een nie 'n stuk brandhout wat uit die vuur geruk is nie? Dan word Josua met feesklere beklee. So is die Here Jesus sonde vir ons gemaak, maar Hy het deur Sy voldoening die kleed van geregtigheid vir ons verwerf.

Jesus, want Hy *sal* Sy volk salig maak.

Hierdie Naam, Jesus, is deur die Vader self aan Sy Seun gegee. Aan Gabriël het Hy die opdrag gegee om na die maagd Maria te gaan en te sê: "Moenie vrees nie, Maria, want jy het genade by God gevind. En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem" (Luk. 1:30-31). Ook het die engel wat in 'n droom aan Josef verskyn het, gesê: "Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees; en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos" (Matt. 1:20). By Sy besnydenis is hierdie Naam toe aan Hom gegee. Ons lees in Luk. 2:21:En toe agt dae vervul was, dat hulle die kindjie sou besny, het hulle Hom Jesus genoem, die naam wat deur die engel gegee is voor sy ontvangenis. Met hierdie naam het die mense Hom geken. En bo aan die kruis het daar gestaan: "Dit is Jesus, die Koning van die Jode" (Matt. 27:37).

Die Naam Jesus beteken dus dat Hy sy volk salig maak. Salig beteken vol – rampsalig beteken vol ramp; geluksalig vol geluk.

Jesus is die enigste Saligmaker; by niemand anders is daar enige saligheid te soek of te vinde nie. Hy het self gesê: "Ek is die weg en *die* waarheid en *die* lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie." Buite Hom is daar geen saligheid nie.

Hy is ook die *volkome* Saligmaker. By Hom is dit alles of niks. Sy werk kan of mag nie aangevul word nie. By hierdie volkome Saligmaker pas dan ook 'n volkome oorgawe van die hart. Geen sonde is vir Hom te groot om vergewe te word nie. Dit is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word, dat Jesus Christus in die wêreld gekom het om sondaars te red.

Jesus, u versoenend sterwe
bly die ruspunt van ons hart;
as ons alles hier moet derwe,
bly u liefde ons by in smart;
ja, wanneer my oog eens breek,
sterwensangs my laat verbleek,
laat u bloed my hoop herlewe -

U het al my skuld vergewe.

## 3. Die Naam Christus

Jesus is die Eienaam, Christus die *ampsnaam* van die Middelaar. Christus, Messias, beteken *Gesalfde.*

In Eks. 30:22-38 word gehandel oor die salwing: "Verder het die Here met Moses gespreek en gesê: En jý, neem vir jou van die beste speserye: vyfhonderd sikkels fyn mirre en die helfte soveel geurige kaneel, tweehonderd-en-vyftig *sikkels,* en twee-honderd-en-vyftig *sikkels* geurige kalmoes en vyfhonderd *sikkels* kassie, volgens die sikkel van die heiligdom, en 'n hin olyfolie; en maak daarvan 'n heilige salf-olie, 'n salf-mengsel soos 'n salfmenger dit maak; heilige salf-olie moet dit wees." Met hierdie salf-olie moes die tent van samekoms dan gesalf word sowel as die gereedskap asook Aäron en sy seuns. Tewens het die Here bevel gegee dat hierdie salf-olie nie nagemaak moes word vir alledaagse gebruik nie – wie dit doen, moes uitgeroei word onder die volk. Die werk van die Heilige Gees mag nie nagemaak word nie. Immers, die salf-olie is simbolies van die werk van die Heilige Gees (Sagaria 4:1-6). Sagaria het 'n goue kandelaar gesien met 'n oliekan bo-oor hom. Ook was daar twee olyfbome langs hom, een aan die regter- en een aan die linkerkant van die oliekan. Die olie het dan van die olyfbome af in die oliekan gevloei. Op 'n vraag van die engel of Sagaria hierdie dinge verstaan, antwoord hy ontkennend en dan antwoord die engel: Dit is die woord van die Here aan Serubbábel: "Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees sê die Here van die leërskare." (Sag. 4:6)

Ons Here Jesus is nie met die heilige salf-olie gesalf nie, maar met die Heilige Gees wat dit afbeeld. Hy is van die Heilige Gees ontvang en toe Hy deur Johannes gedoop is, het die Heilige Gees in die gedaante van 'n duif op Hom neergedaal.

In die salwing lê opgeslote die *verordenering* en *toerusting* of bekwaammaking. Dawid het deur sy salwing geweet dat hy en nie een van sy broers nie, deur die Here tot koning verordineer of aangewys is. Maar Dawid het geweet dat die Here wat hom verordineer het, hom ook sou toerus met gawes, talente en kragte om die taak te vervul. Wanneer die Here ons roep tot 'n taak, sterk en bekwaam Hy ons ook deur die Heilige Gees vir die uitvoering daarvan.

So is Christus dan ook deur die Vader *verordineer.* Aan Johannes het die Here gesê: Op wie jy die Gees sien neerdaal en op Hom bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop. Daarom kon Johannes ook sê: Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. (Joh. 1:29)

Verder is Christus ook deur die Heilige Gees na sy menslike natuur *toegerus.* Om gesalf te kon word, het Hy eers die glorie en heerlikheid wat Hy by die Vader gehad het van vóór die grondlegging van die wêreld af, afgelê. Hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem, 'n menslike natuur met al sy swakhede. Nou tree Hy op as Kneg van die Here.

Christus is gesalf tot 'n drievoudige Amp: dié van Profeet, Priester en Koning. Hierdie drie ampte is een. Op die vraag: Waarom word Hy Christus, die Gesalfde, genoem, antwoord die Kategismus: "Omdat Hy deur God, die Vader, verordineer en met die Heilige Gees gesalf is tot ons hoogste Profeet en Leraar wat ons die verborge raad en wil van God tot ons verlossing ten volle geopenbaar het; en tot ons enigste Hoëpriester wat ons met die enige offerande van sy liggaam verlos het en vir ons met sy voorbidding gedurigdeur intree by die Vader; en tot ons ewige Koning wat

ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar" (Sondag 12).

### 4. Die Naam Seun van God

Christus is God se eniggebore, *ewige* en *natuurlike* Seun van God, die afskynsel van Sy heerlikheid en die afdruksel van *Sy* wese. Die Middelaar moes waaragtig God wees sodat Hy uit die krag van Sy Godheid die las van die toorn van God oor die sonde van die mensheid sou kon dra en vir ons die geregtigheid en die lewe sou kon verwerf en hergee.

### 5. Die Naam Here

Here beteken *Eienaar, Besitter.* Daarom bely Gods kind: Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan my self nie, maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus behoort. Paulus sê: Aan Wie ek behoort, wat ek ook dien.

Hy het ons uit die mag van Satan en die sonde gekoop tot Sy eiendom.

Van nature is ons kinders van die toorn sodat ons in die ryk van God nie kan kom tensy ons wedergebore word nie. Ons is van nature onder 'n geweldige dwingelandy en heerskappy as diensknegte en slawe van die sonde en van Satan. Niemand van ons kan homself of iemand anders daarvan bevry nie. Maar die Seun het dit gedoen en as Hy ons vrygemaak het, is ons waarlik vry. Hy het vir die gevangenes vrylating aangekondig en die jaar van die welbehae van die Here onse God. Hy het ons vrygekoop, nie met goud of silwer nie, maar met Sy kosbare bloed. Vir geld is alles te koop, maar met geld kan geen sondaar vrygekoop word nie. Christus het die allerduurste prys betaal. Ons is duur gekoop. Nou is Hy ons Eienaar, ons Besitter, ons Here.

Maar nie elkeen wat sê Here, Here, sal ingaan in die Koninkryk van God nie. In die jongste dag sal daar diegene wees wat sê: Ons het in U Naam geprofeteer en Christus sal antwoord: "Ek het julle nooit geken nie". Niemand kan sê dat Jesus die Here is as deur die Heilige Gees nie. Niemand kan sê dat Jesus sy Here, sy Eienaar is en dat hy dus die eiendom van die Here Jesus is as deur die Heilige Gees nie.

Die vrygekoopte skare sal sing: U het ons vir God gekoop met U bloed uit elke stam en volk en taal en nasie.

Hy is ons *Here.*

## C. DIE TWEE STATE VAN CHRISTUS

### 1. Die betekenis van "staat"

In Filippense 2:5-11 lees ons die bekende woorde oor die twee state van Christus: "Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan mense gelyk te word; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here

is tot heerlikheid van God die Vader."

Hier spreek die Skrif dus oor die staat van vernedering en die staat van verhoging van Christus. Hy was in die gestalte van God, aan God gelyk. Hierdie gestalte, hierdie koninklike mantel, het Hy nie geroof nie, want Hy was eenswesens met die Vader en die Heilige Gees. Hy het dus nie hierdie gestalte afgelê omdat Hy dit eers geroof het en daarom *moes* aflê nie. Hy het dit geheel vrywillig gedoen toe Hy die bevel van die Vader ontvang het. Toe het Hy vrywillig die koningsmantel afgelê en 'n diensknegskleed aangetrek. Hy het die gestalte van God afgelê, Homself ontledig en die gestalte van 'n dienskneg aangeneem. Daarna het Hy homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood van die kruis toe. En omdat Hy dit alles gedoen het, het God, die Vader, Hom uitermate verhoog.

Die woord "staat" kom van *staan* en dui dus die plek aan waar ek staan, hetsy dat ek daar deur iemand anders geplaas is of self daar gaan staan het. Of ek kan ook daar gaan staan omdat iemand anders my daarheen gestuur het. Dit het met Christus gebeur: die staat van vernedering is die plek waar die Vader Sy Seun gestel het en waar die Seun ook vrywilliglik heen gegaan het. Wanneer 'n regter iemand veroordeel, stel hy hom in die staat van 'n skuldige; spreek hy hom vry, stel hy hom in die staat van 'n onskuldige. So het die Vader Sy Seun in die staat van 'n skuldige gestel: Hy is tot sonde gemaak en met die misdadigers gereken.

Ons moet ook onderskeid maak tussen *staat* en *toestand.* 'n Kaptein van 'n groot skip het alles daarop te sê. As hy egter swaar koors het en ylend deurmekaar praat, het hy niks te sê nie en sal sy dwase bevele nie uitgevoer word nie. Dan het die geneesheer alles oor hom te sê. Hy is dus in die *staat* van 'n gesagvoerder, maar in 'n baie ellendige *toestand.* So kan 'n kind van die Here in die staat van 'n gelowige wees, maar in die toestand van een wat twyfel. Baie twyfel ook aan hulle staat wanneer hulle in 'n toestand van bekommernis, twyfel en vrees verkeer. Dit is ook moontlik dat iemand uit één staat oorgaan in 'n ander. Adam is deur God geskape en in die staat van regtheid geplaas. Hy het egter oortree deur te eet van die boom van kennis van goed en kwaad; sodoende het hy nie in die staat van regtheid gebly nie, maar in sonde geval en daarom het God hom in die staat van 'n skuldige geplaas.

Ons Here Jesus Christus was eers in die staat van vernedering en *is* daarna in die staat van verhoging geplaas.

'n Kind van die Here is eers as doemwaardige sondaar, wat teen al die gebooie van God swaar gesondig en geen een daarvan gehou het nie en wat nog steeds tot alle kwaad geneig is, in die staat van 'n skuldige. Daarná word hy deur die toerekening van Christus se genoegdoening, geregtigheid en heiligheid geregverdig en gestel in die staat van 'n regverdige. God is dit wat regverdig maak, wie is dit wat veroordeel?

## 2. Die staat van vernedering

Die Kategismus sê dat ons Here Jesus Christus gedurende die ganse tyd van Sy lewe op aarde, maar veral aan die einde van Sy lewe, die toorn van God teen die sonde van die ganse menslike geslag gedra het. Daarom spreek ons oor die verskillende trappe in die staat van vernedering, naamlik Sy nederige geboorte, lyding, dood, begrafnis en nederdaling ter helle.

### *(a) Sy nederige geboorte*

Die plaasbekleding en borgtogtelike werk van ons Here Jesus begin al by die ontvangenis deur die Heilige Gees en die geboorte uit die maagd Maria. Die Seun het die heerlikheid, wat Hy by die Vader gehad het vóór die grondlegging van die wêreld,

verlaat en die gestalte van 'n dienskneg, die ware menslike natuur in gehoorsaamheid aangeneem. Daarom het Kersfees ook ryke betekenis vir kinders wat deel het aan die erfsonde omdat hulle in sonde ontvang en gebore is en die skuld van Adam hulle toegereken word. Christus moes kind word omdat ons erfskuld en -smet dáár begin. Daarom bely ons nie alleen ons dadelike sondes in gedagtes, woorde en dade nie, maar ook ons sondige natuur en bestaan. En ook laasgenoemde stel ons skuldig en strafwaardig voor God. Ek is in ongeregtigheid gebore; my sonde maak my die voorwerp van U toorn reeds van die uur van my ontvangenis af.

En nou bely ons dat Christus ontvang is van die Heilige Gees en gebore uit die maagd Maria sodat Hy met Sy heiligheid, waarin Hý ontvang en gebore is, ons sonde, waarin óns ontvang en gebore is, voor God se aangesig bedek. Ons hele lewe word geheilig deur die werk van ons Middelaar.

***(b) Sy lyding***

Die lyding van ons Here Jesus dra 'n geheel eiesoortige karakter. Ons sien dit, maar deurgrond dit nie. Wat ons sien, is alreeds so ontsettend: Hy het na Sy eie mense gekom en Sy eie mense het Hom nie aangeneem nie, maar Hom gegesel en bespot, as onwettige bestempel en veroordeel, aan die kruis vasgespyker en gedood.

Maar dié lyding is met geen ander lyding ter wêreld te vergelyk nie, want Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Hy is sonde gemaak vir ons. Die Vader het ons skuld en ons sonde op Hom gelê en Hom as skuldige behandel: Hom by die misdadigers gereken. Daarom het die Vader Hom in Getsémané die drinkbeker van die toorn van God oor ons sonde laat drink. Hoe huiwerig was Hy om dié beker te drink! Maar soos die kompasnaald steeds noord wys, is die wil van Christus steeds in die rigting van die Vader se wil. Hy bid: Nie My wil nie, maar U wil geskied. Daarom aanvaar Hy die drinkbeker en ledig dit geheel en al. Hy het dan ook die volle toorn van God oor ons sonde gedra sodat Hy ons liggaam en ons siel van die ewige verdoemenis verlos.

Hierdie genade van God is partikulier, dit wil sê, nie almal word daardeur gered nie, maar alleen dié wat deur die Vader aan Hom gegee is. Hy lê Sy lewe af *vir Sy skape.* Hy is terwille van óns oortredinge verwond, terwille van óns ongeregtighede is Hy verbrysel. Hulle wat in die Seun glo, het die ewige lewe, maar dié wat aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom. Christus het 'n vloek vir ons geword, want vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang. Daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het.

***(c) Sy sterwe***

Christus was gehoorsaam tot die dood toe. Hy het 'n gebod van die Vader ontvang om Sy lewe af te lê en dit weer op te neem. Hy moes met 'n doop gedoop word en hoe swaar het Hy gekry tot dit volbring was. Sy dood was nie 'n lot wat Hy ondergaan het nie, maar 'n daad wat Hy in gehoorsaamheid volbring het.

Vanweë die geregtigheid en die waaragtigheid van God, kon vir die sonde nie anders betaal word as deur die dood van die Seun van God nie. God is die Regverdige wat die reg handhaaf – dié reg moet gehandhaaf word, al vergaan die wêreld ook; of beter: dié reg moet gehandhaaf word, anders vergaan die wêreld. Eerder as om die sonde ongestraf te laat bly, het Hy dit gestraf in Sy eie liewe Seun. Satan het gelieg toe hy gesê het dat Adam en Eva die dood nie sou sterwe nie. Die vyande het op Gólgota in diens van Satan uitgeroep: as U die Seun van God is, kom af van die kruis. Maar Christus het, deur nie af te kom nie, juis bewys dat Hy die Seun van God is. Vanweë God se geregtigheid en waarheid was dit noodsaaklik dat Christus moes

sterwe. Hy het alles ondergaan wat ons van ons geboorte tot ons dood toe ondergaan. Hy is ons Ark van Behoud. Hy moes in die Jordaan ingaan en nou kan al diegene wat die Vader aan Hom gegee het, daar deurgaan en ingaan in die hemelse Kanaän. Ons dood is geen betaling vir ons sondes nie, maar alleen 'n afsterwing van die sonde en 'n deurgang tot die ewige lewe.

Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my.

### *(d) Sy begrafnis*

Ons Kategismus sê dat Christus begrawe is om daarmee te betuig dat Hy waarlik gesterwe het. Hierdie antwoord kan ons nie bevredig nie; ons weet immers seker uit die Skrif dat Hy aan die kruis gesterwe het, omdat Hyself gesê het: "Vader in U hande gee Ek My gees oor." En dan staan daar ook "nadat Hy Sy hoof gebuig het, het Hy sy gees oorgegee." Die soldate het dan ook duidelik gesien dat Hy dood was en, om heeltemal oortuig te wees, het een van hulle 'n spies in die sy van die Here Jesus gesteek – daar het toe bloed en water uit gevloei. Ons weet dus ook, afgesien van die begrafnis, dat ons Here Jesus waarlik gesterwe het.

Die begrafnis sê egter vir ons dat Jesus ware mens is wat ook in die graf die straf oor ons sonde moes dra. Hy is tot in die graf verneder. Die vyande het die Tempel van Sy liggaam afgebreek en Hy is nou besig om dit weer op te bou. Net soos Jona wat met volle bewustheid in die vis was vir drie dae, was Hy in die hart van die aarde.

Ons Belydenis leer in artikel 19: "Ons glo dat hierdie twee nature só saam verenig is in een Persoon dat hulle selfs ook deur die dood nie geskeie was nie. So was dan wat Hy sterwende in die hande van sy Vader oorgegee het, 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het; maar intussen het die goddelike natuur altyd verenig gebly met die menslike, selfs ook toe Hy in die graf gelê het.

Jesus het geweet dat Hy in die graf sou gaan. Hy het die bangheid, die straf, van die graf gedra. En straks het Hy met bewustheid uit die ingewande van die aarde getree. Want Hy het die gebod van Sy Vader ontvang om Sy lewe eers af te lê en dit daarna weer op te neem. Hy is die koringkorrel wat in die aarde geval het om sodoende veel vrug te dra. Vir Hom was die begrafnis vernedering, vonnis en straf. Sodoende het Hy uit ons graf die vloek en die straf weggeneem; Hy het ons graf geheilig. Ons graf is nou 'n akker waarin die liggaam gesaai word soos wanneer 'n landbouer die saad in die aarde saai. Die liggaam van dié kind van die Here word gesaai in verganklikheid, maar opgewek in heerlikheid. "Hy wat met trane saai, sal met gejubel maai."

### *(e) Die nederdaling ter helle*

Oor hierdie woorde is daar groot verskil van gevoele. Die Griekse Kerk leer dat Christus na die doderyk gegaan het om die Ou-Testamentiese vromes te bevry; daarna het Hy hulle saam met die berouvolle moordenaar aan die kruis na die paradys gebring. Rome leer dat Christus terstond ná Sy dood na die onderwêreld gegaan het om Homself daar as Oorwinnaar te toon. Hy het die duiwels verslaan en as buit geneem. Die Ou-Testamentiese vromes is toe bevry en die saligheid deelagtig gemaak. Die Lutherse Kerk leer dat Christus Hom na die hel begeef het om die mag van die Satan te verbreek en aan die duiwels Sy oorwinning bekend te maak.

Ook onder Gereformeerdes was daar geen eenstemmigheid nie. Die Westminsterse Konfessie[6] wys in hierdie verband op die staat van die dood waarin Christus drie dae

---

[6] ***Westminster Confession***. 'n Belydenis van die Skotse Protestantse Kerk wat in 1648 aanvaar en van beslis gereformeerde karakter is.

verkeer het. Die feit dat Christus ook tot die dode behoort het en in die dood was en dus nie in die land van die lewende nie, word dan vertolk deur die woorde neergedaal ter helle. Baie Gereformeerdes stem hiermee saam.

Ons Heidelbergse Kategismus gee die gevoele van Calvyn weer: Christus het nie na die hel gegaan nie, maar die hel het na Hom gekom. Die poorte van die hel is geopen. Die buitenste duisternis het in die drie-urige duisternis op Gólgota gekom en die helse magte is op Hom losgelaat. Intussen het Hy ook die kenmerkende van die helse smart ondergaan: Die Vader het Hom verlaat sodat Hy met 'n groot stem uitgeroep het: "My God, My God, waarom het U my verlaat?" Die hel met al *sy* verskrikkinge het tot Hom gekom. Maar Sy lyding het nie vir ewig geduur soos dit die geval is met die goddelose in die hel nie. Omdat Hy die ewige, waaragtige God is, het Hy die straf nie ekstensief nie, maar intensief gedra. Die hel kon Hom vasgryp, maar nie vashou nie. Die hel moes Hom weer loslaat. Hy het gesê: Dit is volbring.

Jesus Christus het neergedaal ter helle, omdat die hel na Hom gestuur is en gekom het. Daarom kan ek in my swaarste aanvegtinge versekerd wees en myself volkome vertroos dat My Here Jesus Christus deur sy onuitspreeklike benoudheid, smarte, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy ganse lyding, maar veral aan die kruis, versink het, my van die helse benoudheid en pyn verlos het.

## 3. Die staat van verhoging

Ook hier spreek ons van trappe van verhoging. Daar is vier trappe: opstanding, hemelvaart, sit aan die regterhand van God en die wederkoms van Christus om te oordeel oor lewende en dode.

### *(a) Die opstanding*

Die opstanding uit die dode het besondere betekenis vir Christus self. Deur die opstanding het Hy die dood oorwin.

Die opstanding is ook 'n oorgang van een staat in 'n ander. Die Vader het Hom eers in die staat van vernedering gestel sodat Hy sonde vir ons gemaak en tot die misdadigers gereken is. Daarna het die Vader Hom in die staat van verhoging gestel: God het Hom uitermate verhoog en aan Hom 'n Naam gegee wat bo elke Naam is.

Die Vader het Hom *opgewek en* een van Sy knegte uit die hemel gestuur na die graf in die tuin van Josef van Arimathéa om die steen voor die opening weg te rol en die wagters op die vlug te jaag. Die deure van die gevangenis word geopen, die straftyd is verby, die skuld is betaal, die rekening is voldaan, daar is versoening aangebring deur voldoening. Nou is die dood nie meer vreesaanjaend nie, want alles, alles is voldaan.

Die Vader het Hom opgewek en die smarte van die dood ontbind. Dié doodse smarte was die barensweë vir die nuwe lewe. Daarom is die Seun die eersgeborene uit die dode. Sy opstanding is geboorte. Deur Sy opstanding het Hy kragdadig bewys dat Hy die Seun van God is.

Hoe het Christus nie na dié oomblik verlang nie! Eens het Hy gebid: "Vader verheerlik U Seun met die heerlikheid wat Hy by U gehad het voor die grondlegging van die wêreld." In drie dae het Hy die tempel van Sy liggaam gebou. Hy word as Koning gekroon en doen straks Sy koninklike intog in Jerusalem. Hy het die seel van Sy Seunskap en die bewys van Sy Messiasskap ontvang.

Die *feit* van Christus se opstanding staan histories onomstootlik vas. Ons mag en ons wil en ons kan niks te doen hê met die sg. *Visioen-teorie* wat leer dat die dissipels

slegs maar 'n visioen gehad het. Hierdie Skrifkritiese opvatting is goddeloos, ook al word daarby dan met 'n skyn van vroomheid gesê dat dit nie verskil maak of Jesus werklik opgestaan het of nie, solank Hy maar in ons harte opgestaan het. Paulus reken in 1 Korinthe 15 radikaal met hierdie dwaalgeeste af. Hy sê: "as Christus nie opgewek is nie, dan is julle geloof nutteloos, dan is julle nog in julle sondes." (1 Kor. 15:17) As dit die geval is, moet ons op die grafstene van die gelowiges skrywe: So is dan ook dié wat in Christus ontslaap het, verlore.

Christus is opgewek en die *Eersteling* van dié wat ontslaap het. Na die eersteling volg die oes. Ons word nou reeds deur Sy krag opgewek tot 'n nuwe lewe; die nuwe mens staan saam met Hom op. En Sy opstanding is 'n seker pand van ons salige opstanding. Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees.

### *(b) Die Hemelvaart*

Die feit van die hemelvaart van ons Here Jesus word in die Bybel slegs kortliks verhaal. Dit spreek vanself dat die Here Jesus ná die opstanding na die hemel sou gaan. Eers het Hy vir 40 dae lank Sy amptelike arbeid op aarde voortgesit. Die onderwys van die *dissipels* was nog nie voltooi nie – hulle moes nog promoveer tot *apostels,* gesante van Christus. Daarom het Hy bevele aan hulle gegee: Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees. Ook het Hy Hom gedurende 40 dae lewend vertoon aan die apostels deur baie kentekens. Nie Sy legitimasiebewys nie, maar *Homself* het Hy aan hulle getoon. Want dit gaan om die liggaamlike realiteit – alle ongeloof en twyfel moet verdwyn. Daarom het Hy ook Sy dissipels aangedaan met krag uit die hoogte sodat hulle Apostels sou kon wees.

Toe Hy dan hierdie amptelike arbeid voltooi het, is Hy na 40 dae na die hemel opgeneem deur die Vader en het Hy ook Self opgevaar ten hemel. Niemand het gesien toe Hy opgestaan het nie, maar die dissipels het gesien dat Hy opgevaar het na die hemel.

Die hemelvaart is nie 'n verandering van *toestand,* soos die Lutherse kerk leer nie, maar van *plek.* As ek 'n ketel water deur hitte laat verdamp, vind daar 'n verandering van toestand plaas; die water het in waterdamp verander en is nou oral in die lug versprei. As ek egter die ketel water van een plek in die kamer na 'n ander bring, vind daar 'n verandering van plek plaas.

Die menslike natuur van Christus het nie 'n verandering van toestand ondergaan en alomteenwoordig geword nie, maar by die hemelvaart het dit van plek verander: Christus het *van die aarde af,* voor die oë van sy dissipels, opgevaar na die hemel. Hy ontvlug nie die aarde of laat dit aan sigself oor nie, want Hy is in óns belang in die hemel, en na Sy goddelike natuur bly Hy altyd by ons.

Christus het verder, terwyl Hy ten hemel opgevaar het, Sy hande seënend uitgestrek oor die vergaderde dissipels. Dus het Hy nie, nadat Hy sy kerk geseën het, opgevaar nie, maar terwyl Hy hulle seën, is Hy deur die Vader opgeneem ten hemel. Hy is ons Voorspraak voor die aangesig van die Vader; Hy is daar ons ten goede. Ons belydenis sê in art. 26 dat ons nie deur Sy grootheid verskrik moet word nie, omdat niemand ons meer liefhet nie en niemand eerder verhoor word as Hy nie. Ook moet ons onwaardigheid ons nie terughou nie, omdat ons pleit op die waardigheid van Christus en ons Hom as Hoëpriester het.

Die hemelvaart is die koninklike intog van die Koning na Sy residensie; daarvan het Dawid profeties gesing in Psalm 24 en 68 toe hy die ark na Jerusalem gebring het: Maak oop die poorte vir die Erekoning.

### *(c) Sit aan die regterhand van God*

Ons moet die hemelvaart en gaan sit aan die regterhand van die Vader nie skei nie, maar wel onderskei. Gods Woord handel hieroor op meer as een plek. In Ps. 110:1 staan: "Die Here het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande maak 'n voetbank vir u voete." Christus Self het Hom teenoor die Fariseërs beroep op hierdie woorde (Matt. 22:44). Ook Petrus het op die Pinksterdag oor hierdie Psalm gespreek en sy hoorders op die feit gewys dat nie Dawid nie, maar Christus opgevaar het na die hemel en gaan sit het aan die regterhand van die Vader. Die skrywer aan die Hebreërs vra ook: Aan watter een van die engele het Hy ooit gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek u vyande gemaak het 'n voetbank van u voete? (Heb. 1:13).

Ons maak dus onderskeid tussen die hemelvaart en die gaan sit aan die regterhand van God. *Nadat* die Here Jesus opgevaar het ten hemel, is Hy deur die Vader aan Sy regterhand gesit.

En Christus is daar as die laaste Adam. Indien Adam nie in sonde geval het nie en deur God aan Sy regterhand geplaas was, sou ons kon sê: Hoe hoog is Adam verhoog, selfs die engele word nie so hoog vereer nie. Gabriël kan wel sê: Ek is Gabriël wat *voor* God staan, maar Christus, die Seun van die mense, die laaste Adam, het gaan sit aan die regterhand van die Vader. Dit is ook 'n trap in Sy verhoging.

Die Vader regeer deur Christus alle dinge; die teuels van die wêreldbestier is in Sy hande; Hy is die Heer van alle here en die Koning van alle konings. *Nou* sien ons nog nie dat alle dinge aan Hom onderworpe is nie, maar tog is dit so (Heb. 2:8). Hy regeer oor alle dinge, maar sorg in die besonder vir Sy Kerk. Daarom moet Hy in die kerkregering as Koning erken word en het ons, in ooreenstemming met Gods Woord, 'n presbiteriale[7] vorm van kerkregering. Christus is die Hoof van Sy Kerk. Ons lees byvoorbeeld in Ef. 4:10-12: *"Hy* wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring. En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die *liggaam* van Christus." Christus is dus die Hoof en die Kerk is Sy liggaam. En net soos ons voedsel inneem deur ons mond, wat in ons hoof is, en lug deur ons neus, so ontvang ons ook alle hemelse gawes deur ons Hoof, Christus Jesus. Hy stort deur Sy Heilige Gees sy hemelse gawes in ons, Sy lidmate, uit. So gee Hy amptelike gawes en oefen *Sy* profetiese arbeid uit deur die amp van die Bedienaar van die Woord. Hy regeer Sy Kerk deur die opsieners wat die opsig en tug moet uitoefen. Ook beoefen Hy barmhartigheid deur die diakens wat die minderbevoorregtes moet versorg.

Vir hierdie ampte is gawes nodig en dit gee Hy aan die ampsdraers. Maar ook aan al die gelowiges gee Hy gawes vir die uitoefening van die amp van die gelowige. Hy gee oorvloedig, maar ons aanvaar so weinig omdat ons geloof so klein is. Christus het immers gesê: Laat dit vir jou wees volgens jou geloof. Veral die twyfelvraag: sou dit wel vir my geld, het geweldig baie skade berokken. En ons is by Hom só veilig, ons kan só baie ontvang. Hy beskut en bewaar ons met Sy mag teen alle vyande. Laat ons dan werksaam wees met die beloftes van die Here. Hy het immers gesê: Open julle mond, eis van My vrymoedig op My trouverbond. Al wat jul ontbreek, skenk Ek as jul smeek mild en owervloedig.

---

[7] ***Presbiteriale.*** Kom van die Griekse woord *presbyter* wat ouderling beteken. Die gereformeerde stelsel van kerkregering word presbitriaal genoem omdat dit berus op die amp van ouderling.

### *(d) Die wederkoms om te oordeel*

Daar wag nog één trap van verhoging vir Christus en alles werk heen na dié toekoms. Aan die einde van die wêreldgeskiedenis kom die groot wêreldgerig en dan word Christus verhoog deur die Vader, wat Hom sal stuur op die wolke van die hemel om te oordeel oor lewendes en dode. Die teken van die Seun van die mens sal gesien word. Hy alleen sal groot wees en almal sal moet luister na Sy Woord. Hy het die laaste, die beslissende woord.

Dan sal die Kerk wat deur die wêreld bespot en gehaat was, sy oorwinningslied kan sing. Dan sal ons deur Christus geregverdig word en die wêreld sal moet erken dat Sy saak ons saak was en ons nie tevergeefs op Hom gehoop het nie. Dan het die oes ook ryp geword en word die sekel uitgestuur om te maai. Die maat van die sonde het vol geword. Ook is uit die skepping uitgehaal wat God daarin gelê het. Dan kom die eer en die heerlikheid van die volkere in die nuwe Jerusalem.

Ook word die boeke dan geopen: Die boek van Gods alwetendheid en die boeke van ons gewetens.

Al Sy en ons vyande sal Christus in die ewige verdoemenis werp.

Vreeslik sal dit wees om te val in die hande van die lewende God.

Die uitverkorenes, die gelowiges, ontvang die ewige saligheid.

Daarom verwag ons die groot dag met verlange om ten volle te kan geniet van die beloftes van God in Christus Jesus, onse Here.

# D. DIE DRIEVOUDIGE AMP

Die Drie-enige God het die mens geskape na Sy beeld en gelykenis. Hy het aan hom 'n mandaat gegee, 'n roeping en hom in die drievoudige amp van profeet, priester en koning gestel. Daarom moes hy die stryd van die Here stry en oor Sy skepping waak. Met die gawes en kragte wat hy van sy Skepper ontvang het, moes hy arbei tot verheerliking van die Naam van die Here. Nie alleen moes hy teen die duiwel stry nie, maar ook uit die skepping haal wat God daarin gelê het, sodat álles die mens sou dien en die mens die Here sou dien.

God het die mens goed en na Sy ewebeeld geskape, in ware geregtigheid en heiligheid sodat hy as *profeet* sy Skepper reg sou ken, Hom as *priester* van harte sou liefhê en as *koning* met Hom in die ewige saligheid sou leef en regeer tot Sy verheerliking.

Die oorsprong van hierdie roeping, van die drievoudige amp, is geleë in die soewereiniteit van God. Hier is geen plek vir willekeur en eiewillige godsdiens nie. Eenmaal sal ons verantwoording moet doen i.v.m. die vervulling van hierdie amptelike taak. God Self sorg vir die handhawing van Sy eer en ook van die amp wat Hy ingestel het.

## 1. Die amp vóór die val

God het aan Adam 'n geweldige taak gegee en hom ook toegerus vir die uitvoering daarvan.

As profeet moes hy die gedagtes ontvang wat God aan hom geopenbaar het sodat sy hele gedagtewêreld vervul word van die kennis wat sy Skepper en Verbondsgod aan hom gegee het in die skepping en in die besondere openbaring. Die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld was vir hom soos 'n mooi boek waarin

alle skepsele, groot en klein, die letters is wat aan hom die onsigbare dinge van God duidelik laat sien. Adam het ook die proefgebod van God ontvang en die openbaring van God oor die hele skepping. Toe is hy geroep om die Naam van die Here te bely en die deugde van sy Skepper te verkondig. So het hy die opdrag ontvang om aan die diere name te gee, dit wil sê, hy moes die aard van elke dier deurskou en deur 'n afsonderlike naam vertolk. Indien Adam nie gesondig het nie, sou die wetenskap spoedig tot groot hoogtes ontwikkel het en sou daar ook geen stryd gewees het teen dwaling en vergissing nie.

Adam was ook priester. As sulks moes sy hart deur die Here vervul en deur die Heilige Gees gevorm word sodat Hy die Here volkome kon liefhê. So sou God grootliks verheerlik word in die werke van Sy hande.

As koning het Adam die septer ontvang uit die hand van sy God en Vader. God het aan hom mag gegee, bevoegdheid oor die hele wêreld en heerskappy oor al die skepsele (Gen. 1:28). Daarom was hy by magte om die tuin te bewaak en te bebou.

## 2. Die amp ná die val

God handhaaf ook ná die sondeval die amp sodat selfs die duiwel met dieselfde amptelike materiaal te werk moet gaan wat God aan die mens gegee het en nou deur die mens in teenoorgestelde, Gode-afvallige rigting gebruik word. Daarom sien ons hoe die amp *nawerk: profeties* deur die vermeerdering van kennis en die beoefening van die wetenskap. Ons moet dankbaar wees vir die resultate wat deur die manne van wetenskap bereik is. Universiteite en skole getuig van die nawerking van die profetiese amp.

*Priesterlik* werk die amp ná in hospitale, inrigtings vir die versorging van minderbevoorregtes, die werk van die Rooi Kruis ens. Dink byvoorbeeld aan die mediese dienste, ouetehuise en aan die meegevoel en hulp aan almal wat deur rampe en ellende getref word.

Die nawerking van die *koninklike amp* sien ons wanneer in die staat en samelewing, in huisgesin en skool en in al die samelewingsvorme gesag gehandhaaf en eerbiedig word. Ons is dankbaar daarvoor. God het ook ná die sondeval die rykste seëninge aan die mens gegee.

Helaas, ons sien ook die *karikatuur* van die amp.

Waarsêery, spiritisme ens. is die karikatuur van die profetiese amp. In afgodery, mense-offers ens. het ons weer die karikatuur van die priesterlike amp en wanneer gesag en mag misbruik word, in despotisme en staatsabsolutisme, van die koninklike amp.

En die duiwel gaan voort met sy werk totdat hy die amp vernietig het. Die gebeur t.o.v. die profetiese amp deur die godlose aksie, ateïsme en nihilisme; t.o.v. die priesterlike amp deur duiwelaanbidding, gewetenloosheid en haat teen God en Sy diens; t.o.v. die koninklike amp deur revolusie, anargie en die verbreking van alle norme en beginsels.

## 3. Die herstel van die amp

In die vrederaad van God is die Seun deur die Vader en deur die Heilige Gees aangewys om in die tyd op te tree as die Middelaar van die genadeverbond, as die Kneg van die Here. Vir geen enkele oomblik was die amp geheel vervalle gewees nie, want sodra Adam geval het, het die laaste Adam (ons Here Jesus) opgetree en Hy

het weer die ampte wat God ingestel het, herstel.

In die Kerk vind ons nou die profetiese amp terug in die bedienaar van die Woord; die priesterlike amp in die diakens en die koninklike amp in die ouderlinge wat regeer.

Christus herstel egter ook die amp van die gelowiges (Kategismus vraag 32 en die Geloofsbelydenis art. 28). Die gelowiges kan as *profete* die Woord van die Here lees, die Naam van die Here bely en toeneem in die kennis van die Here. As *priesters* kan ons God liefhê, bid en onsself as 'n lewende dankoffer aan *Hom* toewy. As *konings* kan ons teen die sonde stry, God dien en met Christus regeer. So sien ons die groot betekenis van die drievoudige amp van Christus.

# E. DIE DRIEVOUDIGE AMP VAN CHRISTUS

## 1. Voor S*y* koms in die vlees

### *(a) Profeet*

Christus het onmiddellik na die val opgetree as ons Borg en Middelaar en as sulks het ook *sy* profetiese arbeid toe reeds begin. 'n Profeet is iemand wat insig ontvang in die Raad van God met die bedoeling om dit bekend te maak. In Exodus 7:1 (Eks. 7:1) lees ons: "En die Here het aan Moses gesê: Kyk, Ek stel jou as 'n god vir Farao en jou broer Aäron sal jou profeet wees. *Jy* moet spreek alles wat Ek jou beveel, en *jou* broer Aäron moet met Farao spreek sodat hy die kinders van Israel uit sy land laat uittrek." Aäron moet dus tussen Moses en Farao staan. Die Here sê dit aan die profeet en die profeet weer aan die volk.

Die profeet kan die raad van God sien in die *verlede.* So het Moses die geskiedenis van die skepping, sondeval en van die aartsvaders beskrywe. Dus dra hierdie historiese boeke 'n profetiese karakter.

Wanneer 'n profeet die wil van God vir die *hede* verkondig is hy ook besig om die raad van God bekend te maak. Dink, byvoorbeeld, aan die profete Jesaja, Jeremia, Elia en Elisa wat Gods wil vir die tyd waarin hul gelewe het, bekend gemaak het. 'n Profeet kan egter ook 'n blik in die *toekoms* ontvang, sodat hy die toekomstige dinge wat God aan hom geopenbaar het, kan bekend maak.

Nou is dit opmerklik dat wanneer Moses vir Christus aanwys as die hoogste profeet, hy eers spreek oor die goëlaars en waarsêers (Deut. 18:14). En dan staan daar in Deut. 18:20:"Maar die profeet wat so vermetel is om 'n woord in *my* Naam te spreek wat ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe. En wanneer 'n profeet in die Naam van die Here spreek en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dit die woord wat die Here nie gespreek het nie; deur vermetelheid het die profeet dit gespreek; *jy* mag vir hom nie bang wees nie."

So word die ware en die valse profesie onderskei. En daarom sê Moses: ,,'n Profeet uit jou midde, uit jou broers, soos ek is, sal die Here jou God vir jou verwek; na Hom moet julle luister" (Deut. 18:15). Later het God, die Vader, op die berg van verheerliking in die teenwoordigheid van Moses gesê: "Dit is *My* geliefde Seun in Wie Ek 'n welbehae het, *luister na Hom."* (Matt. 17:5)

Christus is egter nie slegs as profeet aangekondig in die Ou Testament nie – Hy is dié Profeet van die Ou Testament. In 1 Petrus 1:11 lees ons dat die Gees van Christus in die profete was en dat dié Gees tevore getuig het van die lyde wat oor Christus sou kom.

Christus het aan die aartsvaders en profete die raad van God vir die verlede bekend gemaak. Maar Hy het ook die wil van God vir die hede bekend gemaak en tewens gesê wat in die verre toekoms sou gebeur. Met die oog hierop het Hy verskillende instrumente in verskillende tye gebruik. So het Hy hom vir Sy profetiese arbeid bedien van die *teofanie,* dit is, die verskyning van die Seun van God. Meermale het Hy Homself geopenbaar as die Engel van die Here of die Engel van die verbond. Wanneer Abraham besoek kry van drie engele dan sien ons dat een van hulle die tweede Persoon van die Goddelike Wese is wat aan Abraham openbaar dat Hy Sodom en Gomorra gaan verwoes. Veral in die vroegste tye van die Godsopenbaring het die Seun meermale verskyn. Ons kan in hierdie verband dan ook spreek van Christofanie, verskyning van die Christus.

Namate die Christofanie minder word, word die *profesie* meer en duideliker. Dan gebruik Christus mense as Sy openbaringsorgane. Hy gebruik hul verstand om die gedagtes van God daarin te lê, hul tong om dié gedagtes uit te spreek en hul vingers om dit neer te skrywe.

Christus is dus dié Profeet. Sy Gees spreek in en deur die profete en so kondig Christus Homself aan in die hele Ou Testament. Hy spreek daarin van Sy koms na die wêreld, van Sy lyding, dood en opstanding. Hy maak Sy eie liedere wat Hy straks sal sing – byvoorbeeld Psalm 22 as *Hy* aan die kruis uitroep: *My* God, *My* God, waarom het U *My* verlaat? (Ps. 22:1)

Ons moet onderskeid maak tussen profesie en openbaring (Apokalips). Die *profesie* trek die lyne uit die hede na die verlede. Daarom kan ons die profesie alleen reg verstaan indien ons weet in watter tyd die profeet geprofeteer het. Die profesie sê hoe uit die graankorrel die halm en uiteindelik die aar sal kom.

In die geval van die *openbaring* is sake anders gesteld: hier word dinge m.b.t. die toekoms onthul wat bedek was. Daar is tussen die hede en dié openbaring skynbaar geen verband nie. Dit is soos met 'n standbeeld wat nog bedek is en onthul moet word. Of Johannes, byvoorbeeld, sy Openbaring op Patmos of elders ontvang het, maak nie veel saak nie. Ook in die Ou Testament tref ons sulke apokaliptiese gedeeltes aan, byvoorbeeld, die laaste gedeelte van Daniël.

Opmerklik is dit verder dat die Kanon van die Ou Testament vasgestel was deur Esra, dus voor die begin van die Nuwe Testament. Ook hierdie profetiese arbeid het Christus verrig voor Sy koms in die vlees sodat wanneer die volheid van die tyd aangebreek het, die Woord van God gereed sou wees. Hy wou hê dat die volk van God die hele Woord van God moes besit. Daarom het Hy ook so dikwels op die betekenis van dié te boek gestelde Woord gewys en daaruit aangehaal. Ondersoek die Skrifte, sê Hy, omdat dit van My getuig. Hy het die Ou Testament gebruik sodat almal kon sien dat dit in Hom vervul is.

Die Ou Testament is ook Sy boek. Hy het die skrywers gedrywe deur Sy Gees. Hy het gesorg dat al die boeke gereed was toe Hy in die wêreld gekom het – nie om die Wet en die Profete te ontbind nie, maar om dit te vervul.

### *(b) Priester*

Christus is ons enigste Hoëpriester wat terstond na die val in die plek van Adam gekom het. In die Bybel sien ons dat 'n priester steeds voor die aangesig van God dien. In Esegiël lees ons dat die priesters die diens van die huis (van die Here) waarneem. In Joël 1:9 word die priesters genoem die dienaars van die Here. Die priesters mag gaan waar die volk nie mag gaan nie, naamlik, in die paleis van die Koning van alle konings. Die hoëpriester kon selfs in die Allerheiligste ingaan – dáár

waar die koning en die profeet nie kon ingaan nie.

By dié priester hoort dus die heiligdom. Daarom het God self opdrag gegee dat die heiligdom opgerig moes word en aan Moses op die berg die plan en bestek van die tabernakel gegee (Eks. 25:40). Die oorspronklike daarvan is in die hemel – daar is dié heiligdom, dié Koning, dié paleis. Salomo het die tempel gebou op bevel van die Here. Die priesters moes offer voor die aangesig van die Here. Die hele lewe het by Israel in die teken van die offer gestaan – daar was skuldoffers, soenoffers, dankoffers en spysoffers. Die volk moes na die priesters gaan en die priesters het in naam van die volk tot God gegaan. Hulle moes ook vir die volk bid en die volk seën in die Naam van die Here.

God het die eersgeborenes aanvanklik vir Sy diens bestem, maar later is die stam van Levi in hulle plek aangewys vir die diens in die tabernakel en tempel. Die aantal eersgeborenes was volgens Num. 4:43, 22273 en die aantal Leviete 22000. Hierdie getalle dek mekaar byna en daarin kan ons die wonderlike voorsienigheid van die Here sien: Hy het in die plek van die eersgeborenes wat losgekoop moes word, bykans dieselfde getal Leviete gegee.

Christus is ook in die priesterdiens skaduweeagtig aanwesig. En waar die skaduwee is, daar is ook die persoon aanwesig wie se skaduwee ons sien. Wanneer die priesters geoffer het, het hul offers geen betekenis gehad sonder die werk van Christus nie. Soos die Psalmis dit stel: "Brandoffer en sondoffer het U nie geëis nie. Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe. Ek het lus, om my God, om U welbehae te doen" (Ps. 40:6-8). Christus het deur Sy instrumente (die priesters) die offerandes gebring as skaduwees van dié Offer op Gólgota. Hy bid vir Sy volk en seën hulle.

Wie die Ou Testament sonder Christus lees, verstaan nie die magtige betekenis van die Ou-Testamentiese bedeling nie. Die gelowiges van die ou tyd het ook alleen deur die voldoening van Christus salig geword. Die ganse Ou Testament wys vooruit na die vervulling in Christus. En in hierdie diens het Christus Self aktief opgetree.

In art. 25 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word gehandel oor die betekenis van die Ou-Testamentiese seremonies: "Ons glo dat die seremonies en sinnebeelde van die Wet opgehou het met die koms van Christus en dat aan alle skaduwees 'n einde gekom het, sodat die gebruik daarvan onder die Christene afgeskaf moet word; nogtans bly die waarheid en wese daarvan vir ons in Christus Jesus in Wie hulle hul vervulling het. Intussen gebruik ons nog die getuienisse – wat aan die Wet en die Profete ontleen is – om ons in die Evangelie te bevestig, en ook om ons lewe te reël, in alle eerbaarheid, tot eer van God volgens sy wil."

Die *waarheid* en *wese* van die Ou Testament is dus blywend en dit sou nie die geval gewees het as Christus nie toe ook werksaam en teenwoordig was nie. Dan sou die Ou Testament van geen waarde meer gewees het nie. Nou sien ons egter die groot betekenis van die bedeling van die skaduwees in die lig van die Nuwe-Testamentiese vervulling. Nou sien ons ook dat daar 'n wesensverskil is tussen die offerdiens van Israel en dié van die heidense godsdienste. Laasgenoemde is niks anders as 'n karikatuur van die ware offerdiens nie. Nou sien ons trouens ook die groot armoede van die Jodedom wat nog steeds krampagtig vashou aan die skaduwees en nie wil weet van die vervulling deur Christus nie. Wanneer hulle Moses lees, is daar 'n sluier oor hulle aangesig. Ook is daar 'n sluier oor hulle hart omdat hulle verhard geword het vanweë hul verwerping van die Christus.

In die lig van dit alles, besef ons ook hoe leeg die Chiliasme (leer van die duisendjarige vrederyk) is wat die herstel van die tempeldiens verwag. Daarin word

teruggegryp na wat verby is en die enige offerande van Christus geloën. Ook die Roomse Kerk is hieraan skuldig wanneer hulle deur hul priesters, offerandes en die mis teruggryp na Levi en Aäron.

Christus is ons enigste Hoëpriester volgens die orde van Melgisédek. Nogtans bely ons dat die wese en waarheid van die skaduwee-bedeling vir ons behoue bly in Christus in Wie alles vervul is.

### *(c) Koning*

Christus het ook, onmiddellik nadat Adam deur sy val die koningsepter uit sy hande laat gaan het, as Koning opgetree.

In die hele Ou Testament sien ons die stryd van Satan teen die koningskap van Christus. Christus hou die heilige linie in stand, Satan wil dit uitroei. Wanneer Abel deur Kain vermoor word, stel die Here vir Set in sy plek. Dan word hierdie stryd voortgesit tussen die heilige linie van Set en die onheilige linie van Kain. Die Bybel teken vir ons die onheilige linie van Kain tot by Lameg, wat twee vroue gehad en 'n lied van wraak gesing het: Kain sal sewemaal gewreek word, Lameg sewentig maal sewemaal. Later het Christus vir Petrus gesê dat hy sewentig maal sewemaal moet vergewe.

Die seuns van die goddelose Lameg was Jabal, Jubal en Tubal-Kain en sy dogter Naëma. Hier hou die onheilige linie dan op (in die Skrif) maar die heilige linie loop deur tot by Noag en uiteindelik tot by Christus. Sy geslagsregister vind ons in Lukas 3 en Matthéüs 1. In hierdie registers word ook die leeftye genoem. Tiperend is in hierdie verband die teëstelling van die sewende. Die sewende in die onheilige linie is die goddelose Lameg wat sy wraaklied gesing het; die sewende in die heilige linie is Henog wat met God gewandel het en weggeneem is sodat hy die dood nie sou sien nie. Miskien het die Here Henog weggeneem omdat hy as profeet en gelowige gevaar geloop het om vervolg te word. Ons lees dat hulle hom nie gevind het nie – hulle het na hom gesoek. (Heb. 11:5; Judas 1:14-15).

Later het daar vermenging gekom; die kinders van God het met ongelowige vroue getrou en dan loop dinge meesal verkeerd. Dan triomfeer Satan skynbaar. Die wêreld is vol goddeloosheid, maar deur die sondvloed kom daar behoud. Dan word die heilige linie weer voortgesit in die geslag van Sem. Geseënd is die God van Sem; en op Pinksterdag sal Jafet woon in die tente van Sem.

Abraham word geroep uit Ur. Ook in hom sien ons die koningskap van Christus, want God het aan hom die belofte gegee van 'n groot volk en al die geslagte van die aarde sal in hom geseën word. Van groot betekenis is die ontmoeting tussen Abraham en Melgisédek, die koning van geregtigheid en van Salem, die latere Jerusalem. Hy was dus nie alleen as priester nie, maar ook as koning 'n tipe van Christus.

Die volk Israel het in Egipte as 'n familie gekom en is daar as 'n volk gebore. Uit Egipte het Ek My Seun geroep. By Sinaï het die Here God die teokrasie, die Godsregering, offisieel ingestel. Christus het Israel regstreeks regeer. God is die *Wetgewer* wat Self die wette aan Sy volk gegee het. Hy is die *Regter* wat Self die dader aanwys en straf en Hy is die *Koning* wat regeer. Daarom was die koning in Israel feitlik niks anders as die verteenwoordiger van die Here nie. Christus is dié Koning en Sy paleis is die Tempel te Jerusalem. Dawid het die oorloë van die Here gevoer; Hiskia het met die briewe van Sanherib na die Paleis van die Koning gegaan. Die teks vir die teokrasie lees ons in Jesaja 33:22 [Jes. 33:22]: "Want die Here is ons Regter, die Here is ons Aanvoerder, die Here is ons Koning."

Die tyd van die rigters was 'n teokratiese proeftyd. Saul was 'n anti-teokratiese koning uit die stam van Benjamin. Toe die Here opdrag gegee het dat Amalek geheel en al uitgeroei moes word, het hy dit nie gedoen nie, maar Agag en die beste van die vee gespaar. Toe het die Here vir Saul verwerp.

Dawid weer was die teokratiese koning uit die stam van Juda. Salomo is as die vors van vrede 'n tipe van Christus in die staat van verhoging. Christus het Self gesê: Meer as Salomo is hier. Na die verdeling van die koninkryk van Salomo vind ons die heilige linie in die ryk van Juda. Soms het die bestaan daarvan aan 'n dun draadjie gehang, byvoorbeeld toe Atalia, die goddelose dogter van Agab en Isébel, die koningshuis byna uitgemoor en net Joas behoue gebly het; ook toe Hiskia ernstig siek was en hy geen opvolger gehad het nie aangesien Manasse eers drie jaar na sy herstel gebore is.

Ook in Babel is die heilige linie deur Christus bewaar. Jojagin is vooruitgestuur daarheen en uit hom het uiteindelik voortgekom Serubbabel, die seun van Sealtiël. Na die ballingskap het 'n uiters moeilike tyd vir die volk aangebreek aangesien hulle weer onder 'n vreemde mag gekom het; eers onder die mag van die Medo-Persiese ryk en daarna onder die Grieks-Macadoniese ryk van Alexander die Grote. Die tyd van die Ptolemeërs in Egipte was meer voorspoedig en toe is byvoorbeeld die Ou Testament in Grieks vertaal (die Septuaginta-vertaling). Daarna het 'n tyd van swaar vervolging aangebreek toe Israel onder die heerskappy van die Siriërs gekom het met Antiochus Epiphanes, die Antichris van die Ou Testament, as hul koning. Deur die dapperheid van die Makabeërs is Israel egter uit hulle mag verlos. Vóór die koms van Christus het Esau eers nog weer oor Jakob geheers toe Herodus die Grote, 'n nakomeling van Esau, deur die Romeine koning oor Palestina gemaak is.

Dan breek die volheid van die tyd egter aan en regeer Christus. Nou is die belofte aan Abraham vervul: In jou sal al die geslagte van die aarde geseën word.

## 2. Tydens Sy aardse omwandeling

### *(a) Die Profeet*

Die onderrig van die Here Jesus dra 'n profetiese karakter. Hy is ons hoogste Profeet en Leraar wat aan ons die verborge raad en wil van God tot ons verlossing volkome geopenbaar het. Dit kom baie duidelik uit in die Bergrede waar ons heel aan die begin lees: "Hy het sy mond geopen en hulle *geleer* en gesê... (Matt. 5:2). In Deut. 18:15-18 word Christus as die Profeet aangekondig; in vers 18 lees ons: ,,'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers," soos jy is, en Hy sal aan hulle alles sê wat Ek Hom beveel." Hierdie Profeet het nou gekom en wanneer Hy begin om te spreek, staan daar uitdruklik by: Hy het sy mond geopen. Christus is die Profeet wat Moses aangekondig het; die Vader het Hom die woorde in die mond gelê om te spreek. Wanneer Moses saam met Elia op die berg van verheerliking is, sê die Vader (m.b.t. Christus): luister na Hom.

As Profeet het die Here verskillende gesprekke gevoer. Hy het die volk geleer, nie soos die Skrifgeleerdes nie, maar soos Een wat gesag het. Ook met afsonderlike persone het Hy gespreek. In Joh. 3 is die gesprek opgeteken wat die Here Jesus met Nikodemus gevoer het. Dit het gegaan oor die wedergeboorte en hoe die koperslang 'n tipe was van Christus wat aan die kruis verhoog sou word sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sou gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

Met die Samaritaanse vrou het die Here gepraat oor die lewende water, die gebed en die koms van die Messias. Wanneer Hy die blindgeborene genees, sê Hy dat hier geen bepaalde sonde op die spel is nie, omdat God verheerlik moes word. Met die

Fariseërs spreek Hy oor die sabbatsgebod en aan die blindgeborene sê Hy dat Hy die Seun van God is.

Twisgesprekke het die Here Jesus gevoer: Met die Fariseërs oor die sabbat, die uitwerping van die duiwels, betaling van belasting en oor die groot gebod; met die Sadduseërs oor die opstanding van die dode.

Met die dissipels het die Here geweldig baie gespreek. Hy het hulle onderrig toe Hy hulle geroep en uitgestuur het; oor Sy taak, Sy lyding, Sy opstanding en hemelvaart. Uitvoerig het Hy in die Paassaal met hulle gespreek en na die samekoms daar. Hierdie onderrig is van so 'n groot betekenis omdat Hy daarin die wil van die Vader bekend gemaak het.

Ook deur gelykenisse het die Here gespreek. Eers was Sy onderrig doodgewoon en so eenvoudig dat 'n kind dit kon verstaan. Maar hoe eenvoudig dit ookal was, die groot massa *wou* nie glo nie. Daarom het die Here daartoe oorgegaan om te spreek deur gelykenisse. Dit was tewens 'n oordeel. Sodat hulle sou sien en tog nie sien, en hoor maar nie verstaan nie. 'n Gelykenis is soos 'n slot sonder 'n sleutel. Christus het Self die sleutel en as iemand die gelykenis wil verstaan, moet hy na Christus gaan en vir Hom die sleutel vra. Dit het die dissipels gedoen in die geval van die gelykenis van die saaier: Here verklaar vir ons hierdie gelykenis. Sy vyande maak daar misbruik van net soos hulle misbruik gemaak het van wat Hy gesê het i.v.m. die opbou en afbreek van die tempel van Sy liggaam. Indien hulle die Here gevra het wat die betekenis van hierdie woorde was, sou Hy vir hulle gesê het dat dit sien op Sy dood, begrafnis en opstanding. Hulle het egter die slot moedswillig vernietig.

Christus het as Profeet ook baie wonders verrig. Aan die Jode wat nog 'n teken as bewys van Sy messiasskap gevra het, het Hy gesê: Hierdie oorspelige geslag begeer 'n teken en aan hulle sal geen ander teken gegee word as dié van Jona nie.

Die eerste wonder het die Here Jesus verrig op die bruilof te Kana in Galilea, dit wil sê, daar waar 'n huwelik gesluit is en 'n gesin gevorm sou word. Christus het die teken egter nie gedoen toe Maria dit van Hom gevra het nie, maar toe Sy uur gekom het wat deur die Vader beskik is. Dan verander Hy water in wyn. Hierdie wonder word genoem die beginsel van Sy tekens net soos die saadkorrel in die akker die beginsel is van die plant. Al die wondere van die Here Jesus vorm een organiese geheel; almal hoort bymekaar. Sy laaste wonder was die genesing van Malchus se oor.

Christus het geweldig baie mense gesond gemaak. Daarin kom nie alleen Sy profetiese amp uit nie, maar ook die priesterlike. Die mediese sending is van groot belang op die sendingveld.

Ander wonderwerke het Hy gedoen in die ryk van die natuur; storms het Hy gestil, op die meer gewandel en duisende van brood voorsien.

Die Here het ook dooies opgewek; die dogtertjie van Jaïrus, 'n meisie van 12 jaar wat nie lank dood was nie. Die jongman van Naïn, wat al begrawe sou word, het Hy aan sy moeder teruggegee. Ook Lasarus, wat al drie dae in die graf was, het Hy opgewek.

Al hierdie wonderwerke het 'n betekenis vir die koninkryk van die hemele. Die Here Jesus het gekom om die skuld van die sonde weg te neem, maar ook die mag daarvan. Baie duidelik sien ons dit in die geval van die verlamde man wat deur sy vriende deur die dak neergelaat is tot vlak voor die Here Jesus. Eers word sy sondes vergewe; die skuld van die sonde word weggeneem en daarna ook die gevolge daarvan sodat hy genees word.

Christus het as profeet ook meer as eenmaal oor die toekoms gespreek. Oor Sy lyding en sterwe het hy vantevore gespreek en in Matt. 24 spreek Hy oor die verwoesting van Jerusalem en Sy wederkoms om te oordeel. In laasgenoemde geval het ons, eweas by die ou profete te doen met die sg. Profetiese perspektief, dit wil sê die verwoesting van Jerusalem en die wederkoms word geteken as twee gebeurtenisse wat kort na mekaar sou plaasvind. Dit is soos in die geval van twee bergreekse. As jy ver daarvandaan verwyder is, lyk dit asof hulle naby mekaar is, maar hoe nader 'n mens gaan, hoe meer sien jy dat daar 'n geweldige afstand tussen hulle is. So is daar ook 'n geweldige tydsverloop tussen die verwoesting van Jerusalem en die wederkoms van die Here. Hiermee moet ons rekening hou indien ons die profesieë wil begryp.

### *(b) Die Hoëpriester*

Christus is die priester na die ordening van Melgisédek.

Omdat Hy uit die stam van Juda was, moes Hy as die eersgeborene van Josef en Maria gelos word, sodat iemand uit die stam van Levi Sy plek as priester kon inneem (Luk. 2:22-24). Die Seun van God is vry, maar nie die Seun van die mens (Jesus na Sy menslike natuur) nie. Vir Hom moet daar losgeld betaal word. Hy wat Self die betaling en die Losser is, moes gelos word. Daarom sou daar in die tempel in Jerusalem 'n seun van Levi in Sy plek diens doen sodat Hy in die ewige Tempel van God kon dien volgens die ordening van Melgisédek. Hy is gelos van die diens in die aardse tempel sodat Hy die ware offerande kon bring. Ook wat dit betref, is Hy ons Borg en Plaasvervanger. Hy is die vervulling van Levi, die priesterstam. Hy is dié Losser en daarom kon Simeon sê: "Nou laat U Here, U dienskneg gaan in vrede volgens U woord, omdat my oë u heil gesien het" (Luk. 2:29). Ook Simeon is gelos deur hierdie Eersgeborene, wat gelos moes word.

Christus is die barmhartige Hoëpriester wat Hom oor die ellendiges ontferm; die geknakte riet verbreek Hy nie en die dowwe lamppit blus Hy nie uit nie. Ons krankhede het Hy op Hom geneem en ons smarte, dié het Hy gedra. Maar Hy is ter wille van ons oortredinge verwond en ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus.

Hy het Self ook vantevore oor Sy lyding gespreek. Eers in beeldspraak: Soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word. En: Soos Jona drie dae en drie nagte in die ingewande van die vis was, so moet die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. Ook het Hy gesê: Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek dit weer opbou.

Te Cesaréa-Filippi egter toon Hy openlik aan Sy dissipels dat Hy moet ly en doodgemaak word. 'n Week later, op die berg van verheerliking, spreek Moses en Elia as gesante van die hemel met Hom oor die uitgang wat Hy te Jerusalem moet volbring.

Die program was klaar opgestel. Straks aan die nagmaalstafel gee Hy brood en wyn, die tekens van Sy gebroke liggaam en vergote bloed. Hy is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Hy bid vir die syne, seën hulle en gee Homself in die dood vir hulle.

Hierdie Hoëpriester het *Homself* geoffer.

Hoe smartlik moes Hy nie ly tot dat alles volbring was nie. In Getsémané word die drinkbeker deur die Vader aan Hom gegee – hierdie beker, wat vanweë ons sonde

met die toorn van God oor ons sonde gevul is, moes Hy leegdrink. Na Sy menslike natuur deins Christus daarvoor terug. Hy weier nie om dit te drink nie, maar bid en onderwerp Hom biddend aan die wil van die Vader. Hy wil en kan hierdie beker drink. Niemand anders kon dié beker, wat vol is met die ewige toorn, in 'n kort tydsduur leegdrink nie. Maar hy kon dit doen en het dit gedoen om sodoende aan ons die beker van verlossing te gee.

Hy gee Homself oor aan die vyande. Hy vra nie dat die Vader twaalf legioene engele moet stuur nie, maar is gehoorsaam tot die dood van die kruis toe. Hy word deur Kajafas as Godslasteraar veroordeel, deur Pilatus op die tweetal saam met Barabbas geplaas, deur Herodus bespot, deur die soldate gegesel en uiteindelik veroordeel tot die dood van die kruis. Soos 'n onreine word Hy buite die poort uitgelei en dra Hy Sy kruis. En aan die kruis word Hy van Sy God verlaat en oorgegee aan die helse verskrikkinge totdat Hy uiteindelik kon sê: Dit is volbring. Dan is die Ou-Testamentiese offerdiens afgehandel en skeur die voorhangsel van die tempel in twee van bo tot onder.

Laat ons dan na hierdie Hoëpriester gaan wat 'n volkome offerande vir ons gebring het.

Die bloed van Jesus Christus reinig ons van alle sonde. Hy het die skuld van Sy volk uitgewis en sien geeneen van hul sondes meer aan nie.

### *(c) Die Koning*

Johannes die Doper was die voorloper, die Herout van hierdie Koning. Hy moes die volk aansê dat die Koning aan kom is. Reeds die profete het voorspel dat Johannes sal wees die stem wat roep in die woestyn en die engel wat die weg voor Sy aangesig uit sou berei, die Elia wat sou kom. Johannes self het geweet dat hy die stem is van een wat roep in die woestyn om die paaie van die Here reguit te maak. Hy het gesien dat die koninkryk van die hemele naby gekom het en geweet dat die minste in dié koninkryk meer is as hy wat nog op die drumpel daarvan staan.

Christus is die Koning en die ryk wat Hy kom bou het, het met Hom uit die hemel op die aarde neergedaal. Ook is Hy 'n ewige Koning wat nie sonder Sy onderdane kan wees nie. Die wegbereider moes die hindernisse uit die weg ruim en oproep tot waaragtige bekering sodat die Koning begroet sou word deur Sy onderdane wat deur die Heilige Gees voorberei is.

Christus is die Seun van Dawid. Daarom het ons twee geslagsregisters in die Skrif; in Mattheus 1 dié van Josef en in Lukas 3 dié van Maria. Die geslagsregister van Matthéüs gaan oor Dawid terug tot op Abraham; dié van Lukas oor Dawid tot op Adam.

Die wyse manne uit die Ooste het gesoek na die Koning van die Jode, Hom aanbid en hul skatte aan Hom gegee. Herodes wou hierdie Koning om die lewe bring omdat hy gedink het dat sy troon in gevaar is.

Op 'n sekere stadium wou die Jode vir Jesus Koning maak, maar dit is die grootste dwaasheid, want wie 'n koning is, kan nie nog 'n koning gemaak word nie.

Christus het baie gelykenisse uitgespreek oor die Koninkryk van die hemele. Ook deur Sy wondermag het Hy Hom geopenbaar as die Koning wat mag het selfs oor die storms en die woedende golwe. Hy het gespreek as 'n maghebbende en uiteindelik Sy koninklike intog in Jerusalem gedoen op die rug van 'n eselsvul.

Toe die soldate Hom gevange wou neem, laat Hy eers as 'n koning almal op die

grond neerval, en eis Hy vrylating vir Sy dissipels. Aan Pilatus het Hy gesê dat Sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie. Bokant Sy kruis was daar die opskrif in verskillende tale: Jesus, die Nasaréner, die Koning van die Jode.

Op die derde dag het Hy as koning oor graf en dood getriomfeer. Hy het die sleutel van Dawid (Openb. 3:7). Ná Sy opstanding het Hy aan die syne bevele gegee. Die Vader het aan Hom alle mag in hemel en op aarde gegee en daarom stuur Hy die dissipels as apostels uit met die opdrag: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en van die Seun en van die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." Dit is die bevel van die Koning.

Van daardie oomblik af word Sy onderdane ingebring en aan Hom gegee deur die werk van die Heilige Gees, wat deur die Woord hulle wederbaar, hulle bereid en gewillig maak om te dien in *Sy* Koninkryk. En hierdie Koning is met ons al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.

## 3. Vanuit die hemel

### *(a) Die Profeet*

Christus het gaan sit aan die regterhand van die Vader en vandaar sit Hy Sy profetiese taak voort. Daarom het Hy die Heilige Gees gestuur wat die apostels sou inspireer en in staat stel om as profete op te tree en die Openbaring van God aan ons bekend te maak. Die vrug hiervan is allereers die vier Evangelies. Christus het gesê: "Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in My Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle *herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het*" (Joh. 14:26). Die Here Jesus het gedurende Sy onderwysing van die dissipels geweldig baie aan hulle gesê, maar hulle het geen aantekeningboeke by hulle gehad om dit in op te teken nie. Dit was ook onmoontlik dat hulle alles sou onthou sonder om tog party dinge te vergeet. Maar die Heilige Gees het hulle aan alles herinner sodat hulle dit volkome reg kon opteken.

Dan het ons *die Briewe.* Die briewe in die Nuwe Testament is veelal geskrywe om teenoor die dwaling die waarheid te openbaar. Toe die Here Jesus nog op aarde was, kon die dissipels vir Hom vra wat die waarheid is, maar noudat Hy in die hemel is, kan dit nie meer geskied nie. Hy het egter hierdie heerlike belofte gegee: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy Spreek" (Joh. 16:13). Toe die apostels dus die briewe aan die gemeentes geskrywe het om die dwalinge te bestry, is hulle geinspireer deur die Heilige Gees sodat hulle nie hul eie gedagtes weergegee het nie, maar dié van Christus.

Die Here Jesus het verder ook aan die apostels die belofte gegee dat Hy deur die Heilige Gees die *toekomstige dinge* aan hulle bekend sou maak. Sodoende het Hy aan ons die profetiese gedeeltes uit die briewe en die boek Openbaring gegee.

So het ons Here Jesus vanuit die hemel gesorg dat die Nuwe Testament tot stand gekom het.

Hy is egter nog altyd die Profeet wat Sy Kerk deur middel van die bediening van Woord en Sakramente ophou.

Christus het ook van uit die hemel deur midde van die apostels baie wonderwerke verrig. Die Handelinge van die Apostels is eintlik die Handelinge van Christus wat aan die regterhand van die Vader is. So het Hy die kreupele genees (Hand. 3), Eneas te Lidda en Dorkas in Joppe opgewek. Die apostels het in die Naam en in die krag van

Christus baie wonderwerke verrig. Tog moes die wonder mettertyd verdwyn. Aan Johannes is in die gevangenis die berig gebring: Blindes sien weer, kreupeles loop, melaatse word gereinig, dowes hoor en dooies word opgewek *en aan die armes word die Evangelie verkondig.* In hierdie laasgenoemde woorde het ons 'n klimaks en dit is dan ook die blywende heilsfeit; dat die Evangelie verkondig sal word. Die wonderwerke het maar net die weg voorberei vir die prediking van die Evangelie. Daarom hou die wondere op as die stigtingsjare van die Kerk verby is, maar die prediking van die Evangelie gaan voort. Wie dan ook die teken, die wonder, begeer bo die Evangelie, word ongelowig soos die Jode in die tyd van die Here Jesus. Die wondere het gepas by die *jong* christelike Kerk. Wie derhalwe die wondere verkies bo die Woord van God, is soos 'n grysaard wat weer kinds geword het.

In die Openbaring van Johannes het die Here aan ons getoon die dinge wat haas moet geskied. Daarom moet ons ag gee op die tekens van die tye; die antichris sal kom en die Kerk geboikot word. Maar dan sal Christus ook weer kom om te oordeel oor lewende en dode. Ons sien uit na Sy oorwinning en daarom verwag ons dié dag met groot verlange om dan ten volle te kan geniet van die beloftes van God in Jesus Christus onse Here.

### *(b) Die Hoëpriester*

Christus is aan die regterhand van die Vader as die groot Priester van Sy volk. Met Sy volkome soenoffer het Hy ingegaan in die Allerheiligste van Gods teenwoordigheid. Die Vader sien ons in Hom aan. Hy het ten hemel gevaar om aan ons die Trooster te stuur wat by ons bly. Die Heilige Gees, gestuur deur die Vader en die Seun, berei die bruid (die gemeente) voor vir die koms van haar Bruidegom (Christus).

Die Heilige Gees pas die voldoeningswerk van Christus toe in die lewe van die gelowiges. Wanneer ons in sonde val, wys Hy op Sy geregtigheid en op Sy bloed wat ons reinig van alle sonde. Christus is in die heiligdom van God werksaam as ons Hoëpriester. Ons mag deel in die rykdom van Sy genade. Die Heilige Gees gee aan ons uit die volheid van Christus alles wat ons nodig het. Daarom sê Paulus dat hy verlang om ontbonde en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste. Die hemel het vir ons betekenis omdat Christus daar is.

Hy bid in die hemel vir Sy volk. En Sy gebed het besondere betekenis omdat Hy alleen kan sê: Vader, Ek *wil* dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook sal wees. Nou verstaan ons ook nog beter die woorde van Christus aan Petrus: "Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos die koring te sif. Maar Ek het vir jou *gebid,* dat jou geloof nie ophou nie." Ook ons *onverhoorde gebede* kry nou vir ons betekenis; ons besef dat ons nie altyd kry wat ons vra nie, omdat Christus weet wat vir ons die beste is en Hy bid vir ons sodat ons op Gods tyd ontvang wat beter is as wat ons gevra het.

In art. 26 van ons Ned. Geloofsbelydenis word gehandel oor die enige voorbidding van Christus: "Ons glo dat ons geen toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige." Hy is ons mond wat vir ons en in ons plek tot die Vader spreek. Deur die reukwerk van Sy gebede het ons gebede gereinig. Maar hierdie Middelaar moet ons deur Sy grootheid nie verskrik nie, want niemand het ons meer lief as Hy nie. Wie het meer liefde aan ons betoon as Hy wat Sy lewe vir ons gegee het? Sou ons tot iemand anders die toevlug neem? Niemand het meer mag as Hy aan Wie alle mag in hemel en op aarde behoort nie. Niemand word eerder verhoor as Christus, die eie Seun van die Vader nie. Daarom is die Maria-verering en die verering van die heiliges so dwaas. Ons belydenis sê: "So

is dan alleen deur 'n gebrek aan vertroue hierdie misbruik ingevoer dat mense die heiliges onteer in plaas van hulle te eer, deur te doen wat hulle nooit begeer of gedoen het nie, maar wat hulle met volharding en volgens hul skuldige plig verwerp het, soos uit hul geskrifte blyk."

Ook moet ons die Voorbidder, Christus, nie verbygaan vanweë ons onwaardigheid nie. Want ons bid nie tot God op grond van ons eie waardigheid nie, maar ons pleit slegs op grond van die uitnemendheid en waardigheid van ons Here Jesus Christus, Wie se waardigheid ons waardigheid word deur die geloof. "Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat vir ons in die hemel ingegaan het, naamlik Jesus die Seun van God, laat ons hierdie belydenis onwankelbaar vashou. Laat ons dan *met vrymoedigheid* na die troon van genade gaan sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word." Genoemde artikel van die Geloofsbelydenis eindig so mooi: "Waarom sal ons 'n ander advokaat soek, aangesien dit God behaag het om ons Sy Seun as Advokaat te gee? Laat ons Hom nie verlaat om 'n ander te neem, of liewer om 'n ander te soek sonder om Hom ooit te vind nie; want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars was. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar, soos dit ons in die gebed van die Here geleer is; en ons is daarvan seker dat alles wat ons die Vader sal bid in Sy Naam, aan ons gegee sal word."

Ons bede moet wees: Here Jesus, bid vir ons.

### *(c) Die Koning*

Christus het ook as koning ten hemel gevaar. Dawid het dit voorspel toe hy in die koms van die ark na Jerusalem 'n profesie gesien het van die ingang van die Here Jesus in Sy hemelse residensie. Daarom het hy in Psalm. 24 gesing: "Hef op julle hoofde, o poorte, ja verhef julle, ewige deure, dat die Erekoning kan ingaan. Wie is dan die Erekoning? Die Here, sterk en geweldig, die Here geweldig in die stryd." Die Heilige Gees het hierdie Psalm aan ons gegee, nie alleen met die oog op die opvoering van die ark na Jerusalem nie, maar ook met die oog op die hemelvaart van ons Here Jesus. Daarom het Christus as Koning gesê dat aan Hom alle mag in hemel en op aarde behoort.

Dit is opmerklik dat die dissipels kort voor Sy hemelvaart vir Hom gevra het of Hy in daardie tyd die *koninkry*k van Dawid weer gaan oprig – immers, by Sy hemelvaart beweeg alles om Sy koningskap.

Hy het van die Vader die hoogste mag en eer ontvang. Deur Hom regeer die Vader alle dinge, ja, die hele wêreld. Uit Sy hand het Christus die boek van God se Raadsbesluite geneem en die sewe seëls oopgemaak.

Hierdie Koning is tewens ook die Hoof van Sy Kerk. "Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles kan vervul. En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk tot opbouing van die liggaam van Christus" (Ef. 4:10-12). So word die Kerk opgebou en giet Christus Sy hemelse gawes uit. Christus voer Gods raadsplan ten volle uit.

En eendag kom Hy om as Koning die oordeel te voltrek. Hoe ontsettend sal dit dan nie wees vir die ongelowiges as hulle die knie moet buig voor Hom wat hulle nie as Koning wou erken nie, maar verwerp en gehaat het. Dan word die boeke geopen en moet hulle rekenskap gee; die boeke van God se alwetendheid en van ons onderbewussyn en gewete. Niks is vir hierdie Koning verborge nie. Vir dié wat aan

Sy linkerhand is, sal Hy sê: "Gaan weg van my af, julle vervloektes in die ewige verdoemenis wat vir die duiwel en sy engele toeberei is." En aan diegene wat aan Sy regterhand staan, sal Hy sê: "Kom, julle geseëndes van My Vader, beërf *die Koninkryk* wat vir julle berei is van voor die grondlegging van die wêreld af." Daarna sal die einde wees wanneer Hy die *Koninkryk* aan God en die Vader sal oorgee en wanneer Hy alle heerskappy en mag en krag sal vernietig. Want Hy moet as Koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hý uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees (1 Kor. 15:24–28).

## F. CHRISTUS EN DIE AMPTE IN DIE KERK

Christus is die Hoof van Sy Kerk. Hy is die hoogste Profeet, enigste Hoëpriester en ewige Koning van die Kerk. En Hy het hierdie ampstaak nie aan mense oorgedra nie, maar wil mense, sondige mense gebruik as Sy organe sodat Hyself in Sy Kerk as dié Ampsdraer werksaam kan wees.

In die Apostolaat was aldrie ampte verteenwoordig omdat die apostels 'n buitengewone plek in die Kerk beklee het. Hulle was sowel bedienaars van die Woord as versorgers van die armes en regeerders van die Kerk. Ons moet dus nie in ons tyd die apostolaat weer wil instel nie, omdat die apostels 'n buitengewone amp beklee het.

Christus is en bly dié Ampsdraer in Sy Kerk. Hy oefen die *profetiese amp* uit deur die amp van *leraar* of bedienaar van die Woord. Die leraars se taak is om die Woord van God te verkondig. Hulle mag nie 'n stigtelike toespraak hou of hul eie ervaringe vertel nie. Nee, hulle moet die Woord bedien sodat dié Woord wat hulle amptelik bedien het deur die gelowiges uit gedra en in die verskillende lewensverbande toegepas kan word.

Die *priesterlike amp* het Christus aan die *diakens* gegee. Hulle sorg dus nie self vir die armes nie, maar is slegs die *hande* van Christus, wat as die barmhartige Hoëpriester aan die syne gee wat hulle nodig het en al hul behoeftes genadig vervul.

Die *koninklike* amp het die ouderlinge ontvang en daarom het hulle so 'n groot verantwoordelikheid. Hulle mag nie na eie goeddunke handel nie, maar moet regeer volgens die ordinansies van Christus. Elke tug-uitoefening moet bevestig kan word met die Woord van die Here.

Dit wil nou natuurlik nie sê dat die bedienaars van die Woord alleen die profetiese amp beklee nie. Nee, sowel die leraars as die ouderlinge en diakens is profeties, priesterlik en koninklik werksaam, maar die leraar het spesiaal 'n profetiese, die ouderlinge 'n koninklike en die diakens 'n priesterlike amp.

Ons moet een ding goed verstaan en dit is dat dit Christus is wat die Woord bring, barmhartigheid betoon en regeer deur middel van die diens van mense. Hierdie ampte is regstreeks deur Christus ingestel, hulle kom nie vanself uit die amp van die gelowige op, los van Christus nie, maar staan in die allernouste verband met die amp van die gelowige hoewel hulle 'n besondere karakter dra.

## G. CHRISTUS EN DIE AMP VAN DIE GELOWIGE

Christus is die Hoof van Sy liggaam, dit is die Kerk. Eers is die Hoof met die Heilige

Gees gesalf en op Pinksterdag het die Heilige Gees, wat gestuur is deur die Vader en die seun, op die liggaam van Christus, die Kerk, neergedaal. Sodoende het die Kerk, die gelowiges, die salwing van Christus deelagtig geword.

Waarom word jy 'n *Christen* genoem? Omdat ek deur die geloof *'n lid van Christus* is en daardeur deel het aan Sy salwing, sodat ek Sy Naam kan bely, en myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy, en met 'n vrye en goeie gewete in hierdie lewe teen die sonde en die duiwel kan stry en hiernamaals in ewigheid met Hom oor alle skepsele regeer (H. Kat. vr. 32).

Hierin vind ons dus die herstelling van die oorspronklike amp van die mens, die vernuwing na die beeld van God. Christus roep ons tot die amp van die gelowige: wie gesalf is, mag nie eiemagtig optree nie, maar het 'n opdrag ontvang. Veral wanneer ons in die gemeente belydenis van ons geloof doen, word die gelowige geroep tot hierdie heerlike amp. Nie een van ons staan buite hierdie amp en is werkloos nie. Al het iemand maar net één talent ontvang,moet hy daarmee woeker. Elkeen moet weet dat Hy skuldig is om sy gawes tot nut en saligheid van die ander lede gewillig en met vreugde aan te wend (H. Kat. vr. 55). Niemand mag hom met 'n beroep op sy onbekwaamheid aan sy taak onttrek nie. God roep en maak ook bekwaam.

*Die gewone werking van die amp van die gelowige onder normale omstandighede:*

## 1. Profeties

Die gelowiges is geroepe om hul kinders op te voed in die vrese van die Here en hulle te onderrig in die leer wat volgens die godsaligheid is. Met die oog daarop kan hulle met dankbaarheid gebruik maak van skole waar die onderwys gegrond is op die beginsels van Gods Woord en in ooreenstemming is met die drie Formuliere van Enigheid. Ook moet die ouers sorg dat hul kinders kategetiese onderrig ontvang en die klasse getrou bywoon.

Verder het die gelowiges die taak om getrou na die bediening van die Woord te gaan luister. Ons het geen reg om uit te maak hoe ons die Here wil dien nie; God sê vir ons hoe ons dit moet doen en dit is Sy wil dat ons die onderlinge byeenkomste nie mag versuim nie. Ons moet ywerig met die gemeente van God opkom om die Woord van God te hoor, die Sakramente te gebruik, God die Here openlik aan te roep en aan die armes Christelike liefdegawes te bring (H. Kat. vr. 103). As profeet moet die gelowige dan ook die prediking beoordeel of dit in ooreenstemming met die Woord van God is. Dit moet ons maatstaf wees en nie ons estetiese gevoelens of bevindelikheid of vitterigheid nie. Nee, ons moet oordeel of die Woord van God suiwer verkondig word. Paulus sê in 1 Kor. 10:15: "Ek spreek soos met verstandige mense; oordeel self wat ek sê." en in 1 Joh. 4:1 sê Johannes: "Geliefdes, glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is, want baie valse profete het in die wêreld uitgegaan." So deel Lukas ook vir ons mee dat die mense van Berea edelmoediger was as dié in Thessalonika; hulle het die Woord met welwillendheid ontvang en *elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was* (Hand. 17:11). So het elke gemeente die roeping om die prediking te toets aan die Woord van God.

As profete moet ons ook die Naam van die Here bely. Daartoe is dit nodig dat ons kennis sal hê van Gods Woord en van die belydenisskrifte van ons Kerk. Verder moet ons dan ook hierdie belydenis versier met 'n godvrugtige lewenswandel. Want elkeen wat die Naam van Christus bely, moet afstand doen van die ongeregtigheid. As ons so lewe, verrig ons onopsetlik evangelisasiewerk. Laat julle lig so skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is,

verheerlik. As ons dit doen, sal ook die opsetlike evangelisasiewerk vrugbaar wees. Woorde wek, maar voorbeelde trek.

## 2. Priesterlik

In die wedergebore hart van die gelowige is daar ware liefde. Ons kan God alleen liefhê omdat Hy Sy liefde in ons harte uitgestort het. Dit is soos 'n spieël wat nie sy eie lig kan uitstraal nie, maar die lig van die son weerkaats.

Tot ons priesterlike taak behoort allereers ons gebed wat die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat ons aan God verskuldig is. Veral die môregebed is belangrik; ons moet elke dag eers die byl slyp en nie die stryd ongewapen tegemoet gaan nie aangesien ons soveel vyande het. Die God van Israel gee vir ons krag. Luther het, wanneer hy buitengewoon besig was, gesê: Vanmore moet ek soveel meer tyd afstaan vir gebed en Skriflesing, want as ek dit nie doen nie, kan ek nie my dagtaak verrig nie. Toe 'n onderwyser eenmaal aan die kinders gevra het of hulle kan begryp hoe 'n man soos Dawid so swaar kon sondig, het 'n dogtertjie in haar eenvoud gesê: Ek dink dat die Koning vergeet het om sy môregebed te doen. Wanneer Nehemia voor die koning van Persië staan en graag na Jerusalem wil gaan, bid hy tot God in die hemel en sy skietgebed word verhoor.

Tot ons priesterlike taak behoort verder om onsself as 'n lewende dankoffer aan die Here te offer. Wie dit verstaan, gee gewillig sy dankoffers sodat die predikante betaal en aan die armes ondersteuning gebied kan word. Ja, daar is soveel wat ons, staande in die amp van die gelowige, kan doen op die gebied van die barmhartigheidsdiens. Die hand kan vir die voet nie sê: Ek het jou nie nodig nie (1 Kor. 12:21. Die siel van die gierigaard word deur God met maerheid getref. Aan Abraham het die Here gesê: Wees tot 'n seën. Genade is mededeelsaam. Ons moet mekaar liefhê.

## 3. Koninklik

Diegene wat met die Heilige Gees gesalf is, moet die stryd aanbind teen die duiwel, die wêreld en sy eie vlees. Hierdie heilige oorlog word al die eeue deur gevoer. Hier is geen versoening moontlik nie.

Die gelowige oefen ook gesag uit. 'n Kind van die Here het invloed, hy het iets om aan die wêreld te sê. Daar word met die ware Christen rekening gehou en mense luister na hom. Indien ons die volle wapenrusting van God aangetrek het, sal ons nie alleen defensief stry nie, maar ook offensief optree. Immers, ons gaan uit van die oorwinning wat Christus reeds behaal het en ons kan hier reeds in beginsel saam met Hom oor alle skepsele regeer. Hiernamaals regeer ons volkome saam met Hom.

## 4. Die buitengewone werking van die amp van die gelowiges in abnormale tye

Wanneer gelowiges hulle gaan vestig op plekke waar daar nog nie 'n geïnstitueerde Kerk is nie, moet hulle kragtens hul amp die gemeenskap van die heiliges beoefen. Hulle moet saamkom om Gods Woord te ondersoek, 'n preek te lees en saam te bid. Wanneer die getal gelowiges toeneem, moet die ampte ingestel word sodat die Kerk geïnstitueer kan word.

Wanneer 'n Kerk gedeformeer het, moet die ware gelowiges hulle kragtens die amp

van die gelowige, afskei van diegene wat nie waarlik die Kerk is nie, en hulle voeg by die vergadering van die ware gelowiges, op watter plek God dit ook al gevestig het, al sou ook die owerhede en verordeninge van vorste daarteen wees en al sou die dood of enige lyfstraf daaraan verbonde wees (N.G.B., art. 28).

Uit bogaande blyk nou watter vérstrekkende betekenis die amp van die gelowige in die praktyk het. Ons het daarmee 'n groot voorreg en tewens 'n geweldige verantwoordelikheid ontvang. Eenmaal sal ons rekenskap moet aflê oor wat ons met dié amp gedoen het.

In die buitengewone tye is daar buitengewone werkinge, want Christus hou Sy Kerk in stand en gebruik daartoe ook die diens van mense. Die Kerk moet altyd gesuiwer word en wanneer daar deformasie is, moet die Kerk gereformeer word.

## 5. Eensydighede

Daar sal altyd eensydighede wees waarteen die Kerk moet stry. Ons kan, in ooreenstemming met die drievoudige amp van die gelowige, van drieërlei eensydighede spreek.

### *(a) Die Intellektualisme*

Die intellektualisme lê eensydig nadruk op die profetiese amp. Dit ontaard in kennisverheerliking. Vir die intellektualis is Christus 'n voorbeeld, die dogmatiek 'n stel dor leerwaarhede en die sedeleer 'n skolastiese stel gebooie en reëls wat, soos in die geval van die Fariseërs, dikwels aan andere opgelê word om te onderhou terwyl hyself nie 'n vinger verroer om dit te doen nie.

'n Gevaar wat hiermee saamhang, is dat 'n mens sweer by die vadere. Sulke mense soek geen bewysplekke uit die Woord van God nie, maar uit die geskrifte van 'n geliefde godgeleerde. Hulle staan nie graag alleen nie en vind steun in sitate wat die einde van alle teëspraak moet wees. Intussen het ons gereformeerde vadere juis gesê dat ons geen menslike geskrifte gelyk mag stel met die Goddelike geskrifte nie. Intellektualisme beteken die dood van alle ware geloofslewe.

### *(b) Die Mistisisme*

Hierdie eensydigheid lê op die terrein van die priesterlike amp en bestaan daarin dat alle klem op die gemoedslewe val, terwyl Christus tog gesê het dat ons God ook moet liefhê met ons hele verstand. Die mistisis eis 'n prediking wat die gevoel streel en heg meer waarde aan gemoedservaringe as aan die geskrewe Woord van die Here.

Ook vir die dialektiese teoloë is die Bybel dán eers die Woord van God wanneer daar by die lees van die Bybel 'n direkte inval kom dat God op daardie moment spreek. Hulle het wel die valse mistiek die deur gewys, maar kom by die agterdeur weer in met "die gebod van die oomblik."

### *(c) Die Moralisme*

Die moralisme lê weer eensydig nadruk op die koninklike amp. Moraliste is die mense van die daad wat die lewe bo en selfs los van die leer stel. Hier vind ons die volmaaktheidsdrywers, die perfeksioniste, die Oxfordgroep-tipe. Intussen is hulle ook die mense wat pleit vir 'n ruimer lewensopvatting en hul eie moraal, los van die Woord van die Here, soek.

Heiligmaking kan egter nooit losgemaak word van regverdigmaking nie. Ons goeie werke moet verrig word uit die geloof, volgens die Wet van die Here en tot Sy eer.

### 6. Nuanseringe

Ons moet stry teen eensydighede, maar moet tegelyk ook rekening hou met verskillende nuanseringe wat met die amp van die gelowige in verband staan.

Daar is 'n groot verskeidenheid van gawes. Ons word nie almal in 'n fabriek volgens dieselfde model gemaak nie. God werk organies en skep 'n ryke verskeidenheid wat tog ook weer in Christus tot 'n eenheid saamgebind word.

Daar is kinders van God wat veral die gawe van *verstand en wysheid* ontvang het. Vir hulle is dit 'n groot vreugde om ou en nuwe skatte uit die Skrif te voorskyn te haal en die geskiedenis van die Godsopenbaring te oorpeins. Hulle het die gawe ontvang om andere te leer en wat hulleself bestudeer het deur te gee. Die bespreking van 'n onderwerp kom as gevolg van hulle kennis op 'n hoër peil. Hulle oefen veral die profetiese amp uit. Daar is egter ook weer kinders van God wat veral die gawe van *die liefde* van die hart besit. Deur hulle liefdevolle arbeid wen hulle andere vir Christus en deur hul hartlike getuienis, in alle eenvoud en opregtheid, is hulle vir vele tot 'n ryke seën. Deur 'n bemoedigende woord stel hulle teenoor afbrekende kritiek hul opbouende kritiek. Ook hulle waarde moet nie onderskat word nie. Hulle vorm deur hul trou en liefde, deur hul priesterlike arbeid, die sement waardeur die stene van die gebou heg en stewig aan mekaar verbind word.

Dan is daar ook weer andere wat altyd klaar staan as daar iets gedoen moet word in die saak van Gods Koninkryk. Op hulle kan 'n mens altyd reken en hulle stel jou nooit teleur nie. Hulle gee graag hul tyd en kragte vir die diens van die Here. Hulle gee stukrag aan 'n saak en is die mense van die daad. Hulle verras altyd weer met hul goeie resultate. Hulle bring lewe in 'n saak al moet hulle weliswaar soms 'n bietjie in hul ywer gedemp word.

Met hierdie verskillende nuanseringe moet ons rekening hou sodat ons die ryke verskeidenheid van gawes in Jesus Christus kan raaksien.

## H. DIE PLAASVERVANGENDE WERK VAN CHRISTUS

### 1. Die betekenis van hierdie plaasvervanging

Die werk van ons Here Jesus dra 'n heel besondere karakter. Almal wat Hom vereer, is van mening dat Hy baie vir sondaars gedoen het sodat ons besondere voorregte ontvang het en selfs die saligheid sal beërwe. Ook praat hulle graag van die versoening wat Christus teweeggebring het. Maar die gedagte van die plaasvervangende karakter van Sy verlossingswerk word deur baie bestry. In plaas daarvan dat Christus in ons plek gely het, praat hulle liefs van Sy solidariteit met ons.

So sê Prof. Van Niftrik in een asem dat Christus Sy solidariteit met ons uitgespreek het en dat Hy plaasvervangend in ons plek gaan staan het. Ook Brunner sê dat Christus se werk plaasvervangend was en dat Hy hom solidêr met ons gestel het. Dit is natuurlik onjuis; ons kan nie plaasvervangend *en* solidêr-stellend sê nie, maar plaasvervangend *of* solidêr-stellend.

Ook Prof. Dr. A. M. Brouwer sê in sy boek" Versoening": "Wanneer Christus die straf van die sonde dra, is dit nie plaasvervangend nie, maar stel Hy Hom solidêr met die sondige mensheid." Hy skryf ook verder: "Daar is mense wat die stryd vir 'n beter bestaan aangebind het. Dan kom daar ander wat verklaar dat hulle solidêr met eersgenoemdes wil wees, dit wil sê, vir hulle wil help om die stryd te voer.

Eersgenoemdes word dan nie vrygestel nie, maar in hulle stryd gehelp; hulle moet dus nog self ook stry." Prof. Brouwer stel die solidarisme dus teenoor die plaasvervanging; Christus is solidêr met ons, help ons in ons stryd en doen sy werk slegs ten behoewe van ons en nie in ons plek nie.

Die Skrif leer egter dat Christus in ons plek gekom het en in ons plek gaan staan het: Die goeie Herder lê Sy lewe af vir die skape. Die Seun van die mens het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy siel te gee as 'n losprys vir vele (Matt. 20:28).

Indien ons die plaasvervanging van Christus reg wil sien, moet ons uitgaan van die *verbond.* Onmiddellik nadat die eerste Adam geval het, het die tweede Adam (Christus) opgetree. In die vrederaad van God het Hy dit op Hom geneem om die verbond van God te onderhou sodat dit vir Hom 'n *werkverbond* gebly het. Deur sy plaasvervangende werk het dit vir ons egter 'n *genade-verbond* geword: Hy het in die plek van Adam die werkverbond volkome vervul.

Oor hierdie waarheid handel Paulus breedvoerig in Romeine 5. Hy plaas Adam en Christus naas mekaar en vergelyk hulle met mekaar. Die misdade het deur een plaasgevind, naamlik Adam; die genadegawes is ook deur een, naamlik Christus. Deur Adam heers die dood, deur Christus sal die lewe heers. Deur één mens het die skuld gekom tot ons verdoemenis, maar deur die regverdigheid van Christus kom die genade. Deur die ongehoorsaamheid van één mens is baie tot sondaars gestel, so word ook deur die gehoorsaamheid van Eén baie tot regverdiges gestel.

Wie Romeine 5 lees, sien duidelik dat Christus as die laaste Adam die plek ingeneem het van die eerste Adam. Dit word met name vir ons gesê in 1 Kor. 15:45–49: "So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het 'n lewende siel geword; die laaste Adam 'n lewendmakende Gees. Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel"

Christus is dus die *laaste Adam;* Hy is die *Middelaar* van die genadeverbond. Wat vir Adam gegeld het, geld ook vir die laaste Adam. Die werk van Christus is nie alleen *ten behoewe* van die uitverkorenes nie, maar ook *in hulle plek.* Die boom van die menslike geslag het in Adam geval, maar is deur Christus weer opgerig sodat Hy nie maar enkele mense red nie, maar die mensheid as 'n organiese eenheid. Die boom word weer opgerig en die ranke in die Wingerdstok behou.

Die sonde van Adam is vir ons toegereken sodat op ons die erfsonde, wat bestaan uit erfskuld en erfsmet rus. Die geregtigheid van die laaste Adam word ons toegereken en geskenk langs die weg van die genadeverbond. Christus het in ons plek deur Sy lydelike gehoorsaamheid (lyding en dood) die straf van God gedra en deur sy dadelike gehoorsaamheid (volkome wetsonderhouding) vir ons die geregtigheid aangebring. Hy is ter wille van ons oortredinge deurboor en ter wille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel. Die straf wat vir ons die vrede aanbring was op Hom en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom (Jes. 53).

God reken die geregtigheid van Christus vir ons toe asof onsself in eie persoon vir al ons sondes betaal en alle geregtigheid volbring het. So is God se rekening voldaan. Christus het dit vir ons betaal. Daarom noem die Skrif hom *ons Borg;* Hy het van 'n beter verbond borg geword (Heb. 7:22). Christus is nie God se Borg by ons nie, maar ons Borg by God. Die versoening het alleen totstand gekom omdat Christus aan Gods reg voldaan het. Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe, maar hy wat aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, die toorn van God bly op hom (Joh. 3:36).

Dit gaan hier om die hart, die kern, van die leer van die saligheid. 'n Christus wat

alleenlik ver-soening aanbring sonder voldoening en wat alleen solidêr met ons is en ons help, is nie die Christus van die Skrifte nie. Daar is geen versoening met God moontlik nie as alleen langs die weg van voldoening. Christus het die drinkbeker van Gods toorn in ons plek gedrink; Hy het die swart keursteen van veroordeling ontvang sodat Hy aan ons die wit keursteen van vryspraak kan gee, en op dié keursteen 'n nuwe naam wat niemand ken nie behalwe hy wat dit ontvang het. Christus was van God verlate sodat ons nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie.

## 2. Vir wie het Christus die plaasvervangingswerk verrig?

Die vraag vir wie Christus die versoening met die Vader aangebring het, is van die allergrootste belang. Op hierdie vraag is talle uiteenlopende antwoorde gegee. Sommige leer dat Christus alle dinge en mense en selfs alle duiwels in 'n versoende verhouding tot God gebring het; daarom is daar ook geen ewige straf en verderf nie. Hoe dit nou moontlik is, word ook weer verskillend beantwoord. Die voorstanders van die voorwaardelike onsterflikheid leer dat al die kinders van God bly voortbestaan terwyl die goddelose vernietig word.

Mense wat hierdie leer van die versoening vir almal voorstaan, volg in die voetspoor van die kerkvader Origenés.[8] Hulle leer dat die duiwels en goddelose nie vernietig word nie, maar tot bekering kom. Hulle sal, elkeen op sy tyd, die gevangenis, die plek van verskrikking verlaat en Christus as koning erken. Hulle beroep hulle op dié tekste waarin staan dat God aan almal barmhartigheid sal bewys, dat almal in Christus lewend gemaak sal word en dat God wil dat alle mense tot kennis van die waarheid moet kom (Rom. 11:23; 1 Kor. 15:22; Kol. 1:20).

Ons moet egter Skrif met Skrif vergelyk. Christus spreek tog ook van die wurm wat nie sterf nie en van die vuur wat nooit uitgeblus word nie. Wie die leer van die ewige verderf teenstaan, kan ook nie die waarheid van die ewige saligheid handhaaf nie. Christus het immers gesê dat diegene aan Sy regterhand die ewige lewe sal ingaan en diegene aan Sy linkerhand in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Waar die Bybel dan ook praat van "alle" mense, is die bedoeling dat dit Gods geopenbaarde wil is dat mense uit alle range en stande en leeftye en uit alle volkere die salig-heid moet beërwe. Ook moet ons die vergelyking van almal in Adam en almal in Christus organies sien. Almal in Adam is almal wat in Adam begrepe is, al die takke van die boom van die mensheid. Almal in Christus is almal wat in Christus begrepe is, al die ranke van die ware Wynstok.

Ons moet die volle werklikheid in die oë kyk en dan word dit duidelik dat die dwaling nog altyd wreder en harder is as die waarheid. Hoe wreed is dit om vir almal te sê dat hulle die saligheid sal beërwe en dan kom hulle bedroë uit as hulle ten minste nie in die Seun geglo het nie. Want wie in die Seun glo, het die ewige lewe, maar wie aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom. Daarom sê Paulus: Ek bid julle om Christus ontwille: laat julle met God versoen.

Naas bogenoemde leer van die al-versoening vind ons ook nog die dwaling van die algemene versoening wat leer dat Christus vir alle mense gesterf en die *moontlikheid* verwerf het vir almal om salig te word. Dit is die ou dwaling van die Pelagianisme, Remonstrantisme, van die etiese en ook van baie sektes uit vroeër en later tye. Die dialektiese teologie leer ook dat Christus vir alle mense die verwerping gedra het

[8] ***Origenés.*** 'n Kerkvader uit die derde eeu n.C. en 'n man van groot geleerdheid maar wat, onder invloed van die Griekse wysbegeerte, in meer as een opsig van die suiwer leer afgedwaal het.

sodat van alle mense gesê kan word dat hulle verkore is.

Christus het egter *nie* vir alle mense gesterf nie, maar alleen vir die uitverkorenes, vir dié wat die Vader aan Hom gegee het. Die goeie Herder lê Sy lewe af *vir die skape.* Dit is nie waar nie dat Christus alleen die moontlikheid van die verlossing bewerk het sodat elke mens 'n kans sal kry om te besluit of hy dit aanneem of nie. Dan is Hy die Redder wat die reddingstou na die sinkende skip uitgegooi het, maar dit dan verder aan die skipbreukelinge oorlaat of hulle gered gaan word. Nee, Christus gee nie alleen kanse of moontlikhede om gered te word nie, maar red ons inderdaad. Hy het nie na die wêreld gekom om die saligheid vir sondaars moontlik te maak nie, maar om sondaars inderdaad salig te maak.

Gods Woord leer ons dat ons dood is in die sondes en misdade; ons moet weer gebore word. Die geloof is ook 'n gawe van God. En daar het gelowig geword almal wat *verordineer was* tot die ewige lewe (Hand. 13:48).

Daarom moet ons met alle erns waarsku teen hulle wat die leer van die algemene versoening op 'n bedekte of openlike wyse verkondig. Ons kan en mag die werk van Christus nie uit Sy hande neem nie, ook maar nie 'n gedeelte daarvan nie. Ons leef alleen van genade. Die Skrif sê dan ook: "Werk julle eie heil uit met vrees en bewing want dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae" (Filip. 2:12–13). Weliswaar sou die offer van Christus voldoende gewees het om alle mense te red; dit is genoegsaam vir almal, maar nie bestem vir almal nie. Wanneer ons die Evangelie verkondig, kan en moet ons wys op die erns van die roeping van God, en dat Sy beloftes in Christus ja en amen is. Ons gaan met ons sonde en skuld na Christus toe en wanneer ons deur Sy bloed gereinig is, dan maak ons ons roeping en verkiesing vas in Hom. So kom daar vastigheid in ons lewens. Diegene wat die algemene versoening leer, sal altyd in twyfel lewe of in valse gerustheid verval.

Ons harte rus in die volbragte werk van ons Middelaar. Die werk wat Hy begin het, word sonder twyfel ook voltooi. Niemand kan na die Vader gaan nie, behalwe deur die Seun. En niemand kan sê dat Jesus die Here is nie as deur die Heilige Gees. Die Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. Deur Hom bid ons: abba Vader. Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God. Ons saligheid is veranker alleen in die werk van die Drie-enige God.

# XIII DIE HEILSORDE

Die Heilsorde is die weg waarlangs God, die Vader, die weldade wat die Seun vir ons verwerf het, deur die Heilige Gees in die verbond van genade aan ons skenk. Daarom kan ons praat van die orde of weg van saligheid. Christus Self is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Paulus dien God volgens die Weg wat hulle *sekte* noem terwyl hy alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is (Hand. 24:14). Sommige het die regte pad verlaat en verdwaal, en die weg gevolg van Bileam (2 Pet. 2:15).

Ons moet wandel op die weg, die weg wat van die Here is.

In hierdie verband maak ons onderskeid tussen die verwerwing en die toepassing van die saligheid.

Wanneer ons in gedagte hou wat reeds gesê is oor God se vrymagtige verkiesing, waardeur Hy vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe verkies het; oor die vrederaad tussen Vader, Seun en Heilige Gees en oor die heerlike verlossingswerk wat ons Here Jesus Christus deur sy passiewe en aktiewe gehoorsaamheid tot stand gebring het, dan sê ons: Dit lê alles klaar vir die uitverkorenes. Is die werk van die Drie-enige God dan nie afgehandel nie? Ons moet egter onthou dat die heil wat Christus in opdrag van die Vader verwerf het, ook aan die uitverkorenes *gegee* word. En hierdie toepassing of skenking is ook God se werk. Die Drie-enige God het die heil vir die uitverkorenes aangebring, maar Hy skenk dit ook aan hulle en werk dit ook in hulle.

Die Vader het deur Sy Seun die Heilige *Gees* uitgestuur en Hý het die opdrag, die taak, ontvang om dié wat die Vader aan die Seun gegee het, tot Hom te bring en in Hom in te lyf sodat hulle deel sou hê aan die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus, wat uit louter genade aan hulle gegee en toegereken is.

Ook in hierdie verband moet ons vir dwalinge op ons hoede wees; vir diegene wat die weg van saligheid wil verlê of ombuig. Hier het ons veral met twee dwaalrigtings te doen: Eerstens die dwaling van die Anti-nomiane of "teenwetlikes". Hulle lê só eensydig nadruk op God se werk en op die onmag van die sondaar dat hulle geheel lydelik sit en wag of en wanneer daar iets sal gebeur. Dit maak nie saak hoe hulle dit kry nie, solank hulle dit maar net kry. En dan wil hulle ook 'n bonatuurlike bevestiging kry dat hulle dit wel ontvang het. Hulle wil nie weet van 'n heilsorde, van 'n weg wat God wil bewandel nie, want hulle het hul eie gemaakte en gekose weë en daarom ook 'n teen-skriftuurlike heilsorde. Ons dink hier veral aan die mistisisme wat volkome rasionalisties is. Hulle ontleed allerlei gestaltes, som 'n lang reeks kenmerke op en werk met suiwer rasionalistiese metodes.

Tweedens het ons ook die dwaling van die Pelagiane en van alle Synergiste.[1] Hulle wil self die moontlikhede wat ons besit, tot werklikhede maak; hulle wil selfs aan God die kans bied om in hulle te werk. Dan is hulle van oordeel dat hulle self in staat en by magte is om die voorbereidende genade so goed en so nuttig te gebruik dat alle belemmeringe wat die eintlike genade verhinder, uit die weg geruim kan word. As dit egter gebeur, is die genade tog geen genade meer nie.

Hierteenoor stel ons op grond van Gods Woord dat sowel die verwerwing as die toepassing van die heil God se werk is wat in ons werk sowel om te wil as om te werk na Sy welbehae, sodat ons ons saligheid uitwerk met vrees en bewing. Hierdie toepassing geskied trapsgewyse: God volg daarin 'n orde, 'n reël, 'n weg wat Hyself vasgestel het. Wanneer daar dan soms uitsonderinge op hierdie reël is, hef dit die

[1] **Synergiste.** Sien voetnoot 1, hfst. V.

reël nie op nie, maar bevestig dit dit juis.

Volgens Gods Woord en ons Belydenisskrifte bestaan die heilsorde uit die volgende trappe: roeping, wedergeboorte, geloof, bekering, regverdigmaking, heiligmaking, volharding van die heiliges en verheerliking.

# A. DIE ROEPING

## 1. Roeping gaan wedergeboorte vooraf

Ons Heidelbergse Kategismus leer dat die Heilige Gees die ware geloof en ook 'n vaste vertroue in ons harte werk deur die Evangelie en deur die verkondiging daarvan. Prof. dr. H. Bavinck skryf in sy kostelike boek: *Roeping en Wedergeboorte:* "Niemand mag dink dat daar 'n sekere teëstelling is tussen die aanvang van die nuwe lewe wat die Heilige Gees alleen sou werk *sonder* die Woord en die voortgang van die nuwe lewe soos wat die Heilige Gees dit deur die Woord nie" (55). Die Nederlandse Geloofsbelydenis spreek in artikel 35 oor die tweede geboorte wat plaasvind deur die Woord van die Evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus. In die Dordtse Leerreëls bely ons: "Die almagtige werking van God waardeur Hy ons natuurlike lewe voortbring en onderhou, sluit nie uit nie, maar vereis die gebruik van die middele waardeur God na sy oneindige wysheid en goedheid hierdie krag van Hom wou uitoefen. Net so sluit ook die voormelde bonatuurlike werking van God waardeur Hy ons wederbaar, volstrek nie uit nie, en dit stoot volstrek nie omver die gebruik van die Evangelie wat die wyse God as 'n saad van die wedergeboorte en 'n spys vir die siel verordineer het nie (III, iv: 17). Die uitdrukking "saad van die wedergeboorte" wys op die *ontstaan* van die nuwe lewe en die uitdrukking "spys van die siel" wys op die *voortbestaan* van die nuwe lewe. Daarmee het dié Sinode die Remonstrantse bedenking dat die bonatuurlike werking van die Heilige Gees die genademiddel van die Woord uitsluit, beslis verwerp en as leer van die Kerk uitgespreek dat God die Evangelie tot 'n daad van die wedergeboorte verordineer het.

Ook die Westminster Confession laat die roeping aan die wedergeboorte voorafgaan.

Die Heilige Skrif is dan ook baie duidelik hieroor. God het gesê: "Laat daar lig wees; en daar was lig." Hy spreek en dit is daar; hy gebied en dit staan daar. Hy roep die dinge wat nie is nie asof hulle reeds daar was. Esegiël moet profeteer tot die dorre doodsbeendere. Ons Here Jesus het in die gelykenis van die saaier gewys op die saad wat ontkiem en vrug dra. Petrus sê: "Julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly" (1 Pet. 1:23). En dan voeg hy daaraan toe: "En dit is die Woord wat aan julle verkondig is." Jakobus sê: Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees" (Jak. 1:18).

Sowel by die skepping as by die herskepping gaan die roeping voorop. Die werk van die Seun gaan aan dié van die Heilige Gees vooraf. Ons vier eers Paasfees en daarna Pinksterfees. Bavinck skryf: "Dit skyn asof in die geval van klein kindertjies die wedergeboorte aan die roeping en die werking van die Gees aan die Woord vooraf gaan. Dit is veral die geval met die klein kindertjies van die gelowiges waar dit skyn asof die wedergeboorte in dié sin onmiddellik is dat dit sonder en buite die Woord van die Evangelie plaasvind en die roeping dus nie aan die wedergeboorte voorafgaan nie. Hierdie oordeel is egter nie juis nie. Indien die klein kindertjies buite hulle wete deur God in genade aangeneem en wedergebore word, veronderstel dit altyd dat die genadeverbond met die Evangelie, waarin dit aangekondig word,

objektief en histories reeds bestaan het. Hulle sou, volgens die orde wat God in Sy vrymag vasgestel en by die uitdeel van Sy genademiddele in die oog hou, die wedergeboorte nie deelagtig kon word, indien hulle nie gebore is as kinders van die verbond nie.

"En juis as sulke kinders van die verbond word hulle van Godsweë geroep. Al is dit ook so dat hulleself nog nie die dinge van die Evangelie verstaan nie, is hulle tog geroepe in en met hulle ouers; as kinders van die gelowiges kom die belofte aan hulle saam met hulle ouers toe, dit wil sê, die belofte van die Evangelie wat alleen in die Evangelie bekend gemaak en aangebied word; as die saad van Christen-ouers word hulle nie los van die bediening van die Woord nie, maar in verband daarmee inwendig geroep deur die Heilige Gees en so in die wedergeboorte in Christus ingelyf. Wanneer 'n kind losgemaak word van sy omgewing, dit wil in die verband sê die genadeverbond, skyn dit asof die roeping aan die wedergeboorte voorafgaan, maar dan ontbreek tegelyk ook alle grond om aan die saligheid van die klein kindertjies te glo. Objektief en histories beskou egter, gaan die roeping aan die wedergeboorte, die bediening van die Evangelie aan die werking van die Gees vooraf."

Nou word daar weliswaar gesê dat 'n dowe nie kan hoor en 'n dooie nie kan sien nie, maar die Skrif sê dat God die dinge wat nie is nie, *roep* asof hulle daar was. Die doop van die kindertjies sou geen krag hê as die Woord nie daar was en as dit nie op die Woord volg om laasgenoemde te beteken en te verseël nie. Bavinck skryf dat net soos die doop die seël is op die Woord, so is die wedergeboorte die vervulling van die belofte wat alleenlik in die Evangelie aan ons gebring word en wat volgens dieselfde Evangelie nie alleen vir die gelowiges geld nie, maar ook vir hulle kinders.

## 2. God roep deur Sy skepping en voorsienigheid

Ons ken die Here deur twee middele: Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle skepsele, klein en groot, die letters is wat ons die onsigbare dinge van God duidelik laat sien, naamlik sy ewige krag en goddelikheid soos die apostel Paulus sê, Rom. 1:20; dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem (Artikel 2, N.G.B.).

God openbaar Homself in die skepping en in Sy voorsienigheid. Die hemele vertel die eer van God en die uitspansel die werk van Sy hande. Hoe meer ons die natuur en die geskiedenis bestudeer, hoe meer moet ons dié God aanbid en verheerlik wat alle dinge gemaak het en nog regeer. God spreek tot alle mense as hulle maar oë het wat kan sien en harte om op te merk. Hy toon vir ons dat Hy alles met wysheid tot stand gebring het. Want Sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie (Rom. 1:20). In die geskiedenis word Sy raad van dag tot dag bevestig; Hy voer die geskiedenis uit volgens Sy plan en bestek. Hy sê: Laat staan en weet dat Ek God is (Psalm 46:11 [Ps. 46:10]). Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk (Rom. 1:18).

Die wêreld is 'n grootse kunswerk; hemel en aarde getuig van God se wysheid. Sy wysheid blink daarin uit dat Hy elke ding op die regte tyd beskik en alle dinge op die beste wyse reël.

Hierdie roeping (wat uitgaan van skepping en voorsienigheid) is egter nie genoegsaam nie – ons leer God nie daaruit ken as die enige, waaragtige, drie-enige

God nie. Dit blyk duidelik uit wat Paulus sê in Rom. 1:21:"Alhoewel hulle God geken het, het hulle Hom nie as God verheerlik of gedank nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister. Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword en die heerlikheid van die onveranderlike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere."

Calvyn sê: "So is dit dan skynbaar tevergeefs dat daar in die skepping soveel ligte skyn om die heerlikheid van die Skepper te openbaar. Hulle bestraal ons van alle kante, maar lei ons tog nie op die regte weg nie." Maar dié wat nie glo nie, sal sonder verontskuldiging wees. Want niemand kan sê dat hierdie roeping nie na hom toe gekom het nie. Niemand kan in die oordeelsdag sê: Ek het nie geweet dat daar 'n God is nie. Hierdie roeping toon dat God reg het op die mens en dat ook die heidene sonder verontskuldiging is.

## 3. God roep deur Sy Woord

Ten tweede maak die Here Hom nog duideliker en meer volkome aan ons bekend deur Sy heilige en goddelike Woord, sóveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy ere en die saligheid van wie aan Hom behoort (artikel 2, N.G.B.).

Om hierdie roeping ten uitvoer te bring, stuur die Here die verkondigers van die Evangelie uit.

Dit is van die grootste belang dat die predikante 'n behoorlike opleiding sal ontvang. God roep hulle tot die bediening van die Woord deur in hulle harte die begeerte daartoe te werk en om Hom voltyds te dien. Wanneer hulle dan 'n beroep van 'n gemeente ontvang het, weet ons dat hulle wet-tig deur die gemeente en daarom deur God Self geroep is. Derhalwe moet die Kerk ook sorg vir 'n behoorlike opleiding van die bedienaars van die Woord; ook moet sendelinge uitgestuur word om op die sendingvelde die Woord te verkondig.

In hierdie verband geld die woord van Christus: Wie na julle luister, luister na My.

God laat die Woord verkondig wanneer en aan wie Hy wil. Daarom het die Heilige Gees vir Paulus verhinder om die Woord langer in Asië te verkondig – God wou hê dat hy na Troas en vandaar na Europa sou gaan.

Deur hierdie prediking word sondaars geroep tot die geloof in Christus. Want hoe kan hulle in Hom glo van Wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? Die geloof is dus uit die gehoor en die gehoor is uit die Woord van God (Rom. 10:14, Rom. 10:17).

Hierdie roeping deur die Evangelie is ernstig bedoel. Ons mag nie eers veronderstel dat God iets nie ernstig sou meen nie. Almal wat deur die Evangelie geroep word, word met alle erns geroep. Diegene wat dan ook nie aan hierdie roeping gehoor gee nie, sal nooit kan sê dat God dit nie ernstig bedoel het nie. Nee, aan hulle sal gesê word: *Jy* wou nie luister nie. So het die Here Jesus oor Jerusalem gekla vir wie Hy wou bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens; maar die Here moes met weemoed uitroep: *Jy* wou nie!

Wanneer die Evangelie dus aan ons gebring word, moet ons goed verstaan dat daar van Godsweë 'n ernstige roeping tot ons kom. As ons weier om daarna te luister, is dit óns skuld dat ons verlore gaan; dan sal ons oordeel ook des te swaarder wees omdat ons die weg geken en dit tog nie bewandel het nie. Met soveel erns is hierdie roeping dat die dienaars van die Woord saam met Paulus sê: Ons bid julle om

Christus ontwil: laat julle met God versoen (2 Kor. 5:20).

God gee aan ons Sy beloftes en op grond van hierdie beloftes mag ons pleit; Hy is 'n Waarmaker van Sy Woord.

## 4. Die kragdadige roeping

Ons staan nou voor 'n moeilike vraag waarop ons op grond van Gods Woord 'n antwoord wens te gee, dié vraag naamlik: Hoe kom dit dat sommige wat geroep word inderdaad glo, terwyl andere wat ook geroep word, geen lus het aan die kennis van die weë van die Here nie en verlore gaan?

Talle beantwoord hierdie vraag asof die oorsaak by die mens alleen gesoek moet word. Die mens beslis; hy gryp die kanse of verwerp dit. Die Skrif sê egter dat dit nie afhang van hom wat wil of van hom wat loop nie, maar van Gods ontferming. Wanneer die roeping alleen deur die Woord is, sal die mens dit nie aanvaar nie. Wanneer hierdie roeping egter gepaard gaan met die kragdadige roeping deur die Heilige Gees, sal die sondaar dit wel aanvaar en tot waaragtige geloof en bekering kom. Want alle mense is van nature ewe verdoemelik voor God; dood in die sondes en misdade. Van nature staan almal vyandig teenoor die Woord van die Here. Daarom kan *ons* die ongelowiges in hul verset teen die Woord wel verstaan en begryp, maar *hulle* kan ons nie begryp nie. Die kragdadige roeping deur die Heilige Gees is absoluut noodsaaklik. Daarom het die Vader dan ook deur Christus die Heilige Gees aan ons gegee om die Woord toe te pas en uit te lê in ons harte soos 'n saadkorrel in 'n goed toebereide akker.

Dat baie wat deur die bediening van die Evangelie geroep is, nie kom en nie bekeer word nie, daarvoor lê die skuld nie in die Evangelie of in Christus wat deur die Evangelie aangebied is nie, ook nie in God wat deur die Evangelie roep en selfs ook aan hulle wat Hy roep, verskillende gawes meedeel nie, maar in die geroepenes self van wie sommige deur sorgeloosheid die woord van die lewe nie aanneem nie; ander neem dit wel aan, maar nie in die binneste van hul harte nie; ander laat die saad van die Woord deur die dorings van die sorgvuldighede en deur die welluste van die wêreld verstik en bring geen vrugte voort nie (Dordtse Leerreëls: III, IV, 9). Maar dat ander wat deur die bediening van die Evangelie geroep is, kom en bekeer word, dit moet nie aan die mens toegeskrywe word nie, maar aan God (10). Hy verlig nie alleen hulle verstand kragtiglik deur die Heilige Gees nie, maar Hy dring ook in tot in die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde wederbarende Gees en Hy open die hart wat gesluit is (11).

So leer Gods Woord dan ook dat daar 'n roeping is wat van Godsweë tot ons kom en waarop die sondaar nie "nee" kan antwoord nie. Dié wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep (Rom. 8:30). God is getrou deur Wie julle geroep is tot die gemeenskap met sy Seun Jesus Christus, onse Here (1 Kor. 1:9). Hierdie kragdadige roeping is 'n roeping deur die Heilige Gees uit die dood tot die lewe. Hy werk nie *deur* die Woord nie, maar *saam* met die Woord. Deur hierdie kragdadige roeping van die Heilige Gees kom die wedergeboorte tot stand. God het gesê: Laat daar lig wees; en daar was lig. Hy roep die dinge wat nie is nie, asof hulle reeds daar was.

Hierdie kragdadige roeping staan tot die wedergeboorte in verhouding soos van die saad tot die plant. Julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly (1 Petrus 1:23).

## B. WEDERGEBOORTE

Laat ons eers let op wat ons belydenisskrifte sê oor die wedergeboorte.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis staan dat die ware geloof in die mens gewerk word deur die gehoor van die Woord van God en dat die werking van die Heilige Gees hom wederbaar en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom vrymaak van die slawerny van die sonde (artikel 24). Ook dat God ons deur die bloed van Christus en die Heilige Gees wederbaar uit kinders van die toorn tot kinders van God (artikel 34). En hierdie tweede geboorte vind plaas deur die Woord van die Evangelie, in die gemeenskap van die liggaam van Christus en is geestelik en hemels en alleen die deel van die uitverkorenes (artikel 35).

In die Heidelbergse Kategismus word gesê dat ons deur die Gees van God wedergebore moet word (vr. 8) en dat ons deur die krag van Christus opgewek word tot 'n nuwe lewe (vr. 45). Ook word die doop deur die Heilige Gees die bad van die wedergeboorte en die afwassing van die sondes genoem (vr. 73).

In die Dordtse Leerreëls word uitvoerig oor die wedergeboorte gehandel. God vermurf genadiglik die hart van die uitverkorenes, en buig dit om te glo alhoewel dit hard is (1:6). Hy dring ook tot in die binneste dele van die mens met die kragdadige werking van dieselfde wederbarende Gees; Hy open die hart wat gesluit is; Hy vermurf wat hard is; Hy besny wat onbesnede is. In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was, lewend word; wat boos was, goed word; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat wederspannig was, gehoorsaam word. Hy beweeg en versterk die wil só dat dit soos 'n goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring (III, IV: 11). Dit is die wedergeboorte, die vernuwing, nuwe skepping, opwekking uit die dode en lewendmaking waarvan so heerlik in die Skrif gespreek word, wat God sonder ons in ons werk. Dit is 'n geheel bowenatuurlike, baie kragtige en tegelyk baie soete, wonderbare, verborge en onuitspreeklike werking wat in sy krag nie minder of geringer is as die skepping of die opwekking van die dode nie (12). Hierdie almagtige werking van God sluit nie uit en dit stoot volstrek nie omvêr die gebruik van die Evangelie wat die wyse God as 'n saad van die wedergeboorte en 'n spys vir die siel verordineer het nie (17).

Die *Remonstrante* het geleer dat 'n mens die wedergeboorte kan teenstaan en dat dit in sy mag is om wedergebore te word of nie. Dit is egter in stryd met die duidelike uitsprake van die Heilige Skrif soos in Efesiërs 1:19; 2 Thess. 1:11; 2 Pet. 1:3.

Die Heilige Skrif handel oor die wedergeboorte in drieërlei sin: Ten eerste in die sin van die *vernuwing of wedergeboorte die hart.* So het Christus aan Nikodemus gesê: As iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. En! As iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie (Joh. 3). Die apostel Petrus sê dat die Vader van onse Here Jesus Christus aan ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode. En ook dat ons wedergebore is, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende Woord van God wat tot in ewigheid bly (1 Petrus 1:3, 23–25). Jakobus sê: Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelinge van sy skepsele kan wees (Jak. 1:18). Johannes sê in sy briewe dat die wedergeborenes uit God gebore is (1 Joh. 2:29; 1 Joh. 3:9; 1 Joh. 4:7; 1 Joh. 5:1).

Ten tweede word die wedergeboorte genoem *die vernuwing van ons hele lewe* wat geopenbaar word in die afsterwing van die ou en in die opstanding van die nuwe

mens. Die rank wat in die Wynstok bly, dra baie vrug. Paulus skrywe aan Titus oor die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees (Titus 3:5).

Derdens word met wedergeboorte ook bedoel *die vernuwing van die ganse skepping.* Christus sê: Julle wat My gevolg het, sal in die wedergeboorte, wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, ook op twaalf trone sit en die twaalf stamme van Israel oordeel (Matt. 19:28).

Die wedergeboorte as die vernuwing van die hart gaan dus gepaard met die kragdadige, herskeppende roeping deur die Heilige Gees. Ons moet egter onthou dat daar nie 'n nuwe *substansie* in die sondaar gelê word nie, want die wedergeboorte is nie 'n nuwe skepping nie, maar *herskepping.* Sonde is nie 'n substansie nie, maar teen-wettelikheid, 'n aktiewe berowing van die goeie sodat die sondaar die gawes en kragte wat hy van God ontvang en tot Sy eer moes gebruik het, nou teen Hom en in diens van die Satan gebruik. Deur die wedergeboorte word die lewenskoers van die sondaarshart heeltemal verander sodat ons die gawes en kragte tot eer van God aanwend.

Die wedergeboorte is dus 'n daadwerklike verandering van die hart waaruit die uitgange van die lewe is. Die wil wat sleg was, word goed; wat dood was, word lewend; wat weerspannig was, word gehoorsaam. Dit gaan hier dus om die herskeppende werk van die Heilige Gees wat deur die Vader en die Seun gestuur is. Hy lyf die sondaar in Christus in sodat ons ranke van die Wynstok is en ledemate van die liggaam van Christus. Wie wedergebore is, leef in Christus en Christus leef in Hom. Die Heilige Gees het woning in Hom gemaak. Die Vader werk deur Sy Heilige Gees uit die volheid van Christus die wedergeboorte op Sy tyd en wanneer dit Hom behaag.

## C. GELOOF

### 1. Wat is geloof?

In artikel 22 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis, waarin gehandel word oor die regverdigmaking deur die geloof in Jesus Christus, bely ons dat die Heilige Gees in ons harte 'n opregte geloof laat ontvlam wat Jesus Christus met al sy verdienste omhels, Hom tot 'n eiendom maak en niks anders meer buite Hom soek nie.

Die geloof is dus die instrument waarmee ons Christus, ons regverdigmaking, omhels en waardeur ons met Hom en met al Sy goedere in gemeenskap gehou word.

In Sondag 7 van die Kategismus bely die Kerk van die Here dat nie alle mense deur Christus salig word nie, maar alleen dié wat in Hom deur 'n ware geloof ingelyf word en al sy weldade aanneem. Dan word daar 'n pragtige definisie van geloof gegee: 'n Ware geloof is nie alleen 'n seker kennis waardeur ek alles vir waar hou wat God aan ons in Sy Woord geopenbaar het nie, maar ook 'n vaste vertroue wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk dat nie alleen aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes, ewige geregtigheid en saligheid deur God geskenk is uit loutere genade, alleen ter wille van die verdienste van Christus (vr. 21). Ons kan die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus nie anders as alleen deur die geloof aanneem nie (vr. 61). Die Heilige Gees werk die geloof in ons harte deur die verkondiging van die Evangelie en versterk dit deur die Sakramente (vr. 65).

Die Dordtse Leerreëls sê dat God verkondigers van die Evangelie stuur sodat mense tot die geloof gebring kan word (1:3). Diegene wat hierdie Evangelie aanneem en die Saligmaker Jesus met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die

toorn van God en van die verderf verlos en met die ewige lewe begiftig (1:4). Die geloof in Jesus Christus en die saligheid deur Hom is 'n genadegawe van God (Ef. 2:8; Filip. 1:29) (1:5). Die uitverkiesing is die fontein van die geloof (1:9). God het die syne van ewigheid in Christus uitverkies en in die tyd kragtiglik geroep en met die geloof en bekering begiftig (III, IV: 10). Die geloof is 'n gawe van God wat aan die mens meegedeel en ingegee en ingestort word. God werk die *wil* om te glo en *die geloof self* (III, IV:14).

Om goed te kan verstaan wat die geloof werklik beteken, moet in gedagte gehou word dat die geloof 'n deel is van die geestestoerusting van elke mens. Adam het voor die sondeval ook deur die geloof gelewe; sy kennis was geloofskennis. Hy moes in God en in Sy woord glo. Deur die geloof het hy geweet dat hy die ewige lewe langs die weg van gehoorsaamheid sou ontvang. Geloof is dus 'n eg-menslike, *normale* iets terwyl ongeloof *abnormaal* is. Om te glo wat God gesê het, is normaal; om nie te glo nie, maar om te glo wat die duiwel sê, is abnormaal.

Dus is ongeloof iets meer as afwesigheid van geloof. Die ongeloof is nie neutraal nie, maar vyandig teenoor die geloof – net soos haat vyandig is teenoor liefde en dwaasheid teenoor wysheid.

Nou word dit egter ook duidelik dat die ware geloof, wat gewerk word deur die Heilige Gees, die herstel is van wat die mens oorspronklik besit het en deel uitmaak van ons herskepping na die beeld van God. Tog moet ons ook duidelik onderskei. Die geloof vóór die sondeval het sig direk op die Drie-enige God gerig en was verliesbaar. Na die sondeval rig die ware geloof sig op die Drie-enige God alleen deur ons Borg en Middelaar, Jesus Christus. Hierdie geloof is onverliesbaar hoewel dit fel bestry kan word. Christus het byvoorbeeld gesê: Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos die koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie mag ophou nie.

Verder is dit ook nou duidelik dat die geloof nie iets *bonatuurlik* is, soos Rome beweer nie, maar die herstel van ons oorspronklike natuur; dit is nie 'n *nuwe skepping* nie, maar *herskepping.* Die geloof gaan wel teen ons *sondige natuur* in, maar nie teen ons natuur as sulks nie. Die ongeloof is teennatuurlik. Wie in die mag van die leun is, en die vader van die leuen dien, is nie vry nie, maar 'n slaaf van die sonde. Die waarheid sal ons vrymaak, want waarheid en lewe is onlosmaaklik verbonde. Christus het gesê: Ek is die Weg en die Waarheid en die Lewe. (Joh. 14:6)

Die leuen en die dood is ook onlosmaaklik verbonde, want Satan is die vader van die leuen en die mensemoordenaar van die begin af.

## 2. Die geloof as gawe van God

Die geloof is dus 'n gawe van God. "Want uit genade is julle gered deur die geloof en dit nie uit julleself nie, dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie" (Efesiërs 2:8, 9).

Ons *word* deur die ware geloof in Christus ingelyf; wie in Hom glo, moet in gemeenskap met Hom lewe. Die geloof as gawe van God is die oog waarmee ons Hom sien en die oor waarmee ons sy stem hoor.

Ons glo in Christus soos Hy aan ons in die Bybel geopenbaar word, dit wil sê, in die Christus van die Skrifte.

Wanneer die Heilige Gees die geloof in ons werk, verlig Hy in die eerste plek *ons verstand.* Geloof is eerstens 'n seker kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat

God in *Sy* Woord geopenbaar het. En dan is en bly dieselfde Woord die voedingsbodem vir ons geloof, wat lewend is en baie vrugte voortbring.

Vir die dialektiese teoloë is die *geloofsdaad* alles en kom dit nie soseer aan op die persoon wat glo nie. Hulle lê dus eensydig nadruk op die geloofsaksie. Ons lê egter nadruk op albei; op die geloofsaksie sowel as op die persoon wat glo: 'n Gelowige glo. Wel leer Gods Woord dat dit moontlik is dat 'n gelowige op 'n bepaalde moment nie kan glo nie. Thomas was 'n gelowige ook toe hy nie geglo het dat Jesus uit die dode opgestaan het nie. Sagaria was 'n gelowige en tog kon hy nie glo wat die engel Gabriël vir hom gesê het nie. Sulke gelowiges kom egter weer tot geloofswerksaamheid.

Gelukkig is die geloof nie afhanklik van sekere voorwaardes waaraan ons eers moet voldoen voordat ons kan glo nie. Die vrymoedigheid van die geloof is nie in ons geleë nie, maar in die beloftes van God wat in Christus ja en amen is – dus in die feit dat God dit beloof het. Sou Hy iets belowe en dit dan nie doen nie? Ons moet juis die beloftes van die Here gelowig aanvaar. Om te glo, is nie 'n waagstuk nie, maar die aanvaarding van God se beloftes. Twyfel, daarenteen, is soos 'n parasietplant wat die lewensap uit ons geloofslewe wegsuig en daarom met wortel en tak uitgeroei moet word. Nooit mag ons die twyfel goedpraat nie, want twyfel is sonde. Selfs die vraag of ek wel mag glo, is 'n ongeloofsvraag. Om te glo, is om God gelyk te gee.

## 3. Geloof is kennis en vertroue

Die ware geloof openbaar sig in kennis en vertroue. Wie glo, hou God se Woord en sy beloftes vir waaragtig en betroubaar en vertrou dat Christus ook sy Borg en Saligmaker is. Hierdie beide geloofswerksaamhede van kennis en vertroue kan wel *onderskei,* maar mag nooit *geskei* word nie.

Sommige mense meen dat die vertroue 'n moeilike saak is, maar dat die geloofskennis nie van soveel betekenis is nie – hulle stap maklik daaroor heen. Dit mag egter nie gebeur nie. Trouens, dit is glad nie so 'n geringe saak om te sê dat ons *alles* vir waaragtig hou wat God aan ons in Sy Woord geopenbaar het nie. Feit is dan ook dat talle mense nie 'n vaste vertroue het nie omdat hulle die ware geloofskennis mis. Dan word daar tussen kennis en vertroue so 'n soort tussentoestand ingeskuiwe en sweef die mens tussen twyfel en sekerheid, en het hy 'n sogenaamde toevlugnemende geloof wat gepaard moet gaan met 'n angsvallige selfondersoek. Om dit dan goed te praat, word gesê dat die kennis tot die wese van die geloof behoort en die vaste vertroue tot die welwese daarvan. Dan kan die goeie saad ook nie ontkiem en groei nie, omdat die grond telkens losgewoel word om vas te stel of dit wel ontkiem het.

Die ware geloof is sowel 'n seker kennis as 'n vaste vertroue. Daar staan nie geskrywe: die geloof is eers 'n seker kennis en daarna 'n vaste vertroue nie, maar: dit is *nie alleen* 'n seker kennis nie, *maar ook* 'n vaste vertroue.

### *(a) Geloofskennis*

Hierdie geloofskennis staan nie teenoor bewysvoering nie, maar teenoor die leuen, omdat ons alles vir waaragtig hou wat God aan ons in Sy Woord geopenbaar het. Daarom word hierdie kennis of wete ook gewerk deur die Heilige Gees. Om God op grond van Sy Woord te glo, is baie sekerder en vaster as wetenskaplike kennis. Ons gaan dus uit van ons *geloofsvóóroordeel* op grond van God se Woord.

God is waaragtig en die mens is van nature leuenagtig. Deur dit te aanvaar, neem ons stelling in teenoor alle Bybelkritiek en teenoor die ongeloofsteorieë van die

evolusie ens. Ons mag Gods Woord nie kritiseer nie, want Gods Woord kritiseer ons as sondige mense. Die Heilige Gees verlig ons verstand en dié verligte verstand word gerig op die sentrale waarhede wat in die Bybel geopenbaar is. En hoe vaster ons geloof word, hoe meer word hierdie geloofskennis ook gerig op dié dinge en waarhede wat aan die sirkelomtrek lê – ook dit leer ons vanuit die sentrum, vanuit Christus besien.

### *(b) Geloofsvertroue*

Die vaste vertroue behoort nie alleen tot die welwese van die geloof nie, maar ook tot die *wese* daarvan. Die ware geloof is immers *vertrouend* van aard. Selfs hulle wat maar net wil praat van 'n toevlugnemende geloof, openbaar vertroue in Christus wanneer hulle tot Hom die toevlug neem.

Daarom mag ons die geloof nie losmaak van Christus en van Sy Kerk nie. Die gelowige is in Christus ingelyf en dus een met Hom; hy behoort aan Sy liggaam. Die Kategismus wys daarop as dit sê dat nie alleen aan andere nie, maar ook aan my vergewing geskenk word. Daarin verskil ons gereformeerde geloof wesenlik van die individualisme en metodisme en mistisisme – hulle ken baie min van die ware blydskap en sekerheid van die geloof.

Ons moet dus nie alleen die gemeenskap, die massa soek nie, want dan is daar te veel meelopers en napraters. Andersyds moet ons ook nie op die persoonlike alleen nadruk lê nie, want dan lei dit tot geestelike hoogmoed. Ons moet op albei nadruk lê; op die gemeenskaplike van ons Christelike geloof en ook op die persoonlike verantwoordelikheid van elke gelowige.

## 4. Historiese geloof

Die historiese geloof rig sig eensydig op ons verstand; dit bestaan in 'n teoretiese kennis en daarin dat die Bybelwaarhede bloot verstandelik as waar beskou word. Die gevolg daarvan is dat mense in verstarde verstandsgodsdiens en ortodoksisme verval. In die oordeelsdag sal hulle vir Christus sê: Ons het in U naam geprofeteer; dan sal Hy hulle antwoord: Ek het julle nooit geken nie.

## 5. Tydgeloof

Hier speel die gevoelslewe weer in hoofsaak 'n rol. Mense met 'n tydgeloof kan tot trane beweeg word as hulle hoor van die liefde van Christus, maar later droë hul trane gou weer op. Die saad wat in vlak grond geval het, skiet gou op, maar verdor weer sonder om vrugte te dra. In tye van bespotting en vervolging verdwyn hierdie tydgeloof.

Die ware gelowiges kan nie heeltemal verval en van die Here afval nie, maar wel die skyn- of tydgelowiges.

## 6. Wondergeloof

Die wondergeloof is weer eensydig op die wilslewe gerig. Baie mense ken dit slegs in dae van siekte en moeite. Dan wil hulle graag hê dat daar vir hulle gebid moet word en dan bid hulle ook self om uitredding en straks vergeet hulle weer alles. Dit is soos in die geval van die tien melaatses waarvan net een na die Here Jesus teruggekom het om Hom te dank. So sal daar in die oordeelsdag ook mense wees wat sal sê: Ons het in U naam duiwels uitgedryf en baie kragte gedoen; ook aan hulle sal die Here sê: Ek het julle nooit geken nie. Paulus sê: "Al sou ek al die geloof hê sodat ek berge kon versit, en ek het nie die liefde nie, dan sou ek niks wees nie" (1 Kor. 13:2).

## 7. Die ware saligmakende geloof

Dit het te doen sowel met ons verstand asook met ons gevoelslewe en met ons

wilslewe. 'n Gelowige voel anders, dink anders en wil ook anders as 'n ongelowige.

Deur hierdie geloof wat 'n gawe van God is, en gewerk word deur die Heilige Gees, word ons verseker van ons uitverkiesing en van ons saligheid. Deur hierdie geloof eien ons die beloftes van die Here vir ons toe. Die Heilige Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is en leer ons om te sê: Abba, Vader (Rom. 8:14-16).

In die Dordtse Leerreëls bely ons: "Hierdie sekerheid spruit derhalwe nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God, wat Hy in Sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van die Heilige Gees wat saam met ons gees getuig dat ons kinders en erfgename van God is en eindelik uit die ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke (V, 10).

## D. DIE BEKERING

In artikel 24 van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* lees ons: Hierdie ware geloof maak die mens tot 'n nuwe mens, laat hom 'n nuwe lewe lei en maak hom vry van die slawerny van die sonde. So is dit dan onmoontlik dat hierdie heilige geloof werkloos in die mens sal wees, aangesien ons nie van 'n ydellike geloof spreek nie, maar van so een wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde werk, wat die mens beweeg om hom te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het; werke wat, as hulle voortkom uit die goeie wortel van die geloof, goed en God welgevallig is, omdat dit alles deur sy genade geheilig is.

Ons *Kategismus* sê dat diegene wat in hul goddelose, ondankbare lewe volhard en hulle nie tot God bekeer, nie salig kan word nie (vr. 87). Die waaragtige bekering van die mens bestaan in die afsterwing van die ou mens en die opstanding van die nuwe. Die afsterwing van die ou mens is 'n hartlike berou daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het sodat ons dit hoe langer hoe meer haat en ontvlug. Die opstanding van die nuwe mens is 'n hartlike vreugde in God deur Christus en lus en liefde om na die wil van God in alle goeie werke te lewe (vr. 88, 89).

Die *Dordtse Leerreëls* bring die bekering in verband met die wedergeboorte: Die mens wat deur God bekeer is, bekeer homself (111, IV: 9, 10, 12).

Ons belydenisskrifte handel dus oor die egte, die ware bekering van die mens – nie alleen die bekering van groot sondaars nie, maar van goeie, vroom mense wat altans meen dat hulle so goed is en hulself kan verlos. Ook hulle moet bekeer word.

Verder gaan dit hier nie om die voortgaande bekering nie, maar om die eerste, prinsipiële bekering wat egter nie by almal op dieselfde wyse plaasvind nie. In 'n fabriek word tallose voorwerpe volgens een en dieselfde model gemaak; in die werkplaas van die Heilige Gees is daar egter 'n ryke verskeidenheid. Dink maar aan die eerste bekeerlinge in Europa tydens Paulus se tweede sendingreis: By Lydia het dit so heel rustig verloop – die Here het haar hart geopen tydens die prediking van die apostel. Die tronkbewaarder van Filippi weer het met sy een voet in die hel gestaan toe hy selfmoord wou pleeg, maar tot bekering gekom het. Ook Paulus het op 'n heeltemal ander wyse tot bekering gekom dan Timothéüs. Baie mense maak die groot fout om die bekering van ander te wil meet volgens hul selfgemaakte maatstawwe. Dié persoon wat van jongs af in die lig van die Skrif opgevoed is, mis die skokkende bekeringsweg van iemand wat eers in sonde en goddeloosheid gelewe het. Die groot vraag is nie hoe iemand tot bekering gekom het nie, maar *of* hy tot bekering gekom het. Die vraag is, hoe dit met sy hart gesteld is.

Tog moet hierdie eerste bekering ook gevolg word deur en sig openbaar in die

*daaglikse* bekering. Dawid was bekeerd, maar moes hom na sy val weer bekeer. Dit was ook die geval met Petrus. Wie die nou pad bewandel en 'n sypad ingeslaan het, moet weer terugkeer.

Die waaragtige bekering word op baie maniere *nageboots.* Ons vind byvoorbeeld 'n bekering alleen *van die sonde tot die deug.* Dit gebeur wanneer iemand sy sonde laat staan hoofsaaklik om die gevolge daarvan te ontduik soos 'n dronkaard wat ophou om te drink of 'n dief wat ophou om te steel. So 'n bekering is dikwels alleen tydelik van aard. Met groot entoesiasme breek so iemand met die sonde en probeer hy om op beter weë te wandel, maar na 'n tyd is daar aarseling en ten slotte verval hy weer in sy ou sondes of doen selfs erger dinge.

Dan dink ons ook aan die *wettiese bekering.* Mense word as gevolg van wetsprediking aangegryp deur die skrik van die Here en dan kom daar vrees in hul gemoed, slaafse, knegtelike vrees wat hulle uitdryf om hulle saligheid te probeer verdien. Die waaragtige bekering bestaan egter nie in slaafse of knegtelike vrees nie, maar in die kinderlike vrees van die hart.

Die Bybel spreek van die *bekering as Gods werk,* maar tewens ook as die *roeping van die mens.* Dit is opmerklik dat oor die bekering as Gods werk in die sondaar in die Ou Testament vyf maal en in die Nuwe Testament drie maal gespreek word, saam dus agt maal. Oor die bekering as roeping van die mens word in die Ou Testament vier-en-sewentig maal en in die Nuwe Testament ses-en-twintig maal gespreek – saam dus honderd maal. Daaruit blyk dus dat ons bekering van God uitgaan, maar dat dit tewens ook ons volle verantwoordelikheid bly. Ons "bekeringstrein" moet op albei spore voortbeweeg.

Sowel in die Ou as in die Nuwe Testament word vir bekering twee *woorde* gebruik. Eerstens 'n woord wat beteken verandering van denke, van sienswyse; tweedens 'n woord wat beteken verandering van lewenswandel. 'n Bekeerde *dink* en *doen* anders as 'n onbekeerde. Petrus gebruik beide woorde wanneer hy sê: Kom dan tot *inkeer* en *bekeer* julle (Hand. 3:19). Om van harte berou te hê daaroor dat ons God deur ons sondes vertoorn het en 'n hartelike vreugde in die wil van God, is beide 'n saak van die hart, van ons denke. Andersyds, om die sonde te haat en daarvoor te vlug en al meer die wil van God te doen, sien op die verandering van lewenswyse, van ons lewenswandel. Die horlosie (ons hart) moet eers in orde gebring word en dan sal die wysers (ons wandel) die regte tyd aandui.

Ons moet die sonde haat en daarvoor vlug – nie die sonde opsoek en koester nie, maar dit haat en daarvoor vlug. Wie vir die sonde en die verleiding vlug, is, soos Josef, nie lafhartig nie, maar juis dapper. Daar is baie mense wat uit 'n lafhartige vrees vir wat hul vriende sal sê, nie vir die sonde durf vlug nie.

Die mens moet *geroep word om* hom te bekeer. Daarom het die kerk die taak om die Evangelie van ons Here Jesus Christus te verkondig in die heidenwêreld. Ons sendelinge en hul helpers het 'n mooi en verantwoordelike taak. Maar die Woord moet ook gebring word aan diegene in gekerstende lande wat vervreemd is van die diens van die Here. Allereers het ons as Christene die roeping om mense op 'n onwillekeurige wyse te evangeliseer deurdat ons deur ons Godsalige lewenswandel mense vir Christus probeer wen. As dit gebeur, sal ook die opsetlike evangelisasie-arbeid ryke vrugte afwerp, veral wanneer daar huisbesoek gedoen word.

Eindelik moet ook in die Kerk van die Here gedurig aangedring word op die waaragtige bekering: eerstens omdat daar altyd in die Kerk die huigelaars en geveinsdes is wat wel *in,* maar nie van die Kerk is nie; tweedens omdat diegene wat reeds bekeerd is, opgeroep moet word tot die daaglikse bekering. Hierdie oproep tot

bekering het ook om die volgende rede 'n besondere plek in die bediening van die Woord; omdat deur die verkondiging van die Evangelie die sleutel van die Koninkryk van die hemele gehanteer word. Aan die ongelowiges moet openlik betuig en verkondig word dat hulle geen deel aan die ryk van Christus het solank hulle hul nie bekeer nie.

## E. REGVERDIGMAKING

Oor die regverdigmaking word gehandel in art. 22 en 23 van ons Geloofsbelydenis. In art. 22 bely ons dat die Heilige Gees in ons harte 'n opregte geloof laat ontvlam wat Jesus Christus met al sy verdienste omhels, Hom tot 'n eiendom maak en niks anders meer buite Hom soek nie. Ons word alleen deur die geloof sonder die werke geregverdig. Dit is ook nie die geloof self wat ons regverdig maak nie, want dit is maar 'n middel waardeur ons Christus, ons Regverdigheid, omhels. Hy is ons Regverdigheid voor God, en die geloof is 'n middel wat ons met Hom in die gemeenskap van al sy weldade hou, wat nou dat hulle ons eiendom geword het, vir ons meer as genoeg is om van ons sondes vrygespreek te word.

In art. 23 staan dat die regverdigmaking bestaan in die vergewing van sondes. God word in die regverdigmaking verheerlik en dit is tot troos vir die volk van God.

In die Heidelbergse Kategismus word oor die regverdigmaking gehandel in Sondag 22 en 23. Hoe is jy regverdig voor God? (vr. 60). Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus só dat God – al klaag my gewete my ook aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en geeneen daarvan gehou het nie en dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneigd is my nogtans, sonder enige verdienste aan my kant, uit louter genade die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het, wanneer ek so 'n weldaad met 'n gelowige hart aanneem.

In die Dordtse Leerreëls word sydelings oor die regverdigmaking gehandel in II: 1, 2, 5, 7, 8.

Die regverdigmaking is 'n *regterlike daad van God* waardeur Hy die skuldige sondaar vryspreek terwille van die verdienste van Christus en reg gee op die ewige lewe. Dit is nie 'n etiese (sedelike) maar 'n juridiese (regterlike) daad van God. Wanneer 'n dief deur die magistraat vrygespreek word omdat daar gebrek aan bewyse teen hom is, is hy juridies vry, maar het hy nog nie eties 'n eerlike mens geword nie.

Daarom *onderskei ons* tussen *regverdigmaking en heiligmaking.*

Regverdigmaking beteken dat ons regverdig verklaar en vrygespreek word; dit staan teenoor die veroordeling. Sommige wil liewer praat van *regverdiging* i.p.v. regverdig*making*. Dit is egter nie nodig nie solank ons nie daaraan vashou dat regverdigmaking nie beteken dat dit wat krom is, reguit gemaak word nie, maar dat ons regverdig verklaar word. Om God te *maak,* beteken tog ook dat ons *verklaar* dat God groot *is.*

Paulus skryf: Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God? God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog wat ook opgewek is, wat ook aan die regterhand van God is, wat ook vir ons intree (Rom. 8:33-34). Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus (Rom. 5:1). Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees (Rom. 8:1). Wie geregverdig is deur die geloof, is vrygespreek

van straf; God regverdig die goddelose, die sondaar.

Andersyds is dit egter ook nog waar dat diegene wat geregverdig is, in hulleself nog doemwaardig is en bly. Juis hulle sê: Ek is U toorn dubbeld waardig. "Ek ellendige mens, wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood? Ek dank God deur Jesus Christus, onse Here!" (Rom. 7:24) En sodoende ontstaan daar dan in die geloofslewe van die kind van God gedurig konflikte. Die duiwel bly ons wys op ons doemwaardigheid ook nadat ons genade ontvang het. Hy het gewys op die vuil klere van die hoëpriester, Josua, wat saam met Serubbabel uit Babel teruggekeer het (Sagaria 3). En dan word ons alleen getroos wanneer ons verstaan dat ons geregverdig word deur die geloof uit louter genade.

Wanneer ons oor die regverdigmaking handel, dink ons dus aan die regterstoel van die Here waar daar vonnis gevel sal word. Allereers is daar die aanklaer, ons gewete, wat met 'n sware aanklag na vore tree en sê: Hierdie sondaar het teen al die gebooie van God swaar gesondig, ja, dit is so erg dat hy nie een van hierdie gebooie onderhou het nie. En ook vir die toekoms is van hom nie die minste goed te wagte nie, want hy is nog steeds tot alle boosheid geneig. Teen hierdie beskuldiging kan die sondaar niks inbring nie, want die Heilige Gees het hom van sy sonde oortuig en daarom roep hy uit:

> "As U, o Heer, die sonde na reg wou gadeslaan,
> wie sou een enk'le stonde voor U, o Heer, bestaan?"

Daarom sou daar 'n radikale veroordeling moes volg.

Maar dan tree Christus, ons Advokaat, ons Borg na vore. Wat sal Hy sê? Hy sal nie goedpraat wat verkeerd is nie, nee, Hy sê dat Hy dit goed *gemaak het.* Hy sê ook nie dat die aanklaer oordryf of gelieg het nie. Nee, Hy is ons Borg en staan as Middelaar van die genadeverbond in ons plek. Hy het die saak in orde gebring. Ons gewete het gesê dat ons teen al die gebooie van God swaar gesondig het. Maar nou sê Christus: Ek het vir hom en in sy plek genoeg gedoen. Die aanklaer het gesê dat ons nie één van Gods gebooie onderhou het nie. Inderdaad, sê Christus, maar ek het hulle almal vir hom, in sy plek onderhou. Hier is My geregtigheid. Ons gewete het gesê dat daar geen versagtende omstandighede is nie, omdat ons nog altyd tot die kwade geneig bly. Ook dit stem Christus toe, maar sê dat Hy in ons plek gekom het en ons Sy Heiligheid deelagtig maak.

En dan gebeur die wonder en sien ons hoe groot God se genade is. Die borgtogtelike werk van die Middelaar word aan die sondaar toegereken en geskenk. Waarom? Uit louter genade, sonder enige verdienste van ons kant. Die Regter sorg Self vir die reg. Sion sal deur reg verlos word. En die Heilige Gees vertroos ons en wys vir ons op die volbragte werk van Christus. Hy het ons eers ontdek aan die grootheid van ons skuld, maar wys nou op die volkome betaling deur die bloed van Jesus Christus.

Die regsitting is afgeloop. God het die sondaar geregverdig. Die aangeklaagde word vrygelaat en as ons vir hom vra: hoe is dit tog moontlik dat jy nie veroordeel, maar vrygespreek is? Hoe is jy reg-verdig voor God? Dan jubel hy uit met groot blydskap: Alleen deur 'n ware geloof in Jesus Christus: so dat al klaag my gewete my ook aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig en geeneen daarvan gehou het nie, en dat ek nog gedurigdeur tot alle boosheid geneig is, God my nog-tans, sonder enige verdienste van my kant, uit louter genade, die volkome genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus skenk en toereken asof ek nooit sonde gehad of gedoen het nie, ja, asof ek self alle gehoorsaamheid volbring het wat Christus vir my volbring het (H. Kat. vr. 60).

Christus het deur sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid alles vir ons betaal. Hy

het die swart keursteen van veroordeling ontvang sodat ons die wit keursteen van vryspraak sou ontvang.

Maar nou staan daar in vr. 60 van die Kategismus ook nog hierdie woorde: "Wanneer ek so 'n weldaad met 'n gelowige hart aanneem." En hier dreig meteens 'n gevaar, naamlik, dat onsself ook iets wil bydra tot ons saligheid – al is dit dan maar een of ander gevoelsbelewenis, vroom daad, ellendekennis of wat ook al. Ons moet goed verstaan dat die geloof nie 'n verdienste is nie, maar slegs die instrument wat 'n gawe van God is en gewerk word deur die Heilige Gees waardeur ons die verlossing ons eie maak. Die geloof is nie *verdienend* nie, maar *aannemend.*

Waarom sê jy dat jy alleen deur die geloof regverdig is? Nie dat ek vanweë die waardigheid van my geloof God welgevallig is nie; maar daarom dat alleen die genoegdoening, geregtigheid en heiligheid van Christus my geregtigheid voor God is, en dat ek dit nie anders as alleen deur die geloof kan aan neem en my kan toeëien nie (H. Kat. vr. 61). Met die hand van die geloof neem ons die geregtigheid van Christus, wat vir ons gegee is, aan. Ons word geregverdig, nie vanweë die *wese* van die geloof nie, maar vanweë die *inhoud* daarvan. Die geregtigheid van Christus alleen is ons geregtigheid voor God.

Ons moet die geloof ook nie beskou as die *subjektiewe geregtigheid* wat deur die objektiewe geregtigheid van Christus voortgebring word nie. Wanneer die Skrif sê dat die geloof tot regverdigheid gereken word, is dit 'n verkorte uitdrukking waarmee te kenne gegee word dat God die geregtigheid van Christus deur die geloof vir ons toereken en ons op hierdie grond vryspreek.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis (art. 22) doen ons Kerk 'n beroep op die Skrif deur saam met Paulus te bely dat ons deur die geloof alleen, of deur die geloof sonder die werke van die wet, geregverdig word (Rom. 3:28).

Ons moet nog wys op 'n skynbare teenstrydigheid in die Skrif: Dit skyn naamlik asof daar 'n teenstrydigheid is tussen die uitsprake van Paulus, wat ons aangehaal het, en met wat Jakobus sê: Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? (Jak. 2:24 [Jak. 2:24]). Ons moet egter onthou dat Paulus stry teen dooie werke en teen dié mense wat meen dat hulle deur hul werke die saligheid moet verdien. Dit, sê hy, is onmoontlik en beroep hom dan op Abraham: Abraham het in God geglo en dit is hom tot geregtigheid gereken (Rom. 4:3). So word ook die kinders van Abraham, die ware gelowiges, geregverdig deur die geloof sonder die werke van die wet.

Jakobus daarenteen stry teen 'n dooie geloof. Hy rig hom teen die Antinomiane (teen-wettelikes) wat net wil weet dat hulle die saligheid uit genade ontvang, maar van die heiligmaking niks wil weet nie. Jakobus neem 'n voorbeeld uit die praktyk: Iemand gee voor dat hy baie oor het vir die armes; dan kom daar 'n arm man hom hulp vra en sê hy: Beste vriend, die Here sal jou seën, gaan heen in vrede. Dit help egter niks nie en dan is ál so 'n persoon se gepraat oor sy liefde teenoor die armes huigelary. So kan iemand ook sê dat hy 'n gelowige is, maar as sy geloof geen vrugte voort-bring nie, dan bewys hy dat hy geen ware gelowige is nie. Dan doen Jakobus ook 'n beroep op Abraham en wys daarop dat sy geloof tot openbaring gekom het in sy gehoorsaamheid toe hy bereid was om Isak te offer. Toe kon die Here sê: Nou weet Ek dat jy Godvresend is.

Daarom is daar geen teenstrydigheid tussen die leer van Paulus en dié van Jakobus nie. Hulle beskou dieselfde saak van twee kante.

'n Dooie boom sal, as dit geplant word, geen vrugte dra nie, maar 'n goeie boom sal, as dit geplant word, vrugte dra. Die geloof regverdig ons alleen sonder die werke,

maar die geloof wat regverdig maak, kom tot openbaring deur die werke. Daarom wys beide Jakobus en Paulus op Abraham, die vader van die gelowiges.

Wie sy eie geregtigheid wil verdien, moet verneem dat ons alleen deur die geloof geregverdig word. Wie nie teen die sonde stry nie, en in die weë van die Here wandel nie, moet verstaan dat die geloof sonder die werke 'n dooie geloof is.

Daar was verskil van mening of ons kan praat van regverdigmaking *van ewigheid af.* Ons insiens is dit onjuis om te spreek van 'n ewige regverdigmaking omdat én die Skrif én ons Belydenis nie daarvan spreek nie. In Rom. 8:30 staan: "En die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en dié wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en dié wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik." Wanneer daaruit bewys moet word dat die regverdigmaking van ewigheid af is, kan ons met net soveel reg konkludeer dat ook die roeping en verheerliking van ewigheid af is en dit sal niemand tog beweer nie. Wat in God se ewige besluit voorkom, bestaan daarom nog nie in werklikheid nie.

Prof. dr. H. Bavinck het gesê: "Die gereformeerde teoloë verwerp skynbaar eenparig die leer van die ewige regverdigmaking. As dit dan ook die geval moes wees, sou die geloof bestaan in 'n bewuswording dat ons van ewigheid af geregverdig is. Weliswaar sê Rom. 8:30 dat die roeping en die regverdigmaking *in verband* staan met die uitverkiesing, die voorverordinering. Verder wys die Skrif ook daarop dat Christus gesterf het ter wille van ons sondes en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking (Rom. 4:25). In dieselfde verband spreek Paulus oor die regverdigmaking deur die geloof in Christus (Rom. 5:1). En in Rom. 8:23 handel hy oor die publieke regverdigmaking as hy sê: En nie alleen dit nie, maar ons self ook wat die eerstelinge van die Gees het, ons sug ook in ons-self in afwagting van die aanneming tot kinders, naamlik die verlossing van ons liggaam."

Dit vind plaas op die oordeelsdag wanneer alle mense voor die groot Regter sal verskyn. Die gelowiges sal gekroon word met eer en heerlikheid. Die Seun van God sal hulle name bely voor God sy Vader en voor sy uitverkore engele. Hy sal alle trane van hulle oë afvee. Hulle saak wat teenswoordig deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, sal erken word as die saak van die Seun van God, en as 'n genadige vergelding sal die Here hulle in besit stel van so 'n heerlikheid as wat die hart van 'n mens nooit sou kan bedink nie (Ned. Geloofsbelydenis art. 37).

God is dit wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel?

## F. HEILIGMAKING

In art. 24 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis word gehandel oor die heiligmaking in verband met die regverdigmaking: "Dit is onmoontlik dat die ware regverdigmakende geloof die mens koud sal laat word in 'n vrome en heilige lewe, maar inteendeel sal juis dit hom uit liefde tot God en die naaste goeie werke laat doen. So is dit dan onmoontlik dat hierdie heilige geloof werkloos in die mens sal wees, aangesien ons nie van 'n ydellike geloof spreek nie, maar van so een wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde werk, wat die mens beweeg om hom te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het; werke wat, as hulle voortkom uit die goeie wortel van die geloof, goed en God welgevallig is, omdat dit alles deur sy genade geheilig is. Ons doen hierdie goeie werke, nie om iets te verdien nie, want ons staan by God in die skuld vir die goeie werke wat ons doen en nie Hy by ons nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae. Wanneer ons alles gedoen het wat ons beveel is, moet ons nog sê: Ons is

onverdienstelike diens-knegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen. Intussen wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawes bekroon. Verder grond ons ook nie ons saligheid op ons goeie werke nie, want ons kan geen werk doen nie of dit is besmet deur ons vlees, en ook strafwaardig. As ons dan daarop sou moes steun, sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer drywe sonder enige sekerheid, en ons arme gewete sou altyddeur gekwel word, as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Saligmaker steun nie."

Ook in Sondag 24 van die Heidelbergse Kategismus word die heiligmaking in verband gestel met die regverdigmaking: "Ons goeie werke kan nie ons geregtigheid voor God of 'n deel daarvan wees nie, omdat die geregtigheid wat voor die strafgerig van God kan bestaan heeltemal volkome en in alle dele gelykvormig moet wees aan die wet van God en ook ons beste werke is in hierdie lewe almal onvolkome en met sondes besmet. Ons goeie werke word nie uit verdienste nie, maar uit genade alleen beloon. Dit is egter onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n ware geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie."

In Sondag 32 staan dat Christus, nadat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe, sodat ons met ons hele lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys en Hy deur ons geprys word. Dan ook dat elkeen by homself van sy geloof uit die vrugte versekerd kan wees en dat deur ons godsalige wandel ons naaste ook vir Christus gewin kan word (vr. 86). Goeie werke is net dié wat uit 'n ware geloof, volgens die Wet van God, alleen tot sy eer gedoen word, en nie dié wat op ons goeddunke of op insettinge van mense gegrond is nie (vr. 91). Daarna word in die Kategismus gehandel oor die Wet van God en oor die gebed as die vernaamste deel van die dankbaarheid wat ons aan God verskuldig is.

In die Dordtse Leerreëls word gesê dat die goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mense werk asof hulle stokke en blokke is nie, maar dit maak hom geestelik lewend, genees hom, verbeter hom en buig sy wil tegelyk lieflik en kragtig sodat waar weerspannigheid en teenstand van die vlees tevore volkome die oorhand gehad het, daar nou 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees die oorhand begin kry het. Daarin is die ware en geestelike wederoprigting en vryheid van ons wil geleë (III, IV: 16). Diegene wat God na sy voorneme roep tot die gemeenskap van sy Seun, onse Here Jesus Christus, en deur die Heilige Gees wederbaar, verlos Hy wel van die heerskappy en slawerny van die sonde, maar Hy verlos hulle in hierdie lewe nie geheel en al van die vlees en liggaam van die sonde nie (V: 1).

## 1. Die verhouding van regverdigmaking en heiligmaking

Oor die verhouding van die regverdigmaking en die heiligmaking tot mekaar, bestaan daar nog altyd verskil van mening. Soms word heiligmaking ten koste van regverdigmaking benadruk en soms weer net andersom. Ons let op:

### *(a) Heiligmaking ten koste van regverdigmaking*

Baie moraliste (sedeleraars) lê alle nadruk op die vernuwing van die lewe wanneer hulle oor morele en geestelike herbewapening spreek. Hulle stel die lewe bo die leer en lê eensydige nadruk op die sedelike lewe. Dit noem ons nomisme. Prakties het die tweede tafel van die wet vir hulle baie meer betekenis as die eerste tafel. By hulle kan daar geen sprake wees van regverdigmaking voor dat die mens nie eers self iets tot stand gebring het nie. Hulle sê dat God eers die goeie wil van die mens wil sien

en dan sorg Hy daarvoor dat alles in orde kom.

Ook die Roomse Kerk gaan hierdie pad uit. Vir hulle is die regverdigmaking feitlik die instorting van bonatuurlike genade, terwyl die heiligmaking die ontplooiing daarvan is. Sodoende is regver-digmaking en heiligmaking eintlik nie meer te onderskei nie, terwyl op die heiligmaking eensydig nadruk gelê word, soos ook blyk uit hulle leer van die verdienstelikheid van die goeie werke.

Ons moet egter nie die fout maak om te dink dat hierdie moralistiese en nomistiese standpunt alleen by Roomse, Remonstrante en Vrydenkers ens. gevind word nie. Baie van ons mense lewe ook in hierdie wettiese gees en wil nie daartoe kom om te lewe enkel en alleen uit genade deur die geloof *in* Jesus Christus nie. Hoe baie is daar nie wat sê en dink dat hulle nie durf en mag glo dat hulle sondes vergewe is as hulle nie opreg genoeg bid en teen die sonde ster nie. Hulle wil so graag eers self iets doen om aan God te kan toon vóórdat hulle in die geloof die offer van Christus aanneem.

Hierdie dwaling berokken baie skade aan die geloofslewe en moet daarom met alle mag bestry word. Heiligmaking gaan nie aan regverdigmaking vooraf nie, maar volg daarop en vloei daaruit voort. Christus vernuwe ons tot Sy ewebeeld deur die Heilige Gees nadat Hy ons met Sy bloed gekoop en vrygemaak het.

### *(b) Regverdigmaking ten koste van heiligmaking*

Uit reaksie teen bogenoemde wettiese en moralistiese en humanistiese beskouing val baie mense in 'n ander uiterste. Die Antinomiane (teenwettelikes) lê alle nadruk op die regverdigmaking en verwaarloos die heiligmaking. Goeie werke word onvoorwaardelik as Rooms bestempel en wie daaroor durf spreek as 'n Fariseër bestempel.

So beweer die *dialektiese teoloë* dat ons, as ons geregverdig is, tog dieselfde sondaars bly. God laat dan ook Sy wil geskied in ons sondes en, al vertree ons dan ook Sy gebooie met voete, handel ons in ooreenstemming met sy groot sedeleer. Heiligmaking is dan om te bely dat daar geen goed in ons woon nie en God sal dan wel beslis of dit wat ons doen, sonde is en bly, en of dit kragtens die vergewing goed gemaak sal word in God. Goeie welke is deur God vergeefde sondige dade. Sodoende is daar eintlik geen verskil meer tussen goed en kwaad nie en is hierdie teologie uiters gevaarlik vir die praktyk van die godsaligheid – eweas die mistisisme. Volgens hierdie beskouing is 'n Christelike koerant op politieke party of skool net so verkeerd soos 'n nie-Christelike of neutrale koerant ens.

### *(c) Die regte verhouding van regverdigmaking tot heiligmaking*

Die Skrif sê: "Daar is dan nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie (regver-digmaking), vir dié wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees" (heiligmaking) (Rom. 8:1). "Want julle is duur gekoop; verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort" (1 Kor. 6:20). Maleagi sê: "Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen dié wat God dien en dié wat die Here nie dien nie." (Mal. 3:18) En Paulus sê: "Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie" (1 Kor. 3:16). "Nie dat ek dit alreeds verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp soos ek ook deur Christus Jesus gegryp is (Filip. 3:12).

Die leer van die regverdigmaking deur die geloof is nie die oorsaak van goddelose en sorgelose mense nie. Want dit is onmoontlik dat iemand wat in Christus deur 'n ware

geloof ingeplant is, geen vrugte van dankbaarheid sou voortbring nie. Christus vernuwe ons deur die Heilige Gees na sy ewebeeld sodat ons met ons ganse lewe ware dankbaarheid jeens Hom sal bewys. Daar is geen regverdigmaking sonder heiligmaking nie, want God is die Regverdige en die Heilige. Sal ons dan in die sonde bly? Verre daarvandaan!

## 2. Die onderskeid tussen regverdigmaking en heiligmaking

God is die Regverdige en Heilige voor Wie ons skuldig staan vanweë ons erfsonde en vanweë ons dadelike sondes. Hierdie skuld word deur die regverdigmaking weggeneem.

Ons is egter nie alleen skuldig nie, maar ook onheilig; daar kleef ook aan ons die erfsmet, die oorgeërfde verdorwenheid van ons ou natuur waarmee selfs die klein kindertjies besmet is in hul moeder se liggaam en wat in die mens allerlei sondes voortbring (art. 15, N.G.B.). Deur die heiligmaking word ons na die beeld van God vernuwe sodat die stryd ook teen ons inwonende verdorwenheid aangebind word.

Die regverdigmaking is 'n *regterlike* uitspraak van God waardeur die sondaar finaal en volkome vrygespreek word, al sal dit dan op die oordeelsdag eers publiek bekend gemaak word.

Die heiligmaking is 'n *sedelike* daad van God en as sulks in hierdie lewe nooit volkome nie, want ook die allerheiligstes het in hierdie lewe maar 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid.

## 3. Christus is ons heiligmaking

As gereformeerdes stel ons ook hierdie waarheid met klem voorop, naamlik dat ons in Christus geheilig word soos Paulus sê: Maar deur Hom is julle in Christus Jesus, wat vir ons geword het wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing" (1 Kor. 1:30). Kohlbrugge, die dialektiese teoloë en die mistisiste stel dit dus verkeerd voor as hulle beweer dat ons vir hierdie waarheid geen oog het nie.

Die gelowiges is in Christus heilig. Wanneer God ons buite Christus aansien, is ons geheel-en-al onrein en onheilig; wanneer Hy ons egter in Christus aansien, wat ons heiligmaking is, is ons rein en heilig. Wanneer 'n kind van die Here sterf, is hy terstond volkome heilig omdat Christus sy heiligmaking is, al was hy dan ook nog nie ver gevorder op die pad van daadwerklike heiligmaking nie en al het hy net 'n klein beginsel van die gehoorsaamheid gehad.

## 4. Christus werk die heiligmaking in ons

Dit is noodsaaklik dat ons sal voortgaan in die heiligmaking, omdat Christus, nadat Hy ons met sy bloed gekoop en vrygemaak het, ons ook deur sy Heilige Gees tot sy ewebeeld vernuwe sodat ons met ons hele lewe aan God dankbaarheid vir sy weldade sal bewys en Hy deur ons geprys word (H. Kat. vr. 86).

Ons maak dus terdeë onderskeid tussen die geheilig w*ees in* Christus en die heiligmaking *deur* Christus. Die gemeente *is* heilig en moet heilig *gemaak word.* Want dié wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om *gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun* (Rom. 8:29).

Hier op aarde word dus reeds 'n begin gemaak met die herstel van die beeld van God in ons. Ons moet toeneem in die genade en kennis van ons Here Jesus Christus. En

die heiligmaking omvat die hele mens. Dit bestaan nie daarin dat enkele takke afgekap word nie, maar in die afsterwing van die ou en die opstanding van die nuwe mens. Dit is volmaak in die dele daarvan, maar onvolmaak in die trappe. Want ook die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, maar 'n *klein beginsel* van die gehoorsaamheid; maar só, dat hulle met 'n ernstige voorneme nie alleen na sommige nie, maar na al die gebooie van God begin lewe (H. Kat. vr. 114).

Die Antinomiane (mense wat nie van heiligmaking wil weet nie) is soos 'n skip wat voor anker gaan lê en sê: Ons vorder tog niks en sal nooit die horison bereik nie. Die Perfeksioniste (mense wat meen dat hulle in hierdie lewe volkome heilig kan word) is weer soos 'n skip wat met alle mag vooruit stoom en meen dat dit die horison reeds bereik het; intussen vaar hy in die digte mis en kan die horison nie sien nie.

Ons weet dat ons die horison nie kan bereik nie, maar dat die skip steeds moet voortgaan op die oseaan. Christus bewerk ons heiligmaking en daarom moet ons in Sy krag teen die sonde stry en op die regte spoor wandel.

Daar moet 'n heilige *gewenning* in ons lewe kom. Ons moet die geheim van die binnekamer ken sodat ons nie ongewapend uittrek vir die stryd nie. Ons moet onsself oefen in die geloof, voorsien van die volle wapenrusting van God. Ons moet die Woord van die Here ondersoek, wat 'n lig is op ons lewenspad en 'n lamp voor ons voet. Ons moet die genademiddele van die gepredikte Woord en die Sakramente getrou gebruik. Ons moet die onheilige invloede en valstrikke van die wêreld ontvlug; andersyds moet ons al meer vatbaar wees vir heilige invloede wat meehelp om ons voete te rig op die pad van vrede. Ons moet volg in die voetstappe van Hom deur Wie se wonde daar vir ons genesing gekom het. Ons moet die Heilige Gees nie bedroef nie, deur Wie ons verseël is tot die dag van verlossing. Die ranke wat in die Wynstok bly, dra baie vrug.

Christus het met hierdie heiligmaking wat Hy in die gelowiges uitwerk 'n heerlike doel. Hy het gesê: "Laat julle lig so skyn voor die mense dat hulle julle goeie werke sien en *julle Vader wat in die hemele is, verheerlik"* (Matt. 5:16).

Die wêreld is gedurig daarop uit om te let op die lewenswandel van die belyers van die Naam van die Here Jesus en is baie gou om te kritiseer en te veroordeel en te sê: Kyk, hoe maak die sogenaamde heiliges nou weer. En dan word die Naam van die Here gelaster. Daarom sê Petrus: "Hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaadspreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking" (1 Petrus 2:12).

Daarom moet ons geregtigheid oorvloediger wees as dié van die Skrifgeleerdes en Fariseërs. Wanneer die gelowiges godsalig wandel, hul naaste liefhet, hulself verloën, in teëspoed geduldig is, eerlik, opreg en getrou probeer wees, versprei hulle 'n aangename reuk tot eer van Christus. Dan ontvang diegene wat nog swak is in die geloof ondersteuning. In 'n koor is daar altyd die sterk stemme wat die ander ondersteuning bied, en 'n soldaat wat vir sy beginsels uitkom, is vir ander tot 'n seën.

Sodoende verrig ons dan ook onopsetlik evangelisasie omdat ander deur ons Godvrugtige lewenswandel vir Christus gewen sa] word. 'n Klavier moet nie alleen reg gestem, maar ook reg bespeel word. Die wêreld sal nie luister as ons vals speel nie. Naam-christene is tot groot skade vir die uitbreiding van Gods Koninkryk en 'n oorsaak daarvan dat die Naam van die Here gelaster word. Die mense moet jaloers wees op ons sodat hulle ook kan begin soek na die rykdom wat daar in Christus Jesus, onse Here, is. Langs dié weg sal God verheerlik word. Goeie werke is dié wat

uit die geloof, volgens die Wet van God en *tot Sy eer* gedoen word.

# G. DIE VOLHARDING VAN DIE HEILIGES

## 1. Wat sê die Belydenis?

Ons Belydenisskrifte laat oor hierdie saak geen onseker geluid hoor nie. In die *Nederlandse Geloofsbelydenis* word gesê dat ons deur Christus die onsterflikheid en die ewige lewe het (art. 20)Ons glo dat ons geluksaligheid geleë is in die vergifnis van ons sondes en dat daarin ons regverdigheid voor God vervat is (art. 23). Christus besit 'n onverganklike priesterskap; daarom kan Hy volkome red dié wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree (art. 26). Daarom verwag ons die groot dag met 'n groot verlange om ten volle te geniet die beloftes van God in Jesus Christus, onse Here (art. 37).

In die *Heidelbergse Kategismus* bely ons dat Christus ons deur die Heilige Gees van die ewige lewe verseker (Sondag 1). Christus is ons ewige Koning wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verworwe verlossing beskut en bewaar (vr. 81). Daarom sal ons hiernamaals in ewigheid met Hom oor alle skepsele regeer (vr. 32). Ons het 'n gewisse pand dat Hy ons, sy lede, ook tot Hom sal neem (vr. 49). Hy sal my met al die uitverkorenes tot Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid neem (vr. 52). Die Heilige Gees bly ewig by ons (vr. 53). Ek is 'n lewende lidmaat van die Kerk en sal dit vir ewig bly (vr. 57). Ná hierdie lewe sal ek die volkome saligheid besit (vr. 58). Ons begin in hierdie lewe reeds die ewige sabbat (vr. 103). Ná hierdie lewe bereik ons die volkomenheid wat vir ons voorgehou word (vr. 115). Ons sal eindelik vir goed die oorhand (oor die vyande van die Kerk) behou (vr. 127).

Die Dordtse Leerreëls handel in Hoofstuk 5 uitvoerig en treffend oor die volharding van die heiliges. Ons let veral op art. 8: "So verkry hulle dit dan nie deur hulle verdienste of kragte nie, maar uit die genadige barmhartigheid van God dat hulle nie geheel en al uit die geloof en die genade uitval of ook tot die einde toe in die val bly of verlore gaan nie. Dit kon sover dit hulle aanbetref, nie alleen maklik gebeur nie, maar sou ook ongetwyfeld gebeur. Maar wat God aanbetref, kan dit glad nie gebeur nie, omdat sy raad nie verander, sy belofte nie gebreek, die roeping na sy voorneme nie herroep, die verdienste, voorbidding en bewaring van Christus nie kragteloos gemaak en ook die verseëling van die Heilige Gees nie verydel of vernietig kan word nie."

Die leer van die volharding van die heiliges is vol vertroosting en rus op die volbragte werk van ons Borg en Saligmaker, wat vir ons gebid het en van die Vader opdrag ontvang het om die gelowiges só te bewaar dat niemand hulle uit Sy hand sal ruk nie (Joh. 10:28).

Die beskouing van die Roomse Kerk is 'n oorsaak van valse gerustheid by die mense, omdat die Kerk vir hulle deur die sakramente sorg van die wieg tot die graf; óf dit is 'n oorsaak van voortdurende twyfel omdat die genade weer verliesbaar is.

Talle verheerlik die twyfel en stel dit voor asof die sekerheid van die geloof Fariseïsme is sodat alle sekerhede omvergewerp moet word.

## 2. Die gelowiges word bewaar

Dit spreek vanself dat die gelowiges nie in eie krag kan volhard tot die einde toe nie. Dit is ten enemale onmoontlik en hulle weet dit self ook baie goed. In hulle woon die sonde waarteen hulle hul lewe lank moet stry en hulle word van alle kante deur gevare omring – die aanvegtinge van Satan, die verleidinge van die wêreld en die

vyande binnekant die poort.

Hulle word alleen bewaar deur die krag van God deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd (1 Petrus 1:5). God is getrou. Die Here sal dit vir my voleindig. Hy hou Sy werk in stand. Ons begin dikwels met 'n taak wat ons nie voltooi nie, omdat ons dit nie kan of wil doen nie. Wanneer God egter met 'n werk begin, sal Hy dit ook voltooi. Hy bewaar die erfenis vir die erfgename en bewaak ook die erfgename vir die erfenis.

Tog kan die gelowiges in growwe sondes verval. Ons sien dit by Dawid en by Petrus. Daarom moet hulle voortdurend waak en bid, sodat hulle nie in versoeking val nie. Christus het vir ons leer bid: Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Daarom is veral die môregebed onmisbaar, sodat ons nie ongewapend ten stryde uittrek en met die verleidinge en versoekinge gaan worstel nie.

Deur ons sondes vertoorn ons God en bedroef ons die Heilige Gees sodat Sy genadewerking nie ondervind word nie. Dit is dan net soos wanneer die sonnestrale getemper word deur wolke wat voor die son kom. Deur die sonde word die beoefening van die geloof belemmer en die gewete gekwes, en dit kan so erg word dat die kinders van God vir 'n tyd lank die gevoel van die genade verloor.

Tog sorg die Here dat die gelowiges nie geheel-en-al verval nie. Hulle kan wel in sonde *val,* maar nie daarin *bly lewe* nie. Christus het vir Petrus gesê: "Simon, Simon, kyk, die Satan het vurig begeer om julle soos die koring te sif, maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie mag ophou nie." (Luk. 22:31-32) Daarom sorg God dat die gelowiges nooit sondig tot die dood toe nie. Daar kan wel 'n tydelike verharding plaasvind soos die ys in ons winters maar nie 'n blywende verharding soos die ys by die Suidpool nie.

Alleen die skyngelowiges kan heeltemal afval. Die Skrif waarsku ons vir skyngeloof deur die voorbeeld van Himeneüs, Alexander en Démas. Hulle het nie die ware geloof gehad nie, maar hulleself tevrede gestel met 'n historiese, tyd- of wondergeloof. Christus het dan ook gesê dat elke rank wat nie vrugte dra nie, afgekap en in die vuur gewerp word. Ons moet dink aan die vrou van Lot wat Sodom verlaat het, maar wie se hart tog nog in Sodom was sodat die oordeel van Sodom haar getref het.

Die grond vir die bewaring van die gelowiges en die volharding van die heiliges lê in die Drie-enige God; Hy is die Waaragtige wat doen wat Hy sê; Hy is die Getroue en gee wat Hy beloof. Hy het sy volk uitverkies want dié wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer; en dié wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en dié wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en dié wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik (Rom. 8:29-30).

Alles is vas en seker in God. In die Vader wat Sy Seun aan ons gegee het en ons ook met Hom alles genadiglik skenk; in die Seun wat as die Middelaar van die genadeverbond deur sy aktiewe en passiewe gehoorsaamheid die skuld betaal en alle geregtigheid volbring het. Hy is die enigste en volkome Saligmaker, en wie in Hom glo, het die ewige lewe. Ten slotte lê ons saligheid ook vas in die Heilige Gees wat die geloof in ons harte werk, ons van die ewige lewe verseker en vir ewig by ons bly.

### 3. Die gelowiges kan hiervan verseker word

Die gelowiges kan van hierdie volharding persoonlik verseker word. Soos die Dordtse Leerreëls dit stel: Van hierdie bewaring kan die uitverkorenes tot die saligheid en van die volharding van die ware gelowiges in die geloof, kan die gelowiges self versekerd wees en hulle is dit ook volgens die maat van die geloof waarmee hulle sekerlik glo

dat hulle is en altyd sal bly ware en lewende lede van die Kerk, dat hulle vergifnis van die sondes en die ewige lewe deelagtig is (V: 9). Hierdie sekerheid spruit derhalwe nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God, wat Hy in sy Woord baie oorvloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van die Heilige Gees wat saam met ons gees getuig dat ons kinders en erfgename van God is en eindelik uit die ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke. En as die uitverkorenes van God in hierdie wêreld hierdie vaste troos dat hulle die oorwinning sal behou en hierdie onfeilbare pand van die ewige heerlikheid nie sou besit nie, dan sou hulle van alle mense die ellendigste wees (V: 10). Ons kry hierdie sekerheid nie uit 'n besondere of buitengewone openbaring nie, maar uit die kentekens van die kinders van God en uit die altyd standhoudende beloftes van God (Verwerping van die Dwalinge V: 5).

Hierdie versekerdheid kom voort uit die geloof aan die beloftes van God, uit die getuienis van die Heilige Gees en uit die getroue oefening van 'n goeie gewete. In Romeine 8:14 – 16 (Rom. 8:14-16) staan ook hoe dit toegaan: Soos in die geval van 'n kind wat deur sy ouers geleer word om te sê: "vader" en "moeder", so leer die Heilige Gees ons om vir God te sê: "Vader." Hy is die Gees van aanneming tot kindskap deur Wie ons sê: Abba, Vader. Later moet 'n kind ook antwoord kan gee op die vraag: Wie se kind is jy? Die Heilige Gees leer ook dit vir ons, want Hy getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En dit doen hy nie deur 'n aparte hoorbare stem wat vir ons influister: Jy is 'n kind van God nie. Hy getuig nie *in,* maar *saam met* ons gees en vestig ons geloofsoog so oortuigend op die beloftes van God en op die volbragte werk van Christus dat ons ons laat oortuig. Langs hierdie weg maak Hy ons *bewus* van ons kindskap.

Die Heilige Gees verseker ons van die ewige lewe en maak ons bereid om voortaan vir Hom te lewe. Namate ons geloof werksaam is en vrug dra, na dié mate word ons deur die oefening van 'n goeie gewete verseker van die volharding van die heiliges. Maar dan moet ons die Heilige Gees ook nie bedroef deur 'n sondige lewe nie.

Hierdie leer is nie die oorsaak van sorgelose mense nie. Dit beweer die teëstanders van hierdie leer. Dit is 'n leer wat deur die Satan gehaat, deur die wêreld bespot, deur onervarenes misbruik en deur die dwaalgeeste bestry word.

Die wete dat daar 'n volharding van die heiliges is, is die wortel van die ware godsvrug en 'n kragdadige beweegrede tot 'n dankbare lewe. Daarom vermaan die Heilige Skrif ons ook om te volhard tot die einde toe en om die genademiddele te gebruik. Verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die Woord, dat julle daardeur kan opgroei (1 Petrus 2:2).

Die bruid van Christus het hierdie leer altyd as 'n skat van onwaardeerbare prys baie teer bemin en standvastiglik verdedig. En dat sy dit ook voortaan kan doen, daar sal God voor sorg, teen Wie geen raad enige krag besit of enige geweld iets vermag nie. Aan dié enige God, Vader, Seun en Heilige Gees kom toe eer en heerlikheid in ewigheid. Amen. (Dortse Leerreëls, V: 15).

# XIV DIE KERK

## A. WAT LEER DIE BELYDENISSKRIFTE

In die Nederlandse Geloofsbelydenis word uitvoerig oor die betekenis van die Kerk van die Here gehandel; in art. 27 – 29 oor die Kerk en in art. 30 – 32 oor die bestuur van die Kerk. Dit is waarlik pragartikels wat vandag ook nog uiters waardevol is.

Art. 27 handel oor die algemene Christelike Kerk. Dit is 'n heilige vergadering van die ware gelowiges in Christus wat hul hele saligheid in Jesus Christus verwag, en gewas is deur sy bloed, geheilig en verseël deur die Heilige Gees. Hierdie Kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe omdat Christus 'n ewige Koning is wat nie sonder onderdane kan wees nie. Hierdie Kerk word deur God bewaar en in stand gehou teen die woede van die hele wêreld; alhoewel dit somtyds 'n tyd lank klein is en in die oë van die mense skynbaar tot niet geraak het. Dit is internasionaal versprei oor die hele wêreld en één in Christus deur die Heilige Gees.

Art. 28 leer dat elkeen skuldig is om hom by die ware Kerk te voeg omdat daar buite hierdie vergadering geen saligheid is nie. Sodoende bewaar die gelowiges die eenheid van die Kerk en is hulle onderling diensbaar aan die opbouing van die broeders volgens die gawes wat God hulle verleen het. Daarom moet hulle hul ook kragtens die amp van die gelowiges afskei van diegene wat nie tot die Kerk behoort nie en hulle by hierdie vergadering voeg al sou hulle ook hierom die doodstraf moet ondergaan.

Art. 29 wys op die onderskeid en die merktekens van die ware en die valse Kerk. Die enigste maatstaf is Gods Woord. Die kenmerke van die ware Kerk is die suiwer bediening van die Woord, die suiwer bediening van die sakramente en die handhawing van die Kerklike tug. Die merktekens van die Christene is die geloof, die aanname van Christus as hul Saligmaker om te wandel in die weë van die Here en te stry teen die sonde. Die merktekens van die valse Kerk is: Dit skryf aan homself sy verordeninge meer mag en gesag toe as aan die Woord van God en wil hom aan die juk van Christus nie onderwerp nie; dit bedien die Sakramente nie soos Christus dit in sy Woord verorden het nie, maar neem daarvan af en voeg daaraan toe na sy goeddunke. Dit grond hom meer op mense as op Christus en vervolg diegene wat heilig lewe en hom oor sy gebreke bestraf.

Die Heidelbergse Kategismus sê van die heilige algemene Christelike Kerk dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n gemeente, wat tot die ewige uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof van die begin van die wêreld af aan tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou; en dat ek daarvan 'n lewende lidmaat is en ewig sal bly (vr. 54).

Dit blyk dus dat die Kerk nie 'n menslike instelling is nie, maar 'n gemeente wat God uitverkies het en deur Christus vergader, beskerm en onderhou word. Christus het vir Petrus gesê dat Hy op die belydenis dat Hy die Christus, die Seun van die lewende God is, Sy *gemeente* sal *bou* en dat die poorte van die hel dit nie sal oorweldig nie. Hierdie Kerk is die eiendom van die Here. Die Wese van die Kerk kan derhalwe nooit in uitwendige dinge geleë wees nie. Selfs in die pragtigste katedrale kan die Kerk morsdood wees of vals of gedéformeerd. Andersyds kan die ware Kerk ook in 'n skuur of in die veld vergader.

## B. VERSAMELING EN VERGADERING

Die Kerk van Christus word in ons Belydenis dus genoem 'n *versameling* (congregatio) van gelowiges. Christus is die goeie Herder wat sy lewe vir die skape afgelê het en hierdie skape tot één kudde versamel. Ons word deur Hom versamel en toegebring: die gelowiges is passief, lydelik, voorwerpe van Christus se herderlike werk.

Maar hierdie Kerk is ook 'n *vergadering* van gelowiges. (In die Latynse teks word die woord coetus gebruik wat afgelei is van co-ire: om saam te kom). Hier is die gelowiges dus nie passief nie, maar aktief. Dit wil sê, die deur Christus *versamelde gelowiges* het die taak, die roeping, die mandaat om nou ook *saam te kom.* Die *congregatio* moet ook *coetus* word.

## C. MOEDER VAN DIE GELOWIGES

Calvyn noem die Kerk die moeder van die gelowiges. Hy skryf in sy Institusie (IV, I:1): "Ek sal dan begin by die Kerk in wie se skoot God wil dat Sy kinders versamel moet word, nie alleen sodat hulle deur die moeite en diens van die Kerk gevoed word solank hulle nog suigelinge en kinders is nie, maar sodat hulle ook deur die moederlike sorg van die Kerk geregeer word totdat hulle opgegroei en eindelik die eindpaal van die geloof bereik het. Want hierdie dinge wat God saamgevoeg het, mag nie geskei word nie (Markus 10:9); dat vir hulle vir wie God 'n Vader is, die Kerk 'n moeder sal wees, en dit nie alleen onder die wet nie, maar ook ná die koms van Christus, soos Paulus getuig in Gal. 4:26, wat leer dat ons kinders is van die nuwe en hemelse Jerusalem."

Calvyn sê dus dat God ons Vader is en die Kerk ons moeder. In die Institusie IV, I:4 skryf hy: Maar aangesien ons voorneme nou is om te handel oor die sigbare Kerk, laat ons reeds uit die naam "moeder" leer hoe nuttig, ja, hoe noodsaaklik die kennis omtrent die Kerk vir ons is; aangesien daar geen ander ingang tot die lewe is nie indien sy ons nie in haar skoot ontvang nie, ons in die lewe bring, ons voed aan haar borste en eindelik onder haar leiding neem totdat ons, nadat ons die sterflike vlees afgelê het, aan die engele gelyk sal wees.

Calvyn beroep hom op Gal. 4:26:"Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal." Hy verklaar dan hierdie teks aldus: Jerusalem wat daarbo is, omdat dit sy oorsprong het uit die hemelse genade; want die kinders van God word nie uit vlees en bloed gebore nie, maar uit die krag van die Heilige Gees. Sodoende is die hemelse Jerusalem die moeder van die gelowiges, want sy besit die saad van die ewige lewe waarmee sy ons formeer, in haar skoot koester en baar. Daarbenewens het sy melk en vaste spyse waarmee sy diegene wat sy gebaar het, voortdurend voed. Daarom word die gemeente genoem die moeder van die gelowiges en, voorwaar, wie weier om 'n kind van die gemeente te wees, begeer tevergeefs om God tot 'n Vader te hê. Want God verwek Sy kinders en voed hulle op totdat hulle tot wasdom gekom en die manlike leeftyd bereik het, maar Hy doen dit nie anders as deur die diens van die gemeente nie.

Die Kerk het as moeder 'n heerlike taak; in haar skoot word die kinders van God gebore deur die wedergeboorte. Daarbenewens sorg hierdie moeder ook vir haar kinders. Sy voed hulle met melk en vaste spyse deur die bediening van die Woord en die Sakramente. Haar kinders is begerig om die onvervalste melk van die Woord te ontvang sodat hulle mag opgroei in die genade en kennis van ons Here Jesus Christus. Hierdie melk van die Woord mag nie vervals word nie; die Kerk moet die

allerbeste vir haar kinders gee. Is een van hulle op 'n dwaalweg, ver van huis af, moet sy die kind opsoek en terugbring. Ook moet sy haar kinders vermaan en bestraf as hulle ongehoorsaam is sodat hulle in die weg van die verbond kan wandel.

Nou kan ons ook verstaan waarom hierdie moeder getrou moet wees ten opsigte van haar Man. Ons het God as Vader en die Kerk as moeder; en hierdie moeder moet in alles vra na die in die Bybel geopenbaarde wil van haar *Man,* wat ook haar *Maker* is. Alleen dan wanneer hierdie verhouding van vrou tot Man goed is, sal dit tot ryke seën vir die gesin kan wees. Dan sal hierdie moeder haar roeping vervul en die Woord van die lewe uitdra deur sendingwerk en evangelisasie onder hulle wat in die duisternis en in doodskaduwee sit.

In art. 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis word die Kerk genoem die huisgesin van Jesus Christus: "Ons glo en bely dat ons Saligmaker, Jesus Christus, die Sakrament van die Heilige Nagmaal verorden en ingestel het om te voed en te onderhou diegene wat Hy alreeds wederbaar en in sy *huisgesin,* naamlik *sy Kerk,* ingelyf het." Die Kerk is derhalwe nie 'n godsdienstige vereniging nie, maar 'n gesin – die lidmate is broeders en susters van mekaar. Die Psalmis sê: "Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon" (Psalm 133 [Ps. 133:1-3]). Hoe dikwels skiet ons as lidmate van die Kerk nie hierin te kort en woon ons nie saam nie, maar is daar twis en verdeeldheid. Dit is sonde, want, soos art. 28 van die N.G.B. ook lui: "Niemand behoort hom apart te hou en op sy eie te staan nie, maar hulle is almal verplig om hulle by hierdie heilige vergadering (die Kerk) aan te sluit en daarmee te verenig; om die eenheid van die Kerk te bewaar; om hulleself te onderwerp aan sy onderrig en tug; hul nek te buig onder die juk van Christus en, as lede van dieselfde liggaam onderling diensbaar te wees aan die opbouing van die broeders volgens die gawes wat God hulle verleen het."

## D. STRYDENDE EN TRIOMFERENDE KERK

Dit spreek vanself dat sommige van die lidmate van die Kerk van Christus reeds in die hemel is; daarom maak ons onderskeid tussen die triomferende Kerk in die hemel en die strydende Kerk op aarde. Beide vorm die een Kerk van Christus. Hulle is ruimtelik wel van mekaar geskeie, maar kan in wese alleen onderskei word.

Daarom moet ons egter ook suiwer onderskei. Ons kan maklik onder die misverstand verkeer asof daar in die hemel slegs oorwinning is en geen stryd nie, terwyl daar op aarde alleen stryd is en geen oorwinning nie. Dit is onjuis, want die strydende Kerk gaan uit van die oorwinning deur Christus en ken ook haar triomfe oor Satan, die wêreld en die sonde. Die triomferende Kerk weer, stry saam in die gebede en sien verlangend uit na die eindoorwinning van Christus op die jongste dag wanneer Hy sal kom om te oordeel oor lewende en dode.

## E. SIGBAAR EN ONSIGBAAR

Die strydende Kerk het sowel 'n sigbare as 'n onsigbare sy. Ons spreek nie van twee Kerke nie, maar van twee sye van die een Kerk wat enersyds sigbaar en andersyds onsigbaar is.

Die Kerk is onsigbaar omdat daar ook huigelaars aan die sigbare Kerk behoort – mense wat wel *in* die Kerk is, maar nie *aan* die Kerk behoort deur 'n lewende geloof nie. Net soos galstene wat in die liggaam is, maar nie aan die liggaam behoort nie. Die Kerk is egter ook sigbaar omdat dit tot openbaring kom in die ampte, bedieninge

en lewe van die Kerk en van die gelowiges.

In werklikheid pas die naam Kerk derhalwe alleen op 'n suiwer kombinasie van beide; van die sigbare en onsigbare sy van die Kerk.

Hierdie ware Kerk is 'n *organisme,* dit wil sê dit is nie 'n maaksel van mense, 'n vereniging nie, maar 'n planting van die Here, die liggaam van Christus, die Hoof. Daarom is dit nie juis om te spreek van die Kerk *as* organisme in onderskeiding van die Kerk as *instituut* nie. Hiervolgens sien ons die Kerk as instituut vir sover hy hom openbaar in die amptelike bediening van Woord en Sakramente; die Kerk as organisme is dan die Christelike lewe wat buite hierdie amptelike arbeid val, by voorbeeld die Christelike lewe in die huisgesin, wetenskap en kuns.

Die korrekte beskouing is dat organisme en instituut nooit los van mekaar staan nie. Die Kerk *is 'n organisme wat sig in institutêre vorm moet openbaar.* Sonder die instituut kan die Kerk nie bestaan en het dit geen adres nie. Juis deur die amptelike bediening van Woord en sakramente gaan daar 'n sentrale aksie tot die gelowiges uit. En hierdie gelowiges het deur die salwing van die Heilige Gees die *amp* van die gelowiges ontvang sodat hulle 'n profetiese, koninklike en priesterlike taak moet vervul. Hulle het van Godsweë die roeping ontvang om die in die Kerk met gesag gepredikte Woord uit te dra en toe te pas op alle lewensterreine.

## F. DIE WARE KERK

Ons Belydenis sê in art. 29: Ons glo dat met ywer en versigtigheid uit die Woord van God onderskei moet word *wat ware Kerk is.* Elke gelowige het die roeping om hom by hierdie ware Kerk te voeg (art. 28).

Ons moet dus suiwer onderskei, en die enigste maatstaf wat ons hier kan gebruik, is die Woord van God. Ons moet ons by die ware Kerk voeg, maar dan moet ons ook weet waar hierdie wettige openbaring van die liggaam van Christus te vinde is sodat ons waar en vals, eg en oneg van mekaar kan onderskei.

Die ware Kerk het sekere *kenmerke* of merktekens; en dit spreek vanself dat hierdie kenmerke altyd by die ware Kerk aanwesig was. Maar in tye van stryd tree hierdie kenmerke duideliker na vore.

Dit is vandag nie so maklik om te bepaal watter Kerk waar en watter een vals is nie aangesien ons so 'n veelheid, so 'n pluraliteit van Kerke het en elkeen beweer dat hy die ware is. Sommige wys op die *mooi preke* van 'n bepaalde predikant – die Belydenis praat egter nie van die kenmerke van die ware predikant nie, maar van die ware Kerk. Ander wys weer op die *oudheid,* op die hoë ouderdom van sy Kerk. Die duiwel is egter ook baie oud. 'n Derde wys weer op die *vryheid van opvatting* in sy Kerk.

So sou ons kan aangaan sonder om waarlik te kan bepaal watter die ware en watter die valse Kerk is. Dit kan nie deur mense met hul selfgemaakte maatstawwe uitgemaak word nie, maar alleen deur die Woord van God. Daarom sê die Belydenis dat die ware Kerk met sekerheid *hieruit* geken kan word as almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles verwerp wat daarteen stry en Jesus Christus erken as die enigste Hoof (art. 29).

Die Belydenis van die Kerk moet opgestel word ooreenkomstig die Woord van die Here en nie ooreenkomstig die eise van die praktyk nie.

Daar is drie kenmerke van die ware Kerk:

## 1. Die Woord moet suiwer verkondig word

Die suiwer verkondiging van die Woord van die Here is onmisbaar en van betekenis vir die geloofslewe van die lidmate. Daarom het die bedienaars van die Woord so 'n verantwoordelike taak en sal die siele van hulle hand geëis word. Hulle is uitdelers van die verborgenhede van God en moet die sleutels van die koninkryk van die hemele hanteer. Hulle moet volgens die bevel van Christus, aan die gelowiges, aan almal saam en elkeen afsonderlik, verkondig en openlik betuig dat al hul sondes waaragtiglik ter wille van die verdienste van Christus hulle deur God vergewe is, so dikwels as hulle die belofte van die Evangelie met 'n ware geloof aanneem; en daarteenoor aan al die ongelowiges en aan dié wat hulle nie van harte bekeer nie, verkondig en betuig dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank as hulle hul nie bekeer nie (H. Kat. vr. 84).

Met die oog dáárop moet hulle die Skrifte ondersoek sodat hulle ou en nuwe dinge kan put uit die skat wat God aan sy Kerk gegee het. Daarom is die groot vraag nie of iemand baie gawes en talente het nie, maar of hy die suiwer goud uit die myn haal en die water van die lewe uit die fontein put. 'n Preek vol interessante en aktuele gedagtes is nog nie noodwendig bediening van die Woord nie.

Die Woord moet suiwer bedien word; leervryheid is die dood van 'n gesonde kerklike lewe. Dit is ook nie net genoeg wanneer bepaal word dat die Woord in 'n Kerk suiwer bedien *mag* word nie, nee, die Kerk moet die eis stel dat die Woord suiwer bedien *moet* word. As dit gebeur, geld die woord van Christus: Wie na julle luister, luister na My en wie julle verwerp, verwerp My. Dan sal die Heilige Gees ook die gepredikte Woord gebruik om die gelowiges te versterk in hulle geloof en die huigelaars te lei tot bekering, of hulle sal verhard word.

## 2. Die sakramente moet suiwer bedien word

Ook hier moet dit duidelik gestel word dat ons nie tevrede kan wees net deur te sê dat die sakramente suiwer bedien *mag* word nie, nee, hulle *moet* suiwer bedien word. Immers, die sakramente is heilige, sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël; naamlik dat Hy ons vanweë die enige offerande van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk (H. Kat. vr. 66). En die Heilige Gees *leer* ons in die Evangelie en *verseker* ons in die sakramente dat ons volkome saligheid gegrond is op die enige offerande van Christus, wat vir ons aan die kruis geskied het (vr. 67).

## 3. Die handhawing van die kerklike tug

Gods Woord eis dat die Kerk van die Here die tug moet uitoefen. (Eks. 22:20; Lev. 24:11-16; Matt. 16:18-19; Matt. 18:18; Rom. 16:19; 1 Korinthiërs 5:1 [?? 1 Kor. 5:11; Titus 3:10).

Sonder tug kan die Kerk nie bestaan nie. Tug behoort tot die *wese* van die Kerk en nie alleen tot die *welwese* daarvan nie. 'n Vrugteboom moet gesnoei word sodat die wilde en dooie takke verwyder kan word en die vrugte meer en beter kan wees.

Hierdie tug dra 'n mediese karakter, dit wil sê, dit dien om die sondaar onder die seën van die Here te behou en nie om hom te verdrywe nie. Dit gaan om die heil van die sondaar en van die gemeente. Tug is tot eer van God en gaan oor leer en lewe.

Die Heidelbergse Kategismus stel dit mooi in vr. 85: "Hoe word die hemelryk gesluit en geopen deur die Christelike ban? Só, dat, volgens die bevel van Christus, die wat onder die Christelike naam 'n on-Christelike leer of lewe openbaar, as hulle nadat hulle verskeie male broederlik vermaan is, van hul dwalinge of hul skandelike lewe geen afstand wil doen nie, by die gemeente of dié wat deur die gemeente daartoe verorden is, aangegee word; en, as hulle hul aan die vermaning nie steur nie, die sakramente hulle deur dié persone verbied word, en hulle uit die Christelike gemeente en deur God self uit die Ryk van Christus uitgesluit word, terwyl hulle wees as lede van Christus en van sy gemeente aangeneem word wanneer hulle waaragtige verbetering beloof en bewys."

Bogenoemde drie kenmerke is duidelik genoeg dat ons kan onderskei tussen die ware en die valse Kerk.

Ons Belydenis wys ook op die merktekens van die ware Christene sodat ons hulle van die huigelaars of geveinsdes kan onderskei. Ook hierdie merktekens is in ooreenstemming met wat die Skrif leer. Die merktekens van die Christene is die ware geloof in Christus en dat hulle die sonde haat en ontvlug, terwyl hulle in die weë van die Here wandel en die geregtigheid najaag. Paulus sê: Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is.

## G. DIE MERKTEKENS VAN DIE VALSE KERK

Ons Belydenis handel verder ook oor die merktekens van die valse Kerk. Dit is opmerklik dat dit nie handel oor die merktekens van diegene wat aan die valse Kerk behoort nie, en die rede is dat daar ook binne die valse Kerk ware kinders van God kan wees. Oor die persone wat aan die valse Kerk behoort, het die Reformatore nooit 'n oordeel uitgespreek nie. Dié wat buite is, oordeel God.

Die merktekens van die valse Kerk is, eerstens, dat dit aan sy eie verordeninge meer mag en gesag toeken as aan die Woord van God en hom aan die juk van Christus nie wil onderwerp nie. Verder bedien dit die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord verorden het nie, maar neem daarvan af en voeg daaraan toe na eie goeddunke. In plaas van die tug reg te gebruik, maak dit misbruik daarvan deur diegene te vervolg wat heilig lewe na die Woord van God en wat hom oor sy gebreke, gierigheid en afgodery bestraf.

## H. ONSUIWERHEID IN DIE KERK

Dit spreek vanself dat ons op aarde nie moet soek na 'n Kerk wat sonder enige vlek of rimpel is nie of dat ons ooit sodanige Kerk hier sal vind nie. Daar is geen Kerk wat enkel uit gelowiges bestaan of wat nie moet stry teen die inwonende sonde nie.

Wanneer die Belydenis handel oor die gebruik van die kerklike tug, wys dit op die sondes wat daardeur bestraf moet word en ook op die feit dat daar huigelaars in die Kerk gevind word wat nie in der waarheid daaraan behoort nie. Teen hierdie *onsuiwerheid* moet daar gestry word. Dit gebeur in die prediking van die Woord wanneer die sondes bestraf word, asook in die ander amptelike werksaamheid van die Kerk. Die onkruid moet gedurig uitgetrek word sodat dit nie die goeie saad versmoor en die toorn van God oor die hele gemeente ontsteek word nie.

Ons mag ook nooit ons rug op die Kerk draai omdat daar sondes en onsuiwerheid in gevind word nie. Die Kerk moet steeds gesuiwer word.

## I. DEFORMASIE IN DIE KERK

Iets heeltemal anders is die déformasie of verbastering in 'n Kerk. Wanneer ons 'n aantal dooie blare of takke aan 'n plant vind, praat ons van onsuiwerheid wat deur die snoeimes weggeneem kan word. Wanneer 'n plant egter verbaster het, kan dit nie met 'n snoeimes reggemaak word nie. So is daar 'n wesensverskil tussen 'n onsuiwer en 'n verbasterde Kerk.

Die verbastering in 'n Kerk kan op tweërlei maniere tot openbaring kom: Eerstens kan 'n Kerk openlik kant kies vir die verkeerde, vir die dwaling, sodat dit die dwaling offisieel vaslê soos gebeur het in die geval van die Roomse Kerk toe dit op die konsilie van Trente die dwaling kerklik geyk het teenoor die Hervorming. Dan is daar geen beroep op die Woord van God meer moontlik nie en het ons die dwaling in sy uiterste vorm.

Tweedens kan 'n gereformeerde Kerk die ampsdraers en lidmate vrylaat om te doen wat hulle wil: hulle kan die Woord suiwer bedien, maar hoef dit ook nie te doen nie. Indien daar dan reaksie kom op grond van die Woord van die Here, word die getroue gelowiges ten slotte uitgeban omdat hulle hul verset teen menslike insettinge.

In beide gevalle is reformasie die enigste weg tot herstel. Die Kerk moet aan Christus gehoorsaam wees. Indien dit nie die geval is nie, moet ons nie langer aan dié Kerk gehoorsaam wees nie. Daarom sê ons nie dat die Kerk altyd gereformeer moet word nie. Dit is slegs by déformasie nodig. Wel moet die Kerk altyd gesuiwer word.

'n Vraag wat in hier die verband na vore kom, is of ons mag spreek van 'n sekere pluriformiteit (veelvormigheid) van kerke. Dat daar wel 'n pluraliteit (veelheid) van kerke is, is 'n onloënbare feit. Ook in ons land is daar meer as een Kerk wat beweer dat dit dié Kerk is. Maar nou is die vraag: Is hier die pluraliteit (veelvuldigheid) ook 'n pluriformiteit (Veelvormigheid)? Sommige meen dat dit goed is dat daar so 'n veelvormigheid is, want daardeur kom 'n ryke verskeidenheid na vore. Ander is weer van mening dat hierdie veelvormigheid te betreur is; dit is 'n noodsaaklike euwel as gevolg van die sonde.

In ons Belydenis sê word hierdie pluriformiteit nie geleer nie. Die Westminster Confession spreek van meer en minder suiwer; die Nederlandse Geloofsbelydenis van waar en vals. Eersgenoemde gaan uit van die praktyk, laasgenoemde van die Woord van God. Die Nederlandse Geloofsbelydenis wil dat die Kerk in ooreenstemming met die suiwer Woord van God sal optree en alles verwerp wat daarmee in stryd is terwyl dit Christus as enigste Hoof erken.

Daarom het ons die roeping om te strewe na die eenheid van almal wat aan Christus alleen gehoorsaam wil wees. Hoe heerlik sal dit nie wees wanneer al die Kerke wat die drie Formuliere van Enigheid in ons vaderland as grondslag aanvaar – die Nederduitse Gereformeerde, Gereformeerde en Hervormde Kerke – kan verenig nie!

# XV DIE SAKRAMENTE

Ons Nederlandse Geloofsbelydenis handel in artikel 33 tot 35 oor die sakramente. Art. 33 oor die sakramente as sulks, art. 34 oor die heilige Doop en art. 35 oor die heilige Nagmaal.

In art. 33 staan: "Ons glo dat ons goeie God deur ag te gee op ons botheid en swakheid, vir ons die sakramente verorden het om aan ons sy beloftes te verseël en om pande te wees van die goed-willigheid en genade van God jeens ons en ook om ons geloof te voed en te onderhou. Hy het dit by die woord van die Evangelie gevoeg om des te beter aan ons uiterlike sinne voor te stel wat Hy ons te kenne gee deur sy Woord, sowel as wat Hy inwendig doen in ons harte, deur in ons vas en seker te maak die saligheid wat Hy ons meedeel. Want dit is sigbare waartekens en seëls van 'n inwendige en onsigbare saak deur middel waarvan God in ons werk deur die krag van die Heilige Gees. So is dan die tekens nie tevergeefs en ledig om ons te bedrieg nie, want hul waarheid is Jesus Christus, sonder wie hulle niks sou wees nie. Verder is ons tevrede met die getal van die sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons verorden het, wat nie meer as twee is nie, naamlik die sakrament van die Doop en van die Heilige Nagmaal van Jesus Christus."

In die Heidelbergse Kategismus word oor die sakramente gehandel in Sondag 25 – 30. In S. 25 oor die sakramente as sulks, in S. 26 – 27 oor die Heilige Doop en in S. 28 – 30 oor die heilige Nagmaal. In vr. 66 word gevra: Wat is Sakramente? En dan volg die mooi antwoord: Die sakramente is heilige en sigbare waartekens en seëls deur God ingestel om ons deur die gebruik daarvan die beloftes van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël; naamlik dat Hy ons vanweë die enige offerande van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk.

## A. DIE WESE VAN DIE SAKRAMENTE

In die naam sakrament vind ons die Latynse woord *sacrare,* om te heilig, 'n middel waarmee iets geheilig word. Die sakramente behoort tot die genademiddele. Ons behou hier die naam wat in die loop van die tyd burgerreg gekry het.

Die saak wat hier in die eerste plek van belang is, is die *in- stelling* van die sakramente deur Christus. As ons die saak hier reg beskou, sal hulle die regte plek in ons Kerklike lewe inneem. Ons wil naamlik waak teen 'n besondere sakramentsteologje waarin die Christelike sakrament agter die algemene sakrament of sakramentaliteit staan. Dit gaan by die sakramente nie om 'n aanraking met dinge uit die aardse werklikheid sodat die aardse werklikheid die dieper agtergrond vir ons sakramente word nie. Nee, God het die besondere sakramente gekies en Hy het hulle *ingestel.* Daarom het God die aardse element wat daarin is in Sy handelinge opgeneem en God het die tekens daargestel as 'n getuienis van Sy betroubare beloftes. Soms, soos in die geval van die doop en die besnydenis, het God bestaande gebruike geneem en in aansluiting daarby die sakramente vir Sy volk ingestel.

Hoofsaak is dus dat die sakramente *deur God ingestel is.* Hulle is nie die vrug van menslike vinding nie, maar kom uit die hand van die Here wat deur die sakramente iets aan ons wil sê en op die beloftes van die Evangelie wil wys.

In die geval van die Doop word aan ons gesê dat Christus hierdie uitwendige waterbad ingestel en daarby beloof het dat ek net so seker met sy bloed en gees gewas is van die onreinheid van my siel, dit is van al my sondes, as wat ek uitwendig gewas is met die water wat die onsuiwerheid van die liggaam wegneem (H. Kat. vr.

69).

By die Nagmaal bely ons dat Christus my en alle gelowiges beveel het om tot sy gedagtenis van hierdie gebreekte brood te eet en van hierdie drinkbeker te drink, en daarby ook beloof het: eerstelik, dat sy liggaam so seker vir my aan die kruis geoffer en gebreek en sy bloed vergiet is,as wat ek met die oë sien dat die brood van die Here vir my gebreek en die drinkbeker aan my meegedeel word; en ten tweede, dat Hy self my siel met sy gekruisigde liggaam en vergote bloed so seker tot die ewige lewe voed en laaf as wat ek die brood en die drink- beker van die Here – as gewisse waartekens van die liggaam en bloed van Christus – uit die hand van die dienaar ontvang en met die mond geniet (H. Kat. vr. 75).

Hieruit is dit dus duidelik dat ons by die sakramente moet let op die *tekens* en *seëls* wat God gegee het sowel op *die saak* wat *afgeteken en beseël* word.

## 1. Die tekens

Ons kan onderskeid maak tussen *natuurlike* en *ingestelde* tekens. Rook is 'n natuurlike teken van vuur, 'n lag van blydskap, en trane van droefheid en smart. Andersyds weer is treinsignale 'n ingestelde teken van 'n trein, 'n vuurtoring van gevaarpunte, 'n roukleed van smart ens.

Die sakramente is ingestelde tekens: Die Drie-enige God het hulle aan ons gegee en deur Christus, die Middelaar van die verbond, ingestel as tekens van die *genadeverbond.*

Die sakramente is ook *heilige* tekens. Die woord *sacer* be- teken heilig en wel in 'n positiewe en negatiewe sin: positief beteken dit dat hulle bestem is vir die diens van die Here; negatief dat hulle afgesonder is van die gewone gebruik.

Die klere van die priesters en die tempelvate was heilig. Wanneer 'n pottebakker vate gemaak het vir die tempeldiens, was hulle nie anders as dié wat vir gewone gebruik bestem was nie. En tog was hulle heilig omdat hulle nie vir die gewone alledaagse gebruik bestem was nie, maar vir die diens van die Here. Dit is ook die geval met die sakramente. Die water van die doop is doodgewone water en die brood en wyn van die nagmaal is ook gewone water en wyn, maar wanneer hierdie tekens vir die doop en nagmaal gebruik word, is hulle heilig – vir die Here se diens bestem.

Die sakramente is *sigbare* tekens. Daar is ook hoorbare tekens soos die gelui van 'n klok of die seine van 'n mishoring. Die sakramente egter is sigbaar omdat God daardeur die waarhede en beloftes van die Evangelie sigbaar aan ons wil voorstel. Ons woord "weet" staan in verband met die Latynse woord *videre* wat "sien" beteken. God wil die dinge aan ons laat sien en vir ons toon wat Christus vir ons gedoen het, wat ons weet deur die geloof.

## 2. Die seëls

In die Kategismus word die sakramente seëls genoem en die Ned. Geloofsbelydenis sê dat hulle dien om die beloftes van die Here aan ons te verseël. 'n Geskrewe dokument soos 'n testament word van 'n seël of stempel voorsien om die egtheid en geldigheid daarvan te waarborg. God het aan ons die Ou en Nuwe Testament gegee en die sakramente as seëls om die geldigheid van die beloftes daarin vervat vir ons te waarborg.

Calvyn sê: "Die seëls wat aan offisiële stukke geheg word, is op sigself niks nie; immers hulle sou tevergeefs daaraan geheg word as daar niks op die papier gestaan het nie; nietemin bevestig en verseël hulle dit wat geskrywe is, wanneer hulle by die

geskrifte gevoeg word."

Ook in Gods Woord is dikwels sprake van verseëling. Die graf van die Here is verseël, briewe word verseël, God ver- seël die boek van oordeel, die afgrond waarin Satan gewerp is; ook die gelowiges word verseël. Abraham het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof (Rom. 4:11). Paulus sê: Julle is die seël op my apostelskap in die Here" (1 Kor. 9:2). God het ons verseël en die Gees as onderpand in ons harte gegee. Ons is in Christus verseël met die Heilige Gees van die belofte (Efesiërs 1:13; 4:30).

Die beloftes van God het op hulleself geen seëls nodig nie. Maar God het om ons swakheid en kleingelowigheid ontwil hulle vir ons gegee. Sodoende word ons in ons geloof versterk dat hierdie beloftes vas en seker aan ons geskenk word.

### 3. Die betekende saak

Die sakramente beteken en verseël die beloftes van God in Christus. God het hulle ingestel om ons deur die gebruik die beloftes van die Evangelie des te beter te laat verstaan en te verseël, naamlik dat Hy ons vanweë die enige offerande van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk.

Jesus Christus is dus die betekende Saak van die sakramente. In Hom word hulle waarheid gewaarborg, want sonder Hom sou hulle geen betekenis hê nie. Daarom het die Here Jesus die teken selfs genoem met die woord wat wys op die betekende saak: Dit is My liggaam, dit is My bloed.

Dit gaan dus by ons doop en by die nagmaal om die volkome vergewing van al ons sondes en om die ewige lewe. Christus word aan ons meegedeel en ons is ryk in Hom. Ons leef deur die geloof en by die gebruik van die sakramente word dié geloof versterk.

## B. GODS WOORD EN DIE SAKRAMENTE

Gods Woord en die sakramente is die vernaamste genademiddele wat God wil gebruik om ons geloof te versterk. Daar is ook ander middele wat die Here hiervoor gebruik soos die gebed, die beproewinge in ons lewe en Sy leidinge met ons. Maar Woord en sakrament is die vernaamste.

Dit Woord is primêr en die sakramente sekondêr; die Woord is eerste en die belangrikste, die sakramente tweede. Hierteen het daar in die jongste tyd verset gekom: Sommige beweer dat Woord en sakrament gelykwaardig is en spreek verkeerdelik van 'n sogenaamde sakramentsgenade. Tog sê art. 33 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis dat ons goeie God deur ag te gee op ons botheid en swakheid, vir ons die sakramente verorden het.

Die sakramente is en bly tweede en wys op die absolute betroubaarheid van die eerste, die Woord. Gods beloftes uit Sy Woord word in en deur die sakramente as’t ware op 'n doek geskilder. Die sakramente is by die Woord gevoeg en hulle sou selfs geen betekenis hê sonder die Woord nie. Hierin word die sekondêre karakter van die sakramente openbaar dat hulle gerig is op die primêre Woord. Hulle is bygevoeg en hoort daarby, nie omdat die Woord ongenoegsaam of onduidelik is nie, maar omdat God ag gegee het op ons botheid en swakheid, dit wil sê, ter wille van die verdorwe en verkeerde insig wat ons as gevolg van ons sonde dikwels in die duidelikheid van die Evangelie het. Daarom wys die sakramente ons op die absolute betroubaarheid

van die Woord van God. Hoe groot is God se genade nie en hoe behoort ons Hom nie te dank en te verheerlik nie!

Die sakramente bewerk niks waaroor daar nie in die Woord gespreek word nie. Want die Heilige Gees leer ons in die Evangelie, en verseker ons deur die sakramente, dat ons volkome saligheid op die enigste offerande van Christus, wat vir ons aan die kruis plaasgevind het, berus.

Ons moet ook let op die *onderskeid tussen Woord en Sakrament.* Ons oor en oog is die twee poorte waardeur God kom om in ons harte te werk. Die duiwel gebruik ook hierdie twee poorte – hy moet altyd rekening hou *met,* en werk *deur,* die lewensverbande wat God daargestel het. Hy moet hom hou aan God se skeppersgawes, maar in plaas van dit te gebruik, misbruik hy dit. So misbruik hy die poort van ons ore met allerlei verderflike en sedelose boeke, gesprekke, opruiende nihilistiesetoesprake waardeur die harte van mense al meer verdorwe raak. Hy werk ook deur ons oë met die goddelose bioskoop, skouburg en pornografie om sodoende die harte van die mense te besoedel.

Nou werk God egter ook deur middel van Sy skeppingsgawes. Luther het die duiwel genoem die aap van God. Waar God byvoorbeeld 'n Kerk stig, bou Satan 'n kroeg of bioskoop. Die Heilige Gees werk ook deur die oog en die oor. Gods Woord word tot ons oor gerig; die sakramente tot ons oog.

Daar kom by dat die Woord deur die Heilige Gees gebruik word om die geloof in ons harte te werk. Die Woord wederbaar en vernuwe deur die werking van die Heilige Gees. Verder word ons geloof ook versterk deur die Woord. Ons moet Gods Woord daagliks lees en ware Skrifkenners wees. Dan word ons geloof gevoed en versterk.

Die sakramente bewerk nie die geloof nie, maar versterk dit net. Daarom is die Woord vir sowel gelowiges as ongelowiges, terwyl die sakramente slegs vir die gelowiges is. Beide moet die Evangelie hoor; die prediking en die werk van sending en evangelisasie is gerig tot beide gelowiges en ongelowiges. Die sakramente is slegs vir diegene wat bely dat hulle die beloftes van die Woord aanvaar het. Hieruit volg dat die Woord onmisbaar is vir ons saligheid, terwyl die sakramente nie onmisbaar is nie hoewel ons hulle ook nie nodeloos ongebruik mag laat nie.

Die Woord gee dus die analise, die ontleding, en die sakramente die sintese. Die Woord spreek steeds oor verskillende onderwerpe: oor skepping, sonde, verlossing, heiligmaking ens. Die sakramente wys egter steeds op een en dieselfde saak, te wete, op die volkome werk van die Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. Hulle wys op die volbragte werk van ons Here Jesus Christus. Die eenheid tussen Woord en Sakrament bestaan egter dáárin dat beide ons geloof wys op die volkome offerande van ons Here Jesus Christus wat eenmaal aan die kruis plaasgevind het as op die enigste grond en fondament van ons saligheid.

"Die sakramente werk niks waaroor daar in die Woord nie gespreek word nie. Daarom mag ons hulle nie van mekaar skei, soos sommige sektes wat die sakramente verag, en die Roomse wat hulle van die Woord los maak nie. Ook ons skei hulle egter van mekaar indien ons slegs na die prediking gaan luister of indien ons net ons kinders laat doop en nagmaal gebruik, maar nie gereeld kerk-toe gaan om na die prediking te luister nie. Ons moet die sakramente gebruik by en ná die bediening van die Woord.

## C. DIE GETAL SAKRAMENTE

God het twee sakramente ingestel. Onder die Ou Verbond was daar ook net twee:

die besnydenis en die pasga. Beide het met bloedvergieting gepaard gegaan omdat hulle 'n skaduwee was van die offer wat Christus sou bring. Daarom is beide tydens die Nuwe Bedéling in Christus vervul. Art. 34 van die Ned. Geloofsbelydenis sê: "Ons glo en bely dat Jesus Christus deur sy vergote bloed 'n einde gemaak het aan al die ander bloedvergieting wat 'n mens sou kan of wil doen tot versoening en voldoening van die sondes."

Besnydenis en pasga het dus hul taak vervul. Die doop het in die plek van die besnydenis gekom (Kol. 2:11, 12). Die Nagmaal het in die plek van die paasfees gekom. Christus het in die nag waarin Hy verraai is, die laaste paasfees gevier en tewens die heilige nagmaal ingestel. Ons Belydenis sê in art. 33: "Verder is ons tevrede met die getal van die sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons verorden het, wat nie meer as twee is nie, naamlik die sakrament van die Doop en van die Heilige Nagmaal van Jesus Christus."

Hiermee neem die Belydenis standpunt in teen die Roomse Kerk wat nie die gesag van die Heilige Skrif laat geld nie, maar die uitsprake van die Kerk. Volgens hierdie Kerk moet die mense op elke tree van hul lewenspad van die wieg tot by die graf sakramenteel geseën word. Hulle meen dat die lig van die kerklike tradisie oor die Skrif skyn. Hulle het die volgende sewe sakramente:

1. ***Die Heilige Doop****.* Dit moet onmiddellik na die geboorte plaasvind. Wanneer die moontlikheid bestaan dat 'n kind sal sterwe voordat 'n priester hom kan doop, moet die geneesheer of verpleegster of enig iemand anders die nood-doop bedien. Die doop neem die skuld en die smet van die sonde weg en stort die beginsel van die heiligheid in die siel uit. Hierdie doopsgenade kan die dopeling later weer verloor.

**2.** ***Die vormsel*** *bestaan in handoplegging en salwing deur die priester. Dit is nodig vir wasdom in die geloof sodat die gedooptes die krag ontvang om die genade wat hulle by die doop ontvang het, te bewaar en in die geloof standvastig te bely.*

**3.** ***Die Eucharistie,*** *of nagmaal, dien om die geloof te voed. Rome leer dat die brood en wyn verander in die liggaam en bloed van die Here. Die priester gebruik die wyn en die lidmate ontvang alleen die ouwel wat die brood voorstel.*

**4.** ***Die bieg*** *dien tot genesing. Die boeteling moet berou hê, sy skuld bely en bereid wees om met tydelike strawwe te boet. Na die bieg vergewe die priester hom in die Naam van God sy sondes.*

**5.** ***Die laaste oliesel*** *vind by die sterwe plaas as voorbereiding vir die ewige glorie. Wanneer 'n sieke in lewensgevaar verkeer en op sterwe is, kom die priester om vir hom die sakrament van die sterwendes toe te dien. Die sieke word gesalf en sy sondes word hom vergewe. Rome doen hier 'n beroep op Jakobus 5:14. Maar Jakobus het hier die gebed tot genesing van die siekes in die oog terwyl Rome hierdie sakrament toedien tot voorbereiding vir die dood.*

**6.** ***Die huwelik*** *word ook as 'n sakrament beskou omdat bruid en bruidegom daardeur besondere genade ontvang om in die liefde te volhard en hul kinders op te voed in die ware godsdiens.*

**7.** ***Die priesterwyding****. Hierdeur kry die priester die mag om sondes te vergewe en alles te doen wat hy vir sy roeping nodig het.*

As ons na hierdie groot getal sakramente kyk, skyn dit asof Rome baie van die sakramente dink, maar feit is dat Rome die sakramente onderskat. Hier is geen rykdom nie, maar juis armoede. Dit is nie die *aantal* sakramente wat beslis nie, maar die instelling van Christus. Ons is tevrede met die getal sakramente wat Christus, ons Meester, vir ons verorden het, wat nie meer as twee is nie.

## D. DIE WERKING VAN DIE SAKRAMENTE

Die Roomse opvatting verskil ook hier van ons s'n. Rome leer dat die sigbare teken die onsigbare genade in hom opgeneem het sodat die sakrament uit eie krag werk (ex opere operato). Die sakrament bewerk dus die genade in elkeen wat dit gebruik solank so 'n persoon hom nie opsetlik verhard of 'n positiewe hindernis in die weg lê nie. Die sakrament oefen die krag uit as gevolg van die lyding van Christus. Die volle nadruk word net daarop gelê dat die persoon wat die sakrament gebruik, geen hindernis in die weg moet lê om die genade te ontvang nie. (Non obicem ponere). Wel sê Rome dat geloof nodig is, maar verstaan dan daaronder bloot 'n historiese geloof, 'n toestemming van wat die Kerk leer en nie noodwendig die ware persoonlike geloof nie.

Hierdie gedagte dat die sakramente uit die krag, ex opere operato, werk, is deur die Reformatore bestry; as ook die idee dat al wat die persoon wat die sakrament ontvang, moet doen, dáárin bestaan dat hy geen hindernis in die weg moet lê nie. Hulle, en ook ons, wil nie weet van 'n spesifieke *sakramentele genade,* maar aan die ander kant ook nie van blote *skyn-sakramente* nie.

Die sakrament skenk geen enkele weldaad wat nie uit Gods Woord deur die geloof ontvang word nie. Die sakramente is heilige en sigbare tekens en seëls wat God ingestel het waardeur Hy die beloftes en weldade van die genadeverbond aan die gelowiges des te beter laat verstaan en verseël, terwyl hulle van hulle kant voor engele en mense hulle geloof en liefde bely en bevestig. Die sakrament is dus aan die Woord ondergeskik en dien tot versterking van ons geloof. Wanneer 'n ongelowige of huigelaar dit ontvang en nie glo nie, sal dit vir hom tot 'n vloek wees. Maar die gelowige sal 'n ryke seën ontvang en in sy geloof versterk word tot eer van die Naam van God.

# XVI DIE HEILIGE DOOP

## A. DIE BETEKENIS VAN DIE HEILIGE DOOP

Baie van ons lidmate verstaan baie min van die waarde en betekenis van die doop, waaroor treffend gehandel word in artikel 34 van die Ned. Geloofsbelydenis en in Sondag 26 en 27 van die H. Kategismus. Almal wil graag hê dat hul kinders gedoop moet word, maar besef nie dat dit 'n teken en seël is van die genadeverbond nie; 'n merkteken van Christus. 'n Herder merk sy skape; net so merk die goeie Herder sy skape deur die doop.

Die doop is ook 'n veldteken waardeur te kenne gegee word dat ons Koning ons roep tot die stryd. Daarom staan daar in die Belydenis: Hierdie doop is nie alleen nuttig solank as die water op ons is en ons dit ontvang nie, maar ook die ganse tyd van ons lewe. Tot in die gryse ouderdom toe is die doop vir die gelowige tot ryke seën omdat dit hom steeds verseker dat die enige offerande van Christus wat aan die kruis geskied het, hom ten goede kom. (H.K. vr. 69). Aan die ander kant is die doop vir diegene wat volhard in hul ongeloof tot 'n vloek en 'n veroordeling.

Daarom moet ons die betekenis van ons doop gelowig toeëien. Die doop wys ons op ons skuld en sonde, maar ook op die rykdom wat ons in Christus besit. Christus het die doop ingestel. In Hom is die seremoniële wet vervul en daarom het Hy aan alle bloedstorting met die oog op die vergiffenis van sonde 'n einde gemaak. Hy het Homself gegee as die Hoëpriester volgens die ordening van Melgisédek en Homself geoffer tot volkome vergiffenis van ons sonde. Hy is Hoëpriester en offer tegelyk, en wanneer Hy die offer gebring het, skeur die voorhangsel van die tempel middeldeur as bewys daarvan dat die Ou-Testamentiese seremoniële diens vervul is en Melgisédek (Christus) die plek van Levi ingeneem het. Wie daarna nog offerande en bloedstorting en die besnydenis wil behou, verloën die enige offerande van Christus (Kol. 2:16, 17).

## B. DIE DOOP VERVANG DIE BESNYDENIS

Christus het die doop in die plek van die besnydenis ingestel. Die besnydenis het met bloedstorting gepaard gegaan. Sippora het na die besnydenis van haar seun, vir Moses bestempel as, 'n bloedbruidegom (Eks. 4:26). Oor die instelling van die besnydenis lees ons in Genesis 17:10-14. (Gen. 17:10-14) Almal wat manlik is, moes besny word: ,,’n Seuntjie van agt dae dan moet onder julle besny word, al wat manlik is in julle geslagte." Ook by ander volkere het die besnydenis voorgekom, soms selfs by vroue, maar dit was meesal om higiëniese redes. In die geval van die volk Israel was dit egter 'n teken van die verbond van God. Christus het Hom onder die Wet gestel en is daarom ook besny.

Hierdie besnydenis wat met bloedstorting gepaard gaan, het Christus afgeskaf en in die plek daarvan die doop ingestel. Dit blyk uit Kolossense 2:11, 12: "In Wie (d.i. Christus) julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van Hom wat God opgewek het uit die dode." Met ander woorde, ons het die inhoud van die besnydenis ontvang deur die doop. Dat die besnydenis deur die doop afgeskaf is, blyk uit Gal. 5:2-4:As julle jul laat besny, sal Christus vir julle tot geen nut wees nie.

Deur die doop word ons in die Kerk van die Here ingelyf. Die kinders moet as lidmate

van Sy gemeente gedoop word. Daardeur word hulle afgesonder van ander volkere en valse godsdienste, omdat die doop skeiding teweegbring tussen Gods volk en die wêreld. As gedoopte mense behoort ons aan die Here om Hom alleen te dien en vir Sy saak te stry.

Vantevore het daar reeds die *Proselietedoop* bestaan, waardeur die sogenaamde Jodegenote gedoop is. Daar was enersyds die proseliete van die geregtigheid, wat in alle opsigte Jood kon word en ook besny is. Dan was daar die proseliete van die poort wat slegs in die sinagoge kon meeleef. Al hierdie proseliete moes gedoop word as teken van die afwassing van hul heidense sondes voordat hulle in Israel ingelyf kon word. Hierdie doop was dus nie vir Jode bedoel nie, maar alleen vir heidene wat proseliete van die Joodse godsdiens geword het. Dan kom Johannes egter en sê aan die Jode dat ook hulle gedoop moes word voor hulle in die Koninkryk van God kon ingaan.

Die doop van Johannes is deur God ingestel, dra 'n voorbereidende karakter en is in die doop van Christus vervul. Later, nadat Christus reeds die doop ingestel het, het sommige misbruik gemaak van die doop van Johannes (Handelinge 19:1-7).

## C. DIE DOOP IS DEUR CHRISTUS INGESTEL

Christus het die doop ingestel toe Hy kort voor sy hemelvaart vir die dissipels gesê het: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt. 28:19). Hy het ook gesê: "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word" (Markus 16:16). Die geloof tot saligheid en die doop hang dus saam. As iemand wat gedoop is egter nie glo nie, sal hy verdoem word. Ons moet nie dink dat alle gedoopte mense gered word nie; dit sal vreeslik wees om met 'n gedoopte voorhoof verlore te gaan.

Die doop geskied in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, dit wil sê, in gemeenskap met die Drie-enige God.

Oorspronklik het die doop deur onderdompeling geskied; die dopeling moes eers onder die water ingaan en daarna opkom uit die water. Dit sien daarop dat die gelowige saam met Christus gesterwe het en begrawe is en ook saam met Christus opgewek word tot die lewe. Paulus spreek hieroor in Rom. 6:3-4:"Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel" Die doop wys dus op ons regverdigmaking deur die geloof, omdat die bloed van Christus ons reinig van al ons skuld; dit wys ook op ons heiligmaking omdat ons met Christus opgewek word tot 'n nuwe lewe.

Later het in die plek van die doop deur onderdompeling gekom die doop deur besprenkeling met rein water. In Heb. 12:24 staan dat die bloed van die *besprenkeling* van beter dinge spreek as Abel. Petrus spreek ook van besprenkeling met die bloed van Jesus Christus (1 Petrus 1:2). Die besprenkeling by die doop moet egter so geskied dat die idee van afwassing nie heeltemal verdwyn nie.

Die doop geskied net eenmaal omdat ons ook maar eenmaal gebore is. Dan is die doop van betekenis vir ons hele lewe. Ons doop ook nie iemand op grond van sy veronderstelde wedergeboorte nie, maar op grond van God se genadeverbond. Daarom moet ons die beloftes wat deur die doop afgeteken en beseël is gelowig aanvaar sodat die doop nie eenmaal teen ons getuig nie.

## D. DIE KINDERDOOP

Die kinderdoop word bestry deur die Wederdopers en Baptiste. Eersgenoemde sê dat as iemand klein gedoop is, hy weer gedoop moet word – vandaar die naam Wederdopers. Ook Prof. dr. Karl Barth het die kinderdoop bestry omdat hy geen oog het vir die genadeverbond in die egte, skriftuurlike sin van die woord nie. Vir hom is die doop hoogstens 'n kerklike opdra van die kind, omdat, so beweer hy, 'n mens nie kan spreek van kinders van gelowiges in onderskeiding van kinders van ongelowiges nie.

Gods Woord leer egter vir ons dat ook die kinders gedoop moet word, want in die doop word aan ons op aanskoulike wyse voorgestel wat Christus ook vir die kinders gedoen het. Ook hulle moet deur Sy bloed van hulle sondes gereinig word. Ons Geloofsbelydenis verwys in hierdie verband na die reinigingsoffer wat die ou Jode kort na die geboorte van 'n kindjie sowel vir 'n seun as vir 'n dogter moes bring (Levitikus 12). Die lam wat so gebring moes word, was 'n sakramentele teken van Christus, die Lam van God. Daarom is dit geen wonder nie dat waar daar in die Ou Bedeling sowel vir 'n seun as vir 'n dogter dié offerande gebring moes word, in die Nuwe Bedeling die doop ook aan sowel seuns as dogters gebring moet word. Dit is des te meer die geval omdat die doop in die plek van die besnydenis gekom het en omdat die doop genoem word: die besnydenis van Christus (Kol. 2:11, 12).

Die groot vraag in hierdie verband is: Wat leer Gods Woord oor die wese van die Kerk van die Here? As die Kerk 'n godsdienstige vereniging is, mag die kinders nie gedoop word nie. Immers, om lid van 'n vereniging te kan word, moet 'n mens volwasse wees. Dan sou Christus die Voorsitter van hierdie vereniging wees. Maar dit is nie die geval nie; Christus is die Koning van Sy verbondsvolk en daar is geen enkele koning wat slegs volwassenes tot onderdane het nie. Aan enige volk behoort ook kinders en dit is ook die geval met die volk van God. Daar behoort ook kinders aan die Kerk, al mag dit dan gebeur dat sommige van hulle later sal sê: Ons wil nie vir *Jesus* as Koning oor ons erken nie. Christus het Self gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele.

Die kinders behoort aan die genadeverbond; en al die kinders van die gelowiges is in die verbond en in die Kerk van die Here ingesluit tensy hulle hulself uitsluit. Daarom praat ons nie van 'n uitwendige en van 'n inwendige verbond, van 'n Kerk binne die Kerk nie, asof die inwendige vir enkeles en die uitwendige vir almal is nie. Dan beteken dit dat die doop vir sommige 'n skyndoop is. Wanneer ons in die verbond van God is, sal ons of die seëninge daarvan ontvang deur die ware geloof, of ons sal die vloek ontvang omdat ons in ongeloof die beloftes van God verwerp het. As gedoopte mense is en bly ons verantwoordelik; ons moet die beloftes van God gelowig aanvaar en indien ons dit nie doen nie, is ons doop tot 'n oordeel vir ons.

Die beloftes van die genadeverbond kom ook aan die kinders toe en as hulle dan nie gedoop moes word nie, sou Christus dit seker uitdruklik verbied het. Daarteenoor leer die Skrif ons dat hele gesinne gedoop is; dié van Cornelius, van Lydia, van die tronkbewaarder in Filippi. Wie sal beweer dat daar geen kinders in die gesinne was nie?

Die kinders van die gelowiges is in Christus geheilig, nie van nature nie, maar kragtens die genadeverbond en dus as kinders van die verbond (Dordtse Leerreëls I, 17). Om in Christus geheilig te wees, beteken nie alleen dat hulle uitwendig geheilig (vir God afgesonder) is nie, maar ook inwendig – positief *vir* God en sy diens en

negatief *van* die wêreld en die sonde.

So word die kinders van die gelowiges dan onderskei van die kinders van die wêreld. Die sondvloed en die deurgang deur die Rooi see was tipes van die doop. Ook toé is die volk van God afgeskei van die wêreld. Weliswaar was Gam by die gelowige Noag en is daar nou nog huigelaars in die Kerk en onder die gedoopte mense, maar hulle doop is vir hulle tot 'n oordeel.

In die lig van dit alles, verstaan ons die antwoord van die Kategismus op die vraag: Moet die jong kinders ook gedoop word? Ja, want aangesien hulle net so goed as die volwassenes in die verbond van God en in sy gemeente ingesluit is, en aan hulle nie minder as aan die volwassenes nie, deur die bloed van Christus beloof word die verlossing van sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, daarom moet hulle ook deur die doop, as teken van die verbond, in die Christelike Kerk ingelyf en van die kinders van die ongelowiges onderskei word, soos dit gedoen is in die Ou Verbond of Testament deur die besnydenis, waarvoor in die Nuwe Verbond die doop ingestel is (vr. 74).

Die kinders van die gelowiges is verbondskinders. Hulle moet gedoop word, want hulle behoort aan die genadeverbond; hulle ontvang die beloftes van die verbond en moet in die weg van die verbond wandel. Hulle sowel as die volwassenes is in die verbond van God en in sy gemeente inbegrepe. Hulle is die saad van die gemeente. Die beloftes van die genadeverbond is nie alleen aan sommige, maar aan al die kinders van die gemeente toegesê. Aan hulle word die verlossing van sonde deur die bloed van Christus en die Heilige Gees, wat die geloof werk, belowe net soos aan die volwassenes. Die Here sê in Sy Woord aan sy volk: Ek sal vir jou 'n God wees en vir jou nageslag na jou (Gen. 17:7) en die belofte kom julle toe en julle kinders (Handelinge 2:39).

Hierdie belofte-verhouding word deur God en sy Woord aan ons gestel en in die doop aan ons verseël. Die kinders van die gelowiges is van nature kinders van die toorn wat in die ryk van God nie kan kom nie tensy hulle weer gebore word. In die doop ontvang hulle egter die heerlike belofte dat hulle in Christus weer tot genade aangeneem word.

Indien 'n kind van gelowige ouers vroeg te sterwe kom, kan hulle ryklik getroos wees. Ons bely: "Aangesien ons oor die wil van God moet oordeel uit sy Woord wat getuig dat die kinders van die gelowiges heilig is, nie van nature nie, maar kragtens die genadeverbond waarin hulle saam met hul ouers opgeneem is, daarom moet godsalige ouers nie twyfel aan die uitverkiesing en saligheid van hul kinders wat God in hul kinderjare uit hierdie lewe wegneem nie" (Dordtse Leerreëls I, 17).

Wanneer die kinders opgroei, het die ouers die taak om vir hulle te bid en saam met hulle op grond van die heerlike beloftes wat God in sy Woord gegee en in die doop verseël het, te pleit dat dié beloftes aan hulle vervul moet word. Ook moet die kinders self werksaam wees met hul doop.

In ons Geloofsbelydenis staan: Hierdie doop is nie alleen nuttig solank as die water op ons is en ons dit ontvang nie, maar ook die ganse tyd van ons lewe. Die Kategismus vra: "Hoe word j*y* in die Heilige Doop daarop gewys en daarvan verseker dat die enige offerande van Christus wat aan die kruis geskied het, *jou ten goede kom?"* Ons moet die betekenis van ons doop gelowig aanvaar. Ons moet werksaam wees met die beloftes van die Here wat aan ons beteken en verseël is sodat die Here langs die weg van geloof en bekering ons met blydskap laat deel in die vervulling van die verbondsbeloftes.

Wie ontrou is en die doop versmaad, word straks buite gewerp. Die doop sal teen

hom getuig en vir hom 'n reuk van die dood wees. Sy oordeel sal swaarder wees as dié van iemand wat buite die genadeverbond gestaan het.

Laat ons dan pleit op grond van die beloftes van die Here onse God. Hy is die waaragtige en getroue Verbondsgod wat sy beloftes sal vervul om Sy Naam ontwil.

# XVII DIE HEILIGE NAGMAAL

## A. DIE INSTELLING DEUR CHRISTUS

Oor die nagmaal word gehandel in Sondag 28, 29 en 30 van die H. Kategismus en in artikel 35 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Christus het die nagmaal *ingestel;* en Hy het dit gedoen in die nag waarin Hy verraai is, net voordat Hy as Lam geslag sou word. Toe het Hy in sy groot liefde aan sy Kerk gedink, daar in die, waarskynlik die huis van Maria, die moeder van Johannes Markus, die suster van Barnabas (Hand. 12: 12). Levi, want hierdie gesin was uit die stam van Levi (Hand. 4:36), sal die laaste paasmaaltyd gereed maak nou dat die Hoëpriester volgens die ordening van Melgisédek die Nagmaal gaan instel. Christus vier eers die laaste pasga en stel dán die nagmaal in sodat hier, in hierdie paassaal, die Ou-Testamentiese en die Nuwe-Testamentiese lyn van die genadeverbond saamkom.

Want Christus is ons Pasga wat vir ons geslag is (1 Kor. 5:7). Nou gaan die eersgeborene van die Vader sterwe. En nadat Christus die Pasga gevier het, neem Hy by die derde beker die brood en wyn en stel Hy die heilige Nagmaal in. (Sien ook Gal. 1:11; 1 Korinthe 11:23]).

Soos die blom uit die knop kom, so het die Nagmaal uit die pasga voortgekom. Want Christus is die Lam van God en ons Pasga.

Die nagmaalviering is heel eenvoudig; ons gebruik 'n gewone tafel met brood en wyn. Die brood word gebreek, want Christus het Sy liggaam vir ons aan die kruis gegee in die dood. Die wyn word in die beker geskink, want Christus het sy bloed vir ons vergiet. Hy het vir ons geword tot 'n spys en drank van die ewige lewe. Christus het Homself vergelyk met die koringkorrel wat in die grond val en sterwe en vrugte dra. Dit is Hy vir die syne. Hy is die ware Wynstok en hulle die ranke. Hy is verbrysel en gepers soos die graan wat gemaal en die druiwe wat gepars word. En so het Hy alles vir ons volbring.

Die Here Jesus het ons ook verseker dat die nagmaalstafels gereed gemaak sal word tot die dag van sy wederkoms. Hy het beveel dat die Kerk dit moet doen totdat Hy weer kom. Ons word net eenmaal gedoop, maar vier op gereëlde tye (vier- tot sesmaal per jaar) die nagmaal.

Christus het vir my en alle gelowiges beveel om tot Sy gedagtenis van die gebreekte brood te eet en van die drinkbeker te drink tot Sy nagedagtenis. Daarby het Hy aan ons Sy beloftes gegee. Hy verseker ons dat net so seker as wat die brood voor my oë gebreek word en ek van die drinkbeker drink, sy liggaam aan die kruis vir my geoffer en sy bloed vir my vergiet is. Hy is self die Gasheer wat ons siele spysig en laaf tot die ewige lewe. Hy het Self gesê dat ons sy vlees moet eet en sy bloed moet drink. En Hy beloof dat Hy Self my siel met sy gekruisigde liggaam en vergote bloed tot die ewige lewe spysig en laaf net so seker as wat ek die brood en die drinkbeker uit die hand van die bedienaar ontvang en dit met die mond eet en drink.

Die gelowige word deur die Heilige Gees aan die Nagmaalstafel versterk in sy geloof. Die ongelowige en die huigelaar eet en drink 'n oordeel oor homself, en, tensy hy hom bekeer, loop dit uit op die oordeel in die jongste dag. Want die nagmaal is 'n reuk van die lewe tot die lewe of 'n reuk van die dood tot die dood. Die goddelose ontvang nie die waarheid van die sakrament nie.

Die nagmaal moet gevier word as die gemeente saamkom en nie by ander geleenthede soos met 'n godsdienstige konferensie nie. Die nagmaal kan alleen

gevier word wanneer die kerkraad teenwoordig is sodat ons ons geloof kan bely en die lyding en sterwe van ons Here Jesus herdenk.

## B. DIE BETEKENIS VAN DIE HEILIGE NAGMAAL

Om die nagmaal reg te kan vier, moet ons goed verstaan wat die betekenis daarvan is. Ons wys op vier sake:

### 1. Wat vir ons gedoen is

Die nagmaal wys op die werk wat Christus vir ons deur sy kruisdood gedoen het. Dit is aanskoulike onderwys wat herinner aan die verbreking van Christus se liggaam en die vergieting van sy bloed vir ons. Hy het Hom vir ons in die dood gegee.

### 2. Wat deur ons gedoen word

Die nagmaalsviering is met bogaande nie afgeloop nie. Die brood word aan die gelowiges gegee wat dit neem en eet. Dit het 'n ryke betekenis: Ons moet so ook met die hand van die geloof *neem* en met die mond van die geloof *eet* die liggaam van Christus. Dan word die beker ook aan ons gegee, ons neem dit en drink die wyn met ons mond. So moet ons die bloed van Christus deur die geloof aanneem en dit drink. Dit beteken dat ons die werk van Christus vir ons toeëien; dat ons met 'n gelowige hart die ganse lyding en sterwe van Christus aanneem. Ook kan ons hier kragtens die amp van die gelowiges werksaam wees deurdat ons die brood en wyn vir mekaar aangee.

### 3. Wat in ons plaasvind

Wanneer ons eet en drink, vind daar ook iets in ons plaas. Brood en wyn word een met ons liggaam en bloed; wanneer 'n mens eet en drink, word hy deur die voedsel en drank versterk en opgebou. God het hierdie innige verband tussen voedsel en drank aan die een kant en ons lewe aan die ander kant gewil.

Net so gebeur daar ook iets in ons wanneer ons die nagmaal gelowig eet en drink. Deur die werking van die Heilige Gees word ons al meer een met Christus. Soos Paulus dit stel: "Ek leef nie meer nie, want Christus leef in my." Daarom sê die Kategismus so mooi dat ons deur die Heilige Gees wat in Christus en in óns woon, op so 'n wyse met Sy heilige liggaam hoe langer hoe meer verenig word, dat ons, al is Christus in die hemel en ons op die aarde, nogtans vlees van sy vlees en been van sy been is. Sodoende kry Christus gestalte in ons.

### 4. Wat onderling plaasvind

Christus versterk deur die nagmaal ook die gemeenskap van die heiliges; daar sien ons die eenheid van die Kerk, die huisgesin van die Here. Van die eenheid van 'n aardse huisgesin word in die loop van die dag baie weinig gesien, maar as die gesin in die aand saam aan tafel aansit, kom die eenheid weer tot uitdrukking.

So kom die gemeenskap van die heiliges ook tot uitdrukking aan die nagmaalstafel. Daar is ons as broeders en susters by mekaar: rykes en armes, eenvoudiges en geleerdes, ouers en kinders sit saam aan een tafel aan. So word die gemeenskap van die heiliges beoefen en versterk. Ons word deur een Gees geregeer en lewe vir ewig deur Hom. Want soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word en uit baie druiwekorrels een wyn en drank vloei en tot een vermeng word, so sal ons almal wat deur die waaragtige geloof in Christus ingelyf is, om broederlike liefde om Christus ons liewe Saligmaker ontwille wat ons tevore so uitnemend liefgehad het, almal saam een liggaam wees en dit nie alleen met woorde nie, maar ook met die daad teenoor mekaar bewys.

So word ons geloof deur die nagmaal dan versterk omdat ons geniet van wat God aan ons gegee het.

## C. GELOWIGE SELFONDERSOEK

Die nagmaal moet gevier word ná regte en gelowige selfondersoek.

Sommige het baie probleme in verband met hierdie saak. Die Kategismus lei ons op die regte spoor as dit heenwys na die drie kenmerke van sonde, verlossing en dankbaarheid. Ons moet allereers ons sonde en ellende ken en wel op so 'n wyse dat ons onsself vanweë ons sonde mishaag en besef dat ons buite Christus heeltemal verlore is. Wie homself mishaag vanweë sy sonde, het behae in Christus wat die straf van ons sonde gedra en die skuld versoen het. Hoe beter ons ons sonde besef, hoe dierbaarder word Christus vir ons. Dan gaan ons met ons skuld en sonde na die Saligmaker toe en vertrou ons dat al ons sonde om Christus ontwil vergewe is en dat Hy ook die oorblywende swakheid met sy lyding en sterwe bedek het.

Ten tweede moet elkeen sy hart ondersoek of hy ook hierdie gewisse belofte van God glo dat al sy sondes hom alleen ter wille van die lyding en sterwe van Jesus Christus vergewe is.

Ten derde moet elkeen sy gewete ondersoek of hy ook gesind is om voortaan met sy ganse lewe ware dankbaarheid jeens God, die Here, te bewys. Ondankbaarheid is iets heel erg. Ons kom juis na die nagmaal om versterk te word in ons geloof sodat ons die sonde kan weerstaan en om 'n dankbare lewe te lei.

Diegene wat met hierdie gesindheid kom, sal deur Gods genade 'n geseënde nagmaal vier en ondervind dat die beloftes van God in Christus waaragtig is.

Dan is daar ook die *keersy:* "Wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself." Ook die gelowiges kan, wanneer hulle in sekere sondes volhard, 'n tydelike oordeel oor hulleself eet en drink – nie *die* oordeel nie, maar *'n* oordeel. Paulus sê dat daar baie sieklikes en swakkes is, omdat hulle nie op die regte wyse nagmaal gevier het nie. Die huigelaars wat hulle nie in opregtheid tot God bekeer nie, maar in sonde volhard, eet en drink die oordeel van God oor hulle. Hulle is wel in die Kerk, maar nie van die Kerk nie en behoort nie aan die tafel van die Here aan te sit nie. Hulle verag die genadeverbond en sal in hulle sonde verhard word. Want elkeen wat aan die nagmaalstafel aansit, neem iets mee, hetsy seën, hetsy vervloeking, geloofsversterking of oordeel.

## D. VERSKILLENDE OPVATTINGE OOR DIE NAGMAAL

Tydens die Reformasie is daar heftig stryd gevoer oor die betekenis van die heilige nagmaal. Feitlik het dit gegaan om die betekenis van die een woordjie *is:* dit *is* My liggaam, en: dit *is* My bloed. Hierdie woordjie kan verskillende betekenisse hê. Wanneer ek 'n portret van die president het, kan ek sê: "Dit *is* die president." By die bruilof te Kana kon van die water wat in wyn verander is, gesê word: Dit *is* wyn. Wanneer ek 'n tienrandnoot het, kan ek sê: dit *is* tien rand. So word nou ook t.o.v. die nagmaal gevra: wat beteken die woordjie *is* in die instellingswoorde van die Here: "dit *is* My liggaam." Ons let op die verskillende opvattinge:

### 1. Die Roomse Kerk leer die transsubstansiasie

Volgens hierdie Kerk moet ons die woordjie *is* letterlik verstaan. Soos die water in wyn verander het te Kana, so verander die brood en wyn in die liggaam en bloed van die Here. Dit wil sê, daar vind 'n wesensverandering plaas. As daar dan op gewys word dat die smaak en die kleur van die brood en wyn nie verander nie, sê Rome dat die eienskappe wel nie verander nie, maar die wese.

Hierdie leer van die transubstansiasie (verandering van die wese) het in die Roomse Kerk gelei tot die afgodery van die mis. Rome het behalwe die nagmaal (kommunie), waar die priester alleen die wyn gebruik en die gemeente net die brood (ouwel) ontvang, ook die Mis. Dit bestaan uit offerande en aanbidding. Christus sou dan op onbloedige wyse deur die priesters geoffer word, omdat die brood en wyn in Sy liggaam en bloed verander. Hierdie brood en wyn (hostie genoem) word aan die gemeente getoon en dié val dan in aanbidding neer.

Ons dink aan die *enige* offerande van Christus aan die kruis en aanbid Hom wat aan die regterhand van die Vader is.

### 2. Luther leer die consubstansiasie

Luther het nie geheel en al met die Roomse nagmaal-beskouing gebreek nie. Volgens hom verander die brood en wyn wel nie in die liggaam en bloed van die Here nie, maar die liggaam en bloed *is* daarin. Christus is *in, met* en *onder* die tekens liggaamlik teenwoordig. Soos die water in die spons, die warmte in die yster, die sout in die brood is, so sê Luther, is die liggaam en bloed in die brood en wyn.

Dit hang ten nouste saam met die beskouing van Luther dat die eienskappe van Christus se goddelike natuur aan die menslike natuur meegedeel is. Dus is Christus ook na sy menslike natuur alomteenwoordig en kan sy liggaam en bloed in die nagmaal teenwoordig wees.

Dit is egter duidelik dat Christus nie liggaamlik in die nagmaal teenwoordig is nie.

### 3. Zwingli leer die figurasie

Uit reaksie teen Rome het hy te ver gegaan en gesê dat 'n mens die woordjie *is* heel gewoon moet opvat en in die nagmaal slegs 'n gedagtenismaal moet sien. Soos ons dan op ons verjaardag ons geboortedag herdenk, so herdenk die Kerk by die nagmaal slegs die lyding en sterwe van die Here. Alleen die gelowiges doen dan iets, maar Christus doen niks besonders nie. Sodoende ontneem Zwingli aan die nagmaal die sakramentele betekenis daarvan. Hier het ons 'n oppervlakkigheid wat ook in vrysinnige kringe aangetref word.

### 4. Calvyn leer die sakramentele betekenis van die Nagmaal

Calvyn leer dat die brood en wyn *tekens,* maar ook *seëls is* van die liggaam en bloed van die Here. Christus *is* na sy Godheid, majesteit, genade en Gees by die nagmaal teenwoordig.

Volgens hom moet die woordjie *is, sakramenteel* verstaan word. Wanneer ek van 'n tienrandnoot sê: dit *is* tien rand bly dit papier en tog is dit ook terselfdertyd tien rand. So is en bly die brood en wyn gewone brood en wyn, maar dit is *sakramenteel* die liggaam en bloed van die Here. Dit is naamlik tekens en seëls van Sy liggaam en bloed en van ons deelgenootskap daaraan deur die geloof.

Sodoende wil Christus ons geloof *sentraal* versterk deur vir ons te wys op die rykdom

van genade wat ons ontvang van die enige, waaragtige God: Vader, Seun en Heilige Gees.

# XVIII DIE LEER VAN DIE LAASTE DINGE

## A. DIE TOESTAND NA DIE DOOD

### 1. Die siel gaan na Christus

Daar is pogings aangewend om ook buite Gods Woord om te bewys dat die siel onsterflik is, maar dit is nie moontlik nie. Ons kan geen bewyse buite die Skrif om vind hiervoor nie; die Bybel is alleen vir ons die kenbron. En nou leer die Heilige Skrif dat alleen God onsterflik is. Ons lees in 1 Tim. 1:17: "Aan die Koning van die eeue, die *onverderflike,* onsienlike, alleen-wyse God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid." En in 1 Tim. 6:13-16 staan daar dat alleen die Here onsterflikheid besit.

Die siel is nie op sigself onsterflik soos Plato geleer het nie. Maar tog is dit ook 'n feit dat God, wat die siel geskape het, nie wil dat dit weer moet vergaan nie. In sover kan ons dus spreek oor die onsterflikheid van die siel – God het die onsterflikheid daaraan gegee. (Sien Ps. 73:23-26; Ps. 17:15; Luk. 6:23; Luk. 23:43). Daarom staan daar ook in vr. 57 van die H. Kategismus dat my siel ná hierdie lewe dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word.

Wat die siel betref, leer Gods Woord dus dat die siel van die gelowige na die hemel gaan en dié van die ongelowige na die hel. As ons egter aan die liggaam dink, blyk dit dat almal, gelowiges en ongelowiges, na dieselfde plek gaan: na die ryk van die dode. So leer die Heilige Skrif ons.

### 2. Daar is geen vaevuur nie

Rome leer dat almal, behalwe die martelare, na die vaevuur moet gaan; dit is 'n louteringsvuur wat die gelowiges vir 'n korter of langer tydperk moet louter voordat hulle na Christus kan gaan. Hiervoor beroep die Roomse Kerk hulle op Matt. 5:22:"Elkeen wat vir sy broer sê: jou dwaas, moet verantwoording doen in die helse vuur." Hier word egter nie van loutering en afbetaling van skuld gepraat nie. Die Roomse beskouing staan dan ook teenoor die Woord van die Here Jesus aan die moordenaar: "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees" (Luk. 23:43). As daar iemand is wat verdien het om in die vaevuur te kom, was dit seker hierdie moordenaar. Wie egter in die volbragte werk van Christus glo, het geen vaevuur nodig nie. En die Skrif spreek dan ook nie daaroor nie.

### 3. Geen sieleslaap nie

Sommige leer dat die siel slaap ná die dood tot die wederkoms van Christus. Dit is egter in stryd met die Bybel en met die aard van die siel. In die gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk. 16:19) word ons geleer dat die ryk man nie slaap nie, maar gepynig word terwyl Lasarus die saligheid geniet. Die dood word in die Bybel wel soms 'n slaap genoem, maar dit is omdat by die dood, net soos wanneer ons slaap, die kontak met hierdie wêreld verbreek word.

Reeds in die Ou Testament het die Here ernstig gewaarsku teen waarsêers en duiwelskunstenaars; om die dode op te roep, was vir die Here 'n gruwel. Daarom moet elkeen wat die Bybel liefhet, die *spiritisme* haat en vermy (Deut. 18:10-12; Jes. 8:19 [Jes. 8:19]).

Om met die afgestorwenes gemeenskap te beoefen, is ook nie moontlik nie. In die spiritisme het ons te doen met die werking van dinamiese magnetisme of met 'n

regstreekse invloed van bose geeste.

### 4. Geen voorwaardelike onsterflikheid nie

Die voorstanders van hierdie leer, glo wel aan 'n ewige lewe, maar nie aan 'n ewige verderf nie. Hulle ontken die ewige straf en sê dat die siele van die ongelowiges vernietig word. Slegs die gelowiges ontvang onsterflikheid en die ewige lewe, dit wil sê, die onsterflikheid kan alleen ontvang word op *Voorwaarde* dat 'n mens glo.

Daarteenoor staan die duidelike leer van die Bybel wat spreek van die wurm wat nie sterf en die vuur wat nie uitgeblus word nie (Markus 9:43-48) en van pyniging dag en nag tot in alle ewigheid (Openbaring 20:10).

Ook is daar geen moontlikheid dat 'n mens jou ná die dood kan bekeer nie. As ons in gedagte hou wat die Bybel leer oor die Raad van God en die Uitverkiesing, kan ons dit nie aanvaar nie. Wie volgens Gods Raad die Evangelie gehoor en aangeneem het, word gered en die ander gaan verlore. Weliswaar leer die Skrif dat daar verskillende grade van rampsaligheid in die hel en van saligheid in die hemel is (Matt. 11:21-24, Joh. 14:2). As ek tien glase van verskillende grootte het en ek maak almal vol, is hulle almal wel vol, maar die een glas bevat tog meer as die ander. So is al die verlostes in die hemel volkome gelukkig, maar die saligheid van, byvoorbeeld Paulus, sal tog ryker en voller wees as dié van die moordenaar aan die kruis. So is almal in die hel rampsalig, maar dit sal vir Tirus en Sidon verdraagliker wees as vir Kapernaüm.

## B. DIE WEDERKOMS VAN CHRISTUS

### 1. Die Leer van die duisendjarige vrederyk (chiliasme)

Die leer van die duisendjarige vrederyk (chiliasme, afgelei van die Griekse woord vir duisend) het uit die heidendom (die parsisme of ou Persiese godsdiens) via die Jodedom, wat ook vashou aan 'n aardse vrederyk van die Messias, in die Christelike Kerk gekom.

Dit is voorgestaan deur enkele van die kerkvaders en deur talle ketters en sektes soos die Wederdopers, Darbiste, Etiese ens. Hulle verskil egter ook onderling in baie opsigte. In hoofsaak hou hulle aan twee dinge vas. Eerstens dat daar *'n tweërlei wederkoms* van Christus is. Christus kom dan eers om sy ryk hier op aarde op te rig en regeer dan hier op aarde duisend jaar lank. Daarna word Satan vir 'n kort tydjie losgelaat en dan kom Christus weer vir die tweede maal.

Tweedens leer hulle dat daar *twee opstandinge* sal plaasvind. Eers sal die gestorwe heiliges opstaan om duisend jaar lank saam met Christus te regeer; later vind dan die tweede opstanding van alle afgestorwenes plaas.

Voorstanders van hierdie leer beroep hulle op talle Ou-Testamentiese profesieë, wat hulle heeltemal letterlik opneem, terwyl hulle Israel nie wil sien as die tipe van die Kerk van Christus nie. As Skriftuurplekke noem hulle onder andere: Esegiël 47:48 (?? Daar is geen vers 48 in Eseg. 47 nie.); Jesaja 11:4; Joël 3:17; Matt. 23:37-39; Rom. 11:19-21 en veral Openb. 20: 1–8.

Die Bybel leer egter nêrens van 'n dubbelde wederkoms van Christus nie, en ook nie dat daar twee opstandinge sal wees nie. Lees maar Joh. 5:28-29; Matt. 25:31-46; Matt. 16:27; 1 Kor. 15:51; Hand. 24:25. In 1 Thessalonicense 4:16 word ook nie 'n dubbelde opstanding geleer nie. Daar staan: "Dié wat in Christus gesterf het, sal

eerste opstaan, daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word. . .." Dit beteken net dat dié wat in Christus ontslaap het, eers sal opstaan en dan die ander en daarna word al die gelowiges in heerlikheid opgeneem. Met ander woorde, dié wat nog in die lewe is as Christus weerkom, sal dié wat alreeds ontslaap het hoegenaamd nie vóór wees nie (1 Thess. 4:15).

Daar is dus maar net één opstanding. Ons kan dit met die volgende vergelyking beter verduidelik. Die Bybel praat van die eerste dood wat plaasvind as ons te sterwe kom en liggaam en siel geskei word. Dan is daar ook die tweede dood (Openb. 20:14) wanneer liggaam en siel in die ewige verdoemenis gewerp word. Die eerste opstanding is wanneer die siel opstaan uit die dood van sonde; die tweede wanneer liggaam en siel weer verenig word om die ewige heerlikheid in te gaan.

Die Bybel leer ook nêrens dat daar 'n herstel sal wees van die Ou-Testamentiese tempeldiens nie. Die diens van die skaduwees is vir altyd verby; toe Christus aan die kruis gesterwe het, het God die voorhangsel van die tempel in twee geskeur. (Vgl. Kol. 2: 16, 17; Heb. 10:14; Gal. 5:4; Matt. 5:7; Joh. 14:6; Hand. 2:12 en ook art. 25 van die Ned. Geloofsbelydenis).

Israel is sonder twyfel 'n w*ondervolk* wat altyd geweldig baie invloed uitgeoefen het, maar ook deur baie gehaat is. Die Sionisme egter is meer van 'n Joods-nasionale as van 'n godsdienstige karakter. Daarom is die sending onder die Jode van groot belang en sal dit ook vrugte hê. Maar die Bybel leer nie dat daar 'n grootskaalse Jode-bekering sal plaasvind nie. Wel word geleer dat baie van hulle tot bekering sal kom. As die volheid van die heidene ingegaan het, sal ook baie uit Israel bekeer word sodat die kern behoue bly (Rom. 11:25-26).

In die geval van *Openbaring* moet ons ook rekening hou met die getalle-simboliek. Ons kan die getalle nie letterlik opneem nie; getalle soos 3, 4, 7, 12, 144, 666, 1000. In Openb. 20 word ook nie gespreek oor 'n ryk nie maar oor die binding van Satan en die regering van die gelowiges saam met Christus. Satan is gebind sodat hy die heidenvolkere as sulks nie meer kan opsweep teen die volk van die Here nie. Vóór Christus se koms in die vlees het die heidendom op aarde geheers; ná Sy koms egter is baie volkere gekersten sodat die Christendom in meer as een opsig die leiding gekry het. Openbaring 20 spreek ook nie van 'n aardse ryk nie, omdat Johannes die *siele* sien van diegene wat onthoof is (vs. 4 [Openb. 20:4]). Hulle siele is verlos; dit is die eerste opstanding (vs. 5 [Openb. 20:5]). Oor hulle het die tweede dood geen mag nie (vs. 6 [Openb. 20:6]). Satan is dus gebind om die volke as geheel nie meer te verlei nie (vs. 1- 3 [Openb. 20:1-3]). Die siele van die verlostes leef om saam met Christus te regeer; dit vang aan met hulle sterwe en dit duur 1000 jaar lank, dit wil sê 10 x 10 x 10 wat die hoogste volheid uitdruk; die héle Nuwe Testamentiese bedéling. Teen die einde van hierdie tydperk sal die volkere weer wegsink in volslae heidendom; God sal hulle oorgee aan die mag van die Satan (vs. 7–10 [Openb. 20:7-10]). Dan word Satan losgemaak en kry hy besondere mag op aarde. Die vroeëre Christenvolkere word teruggebring en sal beswyk (vs. 8, 9 [Openb. 20:8-9]). Die getroue oorblyfsel sal vervolg word, maar dan kom Christus op die wolke van die hemel. Hy gryp in (vs. 9 [Openb. 20:9]) en sal oordeel oor lewende en dode. Die duiwel en sy helpers sal gewerp word in die poel van vuur en swawel.

Die chiliasme is sinnelik van aard en miskén die geestelike agtergronde terwyl dit die enige soenoffer van Christus loën.

## 2. Die Antichris

Die Bybel handel oor die Antichris in 2 Thes. 2:3, 4 en in 1 Joh. 2:18–22. Hy is die felste vyand van Christus wat opkom uit die groot afval van God en sy Kerk. Miskien sal dit 'n geweldige staatsalmag wees wat uitgeoefen word deur één persoon, 'n diktator, die Antichris, die mens van sonde, die seun van die verderf.

Hy sal hom téénoor God stel en hom bo God verhef terwyl hy homself as 'n god sal laat vereer en verheerlik. Dan sal hy geweldige tekens en wondere doen en die Christene wat sy merkteken nie dra nie, vervolg en verdruk. Aan sy volgelinge gee hy 'n teken: aan die voorhoof (die denkers) en aan hul regterhand (die arbeiders).

Ons moet onderskeid maak tussen die antichristelike *mag* enersyds, wat telkens tot openbaring kom en die Kerk van die Here teëstaan, en andersyds die *antichristene* wat voorlopers is van die *Antichris* wat ten slotte kom. Die resultaat van die antichristelike magte sal wees dat *die* antichris kom in wie ons die beliggaming vind van alles wat antichristelik is.

Christus sal hom egter oorwin en werp in die poel wat brand met vuur en swawel.

## 3. Die wederkoms van Christus

Aan die wederkoms van die Here gaan vooraf die *tekens van die tye,* die signale van Sy koms. Hy het self daaroor gespreek in Matt. 24, 25 en maak daarin onderskeid tussen die kosmiese, sedelike, maatskaplike en geestelike tekens. Oorloë, aardbewings, pessiektes, hongersnode, toename in ongeregtigheid, prediking van die Evangelie oor die hele wêreld.

Dit is opmerklik dat hierdie tekens dwarsdeur die eeue plaasgevind het. Op die wyserplaat van my horlosie is daar lettertekens waaroor sowel die lang as die kort wyser gaan, eersgenoemde vinnig, laasgenoemde langsaam. Ten opsigte van die tekens van die tye sien ons alleen hoe die lang wyser beweeg en weet nie hoe ver die korte is nie. Die Vader reël die uurwerk en Hy weet wanneer die groot dag sal aanbreek, hoe ver die kort wysertjie gevorder het. En wanneer die getal van die uitverkorenes dan volledig is, sal Christus weerkom. Dan is die graan ryp en ook die onkruid en kan die oes ingesamel word (Openb. 14:14, 15).

Daardie dag sal kom soos 'n dief in die nag; ons weet nie wanneer dit sal wees nie. Dan sal die Vader sy Seun stuur en kom Christus liggaamlik en sigbaar (Hand. 1:11; Openb. 1:7*;* Luk. 21:27). Hy sal kom met groot krag en heerlikheid (Matt. 24:30; Matt. 25:31; Kol. 3:4; 2 Thess. 1:7; Titus 2:13). Hy sal omring wees deur sy heilige engele (Matt. 16:27; Matt. 25:31; Matt. 24:31) en ook die gelowiges wat al in die hemel is, kom saam met hom (1 Thess. 3:13; 2 Thess. 1:10; Judas 1:14). Christus is dan die Regter wat sal oordeel. Hy was eenmaal vir ons in die gerig van God, maar sal nou Self oordeel (Joh. 5:22; Hand. 17:31; 10:42). Hy sal alles herskep sodat daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde en 'n nuwe mensheid sal wees (2 Petrus 3:7; 3:10). Dan sal almal voor sy regterstoel verskyn: rykes en armes, oues en jonges, geleerdes en eenvoudiges (2 Kor. 5:10).

Al die dode sal opgewek word (1 Kor. 6:13; 15:42–47]. Sondag 22 H. Kat.). 'n Aardse liggaam is gesaai, 'n hemelse liggaam sal opgewek word. Hulle is identies en tog verskillend soos die geval is met die papie en die vlinder. Dan sal die maag en die voedsel tot niet gemaak wees (1 Kor. 6:13) en sal daar geen huwelike, geen seksuele verhoudinge meer wees nie. (Markus 12:25).

Met die skepping van Adam het die bloedsomloop begin; God het uit een bloed die hele menslike geslag gemaak. Eenmaal egter moet by elke mens die bloedstroom

eindig, die opstandingsliggaam is sonder bloed, sonder polslag en dan eet en drink ons nie meer nie. Tans is ons liggaam nog soos 'n horlosie wat opgewen moet word, maar eenmaal sal dit wees soos 'n elektriese horlosie; dan leef ons in gemeenskap met Christus en deur Hom met die Drie-enige God.

Almal wat gesterwe het, sal uit die aarde verrys en die siele sal verenig word met die liggame waarin hulle op aarde geleef het. En hulle wat dan nog lewe, sal almal verander word, in 'n oomblik, in 'n oogwink – in plaas van 'n natuurlike liggaam ontvang hulle dan 'n geestelike liggaam (1 Kor. 15:44, 51–54).

Dan sal die boeke geopen word; die *boeke van Gods Alwetenheid* en van *ons gewete* (Dan. 7:10; Dan. 3:16). Dan sal die geskiedenisrolle afgedraai word sodat ons sal sien en hoor alles wat gebeur het. Niemand sal dit kan ontken nie. Maar Gode sy dank, dan word ook die boek van die lewe geopen waarin die name van die uitverkorenes staan. Dan sal ons die onmisbaarheid van Christus sien wat vir ons sondeskuld betaal het.

Die gedagte aan die oordeel is *verskriklik vir die goddelose* en vir die Bose. Dan sal God sy wraak openbaar. Vreeslik sal dit wees om te val in die hande van die lewende God. Hulle sal veral gestraf word vanweë al die onreg wat hulle die vromes aangedoen het. Hulle sal gepynig word in die ewige vuur wat berei is vir die duiwel en sy engele. Die Bybel noem die hel vóór die oordeelsdag die gevangenis, maar na die oordeelsdag heet dit die poel van vuur en swawel. Die hel is die plek van die buitenste duisternis waar die wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie.

Die uitverkorenes sal met eer en heerlikheid gekroon word. Alle roem is uitgesluit. Hulle sal die kroon van die lewe ontvang. Dit sal bekend word dat hulle saak die saak van God is. Die nuwe Jerusalem sal neerdaal op die herskape nuwe aarde. Die eer en heerlikheid van die nasies sal daar ingebring word. Dan sal God alleen verheerlik word. In die verbond van die verlossing, die Vrederaad, het die Vader die uitverkorenes aan die Seun gegee en die Heilige Gees sal hulle in Christus inlyf.

Nou sal ons die vervulling van die vrederaad sien. Die Heilige Gees sal al die uitverkorenes saam met die herskape heelal neem en die Kerk as 'n rein bruid sonder vlek of rimpel aan die Seun gee. Dan gaan die Seun en die Heilige Gees saam met hierdie nuwe mensheid, wat herskape is vir sy profetiese, priesterlike en koninklike taak, tot die Vader. En dan sal die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, alles en in almal wees!